'n Vergelykende ondersoek na die residensiële argitektuur van die Victoriaanse periode in Engeland en Suid-Afrika: die impak van abstrakte determinante op uiterlike vormgewing

Deel I

Annemarie van Zyl

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in Wysbegeerte in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof M Burden

April 2014

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: …….

Kopiereg © 2014 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

Architecture is a complex concept, and as such many factors contribute to its creation. These factors include geographical, economical and climatological aspects, but above all architecture is formed by the specific times, circumstances and lifestyle of the creator. The human being, with his background, ideas and values, shapes and influences the architecture surrounding him, and is also shaped and influenced by it. Therefore, when the lives and opinions of people are radically changed, it follows inevitably that their way of architectural expression will also change.

There are marked differences between domestic buildings erected during the Victorian period in England and South Africa. English domestic buildings consist of long uniform terraced rows of two or more storeys, while freestanding single-storeyed houses are the norm in South Africa. A large percentage of English buildings are built with unfinished bricks (sometimes stone), while the bulk of South African buildings are finished in plaster.

The general roofing material for Victorian houses in South Africa, namely corrugated iron, are not used on English houses at all. English roofs are most often covered in slate tiles. The very elaborate wood and/or cast-iron decorative elements so typical of the Victorian style in South Africa are largely absent in England, and most English buildings also do not have an architectural element comparable to the South African veranda.

All styles which occurred in England during the Victorian period are termed *Victorian*, but in all cases it refers to the period, not the style. Although in South Africa other styles from the Victorian period are sometimes also referred to as *Victorian*, a clearly distinguishable style with unique characteristics developed at the end of the nineteenth century in South Africa. This style came to be known as *Victorian*.

This study investigates the underlying reasons for the differences which exist between the Victorian architecture of England and South Africa.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Argitektuur berus op 'n komplekse basis, en as sodanig is daar talle faktore wat tot die skepping daarvan aanleiding gee. Hierdie faktore sluit onder meer in geografiese, ekonomiese en klimatologiese aspekte, maar bowenal word die argitektuur geskep deur die spesifieke tydsgees, agtergrond en leefstyl van die skepper daarvan. Die mens, met inbegrip van sy agtergrond, idees en waardes, vorm en beïnvloed die argitektuur wat hom omring, en word self ook daardeur gevorm en beïnvloed. Wanneer die lewens en sienings van mense dus verander, volg dit vanselfsprekend dat hulle argitektoniese uitdrukkingsvorme ook sal verander.

Woonhuise wat tydens die Victoriaanse periode in Suid-Afrika opgerig is, verskil opvallend van dié in Engeland. Engeland se woonhuise bestaan uit lang aaneengeskakelde rye huise (*terraces*), wat oor twee of meer verdiepings strek, terwyl enkelverdieping alleenstaande geboue die norm in Suid-Afrika is. Geboue in Engeland vertoon ook 'n opvallende uniformiteit wat in Suid-Afrika ontbreek. 'n Groot persentasie Engelse geboue is van ongepleisterde baksteen (soms klip) gebou, terwyl Suid-Afrikaanse geboue oorwegend afgepleister is. Die algemene dakmateriaal vir Victoriaanse huise in Suid-Afrika, naamlik sinkplaat, word glad nie op Engelse huise gebruik nie. Die oordadige versieringselemente uit gietyster en/of hout wat so tipies van die Victoriaanse styl in Suid-Afrika is, is grootliks afwesig in Engeland, en die meeste Engelse geboue het ook nie 'n bou-element wat vergelykbaar is met 'n Suid-Afrikaanse stoep nie.

Alle style wat in Engeland tydens die Victoriaanse periode voorgekom het, word *Victoriaans* genoem, maar in alle gevalle word die tydperk bedoel, en nie die styl nie. Hoewel daar in Suid-Afrika ook soms na ander style van die Victoriaanse periode as *Victoriaans* verwys word, het daar teen die einde van die negentiende eeu 'n eiesoortige styl met unieke kenmerke in Suid-Afrika ontwikkel wat as *Victoriaans* bekend staan.

Hierdie studie ondersoek die dieperliggende redes vir die verskille wat tussen die Victoriaanse argitektuur van Engeland en Suid-Afrika bestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Aan die einde van my lang en moeisame maar oneindig verrykende reis wil ek graag die volgende persone bedank:

My man, Francois, vir sy volgehoue entoesiasme, geduld, begrip, hulp en ondersteuning. Sonder hom sou hierdie taak baie groter en moeiliker gewees het.

My promotor, prof Matilda Burden, vir haar professionele, bekwame en geduldige leiding.

My hoof, Jack Louw, vir sy ondersteuning, begrip en simpatieke oor en al die verlof wat goedgunstiglik toegestaan is.

My friend Nigel Amschwand for his enthusiasm and encouragement, and the many books unreservedly lent to me.

The Victorian Society in America, who awarded me a bursary to attend the 2010 London Summer School, an incomparable experience.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

DEEL I

Inleiding
1 Probleemstelling 1
2 Doel van studie 2
Spesifieke doelwitte 2
3 Terreinafbakening 2
3.1 Chronologies 2
3.2 Geografies 3
3.3 Tematies 4
4 Aanbieding van stof 5
5 Bronne 5

Hoofstuk 1:Metodologie en literatuurstudie
1.1 Metodologie 6
1.1.1 Teoretiese benadering 6
1.1.2 Konsepte 10
1.1.2.1 Argitektuur 10
1.1.2.2 Skoonheid 11
1.1.2.3 Skoonheid in argitektuur 13
1.1.2.4 Argitektuur: Kuns of wetenskap? 14
1.1.2.5 Funksionaliteit 15
1.1.2.6 Nuwe beskouings 16
1.1.2.7 Argitektuurstyl 18
1.1.2.8 Victoriaans 19
1.1.2.9 Victoriaanse argitektuur 20
1.1.3 Metodiek 22
Vergelykende metode 22
1.2 Evaluering van bronne 23
1.2.1 Studie van geboue 24
1.2.2. Literatuurstudie 26
1.2.2.1 Teoretiese werke 26
1.2.2.2 Werke oor Engeland 27
1.2.2.3 Werke oor Suid-Afrika 29

Hoofstuk 2: Invloede op die argitektuur van Victoriaanse Engeland
2.1 Algemene agtergrond 33
2.1.1 Historiese agtergrond 33
2.1.2 Die Verligting 34
2.1.3 Industriële Revolusie 36
2.1.4 Politieke omwentelings 38
2.2 Sosio-ekonomiese invloede 39
2.2.1 Ekonomie 39
2.2.2 Sosiale omstandighede 40
2.2.2.1 Verstedeliking 40

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.2.2 Bevolkingsaanwas 42
2.2.2.3 Die werkersklas 42
Werksomstandighede 42
Lewensomstandighede 44
Behuising 45
Ontspanning 48
2.2.2.4 Die middelklas 49
Werksomstandighede 50
Lewensomstandighede 51
Behuising 54
Ontspanning 55
2.2.3 Vervoer en kommunikasie 56
2.2.3.1 Spoorweë 57
2.2.3.2 Kanaalvervoer 58
2.2.3.3 Seevervoer 59
2.2.3.4 Kommunikasie 59
2.2.4 Onderwys 59
2.2.5 Godsdiens 62
2.2.5.1 Die Evangeliese herlewing (*Evangelical Movement*) 62
2.2.5.2 Geloof versus die wetenskap en die Oxford-beweging (*Oxford Movement*) 63
2.2.6 Die ontwikkeling van filantropie 63
2.2.6.1 Werksomstandighede 63
2.2.6.2 Lewensomstandighede 65
2.2.6.3 Behuising 66

Hoofstuk 3: Victoriaanse argitektuur in Brittanje

3.1 Argitektoniese karakter 71
3.1.1 Die pittoreske 71
3.1.2 Die romantiese beweging 74
3.1.3 Die stylherlewingstendens en eklektisisme 75
3.1.3.1 Die Renaissance-herlewing (*Victorian Renaissance Revival*) 76
3.1.3.2 Eklektisisme 77
3.1.3.3 Gotiese herlewing 77
3.1.3.4 Herlewing van plaaslike argitektuur (*Domestic Revival*) 79
Queen Anne 80
Arts & Crafts 81
Ander 81
3.1.3.5 Kritiese beskouing van die verskynsel van herlewings en eklektisisme 81
3.1.4 Die Arts & Crafts-beweging 83
3.1.5 Die estetiese beweging (*Aesthetic Movement*) 85
3.2 Algemene stylkenmerke 86
3.2.1 Dubbelverdiepings 86
3.2.2 Skakelhuise (*Terraces*) 87
3.2.3 Eenvormigheid 88
3.3 Argitektoniese elemente 89
3.3.1 Dakke 89
3.3.1.1 Tipes 89
3.3.1.2 Dakbedekkings 89
3.3.2 Mure 90

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.2.1 Boumateriale 90
3.3.2.2 Muurbedekkings 92
3.3.2.3 Muuropeninge 93
Vensters 93
Deure 93
3.3.3 Fasades 94
3.3.3.1 Algemene kenmerke 94
3.3.3.2 Spesifieke kenmerke 95
Klassisisme 95
Neo-Gotiek 96
Queen Anne 96
Neo-Tudor/ Mock Tudor 97
Ander style 97
3.3.3.3 Afwerking en ornamentasie 98
Terracotta 98
Gietyster 98
3.3.4 Interieur 99
3.3.4.1 Grondplanne 99
3.3.4.2 Geriewe 102
Beligting 102
Verhitting 103
Sanitasie en watervoorsiening 104
3.3.4.3 Binnenshuise versiering 105
Nabootsing 107
3.3.5 Landskap 109

Hoofstuk 4: Invloede op die argitektuur van Victoriaanse Suid-Afrika

4.1 Algemene agtergrond 110
4.1.1 Historiese agtergrond 110
4.1.2 Politieke agtergrond 115
4.2 Sosio-ekonomiese invloede 117
4.2.1 Ekonomie 118
4.2.2 Sosiale omstandighede 121
4.2.2.1 Verstedeliking en bevolkingsaanwas 121
4.2.2.2 Die werkersklas 124
Werksomstandighede 124
Lewensomstandighede 126
Ontspanning 127
4.2.2.3 Die middelklas 128
Werksomstandighede 128
Lewensomstandighede 128
Ontspanning 128
4.2.3 Vervoer en kommunikasie 131
4.2.3.1 Padvervoer 131
4.2.3.2 Spoorweë 131
4.2.3.3 Seevervoer 132
4.2.3.4 Kommunikasie 132
4.2.4 Onderwys 133
4.2.4.1 Kerk-, privaat en plaasskole 133

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.4.2 Staatsbeheer 134
4.2.4.3 Privaatskole 134
4.2.4.4 Armes en gekleurdes 135
4.2.4.5 Universiteite 135
4.2.4.6 Volwassenes 136
4.2.4.7 Vroue 136
4.2.5. Godsdiens 137
4.2.6 Die ontwikkeling van filantropie 138

Hoofstuk 5: Victoriaanse argitektuur in Suid-Afrika
5.1 Argitektoniese karakter 140
5.1.1 Voor die Britse besetting 141
5.1.2 Kaaps-Hollands 142
5.1.3 Platdak 143
5.1.4 Ná die Britse besetting 143
5.2 Algemene stylkenmerke 144
5.2.1 Dubbelverdiepings 146
5.2.2 Lang rye skakelhuise (*Terraces*) 147
5.2.3 Eenvormigheid 148
5.2.4 Herlewings 148
5.2.5 Ornamentasie 150
5.2.5.1 Terracotta 151
5.2.5.2 Gietyster, smeedyster en hout 151
5.2.5.3 Dekoratiewe pleisterwerk en sement-elemente 153
5.2.6 Asimmetrie en onreëlmatigheid 154
5.3 Argitektoniese elemente 157
5.3.1 Dakke 157
5.3.1.1 Dakstruktuur 157
5.3.1.2 Dakbedekkings 158
Voor Victoriaanse periode 158
5.3.1.3. Skoorstene 160
5.3.1.4 Gewels 161
5.3.2 Mure 162
5.3.2.1 Materiale en afwerking 162
Klip 162
Bakstene 163
Pleister 163
Sinkplaat 164
5.3.2.2 Muuropeninge 166
Vensters 166
Deure 167
5.3.3 Stoep 168
Stoepdak 170
5.4 Spesifieke argitektoniese kenmerke 172
5.4.1 Victoriaans 172
5.4.1.1 Vervictoriaans 174
5.4.1.2 Victoriaanse tydperk 175
Karoo-styl 175
Sinkhuise 176

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Georgiaans 177
5.4.2 Laat-Victoriaans 177
5.4.2.1 Eduardiaans 178
5.4.2.2 Kaaps-Hollandse herlewing 179
5.5 Interieur en omgewing 182
5.5.1 Grondplanne 182
5.5.2 Geriewe 184
5.5.2.1 Beligting 184
5.5.2.2 Verhitting en verkoeling 185
5.5.2.3 Sanitasie en watervoorsiening 185
5.5.3 Binnenshuise versiering 186
5.6 Landskap 188

Hoofstuk 6: Analise van die verskille en ooreenkomste tussen Victoriaanse argitektuur in Engeland en Suid-Afrika
6.1 Verskille 190
6.2 Ooreenkomste 192
6.3 Determinante 192
6.3.1 Praktiese determinante 1
6.3.1.1 Geografiese faktore 193
Geomorfologie 193
Klip en bakstene 193
Hout 195
Klimaat 196
Oordekte stoep 196
Erkervensters 199
Luike 200
Oriëntasie en uitleg 200
Kaggels 202
6.3.1.2 Ekonomiese faktore 203
Terraces 204
Uniformiteit 205
Dubbelverdieping 205
Sinkplaat 206
6.3.2 Sosio-kulturele determinante 208
6.3.2.1 Gerief, gemak en gesinswaardes 208
Interieur 208
6.3.2.2 Status- en modebewustheid 209
6.3.2.3 Die rol van gevestigde boutradisies 214
Georgiaans 214
Asimmetrie 214
Ornamentasie 215
Gietyster 218
Terracotta 223
Gewels 223
Afskaling van eienskappe 224
6.3.2.4 Sosiale kultuur 226
Gasvryheid 226
Behoefte aan privaatheid 227

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Patriotisme 227
Die rol van argitekte 229
6.3.2.5 Stylherlewingstendens 229
Kaaps-Hollandse herlewing 231
6.4 Samevatting 231
6.5 Relevansie vir die 21ste eeu 234

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deel II

Lys van figure

Figuur 1-1: Die Burden-model …… 1

Figuur 2-1: Deursnee van 'n panorama……..... 3

Figuur 2-2: Port Sunlight, 'n voorbeeld van 'n werkersdorpie met parke, boomlanings en waterfokuspunte…… 3

Figuur 2-3: Birkenhead Park, Manchester, die eerste munisipale park in Engeland … 4

Figuur 3-1: Red House, Bexleyheath buite Londen …….. 6

Figuur 3-2: *Cruck house* in Didbrook, Gloucestershire…… 6

Figuur 3-3: *Terraces* in Manchester ……..…… 7

Figuur 3-4: Verskillende dakvorms …… 7

Figuur 3-5: Die konservatorium van Standen, 'n groot hoër middelklaswoning in Surrey……. 8

Figuur 3-6: Oorspronklike *half-timbered* gebou, Oxford, Engeland …… 8

Figuur 3-7: Houtbekleding, Gertrude Jekyll se hoewe The Quadrangle, Munstead Wood ……... 8

Figuur 3-8: Red House, Bexleyheath, voorbeeld van *tile hanging* ……... 9

Figuur 3-9: Geglasuurde teëls aan die buitekant van 'n winkel in Londen …… 9

Figuur 3-10: 'n Dak met teëls in dekoratiewe patrone en 'n terracottaversiering op die nok …….……. 10

Figuur 3-11: Een van die talle skoorstene van Wightwick Manor, Wolverhampton 10

Figuur. 3-12: Voorbeeld van polichromatiese gebruik van bakstene, Keble College, Oxford. Hoewel hierdie nie 'n woonhuis is nie, is dit 'n uitstekende voorbeeld van die verskynsel …….……... 11

Figuur 3-13: Balkonerker en skilddakkie in Fitzrovia, Londen …… 11

Figuur 3-14: Swaar beslag op deur van Norney Grange, Surrey …… 11

Figuur 3-15: Norney Grange, Surrey, afgepleister met die rofkas-metode, met die eienaars mnr en mev Clapshaw ……. 12

Figuur 3-16: Hollandse gewels in Fitzrovia, Londen..…… 12

Figuur 3-17: Wightwick Manor, Wolverhampton, met nagebootste vakwerk …… 12

Figuur 3-18: Wightwick Manor, Wolverhampton met terracotta windvere en spitsversierings ……. …… 13

Figuur 3-19: Dekoratiewe terracotta-paneel op 'n middelklas gebou in Manchester… 13

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3-20: Hoogs dekoratiewe gietysterhekke, Chirk Castle, Llangollen, Wallis … 13

Figuur 3-21: Skets van tipiese middelklashuis, met weggesnyde kant om interieur te toon …….. 14

Figuur 3-22: Skets van tipiese werkersklashuis, weggesnyde kant om interieur te toon ……. 14

Figuur 3-23: Gerestoureerde "back-to-backs" in Ingestraat, Birmingham. Drie verskillende huise is op die foto sigbaar, met die geboogde deurgang na die straat net regs van die regterhandse afvoerpyp ……. 15

Figuur 3-24: Tipiese Victoriaanse interieur ……. 15

Figuur 3-25: Deel van die uitgestrekte formele tuin van die herehuis Biddulph Grange, Staffordshire …… 15

Figuur 3-26: Gertrude Jekyll se tuin in The Quadrangle, Munstead Wood, Surrey….. 17

Figuur 3-27: Kruietuin van die Geffreye-museum (voorheen 'n armehuis) in Londen se Ooseinde ……... 17

Figuur 3-28: Die informele tuin van Standen 17

Figuur 5-1: Skets van Stellenbosch deur EV Stade, 1710 18

Figuur 5-2: Donkerhoek buite die Paarl 18

Figuur 5- 3: Skets van vooraansig van Koopmans de Wet-huis, Kaapstad 18

Figuur 5-4: Valencia buite die Paarl 19

Figuur 5-5: Huis met sierlike borswering in Bo-Kaap 19

Figuur 5-6: Kaapstad in 1882 19

Figuur 5-7: Die John Montagu-gastehuis op Montagu 20

Figuur 5-9: Ry van vier skakelhuise, Hoofstraat, Noorder-Paarl 20

Figuur 5-10: Terrasse in Donkinstraat, Port Elizabeth 21

Figuur 5-11: Dubbelverdieping terraces in Kaapstad 21

Figuur 5-12: Grondplan van tipiese Georgiaanse huis 21

Figuur 5-13: "Gotiese" huis 22

Figuur 5- 14: Klein spitsvenstertjie in gewel, Du Toitstraat Paarl 22

Figuur 5- 15: Huis met Gotiese kenmerke buite Caledon 22

Figuur 5- 16: Huis wat volgens Greig vermenging van Kaaps-Hollandse en Engelse kenmerke vertoon …… 23

Figuur 5- 17: Voorbeeld van vakwerk op Foster's Folly, Oudtshoorn 23

Figuur 5- 18: Vakwerk in sement uitgevoer op huis in Hoofstraat, Paarl 23

Figuur 5- 19: Romaanse boog op gewel, Malherbestraat, Paarl 24

Figuur 5- 20: The View, Parktown 24

Figuur 5-21: Die Lord Milner-hotel op Matjiesfontein 24

Figuur 5-22: Huis in Meulstraat Caledon met gietysterversierings aan die verandarand ..... …… 25

Figuur 5-23: Hillside in Meulstraat, Paarl, met houtversierings aan die verandarand... 25

Figuur 5-24: Huis in Nantesstraat, Paarl met kombinasie van hout- en 25

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gietysterverserings aan die verandarand .....
Figuur 5-25: Gebou in Pleinstraat, Caledon met houtversierings aan die balkon 26
Figuur 5-26: King's Court in Durbanville met gietysterversierings aan die balkon 26
Figuur 5-27: Offisiersbarakke in Grahamstad met balkon wat in geheel uit gietyster bestaan ……... 26
Figuur 5-28: Huis in Pastorielaan, Paarl met kunstig-uitgesnyde windvere …….. 27
Figuur 5-29: Huis in Hoopvolstraat, Koringberg met uitgesnyde windvere wat 'n gedeelte van die gewel bedek …… 27
Figuur 5-30: Hout spitsversiering aan bopunt van gewel, Nantesstraat, Paarl…….. 27
Figuur 5-31: Sierlugrooster van gietyster, omring deur dekoratiewe pleisterwerk, Pastorielaan, Paarl…….. 27
Figuur 5-32: Kunstige houttrap, Vredenburg, Paarl……..…… 28
Figuur 5-33: Gietyster trapbalustrade in Engeland …….. 28
Figuur 5-34: Gietyster trapbalustrades, Britannia-hotel, Manchester, Engeland ……. 28
Figuur 5-35: Gietyster wenteltrap, Walter's Feinkost-koffiewinkel, Hoofstraat, Paarl 28
Figuur 5-36: Smeeysteromheining, Nantesstraat, Paarl …… 28
Figuur 5-37: Gietysteromheining en -hekkie, Nuwestraat, Caledon …… 29
Figuur 5-38: Voorbeelde van gietysterhekke uit MacFarlane's se katalogus van 1885 29
Figuur 5-39: Carmel Villa in Calvinia …….. 29
Figuur 5-40: Sementbalusters op gewel, Ou Pastorie, Hoofstraat, Paarl …….. 30
Figuur 5-41: Vervictorianiseerde woning ryklik versier met broekiekant, Zeederbergplein, Paarl ……. 30
Figuur 5-42: Rustiekwerk op hoeke, Nantesstraat, Paarl …… 30
Figuur 5-43: Huis In Piet Retiefstraat, Montagu met rustiekwerk op hoeke en pleisterwerk rondom deure en vensters …….…… 31
Figuur 5-44: Nantesstraat, Paarl, met kussingpaneelmotiewe in reliëf aangebring…….. 31
Figuur 5-45: Struturele polichromie, Meulstraat, Montagu …….. 31
Figuur 5-46: Agterkant van Huis Gideon Malherbe in die Paarl voor restourasie, 1972, met akkresies ……...…… 32
Figuur 5-47: Huis in Hoopvolstraat, Koringberg met klein hoekige erker in die gewelvleuel ……. 32
Figuur 5-48: Stoepkamerhuis, Victoriastraat, Villiersdorp …….. 32
Figuur 5-49: Skakelhuis met simmetriese aansig, Malherbestraat, Paarl ……. 33
Figuur 5-50: Ehrlichhuis, Bloemfontein …… 33
Figuur 5-51: Komplekse dakstruktuur, Nantesstraat, Paarl ……. 33
Figuur 5-52: Deftiger tipe huis met daktorinkie, Trinitystraat, Caledon ……. 34
Figuur 5-53: Huis in Beckerstraat, Ladismith met ronde erker en torinkie …….. 34
Figuur 5-54: Huis met twee stoepkamers, Meulstraat, Caledon ……... 34
Figuur 5-55: Huis met abbakaggel …… 35
Figuur 5-56: Die McGregor-museum op Kimberley vertoon talle skoorstene…… 35
Figuur 5-57: La Paix, Nantesstraat, Paarl, met verskeidenheid voorafvervaardigde 35

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gewels ……..
Figuur 5-58: Melrose-huis, Pretoria, met 'n verskeidenheid gewels …… 36
Figuur 5-59: Sandsteenhuis in Voortrekkerstraat, Nieuwoudtville …… 36
Figuur 5-60: Dunluce in Kimberley, gebou met plaaslike baksteen …… 36
Figuur 5-61: Twaalf ruite per venster, Nancy buite die Paarl …… 37
Figuur 5-62: Vier ruite per venster, Pastorielaan, Paarl …… 37
Figuur 5-63: Slegs twee ruite per raam, Hillside, Meulstraat, Paarl …… 37
Figuur 5-64: Klein soliede houtluik, Matjieskuil, Nieuwoudtville-distrik …… 37
Figuur 5-65: Kaaps-Hollandse woning met soliede halwe luike, Paarl Museum …… 37
Figuur 5-66: Soliede, voubare binneluike, Wolmunster, Rosebank, Kaapstad …… 38
Figuur 5-67: Eksterne hortjies, Ebenezerstraat, Moorreesburg …… 37
Figuur 5-68: Zeederberg-huis, met vollengte hortjies, Paarl ……... 38
Figuur 5-69: De Nuy, Worcester-distrik…… 39
Figuur 5-70: Buitedeur met ses panele, Foster's Manor, Oudtshoorn ……... 39
Figuur 5-71: Voordeur met agt panele, Wolmunster, Rosebank, Kaapstad ……. 39
Figuur 5-72: Deur met geronde boonste paneel, Stasiestraat, Caledon …… 39
Figuur 5-73: Boonste paneel met spitsboog, St Georgesstraat, Caledon …….. 39
Figuur 5-74: Rare voorbeeld van glas in boonste geronde panele, Meulstraat, Caledon ……. 40
Figuur 5-75: Algemene tipe deur in groter huise, Meulstraat, Paarl ……. 40
Figuur 5-76: Soliede vierpaneeldeur, Badstraat, Montagu ……... 40
Figuur 5-77: Vierpaneeldeur met glas bo, Meulstraat, Paarl …… 40
Figuur 5-78: Deur met aantal panele in dekoratiewe patroon, De Nuy …… 40
Figuur 5-79: Eenvoudige glas sypaneeltjies, Nantesstraat, Paarl ……. 40
Figuur 5-80: Ornate sypanele, Foster's Manor, Oudtshoorn ……. 41
Figuur 5-81: Halfsirkelvormige bolig, Meulstraat, Caledon …… 41
Figuur 5-82: Reghoekige bolig, Malherbestraat, Paarl …… 41
Figuur 5-83: Ornate bolig, Badstraat, Montagu …… 41
Figuur 5-84: Sespaneel binnedeur, Huis Gideon Malherbe, Paarl ……... 41
Figuur 5-85: Vierpaneel binnedeur, Huis Gideon Malherbe, Paarl …… 42
Figuur 5-86: Skeidingsdeur in gang met glas bo-in, Vredenburg, Paarl …… 42
Figuur 5-87: Ornate bolig met gekleurde glasmotiewe, McGregor-museum, Kimberley …….. 42
Figuur 5-88: Skakelhuis in Londen met oordekte portiek …… 42
Figuur 5-89: Klein portiek bo-oor buitedeur, Standen, Sussex, Engeland …… 42
Figuur 5-90: Stoepie, Port Sunlight, Engeland …… 43
Figuur 5-91: Stoepie, Port Sunlight, Engeland …… 43
Figuur 5-92: Huis in Nantesstraat, Paarl met stoep om twee kante …… 43
Figuur 5-93: Huis in Nantesstraat, Paarl met stoep om drie kante …… 43
Figuur 5-94: Afternoon tea on the stoep …….. 44
Figuur 5-95: Skets van The Vineyard in Nuweland …… 44

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-96: Du Toitstraat, Paarl met 'n ongekurfde veranda 45
Figuur 5-97: Konvekse bullnose-sinkplaat, Bourkestraat, Graaff-Reinet 45
Figuur 5-98: Konkawe sinkplaat, Dempersstraat, Caledon 45
Figuur 5-99: Ojiefvormige sinkplaat, Prins Alfredstraat, Caledon 46
Figuur 5-100: Veranda onder oorhang van dak in, Nantesstraat, Paarl 46
Figuur 5-101: Verandarand gelyk met projekterende vleuels, Kollegestraat, Caledon 46
Figuur 5-102: Stoepkamers projekteer verby rand van veranda, Kollegestraat, Caledon 46
Figuur 5-103: Huis en stoep onder een dak, Meulstraat, Caledon 47
Figuur 5-104: Afdruk van die oorspronklike argitekstekeninge vir Marine Villa, Kampsbaai 47
Figuur 5-105: Hawthornden, Kaapstad 47
Figuur 5-106: Dolobran, Parktown 48
Figuur 5-107: Dekoratiewe portiek, La Paix, Nantesstraat, Paarl 48
Figuur 5-108: Sammy Marks-huis 48
Figuur 5-109: Baie eenvoudige vervictorianiseerde woning, Montagustraat, Mosselbaai 49
Figuur 5-110: Ornate vervictorianisering, Zeederbergplein, Paarl 49
Figuur 5-111: Solderopeninge met hout ventilasieroosters, Hoofstraat, Paarl 49
Figuur 5-112: Verhoogde dakstruktuur met geen oorhang, Hoofstraat, Paarl 50
Figuur 5-113: Mostertsdrif, Stellenbosch, vervictorianiseerde Kaaps-Hollandse huis 50
Figuur 5-114: Interieur van sinkhuis, met hout tong-en-groef muurbekleding, Fitzroystraat 65, Goodwood..... 50
Figuur 5-115: Fitzroystraat 65, een van die min oorblywende outentieke voorbeelde van 'n sinkhuis in Goodwood, Kaapstad. Die omheining is later aangebring 51
Figuur 5-116: Sinkhuis met erkervenster, Surreystraat 47, Goodwood 51
Figuur 5-117: Huis Gideon Malherbe in die Paarl 51
Figuur 5-118: Voordeur van Vredenburg, Georgiaanse huis in Hoofstraat, Paarl 52
Figuur 5-119: Huis met beton stoeppilare, Du Toitstraat, Paarl 52
Figuur 5-120: Trovato, Kaapstad 52
Figuur 5-121: The Woolsack 53
Figuur 5-122: Vlaamse gewels in Port Sunlight 53
Figuur 5-123: Goewermentshuis, Pretoria 53
Figuur 5-124: Huis in Mainstraat, Villiersdorp, met Kaaps-Hollandse herlewingsgewels 54
Figuur 5-125: Kaaps-Hollandse herlewingsgewel bo-aan 'n erkervenster, Ebenezerstraat, Moorreesburg..... 54
Figuur 5-126: Plan van huis met sentrale gang 55
Figuur 5-127: Plan van huis met twee gange 55
Figuur 5-128: Plan van huis met gang wat uitloop in sitkamer 56
Figuur 5-129: Plan van huis met ineenskakelende vertrekke 56
Figuur 5-130: Argitekstekeninge van eenvoudige werkershuisie met 57

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ineenskakelende vertrekke, sowel as 'n voorgestelde uitleg vir 'n groente- en kruietuin ……. ……..
Figuur 5-131: Skets van watervaatjies wat te perd aangery word, deur 'n onbekende kunstenaar ……..... 58
Figuur 5-132: Een van die drinkfonteine afgebeeld in MacFarlane's se katalogus van 1885 ……..... 58
Figuur 5-133: Luik met greinering, Huis Gideon Malherbe, Paarl ……... 59
Figuur 5-134: Brandskilderteëls …… 59
Figuur 5-135: Tuine van die Uniegebou …….. 59
Figuur 6-1: 'n Illustrasie van 'n sogenaamde verandahuis …… 61
Figuur 6-2: 'n Cottage orné op die Engelse platteland, met rietdak en oordekte stoep … 61
Figuur 6-3 : Regency-dorpshuis in Brighton, Engeland, met eksterne blindings en die groewe waarin die blinding afgetrek word, duidelik sigbaar …… 62
Figuur 6-4: Interne luike in die Standen-herehuis, Surrey, Engeland ……. 62
Figuur 6-5: Skildery van Grahamstad deur Thomas Baines, wat oorwegend dubbelverdiepinghuise vertoon …… 63
Figuur 6-6: Wightwick Manor in Wolverhampton, Engeland …… 63
Figuur 6-7: Voorbeeld van 'n potpourri-houer waar die Victoriaanse entoesiasme vir dekorasie oorboord gegaan het …… 64
Figuur 6-8: Huis in Du Toitstraat, Paarl, waar die rustiekwerk slegs op die voorkant van die gebou aangebring is en nie om die hoek van die linkerkantste gewel gaan nie, selfs ten spyte van die feit dat die huis op 'n hoek geleë is ……... 64
Figuur 6-9: Gietysterrelings in Belgravia, Londen. Op die eerste verdiepings kan gietyster balkonbalustrades ook gesien word …… 65
Figuur 6-10: 'n Gebou met 'n half-ondergrondse kelder in Beaufortstraat, Grahamstad ……... 65
Figuur 6-11: Die kloktoring-*folly* by Treworgey in Cornwall met dekoratiewe gietyster omheining ……. …… 66
Figuur 6-12: Werkers besig om gietysteromheinings af te breek in Londen …….. 66
Figuur 6-13: Mure met die oorblyfsels van relings duidelik sigbaar …… 67
Figuur 6-14: Victoriaanse huis met vier verdiepings en gewel, wat duidelik die gebrek aan impak wat deur die hoogte veroorsaak word, illusteer …….. 67
Figuur 6-15: Melrose-huis in Pretoria …….. 68
Figuur 6-16: King's Court in Durbanville …… 68
Figuur 6-17: Kollegestraat, Caledon, 'n eenvoudiger huis wat steeds die meeste van die elemente van die groter Victoriaanse huise bevat …… 69
Figuur 6-18: Kollegestraat, Caledon, waarvan die tipies-Victoriaanse elemente heeltemal afgeskaal is, hoewel die invloed steeds sigbaar is …… 69

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING

1 Probleemstelling

Akademici, argitekte en erfeniskonsultante wat aktief betrokke is by die bewaring van historiese geboue ondervind 'n beduidende leemte aan betroubare, geformaliseerde kennis oor die residensiële boukuns van die Victoriaanse tydperk in Suid-Afrika. Die karige aantal deeglik-nagevorsde inligting oor die argitektuur van die Victoriaanse periode in Suid-Afrika vergelyk swak met die groot aantal gepubliseerde werke oor die argitektuur van dieselfde periode in Engeland. Die aanlyn boekhandelaar Amazon bied byvoorbeeld meer as 700 boeke oor Engelse Victoriaanse argitektuur te koop aan (www.amazon.com). Hierteenoor bestaan daar slegs enkele noemenswaaardige boeke oor Victoriaanse argitektuur in Suid-Afrika, waarvan nie een meer in druk is nie.

Omdat daar op die oog af pertinente verskille tussen die manifestasies van Engelse en Suid-Afrikaanse Victoriaanse argitektuur waar te neem is, is dit duidelik dat die argitektuurstyle van Engeland nie sonder meer hierheen oorgeplaas is tydens die Engelse besetting nie, terwyl die styl hier te lande ook nie as 'n suiwer Suid-Afrikaanse produk beskryf kan word nie. Die determinante wat tot hierdie stylverskille aanleiding gegee het, moet ondersoek word. Hierdie studie beoog 'n deeglike, sistematiese studie en ontleding van Suid-Afrikaanse voorbeelde, en 'n vergelyking daarvan met Engelse voorbeelde. So 'n vergelyking van die manifestasies van die styl in albei lande, sowel as die impak van die sosio-kulturele dryfvere onderliggend daaraan, sal bydra tot 'n wyer begrip van die boustyl en era, plaaslik sowel as internasionaal.

'n Deel van die problematiek rondom die Victoriaanse boukuns in Suid-Afrika is die feit dat daar verskeie benaderings tot die term *Victoriaans* bestaan. In die Britse literatuur verwys die term deurgaans na die tydperk. Die ontwerpstyle van die Victoriaanse era in Engeland het hoofsaaklik uit opeenvolgende herlewings van vroeëre style bestaan, dus is daar nie 'n enkele kenmerkende styl wat as Britse Victoriaans uitgewys kan word nie. Wat Suid-Afrika betref, word daar 'n sekere dualisme betreffende die terminologie aangetref, aangesien die term soms vir 'n spesifieke styl gebruik word, en ander kere vir die era. Daar bestaan dus in wese 'n definisie-probleem, wat ook as deel van die studie aangespreek sal word. Ondersoek sal ingestel word na die argitektoniese styl wat in Suid-Afrika as *Victoriaans* bekend staan, met die doel om die styl te omskryf en dit kontekstueel binne die algemene argitektuur van die Victoriaanse era te posisioneer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die beoogde vergelykings sal dit moontlik maak om die voorkoms waarin die geboue in Suid-Afrika gemanifesteer het, in konteks te plaas en die inwerking van plaaslike invloede te ontleed en te kontekstualiseer. Daardeur sal 'n breë akademiese en teoretiese raamwerk geskep word wat verder sal bydra tot die meer sinvolle bewaring van sodanige geboue.

2 Doel van studie

Die oorkoepelende doel van die studie is om 'n verkennende vergelyking van die manifestasies van die Victoriaanse boukuns in Suid-Afrika met dié in Engeland te tref, met die doel om die gebrekkige kennisbasis ten opsigte van abstrakte determinante onderliggend aan Victoriaanse argitektuur, uit te brei. Die resultate van die vergelyking sal ontleed word om die impak daarvan op die Suid-Afrikaanse argitektuurtoneel in konteks te plaas, en die geestelike kultuur onderliggend aan die materiële kultuur verstaanbaar en begryplik te maak, en sodoende 'n bydrae tot volhoubare erfenisbewaring te lewer. Die studie wil dus deur middel van 'n deeglike teoretiese begronding waarop ingeligte restourasiebesluite gebaseer kan word, 'n bydrae lewer tot die bewaring van die beboude erfenis binne die konteks van volhoubare ontwikkeling.

Spesifieke doelwitte

- Om vas te stel watter intrinsieke en ekstrinsieke faktore die styl in Brittanje en Suid-Afrika onderskeidelik beïnvloed het, en op watter wyse.
- Om die konsep *Victoriaanse argitektuur* deeglik te ontleed en in die Suid-Afrikaanse konteks te interpreteer.
- Om 'n breë akademiese en teoretiese raamwerk te skep wat sal bydra tot die sinvolle bewaring van historiese geboue.

3 Terreinafbakening

3.1 Chronologies

Die woord *Victoriaans* kan streng gesproke omskryf word as die periode van koningin Victoria se regering, vanaf 1837 tot 1901. Haar regeringstydperk kan ten opsigte van die argitektuur nie as arbitrêre afsnypunte gebruik word nie. Talle van die kenmerke wat vroeë Victoriaanse huise in Brittanje tipeer, is alreeds tydens die Georgiaanse periode bekendgestel en gedurende die Regentskapstydperk verder verfyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten opsigte van Suid-Afrika strek hierdie studie terug tot ongeveer 40 jaar voor die aanvang van Victoria se regeringstyd (tot ±1795), om die eerste Britse besetting in te sluit, vanaf welke tydperk die Engelse kultuur (en dus ook boumodes) 'n invloed op Suid-Afrika begin uitoefen het. Die studie sal dus die totale tydperk van Britse invloed weergee.

Victoria se oorlye het ook nie 'n skielike einde gebring aan wat Wedd 'n *immensely serviceable* behuisingstyl noem nie (2002:11). Daar kan met veiligheid gesê word dat manifestasies van die Victoriaanse argitektuur in Engeland tot ten minste so laat as 1914 voorgekom het. Die argitektuur van veral behuisingskemas het ná die Eerste Wêreldoorlog grootliks verander. Verskeie kommentators is dit eens met hierdie datum (Curl 1990:11; Goodhart-Rendel 1953:224; Johnson 1984:11; Wedd 2002:11).

In Suid-Afrika het die Victoriaanse argitektuur voortgeduur tot in die 1920's, veral op die platteland. Fransen noem dat die Suid-Afrikaanse platteland steeds aan die begin van die twintigste eeu 'n effense agterstand met die implementering van nuwe modes gehad het en dat wat hy noem *high-Victorian villas* nog ná 1910 in Suid-Afrikaanse dorpe gebou is (2004:vii). In die Paarl, byvoorbeeld, beskou Albertyn die periode tussen die twee Wêreldoorloë (1919 tot 1938) as 'n oorgangstydperk waartydens die argitektuur van die dorp 'n belangrike beeldverandering ondergaan het (1992:gp), wat impliseer dat die oorheersende argitektuurtendense tot in daardie stadium nog Victoriaans was.

3.2 Geografies

Die skrywer het in 2010 'n beurs van die Victorian Society in America ontvang om hul somerskool in Londen by te woon. Tydens die intensiewe program van drie weke is besoek gebring aan 'n groot aantal historiese geboue in Londen, en 'n plattelandse toer het veral op Birmingham en Manchester gekonsentreer. Dagbesoeke is gebring aan herehuise op die Engelse platteland, sowel as aan Brighton en Oxford. 'n Baie wye verskeidenheid geboue is besoek, wisselend vanaf die grootste openbare geboue soos Westminster, tot by gerestoureerde werkersklasbehuising in Birmingham. Die blootstelling, gekoppel aan lesings deur kenners oor 'n verskeidenheid temas rondom die Victoriaanse era, het groot voordele ingehou, nie bloot in terme van die fisiese argitektuur wat van naderby bestudeer en waardeer kon word nie, maar ook ten opsigte van 'n begrip van die Britse psige onderliggend aan die materiële kultuur van die era.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Enkele Suid-Afrikaanse dorpe is geselekteer as basis vir die studie en om as databasis van voorbeeldmateriaal te dien, aangesien Victoriaanse argitektuur in Suid-Afrika oor die algemeen relatief homogeen is, en area-spesifieke stilistiese afwykings relatief raar is. Vergelyking met die studies van Radford (1979) en Bowen (2001), wat op die Kaapstadse metropool fokus, ondersteun hierdie aanname.

Die dorpe wat as hoofbasis vir die studie aangewend is, is die twee Wes-Kaapse dorpe Caledon en die Paarl. Dit word aangevul deur voorbeelde van huise oral op die Suid-Afrikaanse platteland, spesifiek die Wes-Kaap. Slegs grootliks outentieke voorbeelde is geselekteer vir die doeleindes van die studie.

3.3 Tematies

Die studie beperk hom tot die Victoriaanse argitektuur van Engeland en Suid-Afrika; Engeland synde die "moederland", en Suid-Afrika een van die voormalige Britse kolonies. Victoriaanse argitektuur wat ooreenkomste toon met dié van Suid-Afrika kom op groot skaal voor in sekere ander Britse kolonies, veral Amerika en Australië. Talle van die huise in hierdie twee voormalige kolonies is ook enkelverdieping, alleenstaande geboue met afgepleisterde mure, sinkdakke en oordadige ornamentasie (vergelyk Hockman en Robertson & Robertson). Meer dekoratiewe gietysterwerk word in Melbourne, Australië aangetref as in enige ander stad ter wêreld (Robertson & Robertson 1977:49). Die oordekte stoep word, net soos in Suid-Afrika, as 'n onontbeerlike element van die genoemde kolonies se Victoriaanse argitektuur gesien, veral op die platteland (Robertson & Robertson 1977:37).

Engeland bly die land van oorsprong van Victoriaanse argitektuur, en hoewel daar opvallende ooreenkomste in die argitektuur van Suid-Afrika en die ander kolonies waargeneem kan word, sal ‘n vergelykende studie met ander kolonies nie sin maak alvorens Engeland in diepte bestudeer is nie. Eers daarna kan die argitektuur van Suid-Afrika daarteen gemeet word, waarna Suid-Afrika met die ander kolonies vergelyk kan word.

Ten opsigte van Suid-Afrika is slegs gekonsentreer op wat as Victoriaanse argitektuur bekend staan, met korter verwysings na die ander argitektuurstyle van die periode.

Groter openbare geboue uit die Victoriaanse tydperk is alreeds in 'n paar studies aangeraak, dus konsentreer die studie op residensiële argitektuur. Hoewel argitektuur die hooffokus van die studie is, was dit noodsaaklik om die sosiale en intellektuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

klimaat van die tydperk (in Engeland sowel as Suid-Afrika) ook te ondersoek, aangesien dit die argitektuur ten diepste beïnvloed het.

4 Aanbieding van stof

Die studie is, benewens die hoofstukke wat handel oor teoretiese aspekte, opgedeel in vier hoofstukke, twee oor Engeland en twee oor Suid-Afrika. Elke afdeling van twee hoofstukke volg dieselfde patroon, naamlik eers 'n studie van die geografiese, ekonomiese en sosio-kulturele invloede op die argitektuur van die land, waarna 'n hoofstuk volg waarin die spesifieke argitektuur bespreek word. Tydens die bespreking van Engelse determinante en Engelse argitektuur, word daar geen verwysing na Suid-Afrika gemaak nie, aangesien Engeland die basis van die studie is. Tydens die ooreenstemmende bespreking van die Suid-Afrikaanse omstandighede en argitektuur, word voortdurend vergelykings getref met Engeland. In die daaropvolgende hoofstuk word al die intrinsieke sowel as ekstrinsieke verskille en ooreenkomste wat uitgelig is, kontekstueel geëvalueer en in die huidige tydsgewrig in konteks geplaas.

Aangesien die illustrasiemateriaal van die proefskrif van so 'n groot omvang is en die werk primêr as 'n naslaanbron bedoel word, word die illustrasies as 'n aparte dokument aangebied om verwysing te vergemaklik.

5 Bronne

Die bronne wat vir hierdie studie gebruik is, word in hoofstuk 1 geëvalueer. Hoewel dokumentêre primêre bronne vir navorsing in die geesteswetenskappe sonder twyfel van groot waarde is, was die gebruik van sulke bronne nie vir hierdie spesifieke studie voor die hand liggend nie, aangesien die studie met breë tendense gemoeid is. Die uitsondering is bouplanne, wat wel sinvol vir hierdie studie sou wees. Planne vir Victoriaanse woonhuise in Suid-Afrika is egter oor die algemeen feitlik onbekombaar. Radford wys ook daarop dat daar 'n groot tekort aan dokumentêre materiaal aangaande woonhuise van die Victoriaanse era in Suid-Afrika bestaan (1979:3).

Fisiese geboue word dus beskou as die belangrikste primêre bronne vir hierdie studie. Geboue wat as verteenwoordigend van die era beskou word, is ná 'n visuele opname geselekteer, en die geboue sowel as tersaaklike argitektoniese detail is gefotografeer. Die foto's word aangewend as verwysings- en illustrasiemateriaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

Metodologie en literatuurstudie

1.1 Metodologie

1.1.1 Teoretiese benadering

Kultuurgeskiedenis staan midde-in die geesteswetenskappe, en studies daarin moet op 'n wetenskaplike wyse aangepak word. Die neëntiende-eeuse historikus Von Ranke het die toon vir moderne historiese (en kultuurhistoriese) studies aangegee met sy uitgangspunt dat die studie van die geskiedenis wetenskaplik benader moet word, en op primêre eerder as sekondêre bronne behoort te steun. Von Ranke het die filosofiese benadering tot geskiedenis, soos dit in sy tyd algemeen deur historici beoefen is, verwerp, met die argument dat daardie benadering nie die rol van die mens in die verloop van geskiedenis erken nie: [*it*] *ignored the human agency in history* (1973:514). Sy basiese uitgangspunt was dus dié van die kultuurhistorikus, hoewel hy homself 'n historikus genoem het. Dreyer sluit by Von Ranke se oogpunt aan: *Die analise van die voorwerp van historiese studie het getoon dat dit in die historiese studie altyd gaan om die mens. Dit het ook getoon dat - implisiet of eksplisiet - die historikus die mens beskou as bewuste, willend-waarderende wese* (Dreyer 1974:181).

Von Ranke se idees het geleidelik veld gewen, en bewaringstudies is veral sedert die Eerste Wêreldoorlog toenemend op 'n wetenskaplike basis geskoei. Volgens Clavir is dit 'n uitvloeisel van die Verligting dat wetenskap in daardie era toenemend as van onbetwisbare universele nut en waarde beskou is (1996:3).

Vanweë die feit dat Kultuurgeskiedenis soos die meeste ander geesteswetenskappe multiparadigmaties is, is daar verskeie wyses waarop die studie benader kan word. Burden beskou die holistiese benadering as noodsaaklik vir volledige interpretasie van die studieveld (2000:29).

Van die modelle wat bestudeer is as agtergrond tot hierdie studie, is die Burden-model vir Kultuurgeskiedenis (fig. 1-1) die mees toepaslike vir die studie, aangesien dit spesifiek vir kultuurhistoriese studie ontwerp is, en geen ander model die veld tot so 'n mate verreken nie. As die model op die onderwerp van hierdie studie toegepas word om dit in 'n globale konteks te plaas, sal die studieterrein op die AB-as (tasbaar teenoor nie-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tasbaar) by stoflike kultuur ingedeel word, aangesien die studie te make het met tasbare kultuurprodukte. Soos Burden waarsku, kan die materiële produk nooit geskei word van die geestelike proses waardeur die produk tot stand gekom het, of van die mens met sy geestelike eienskappe wat die produk skep en gebruik nie (2000:17).

Met betrekking tot die DC-as (patrisiërkultuur tot volkskultuur), beweeg die argitektuur van die Victoriaanse era oor die volle lengte van die as, aangesien dit nie tot een sektor van die bevolking beperk was nie. Die geboue strek oor die hele spektrum vanaf groot, deftige herehuise (verteenwoordigend van patrisiërkultuur) tot by groepsbehuising vir fabrieks- en mynwerkers, en klein kothuisies (verteenwoordigend van volkskultuur).

Die EF-as van die model is die tydskontinuum en verteenwoordig die spektrum van kultuurprodukte vanaf eietyds tot tradisioneel. Op hierdie as sal Victoriaanse argitektuur aan die tradisionele kant geplaas word, synde 'n historiese argitektuurstyl, hoewel die studie van die betrokke kultuurprodukte ook aansluiting vind by eietydse vraagstukke. Die modern-pool op die kontinuum maak ook voorsiening vir verwysings na neo-Victoriaanse bouwerke.

Die doel van hierdie studie is om die boukuns binne die konteks van algemene, ontwikkelende sosio-maatskaplike omstandighede te evalueer. Klem word gelê op die kontekstualisering en evaluering van tendense en as sodanig is die fokus nie op individuele geboue geplaas nie. Die tendense word geëvalueer ten opsigte van die visionêre sowel as tegniese vormtaalaspekte (Kuijers 1980:8). By so 'n evaluering is 'n ekstrinsieke benadering sinvol, eerder as 'n intrinsieke wat op afsonderlike eksemplare fokus. Argitektoniese eksemplare word in hierdie studie uit die databasis van bestudeerde voorbeelde geselekteer en voorgehou om spesifieke stylaspekte en -tendense te illlusteer, eerder as om as enkel voorbeelde bestudeer te word.

Die studie word in die vorm van 'n verkennende vergelyking aangepak vanweë die opvallende verskille in Suid-Afrika en Engeland se argitektuur, wat die stimulus vir die studie verskaf het. Vergelykings word toegepas op dieselfde verskynsel in twee verskillende lande sodat verskille teen mekaar gespieël en geldige afleidings daaruit gemaak kan word. Globalisering, met die gepaardgaande intellektuele nuuskierigheid oor ander kulture, het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die vergelykende metode van navorsing, wat veral sedert die Tweede Wêreldoorlog in gewildheid toegeneem het (Øyen 2004:276). Volgens Heidenheimer ea is daar eenstemmigheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onder skrywers dat daar nie een spesifieke metodologie van toepassing op die vergelykende metode is nie (1983:505).

Die multidissiplinêre benadering word dikwels by hierdie tipe studie verkies ter wille van die buigbaarheid daarvan (Jones 1985:28). Soos Mouton en Marais uitwys, is navorsing 'n proses wat deur verskillende fases gekenmerk word, en vir elke fase is daar 'n toepaslike metodologiese benadering, óf kwalitatief óf kwantitatief (1990:159). Die kwalitatiewe benadering is meer tipies van die geesteswetenskappe, aangesien die uitgangspunt daarvan normaalweg nie is om 'n spesifieke hipotese op geformaliseerde wyse deur middel van wetenskaplik-geformuleerde toetse te bewys, soos by die kwantitatiewe benadering, nie. Die doel van kwalitatiewe navorsing is normaalweg om die komplekse faktore rondom 'n sentrale fenomeen te verken en daaruit perspektiewe of menings te formuleer (Sage 2008:129). Dus maak hierdie studie oorwegend gebruik van die kwalitatiewe benadering.

Die twee sleutelfaktore in vergelykende studies is ruimte en tyd. Heidenheimer ea beweer dat internasionale vergelykings, waar spesifieke aspekte van verskillende lande met mekaar vergelyk word, verreweg die algemeenste vorm van ruimtelike studies is, hoewel vergelykings op nasionale vlak ook algemeen voorkom. In die kategorie van tydsvergelyking word verskillende periodes van een verskynsel vergelyk (1983:505). Hierdie studie val in die kategorie van internasionale ruimtelike vergelyking.

Ten opsigte van bewaring, is twee Sweedse modelle, die Halland- en Gothenburg-modelle vir toepassing op stedelike bewaringsinisiatiewe, op hierdie studie van toepassing. Die modelle is ontwikkel met die doel om nuwe benaderings tot die konsep van volhoubare bewaring met betrekking tot die beboude erfenis te formuleer. Dit voorsien 'n teoretiese raamwerk vir geïntegreerde bewaring, gebaseer op die fisies-materiële en sosiaal-kulturele dimensies daarvan. 'n Holistiese benadering word binne die konteks van 'n volhoubare bewaringsparadigma bepleit (Gustafsson & Rosvall 2008:15).

Die empiriese platform vir die ontwikkeling van die teoretiese modelle was 'n groot projek vir die bewaring van die beboude erfenis wat tussen 1993 en 2003 in die Halland-streek in Swede aangepak is. Die uitgangspunt van die projek was 'n kruis-sektorale, multidissiplinêre benadering tot probleemoplossing, waardeur erkenning verleen is aan die rol wat die bewaring van die beboude erfenis kan speel as 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

katalisator vir werkskepping, opleiding en opvoeding, bydrae tot die aantrekkingskrag van 'n streek (in terme van toerismepotensiaal), streeksgroei, volhoubare ontwikkeling en die versterking van demokrasie. Die inisiatief het ongeveer 100 afsonderlike bewaringsprojekte ingesluit, en is uitgevoer deur middel van noue medewerking tussen verskeie openbare sektore, privaat inisiatiewe, nie-regeringsorganisasies en navorsers. Onder meer is ongeveer een derde van die streek se konstruksiewerkers in tradisionele boutegnieke opgelei. Die modelle is as stel metodologiese riglyne parallel met die fisiese projekte ontwikkel en in internasionale konteks geplaas (Gustafsson & Rosvall 2008:15).

'n Model wat deur die Universiteit van Lancaster geskep is om die etiek van bewaring aan te spreek, is ook toepaslik op hierdie studie. Hoewel dit in hierdie geval hoofsaaklik gewentel het rondom die bewaring van die natuurlike teenoor die gekultiveerde omgewing, is 'n teoretiese model van etiese waardes geskep om alle bewaringsbesluite te rig, wat waardevol is vir hierdie studie. Die skrywers wys daarop dat 'n kultuurobjek vanweë historiese interaksie verskeie betekenisse kan inkorporeer, en dat dit belangrik is om hierdie verskille te erken en te waardeer as deel van die mens se wyer estetiese ervaring en historiese bewussyn (Holland & Rawles 1996:22).

Die boodskappe wat deur kultuurobjekte oorgedra word, moet duidelik geïnterpreteer en gekommunikeer kan word (Gustafsson & Rosvall 2008:19). Hierdie kommunikasie en interpretasie is die domein van die opgeleide kultuurhistorikus wat, in samewerking met die ander rolspelers, toegerus is om die boodskappe binne die konteks te interpreteer en op begryplike wyse oor te dra en uiterlike vorm daaraan te gee.

Hierdie studie wil 'n bydrae lewer as een van die instrumente wat tot die kultuurhistorikus se beskikking is vir die korrekte interpretasie en oordrag van die boodskappe wat van wonings uit die Victoriaanse era uitgaan, of anders gestel, die artikulasie waardeur sekere verskynsels hul spesifieke betekenis verkry (Gustafsson & Rosvall 2008:20). Sodoende wil die studie bydra tot die konkretisering van daardie boodskappe in die vorm van simpatieke, toepaslike, deeglik-deurdagte bewaring in 'n volhoubare konteks, met inbegrip van die uiteindelike aanwending van die gebou vir kommersiële of residensiële doeleindes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.1.2 Konsepte

In *Early Victorian architecture in Britian* beweer H-R Hitchcock dat die term *Victoriaanse argitektuur* nie maklik definieerbaar is nie, aangesien die konnotasies wat aan die gekombineerde woorde geheg word, uiters kompleks is. Hy stel die vraag: *Did any part of the Victorian Age produce architecture worthy of the name?* Hy vra voorts: *Are Victorian ideas about architecture of any interest today? Or were they but confused heresies best ignored in a later age?* (1954:vii).

Om hierdie vrae te kan beantwoord, vereis eerstens deeglike beredenering van die twee basiese konsepte daarin vervat, naamlik *argitektuur* en *Victoriaans*.

1.1.2.1 Argitektuur

Mense teoretiseer al sedert die vroegste tye oor die aard van argitektuur. Reeds in die eerste eeu CE het die Romeinse argitek, skrywer en ingenieur, Marcus Vitruvius Pollio, geskryf dat argitektuur op drie bene staan, naamlik *firmitas, utilitas et venustas,* wat vertaal kan word as duursaamheid, bruikbaarheid en skoonheid (Rowland 1999:10).

Die meeste teoretici oor argitektuur staan by hierdie basiese definisie, en gebruik slegs ander woorde om dit te omskryf, soos die volgende voorbeelde aandui:

to aspire to true architecture the building itself must not only be well built but must truly fulfil its purpose and at die same time delight the beholder (Penoyre & Ryan 1963:9).

A bicycle shed is a building. Lincoln Cathedral is a piece of architecture. Nearly everything that encloses space on a scale sufficient for a human being to move in is a building; the term architecture only applies to buildings with a view to aesthetic appeal (Pevsner 1960:15).

Argitektuur is die kuns om 'n gebou so op te rig dat dit nie net sterk en duursaam van aard is nie, maar korrek van proporsie, eerlik doeltreffend, verfynd van konsepsie en 'n harmoniese geheel vorm (Moerdyk 1935:7).

Vitruvius se drie beginsels geniet inderwaarheid steeds sulke wye aanvaarding dat dit die basis gevorm het vir die Design Quality Indicator (DQI), 'n internasionale, gestandaardiseerde stelsel waarvolgens die ontwerpkwaliteit van geboue gemeet word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is in 1999 in Brittanje ingestel en is sedertdien ook in Amerika geïmplementeer (Gann 2003:318; www.dqi.org.uk).

Vitruvius se definisie laat by nabetragting interessante vrae ontstaan. Dit impliseer byvoorbeeld dat die hutte van rietmatte wat deur sommige nomadiese bevolkings gebou word, nie as argitektuur beskou kan word nie, aangesien hulle wel voldoen aan die eienskappe van bruikbaarheid (deur die voorsiening van skuiling) en moontlik ook deur talle as mooi (skoonheid) beskou kon word, maar dat dit nie duursaam is nie, en dus nie argitektuur kan wees nie.

Dan is daar ook mense in onderontwikkelde gemeenskappe wat enige beskikbare materiaal, hoofsaaklik afvalmetaal of -hout, benut om 'n skuiling/woning mee te skep. Hierdie strukture is wel nuttig en min of meer duursaam, maar die vraag of hulle die eienskap van skoonheid besit, is debatteerbaar. Die geïdealiseerde beeld van skoonheid wat sommige kommentators daarin mag waarneem, sal nie gedeel word deur diegene wat die harde werklikheid daarvan beleef nie.

Aan die ander kant was die bou van 'n sogenaamde *folly* een van die eienaardighede van die Victoriaanse era. 'n *Folly* is 'n gebou wat hoegenaamd geen nut het nie, maar bloot ter wille van interessantheid en dekorasie in die groot tuin van die landheer opgerig is. Hierdie geboue besit beslis die eienskappe van duursaamheid en skoonheid, maar is vir geen doel gebou nie, en het dus geen nut nie (behalwe vir die verskaffing van versiering of skoonheid), en tog is die meeste daarvan deur argitekte ontwerp. Hierdie paar voorbeelde illustreer die problematiek rondom die vasvang van die konsep argitektuur.

1.1.2.2 Skoonheid

Teoretici deur die eeue het grootliks saamgestem dat dit die element van skoonheid is wat 'n gebou verhef vanaf blote struktuur tot argitektuur (Holm 2006:222), en ander het die idee verder ontwikkel deur te konstateer dat skoonheid 'n noodsaaklikheid vir argitektuur is. William Morris (1934 - 1896), die vader van die Arts & Crafts-beweging, was 'n voorstaander van skoonheid in die alledaagse lewe. Hy het geglo: *It helps the healthiness both of body and soul to live among beautiful things* (Stamp & Goulancourt 1986:13). Chetwood is van mening dat skoonheid, veral in die lig van die stresvolle lewenstyl van die moderne mens, prioriteit behoort te geniet in argitektuur (Aslet 2008:263).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar vind 'n waarneembare, meetbare fisiese proses in die liggaam plaas wanneer skoonheid ervaar word. Die vlakke van die streshormoon kortisol verlaag, waardeur vlakke van immunoglobulien, wat 'n belangrike rol in die liggaam se immuunstelsel speel, verhoog. Dit kom dus daarop neer dat skoonheid 'n aktiewe rol speel in die ondersteuning van die immuunstelsel en die bekamping van stres (Smith 2003:10). Dit bewys dat die noodsaaklikheid van skoonheid (of dan die belewing van skoonheid) nie 'n vae, esoteriese idee is nie, maar in die wetenskap gefundeer is.

Pim beklemtoon die feit dat die mens deur al die eeue die drang het om sy omgewing te verfraai. Sy verwys na die resultate van navorsing wat suggereer dat daar 'n moontlike verband is tussen laer misdaadvlakke in klein dorpies teenoor groter sentra, wat toegeskryf word aan die nabyheid van die natuur met sy skoonheid, en kom daardeur tot die gevolgtrekking dat ruimte en relatiewe vryheid van beweging nie as 'n luukse gesien kan word nie, maar as 'n noodsaaklikheid (1971:3).

Filosowe worstel al sedert antieke tye om die aard van skoonheid te deurgrond. Persepsies van skoonheid wissel voortdurend na gelang van die mode en smaak van die dag, soos saamgevat in die spreekwoord *beauty is in die eye of die beholder* (Zangwill 2001:9). Goldstein en Goldstein beskryf die standaarde van skoonheid as *broad, adaptable and never fixed, and they constantly shift and change* (1945:2). Volgens Goodhart-Rendel is daar drie vereistes vir skoonheid, naamlik dat dit geen onnodige of oortollige elemente mag bevat nie, dat al die elemente tot 'n geheel saamgesnoer moet wees, en dat dit geen bestaansreg het as dit nie vir die beskouer of beoordelaar begryplik is nie (1953:51).

Hierdie definisie is ook aanvegbaar, aangesien die eerste element (geen onnodige of oortollige elemente) weer eens onderworpe is aan persoonlike smaak en heersende mode, terwyl die derde element (moet vir die beskouer begryplik wees) ook sterk debatteerbaar is (wat vir die doeleindes van hierdie studie nie hier verder gevoer kan word nie).

Die ontwikkeling van die Arts & Crafts-beweging in Engeland is 'n pertinente voorbeeld van die wisselende persepsies van skoonheid. Die beweging het juis ontstaan in reaksie op dit wat in die vroeë Victoriaanse era as esteties aanvaarbaar beskou is. Morris en sy navolgers het tipies-Victoriaanse objekte as esteties onaanvaarbaar beskou (Stamp & Goulancourt 1986:13), terwyl dit vir andere die toppunt van estetiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

prestasie was. Morris het hom daarvoor beywer dat skoonheid, oftewel sy siening daarvan, 'n integrale deel van die daaglikse lewens van alle mense moes wees.

Hoewel prins Albert, die eggenoot van koningin Victoria, dit eens was met Morris se algemene gevoel in die sin dat hy ook geglo het in die verheffende effek van skoonheid op die menslike gees, word daar tog van hom gesê: *It is to be feared that his notions of beauty, ugliness, and vulgarity would have commended themselves in no particular to William Morris* (Goodhart-Rendel 1953:123). Dit is dus duidelik dat die persepsie van skoonheid altyd bepaal sal word deur die stel morele waardes, houdings en idees van die beskouer.

1.1.2.3 Skoonheid in argitektuur

Argitektuur word dikwels as 'n kunsvorm beskou, en talle kritici stel argitektuur ook gelyk aan kuns, met die gevolg dat hulle die basiese beginsels van kuns daarop toepas.

Goodhart-Rendel brei uit op sy omskrywing van skoonheid hierbo deur by te voeg dat elke kunsvorm bo en behalwe die genoemde basiese vereistes, op 'n spesifieke teoretiese substruktuur berus (1953:15). Deur die eeue heen het die teoretiese substruktuur waarna Goodhart-Rendel verwys, voortdurend verskuif.

Ten opsigte van argitektuur het die meerderheid vroeëre argitekte en denkers geglo dat die klassieke ontwerpformule van eenvoud, reëlmatigheid en perfekte verhoudings soos dit deur Griekse argitekte beoefen is, die enigste aanvaarbare standaard van argitektoniese skoonheid is. 'n Konkrete voorbeeld van hierdie denkwyse is die Parthenon, wat allerweë beskou word as die gebou met die mees perfekte verhoudings ter wêreld (Goldstein & Goldstein 1945:18; Moerdyk 1935:46). Volgens Richter kon daar nog nie met sekerheid vasgestel word of die Grieke van 'n algemeen-aanvaarde stel standaarde as ontwerpriglyn gebruik gemaak het nie. Die feit staan vas dat al die elemente van hul geboue in vaste ruimtelike verhoudings tot mekaar ontwerp is. Hierdie verhoudings was óf wiskundig óf geometries gefundeer (Richter 1969:23).

Die invloedryke negentiende-eeuse kunskritikus en skrywer John Ruskin, daarenteen, het verklaar dat argitektuur in werklikheid geskep word deur daardie elemente wat aan 'n gebou aangebring is slegs ter wille van versiering (1910:8). Ruskin het gedurende die tweede helfte van die 1800's enorme populariteit, grensende aan kultusstatus geniet, onder die algemene publiek sowel as gerespekteerde akademici. Clark verklaar tong-in-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die-kies: *For almost fifty years, to read Ruskin was accepted as proof of the possession of a soul* (1964:xi). Teen die einde van Ruskin se lewe het hy (vir verskeie redes wat nie hier pertinent is nie) die guns van sy bewonderaars verloor, en talle van sy sienings is deur die denkers van die dag gerepudieer as ekstreem en selfs belaglik (Clark 1964:13).

Die meeste skrywers oor argitektuur as kuns stem dan ook nie saam met Ruskin se sienings nie. Penoyre en Ryan weerspreek hom direk deur dit pertinent te stel dat skoonheid bloot ter wille van skoonheid nooit met ware argitektuur verwar moet word nie: *Architecture is* *not* [eie klem] *the application of beautiful detail to a building* (1963:9). Goldstein en Goldstein waarsku teen wat hulle noem: *mistaking superficial qualities for the essential character of the work* (1945:20). Volgens hulle het die Grieke altyd die strukturele ontwerp van 'n gebou as belangriker as die versiering daarvan beskou (1945:18). Hulle verklaar dat harmonie van lyn, vorm, tekstuur, grootte, idee en kleur die mees fundamentele vereiste vir 'n suksesvolle gebou is, en dat funksionaliteit net so belangrik soos voorkoms is (Goldstein & Goldstein 1945:26). Goodhart-Rendel spreek ook sterk opposisie uit teen die gebruik van argitektoniese elemente wat nie deur die struktuur van die gebou vereis word nie, maar bloot as dekorasie aangewend word. Hy herhaal sy siening dat die verskillende elemente van enige kunswerk, insluitend geboue, *integrally united* moet wees (1953:15-17).

1.1.2.4 Argitektuur: Kuns of wetenskap?

Die oorspronklike betekenis van die woord argitektuur, wat van die Griekse woord *arkhitekton* afstam, is *meesterbouer* (McLeod & Hanks 1985:53). Dit is aanduidend van die wyse waarop die professie van argitektuur ontwikkel het, naamlik dat die argitek oorspronklik bloot gemoeid was met die konstruksie van die gebou, en dat die beste onder hulle mettertyd as meesterbouers bekend geraak het (Doxiadis 1968:394).

Maré huldig die mening: *Argitektuur is sowel die kuns as die wetenskap van omgewingsvorming* (1984:36). Doxiadis sluit daarby aan deur te noem dat die term argitektuur in die praktyk die konnotasie van "die gebou as kuns" aangeneem het. Argitektuur se oorsprong is blote tegniek, wat later in 'n kunsvorm getransformeer het (1968:392).

Doxiadis is egter van mening dat nie alle hedendaagse argitekte sal saamstem daarmee dat argitektuur 'n kunsvorm is nie, maar dat hulle argitektuur eerder sal beskryf as die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toepassing van tegnologie of wetenskap op 'n funksionele voorwerp (1968:392). Volgens Goodhart-Rendel is die mees basiese taak van die argitek om 'n stewige struktuur te ontwerp wat skuiling voorsien (1953:17). Doxiadis formuleer hierdie basiese beginsel as: *In every community there is the demand for shelter; the variable occurs in the quantity and quality of shelter* (1968:393). Dit sluit nou aan by die uitgangspunt van Goodhart-Rendel: *The fine art of architecture rests on the useful art of Engineering* [sic], *and without that art underlying it, it can seldom exist* (1953:17). Lewcock se opmerking dat die verskil tussen argitek en ingenieur aanvanklik klein was, veral in koloniale tye, sluit hierby aan. Talle van die offisiere in die Britse ingenieursbataljons was byvoorbeeld opgeleide argitekte (1963:351).

1.1.2.5 Funksionaliteit

Die hele kwessie van styl en dekorasie versus funksionaliteit is 'n aspek van argitektuur wat vir eeue reeds vra om deeglike analise.

Goodhart-Rendel se uitgangspunt ten opsigte van argitektuur is feitlik suiwer utilitêr deurdat hy glo dat 'n struktuur se ware skoonheid daarin lê dat sy verskillende elemente aan hul bedoelde funksies voldoen (1953:16). Hy sien dus wel die nut en belangrikheid van skoonheid in, maar definieer die konsep anders as verskeie ander kommentators. Goldstein en Goldstein maak ook gewag van die *honesty and simplicity of the functional house* (1945:21). Hierdie skrywers stel dus die eienskap van skoonheid in argitektuur gelyk aan die eienskap van bruikbaarheid of funksionaliteit.

Hierdie uitgangspunt het onder meer gelei tot die formulering van die beginsel van *form follows function*, wat kortliks daarop neerkom dat die ontwerp van 'n gebou primêr op sy bedoelde funksie gebaseer moet wees. Laasgenoemde ontwerpbeginsel het groot gewildheid verwerf, veral sedert die begin van die twintigste eeu, maar die debat daar rondom duur voort, met talle argitekte wat van mening is dat die beginsel oop is vir interpretasie en nie noodwendig die perfekte ontwerp-oplossing bied nie (Holm 2006:227).

In antieke gemeenskappe is al die funksies van die daaglikse bestaan normaalweg in een sentrale gebou of skuiling uitgevoer, en konsepte soos persoonlike privaatheid het nie bestaan nie. Die herehuis van die opperheer was gewoonlik gesentreeer rondom 'n groot sentrale saal (*hall*), waar feitlik alle aktiwiteite van die uitgebreide familie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plaasgevind het. Dit was ook die setel vanwaar die opperheer sy sakebelange bestuur en oor sy onderdane regeer het. Bykomend daartoe het die meeste lede van die huishouding, insluitend bediendes, ook in daardie een groot vertrek geslaap. Dit het onder meer in praktiese terme meegebring dat meubels herhaaldelik deur die loop van die dag rondgeskuif, inmekaargesit en uitmekaargehaal moes word om wisselende aktiwiteite te akkommodeer (Aslet 2008:25-26).

Geleidelik is meer en meer ongemak ondervind met die praktiese en logistieke probleme, sowel as die gebrek aan privaatheid, wat hierdie interieurgebruik meegebring het. In 'n poging om die probleem op te los, is daar begin om aparte geboue vir die verskillende funksies op te rig. Daar bestaan 'n gebou in Engeland wat in 1170 as 'n aparte huis gebou is vir die heer van Boothby Pagnell en sy gesin, waar hulle groter privaatheid as in die algemene saal kon geniet. Die gebou het ook meer in terme van gemak en gerief gebied. Mettertyd het gerief en privaatheid die essensiële kwaliteite van 'n tuiste geword (Aslet 2008:28; Breckon ea 2000:12). In die evolusie van die moderne tuiste is die aparte geboue later in een groot gebou geïnkorporeer om 'n huis met verskillende vertrekke, elk met 'n spesifieke funksie, te vorm. Daardeur is die huishoudelike opset in verskillende sfere verdeel (Aslet 2008:188-189).

Funksionaliteit het sedert Georgiaanse tye 'n toenemend belangrike faktor in residensiële argitektuur geword (Aslet 2008:188-189). Victoriaanse argitektuur het, danksy die vernuwende uitvindsels van die industriële eeu, beduidend teenoor ouer style gevorder in terme van die funksionaliteit van geboue. Die Engelse huis was egter veel meer as 'n bloot funksionele ruimte. Die kreatiewe krag van die nostalgie het juis ouer argitektuurstyle laat herleef in 'n poging om te ontsnap aan die nuwe stedelike werklikheid met sy gebrek aan ruimte, stilte en skoonheid (Stamp & Goulancourt 1986:13-14).

1.1.2.6 Nuwe beskouings

Sedert vroeg in die twintigste eeu word toenemend besef dat die ware betekenis van argitektuur meer diepsinnig is as skoonheid gekombineer met duursaamheid en funksionaliteit.

Daar bestaan konstante wisselwerking tussen die mens en argitektuur. Volgens argitektuur-historikus Geoffrey Scott is die studie van argitektuur ook die studie van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

effek van strukture op die menslike gees (Lancaster 1963:9). Holm haal die skrywer Cruikshank aan wat konstateer dat die ontwerpbesluite wat ten opsigte van argitektuur geneem word, die mens meer direk beïnvloed as enige ander kunsvorm (Holm 2006:11). Oliver stel dit so: *For untold millions of people the bond between themselves and their dwelling-place transcends the physical limitations of their habitation* (1987:7). Die staatsman Winston Churchill het op 29 Oktober 1943, nadat die Britse Laerhuis deur vyandelike bomme vernietig is, in sy betoog vir die herbou daarvan laat blyk dat hy ook bewus was van die mate waartoe geboue die loop van mense se lewens kan bepaal toe hy gesê het: *We shape our buildings, thereafter, they shape us* (Holm 2006:11; winstonchurchill.org).

Argitektuur gaan dus nie slegs oor die invloed wat die mens uitoefen op die strukture wat hy vir homself skep nie, maar ook oor die teenoorgestelde, naamlik die invloed wat 'n struktuur uitoefen op die mens wat daarin woon. Holm, professor in argitektuur by die Oslo Skool van Argitektuur en Ontwerp, se boek *Ideas and beliefs in architecture design* (2006), en spesifiek die sub-titel daarvan: *How attitudes, orientations, and underlying assumptions shape the built environment*, druk duidelik hierdie noue band tussen die mens en die geboue waarin hy leef, uit. In Holm se werk word die situasie vanuit die oogpunt van die mens as skepper van argitektuur beskou.

Die bostaande voorbeelde benadruk die groeiende besef dat argitektuur *a mode of social practice* is en nog altyd was (Prinsloo 1985:75). Dit word onder meer geïllustreer deur een aspek van die reeds-genoemde Design Quality Indicator (DQI). Hoewel die DQI Vitruvius se drie basiese beginsels as die basis van die stelsel aanvaar, word die *venustas*-element egter nie bloot as skoonheid gedefinieer nie, maar as *the building's ability to create a sense of place and have a positive effect on local community and environment* (http://www.dqi.org.uk/). Dit dui duidelik op die waarde wat aan argitektuur geheg word as 'n faktor in die menslike bestaan wat die vermoë besit om die lewens van mense en selfs hele gemeenskappe te transformeer.

Gedurende die Victoriaanse era in Engeland het nuwe sosiaal-ekonomiese druk sowel as die wydverspreide beskikbaarheid van nuwe boumateriale 'n totale transformasie in die boubedryf veroorsaak. Jordan waarsku egter dat die populêre teorie dat die Industriële Revolusie ook tot 'n argitektoniese revolusie gelei het (dat die argitektuur dus verander het bloot omdat boumateriaal verander het) te simplisties is. Hy argumenteer dat die nuwe argitektuur op 'n meer komplekse basis berus, en wys daarop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die funksie en estetika van argitektuur radikaal verander wanneer die lewens en sienings van mense radikaal verander (1966:36).

Die teoretiese uitgangspunt wat hier aanvaar en in die studie verder uitgebou word, is dat argitektuur nie onafhanklik van die mens wat dit bedryf en bewoon, bestudeer kan word nie. Burden wys daarop dat die materiële produk nooit geskei kan word van die geestelike proses waardeur die produk tot stand gekom het, of van die mens met sy geestelike eienskappe wat die produk skep en gebruik nie (2000:17).

'n Studie van Victoriaanse Engeland illustreer by uitnemendheid die wyse waarop 'n veranderende sosiale dispensasie 'n nuwe argitektuur kan vorm en selfs kan afdwing. Die argitektuur het gereageer op die saamgestelde sosio-ekonomiese druk van 'n weg-krimpende adelstand, 'n opkomende middelklas met hul soeke na sosiale aanvaarding en sogenaamde *respectability*, en die groot werkersklas wat die stede oorstroom het op soek na 'n beter lewe.

1.1.2.7 Argitektuurstyl

Die kwessie van argitektuurstyl en hoe die konsep gedefinieer behoort te word, is ook relevant vir hierdie studie.

Wat is styl, en daarby aansluitend, wat konstitueer, of waaruit bestaan, 'n styl? Die woord *styl* is afgelei van die Latynse woord *stilus*, wat "skryfinstrument" beteken. Dit verwys na die instrument waarmee daar in antieke tye merke op 'n wastablet gemaak is (Fransen 2006b:5). Die *Collins Concise Dictionary* beskryf styl as *a form of appearance, design, or production; type* en ook as *a distinctive, formal, or characteristic manner of expression in words, music, painting etc* (McLeod & Hanks 1985:1158). Styl word in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* beskryf as: *Trant, wyse van skryf, skilder, bou ensovoorts* (Odendal e.a. 1979:1105).

Fransen is van mening dat 'n styl in die argitektuur beskryf kan word as 'n kompleks van eienskappe wat die argitektuur van 'n bepaalde tydperk en gebied kenmerk, en waarvan die ooreenkomste groot genoeg is om dit duidelik te kan onderskei van ander style (2012:epos). Dit impliseer dat die nuwe styl genoegsaam moet verskil van die vorige, ten opsigte van boumateriaal, boumetodes, aanwending of uitdrukkingswyse, voordat dit nuut genoem kan word (Fransen 2006b:6). Indien daar verandering bespeur word aan slegs een of enkele minder belangrike aspekte of elemente van die styl, kan dit dus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie as 'n nuwe styl bestempel word nie, maar eerder as 'n stylvariasie (Fransen 2012:onderhoud).

Kuijers se omskrywing van kunsstyl kan eweseer op argitektuurstyl van toepassing gemaak word, en beklemtoon sterk die kultuurhistoriese uitgangspunt van hierdie studie: *'n uitdrukking van 'n persoon (kunstenaar/argitek) en/of 'n groep se ontwikkelende kunsbesef, sy individuele en/of hul gesamentlike begrip en konkretisering van die estetiese,* […] *per betrokke lokaliteit gevorm en beïnvloed deur heersende denkbeelde en lewensomstandighede* (Kuijers 1980:76).

1.1.2.8 Victoriaans

Die woord *Victoriaans* kan streng gesproke omskryf word as die periode van koningin Victoria se regering, vanaf 1837 tot 1901. Crowley wys daarop dat die die woord 'n komplekse betekenis het. Dit omsluit nie slegs die genoemde periode nie; dit is in die Engelse taal opgeneem as 'n byvoeglike naamwoord wat meer as die blote historiese tydperk beskryf. Dit het 'n term geword waarmee puriteinse waardes en 'n Calvinistiese lewenshouding van streng moraliteit, preutsheid, erns en hardwerkendheid geassosieer word (Crowley 1990:7). Dit dra ook dikwels negatiewe konnotasies van haglike lewensomstandighede, krotbuurte en kinderarbeid. So 'n siening is oormatig simplisties en verdraaid, aangesien die meeste van hierdie sosio-ekonomiese toestande al lank voor Victoria se regeringstyd geheers het. Die Industriële Revolusie, met gepaardgaande maatskaplike euwels hierbo genoem, was inderwaarheid al ongeveer 80 jaar lank aan die gang toe Victoria die troon bestyg het (Curl 1990:11).

Wedd waarsku teen veralgemenings oor Victoriaanse smaak en houdings teenoor residensiële argitektuur as sou dit geen verandering ondergaan het oor meer as ses dekades nie. Volgens hom is dit nuttiger om Victoriaanse huise te sien as die resultaat van 'n deurlopende proses van aanpassing van vorige boustyle om die tydsgees en die behoeftes van die inwoners te pas (Wedd 2002:11).

Wat duidelik uit Wedd se redenasie blyk, en waarmee Kuijers dit eens is, is dat die term *Victoriaanse argitektuur*, in die konteks van nie net Engeland nie, maar die hele Wes-Europa, veral Frankryk en Duitsland, nie na 'n spesifieke boustyl verwys nie, maar na die era. In die loop van daardie tydperk is 'n groot verskeidenheid boustyle aangewend, maar daar word normaalweg na almal verwys as *Victoriaans*, synde van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Victoriaanse periode (Kuijers 1980:25). Die eerste naspoorbare gebruik van die term *Victoriaans* met verwysing na argitektuur was in 1862 met 'n boek getiteld *Victorian Architecture* deur Thomas Harris (Goodhart-Rendel 1953:135).

In Suid-Afrika is dinge anders gesteld, waar 'n spesifieke styl met die term *Victoriaans* geassosieer geraak het. Daar word egter ook soms na geboue wat nié in daardie styl gebou is nie, verwys as Victoriaans, waar daar geen spesifieke styl bedoel word nie, maar wel die tydperk, soos in Engeland die geval is. Hierdie teenstrydigheid word bespreek in hoofstuk 5.

Daar is dorpe in Suid-Afrika wat vanaf hul stigting in die Victoriaanse argitektuurstyl bebou is, veral in die Oos-Kaap, voortspruitend uit die feit dat hulle deur die Britse koloniale regering gestig en deur Britse setlaars bevolk is. Voorbeelde is Grahamstad en Pietermaritzburg; laasgenoemde volgens Picton-Seymour die mees Victoriaanse stad in Suid-Afrika (in 1977, toe haar werk gepubliseer is) (1977:252).

In Kaapstad en omgewing het dit langer geneem vir Victoriaanse argitektuur om inslag te vind, aangesien die area alreeds bewoon en bebou was toe die Britse heersers die Kaap in 1806 finaal oorgeneem het. Georgiaans het grootliks die boustyl van voorkeur gebly tot laat in die eeu, ongeveer in die 1870's. Hierdie datum het saamgeval met 'n tydperk van ekonomiese welvaart in Suid-Afrika, wat nie slegs tot verhoogde aktiwiteit in die boubedryf gelei het vanweë 'n groter besteebare inkomste nie, maar ook daartoe gelei het dat verskeie argitekte na die land gelok is, en die publiek toenemend die rol van die argitek in die bouproses begin aanvaar het (Picton-Seymour 1977:41). Suid-Afrika se kenmerkende styl wat die benaming *Victoriaans* verwerf het, het in hierdie tydperk sy beslag gekry.

1.1.2.9 Victoriaanse argitektuur

Na bespreking van die verskillende konsepte hierbo, kan dus teruggekeer word na die vraag wat in die inleiding van hierdie hoofstuk gestel is. Wanneer Hitchcock die vraag *Are Victorian ideas about architecture* […] *but confused heresies best ignored in a later age?* (1954:vii) stel, verwys hy na die tallose herlewings van vroeëre style wat dwarsdeur die Victoriaanse periode in Engeland voorgekom het. Hitchcock is nie alleen in sy kritiek op die fenomeen nie. Penoyre en Ryan verwys tong-in-die-kies na 'n proliferasie van *olde Tudor tea-shoppes* en Jakobeaanse vulstasies (Penoyre & Ryan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1958:12), Crowley is besonder fel in sy kritiek (1990:61-63) en Lancaster dryf genadeloos die spot daarmee (1963:68). Picton-Seymour beskryf hierdie herlewingstyle as *mere trappings to give a building a familiar appearance, a concession to public opinion* (1977:1).

Goodhart-Rendel weerlê hierdie uitgangspuntpunte met die stelling dat die essensiële waarde van 'n gebou nie in die formele elemente daarvan geleë is nie, en dat kritici wat nalaat om hierdie beginsel in ag te neem, herlewings mag afmaak as nabootsend en dus waardeloos (1953:15). Hy verduidelik: *Details may be borrowed from far and wide, but composition displays the Victorian character natural to its place and age.* Hy kritiseer kommentators wat Victoriaanse argitekte as *little more than stylemongers* beskryf, en verklaar dat hul pejoratiewe aanmerkings konsentreer op die nie-essensiële kwaliteite van die style, terwyl hulle die essensiële ignoreer (Goodhart-Rendel 1953:20). Wat Goodhart-Rendel voorhou, is dat die essensie van 'n styl nie in die uiterlike kenmerke van 'n gebou lê nie, maar dat dit op 'n dieper, meer filosofiese vlak geleë is, naamlik in die ideologie agter die skepping daarvan, met inbegrip van die tydsgees waarin die skepper geleef het. Hy sluit dus aan by Jordan se stelling dat die funksie en estetiek van argitektuur gelyktydig met 'n transformasie in mense se sienings en lewenswyse transformeer (1966:36). Volgens Kuijers is die meeste skrywers wat hy bestudeer het, dit met hom eens dat eklektisisme en historisisme nie noodwendig blote nabootsing is nie, maar dat dit ook 'n uitdrukking van kreatiwiteit kan wees (1988:38).

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die boukuns van die Victoriaanse era wel die benaming argitektuur waardig is, op 'n praktiese sowel as dieper, meer filosofiese vlak, aangesien dit grootliks funksioneel sowel as esteties aan die vereistes van argitektuur beantwoord, en ook die sosiale werklikhede en tydsgees uitbeeld. Die elemente wat die Victoriaanse styl tipeer, kan dus nie as *mere trappings* (volgens Picton-Seymour) beskou word nie. Dit is veel meer betekenisvol as aanduiding van die lewenstyl, sosio-ekonomiese toestande, lewenshouding, menings en sienings van die mense wat die huise gebou en bewoon het. Dit vergestalt die wyse waarop mense hulself wou posisioneer binne die samelewing en die beeld wat hulle aan die samelewing wou voorhou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.1.3 Metodiek

Die konvensionele prosedure vir wetenskaplike navorsing, naamlik data-insameling gevolg deur die analise en interpretasie daarvan, is vir hierdie studie gevolg. Weens die aard van die studieterrein is 'n oop en plooibare strategie gevolg om die ondersoek van enige nuwe idees en suggesties wat tydens navorsing na vore gekom het, te akkommodeer.

Die belangrikste primêre bron vir die studie van die manifestasies van die argitektuur as sodanig was die fisiese ondersoek, fotografering en optekening van geselekteerde geboue in Suid-Afrika sowel as in Engeland. Die korpus van inligting wat op hierdie wyse verkry is, is verwerk om in aanduidings van tersaaklike tendense en aspekte uit te kristalliseer. Wydlopende tendense is op hierdie wyse geïdentifiseer.

Hierdie studie verskil van ander argitektoniese studies wat bestudering van afsonderlike geboue behels vanweë die ekstrinsieke benadering daarvan, wat ten doel het om tendense te identifiseer, kontekstualiseer en evalueer.

Data vir die agtergrondstudies is hoofsaaklik ingesamel deur middel van dokumentêre navorsing in die vorm van die sistematiese deurwerk van boeke, tydskrifte, koerante, Victoriaanse patroonboeke en katalogusse, en ook bronne wat deur middel van die internet vir die navorser toeganklik geraak het. Aanvullende data is verkry deur onderhoude met kenners en relevante persone, deur middel van briefwisseling en/of persoonlike en telefoniese onderhoude.

Vergelykende metode

Die metode wat gebruik is om die argitektuur van die verskillende lande te vergelyk, is aangepas uit die metode wat deur die argitektuurhistorikus en -teoretikus Banister Fletcher ontwikkel is om die argitektuur van verskillende periodes te vergelyk (Fletcher 1929:v).

Volgens Fletcher se metode word elke argitektuurstyl aan die hand van vyf afdelings bespreek, naamlik invloede, algemene argitektoniese karakter, voorbeelde, vergelykende analise en naslaanwerke. Elke styl word apart bespreek met voortdurende verwysing na ander style waar van toepassing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aangesien die kultuurhistoriese benadering met die mens as kernfaktor die uitgangspunt van hierdie studie is, is die volgorde waaronder die invloede op die argitektuur bespreek word, gewysig om daardie uitgangspunt te ondersteun.

Die algemeen-historiese agtergrond van Engeland is eerstens belig en daarna die sosio-ekonomiese agtergrond. Geen verwysing word in hierdie afdeling na Suid-Afrikaanse toestande gemaak nie, aangesien Engeland as die basis van die vergelyking gebruik word. Vervolgens is die argitektuur van Engeland gedetailleerd bespreek. Fletcher se onderafdelings is aangepas om die spesifieke eienskappe van Victoriaanse argitektuur te reflekteer. Dieselfde metode van vergelyking wat by die bespreking van die invloede gevolg is, is vir die argitektuur gebruik, naamlik beskrywing van die Engelse argitektuur sonder vergelyking of verwysings na die Suid-Afrikaanse. Daar word deurlopend na voorbeelde verwys.

Die sosio-kulturele invloede op Suid-Afrikaanse Victoriaanse argitektuur word op dieselfde wyse en in dieselfde volgorde as in die afdeling oor Engeland bespreek, met die verskil dat daar voortdurende vergelykings getref word tussen die Engelse en die Suid-Afrikaanse omstandighede. Die manifestasies van die Suid-Afrikaanse argitektuur volg daarop, en ook in hierdie geval word daar voortdurende vergelykings met die Britse argitektuur getref.

Fletcher maak nie voorsiening vir 'n deurtastende kultuurhistoriese fundering wat bestaan uit opsomming, bespreking en ontleding van die verskille sowel as die implikasies daarvan nie. Dit word in hierdie studie aangespreek. Hoewel die model wat hier gebruik word dus, opsommend beskou, grootliks afwyk van dié van Fletcher, het laasgenoemde nogtans rigtinggewende stimulus verskaf vir die ontwikkeling van die huidige model.

1.2 Evaluering van bronne

Die hoofbronne van die studie was fisiese geboue wat in verskillende dorpe bestudeer, opgeteken en gefotografeer is. Dokumentêre bronne is vir die agtergrondstudie gebruik. Talle bronne is op die internet as aflaaibare dokumente beskikbaar, en dit het 'n groot voordeel vir hierdie studie ingehou, veral ten opsigte van skaars en onverkrygbare dokumente soos Victoriaanse patroonboeke en katalogusse. Die beskikbaarheid op die internet van foto's wat sonder koste of verpligting vir navorsingsdoeleindes gebruik mag word, is ook 'n groot bonus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir die studie van die plaaslike omstandighede tydens en rondom die Victoriaanse era in Suid-Afrika is gekonsentreer op tydgenootlike bronne. Daarmee word bedoel gepubliseerde beskrywings, briewe en dagboeke van persone wat Suid-Afrika vanaf ongeveer 40 jaar voor (±vanaf die eerste Britse besetting), kort ná of tydens die Victoriaanse era besoek het of hier gewoon het. Die tydgenootlike bronne is gebruik ter wille van die geloofwaardigheid daarvan en die sosiale konteks wat dit verleen. Foto's, kaarte, sketse en skilderye uit die era is om dieselfde redes gebruik. Die besluit om voorkeur te verleen aan tydgenootlike bronne eerder as aan dokumentêre primêre bronne is geneem aangesien die sosio-ekonomiese omstandighede slegs oorsigtelik geskets word, en primêre dokumentêre bronne normaalweg spesifieke en geïsoleerde insidente belig, wat nie vir 'n oorsigtelike studie van groot nut is nie.

1.2.1 Studie van geboue

Die fisiese huise wat bestudeer, opgeteken en gefotografeer is, is die belangrikste primêre bronne van hierdie studie. Anders as die studies van Radford en Bowen, fokus hierdie studie op plattelandse argitektuur. Die dorpe van die Theewaterskloof munisipaliteit (Caledon, Villiersdorp, Botrivier, Riviersonderend, Greyton, Grabouw, Tesselaarsdal, Genadendal, Boschesmanskloof, Voorstekraal, Bereaville en Myddleton) is tydens 2007 en 2008 argitektonies gedokumenteer as deel van 'n erfenisstudie vir daardie munisipaliteit. Die gedokumenteerde huise sou dus as die kern van die studie gebruik kon word. Aangesien al die dorpe behalwe Caledon egter relatief arm aan outentieke argitektoniese voorbeelde is, is slegs Caledon uit daardie munisipale area as basis gebruik, met 139 huise wat as relevant vir die studie geselekteer is. Op Villiersdorp is 32 huise aangeteken wat bruikbaar was, en hoewel daar talle voorbeelde van Victoriaanse argitektuur op Botrivier, Riviersonderend, Greyton en Grabouw voorkom, is die oorgrote meerderheid daarvan tot so 'n mate verbou dat dit nie bruikbaar was vir die studie nie. Tesselaarsdal, Genadendal, Boschesmanskloof, Voorstekraal, Bereaville en Myddleton is essensieel werkersdorpies waar die argitektuur oorspronklik oorwegend volksboukundig van aard was. Die meeste wonings is intussen gemoderniseer en die dorpies het feitlik geen bruikbare voorbeelde opgelewer nie.

Caledon is die munisipale sentrum van 'n hoofsaaklik graanproduserende landbougemeenskap in 'n area wat bekend staan as die Overberg (De Gois & Van Zyl 2009:gp). Die dorp het ontstaan rondom 'n warmbron wat in 1689 ontdek is, waarna

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boere die gebied geleidelik binnegetrek het. Dit was een van die eerste dorpe wat onder die koloniale Britse regering gestig is. Die pasgestigte dorpie is vernoem na die graaf van Caledon en het stadig gegroei, sodat daar in 1840 slegs 38 huiseienaars was (Fransen 2006a:155-156).

Die huise wat aanvanklik opgerig is, sou logieserwys eenvoudige volksboukundige woninkies wees (De Gois & Van Zyl 2009:gp). Mettertyd is deftiger Kaaps-Hollandse en Georgiaanse geboue opgerig. Daar is talle huise aan die bokant van Meulstraat, een van die twee oudste strate, wat uit hierdie eras dateer (Fransen 2006a:158-161). Die dorp het 'n aantal areas waar daar oorwegend Victoriaanse huise voorkom, hoewel meestal relatief eenvoudig en talle daarvan grootliks verander. Daar is baie min groot, deftige Victoriaanse *villas* op die dorp, wat daarop dui dat die dorp teen die draai van die vorige eeu nie as ekonomies welvarend beskryf sou kon word nie (De Gois & Van Zyl 2009:gp; Fransen 2004:427). Daar is wel areas na die noordooste met groter, deftiger huise uit die 1930's en 1940's, wat dui op 'n era van voorspoed (De Gois & Van Zyl 2009:gp).

Om 'n groter reikwydte aan die studie te verleen, is 84 huise in die Paarl bykomend geselekteer en gefotografeer. Die Paarl is gekies om 'n area in te sluit wat geografies nader aan die groot stede geleë is, en dus 'n groter stedelike invloed sou kon reflekteer. Dit is ook gekies vanweë sy ryk argitektoniese erfenis, wat tot 'n redelike mate bewaar gebly het.

Die Paarl, as heelwat ouer dorp as die meeste ander op die Suid-Afrikaanse platteland, het ook 'n langer argitektoniese geskiedenis as die ander. Die dorp is volgens Fransen nooit werklik gestig nie en ook nooit formeel uitgelê nie (2004:77). Die naam is alreeds in 1657 aan die area gegee. 'n Groep Kompanjie-amptenare het vanaf 1687 in die area begin boer, en hul getalle is vanaf 1688 deur Franse Hugenote aangevul. 'n Kerk is in 1717 vir die bewoners van die uitgestrekte dorpie gebou. Die dorp is ryk aan 'n groot verskeidenheid historiese geboue (Fransen 2004:77) uit elke argitektoniese era vanaf Kaaps-Hollands deur Georgiaans, Victoriaans en Art Deco tot hedendaags. Hoewel historiese geboue ook in die Paarl, soos in die meeste ander dorpe, verlore gegaan het in die naam van vooruitgang, bestaan talle voorbeelde van Victoriaanse argitektuur steeds. Hierdie voorbeelde strek vanaf enkele groot, deftige villas tot middelklashuise en eenvoudiger werkerswoninkies. Daar is egter min areas in die Paarl wat as harmonieuse geheel 'n spesifieke argitektoniese era uitbeeld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Caledon en die Paarl het dus as hoof-databasis vir die studie gedien, waaruit voorbeeldmateriaal geselekteer is. Dit is aangevul deur voorbeelde van huise oral op die Suid-Afrikaanse platteland, spesifiek die Wes-Kaap, wat oor 'n tydperk van meer as 15 jaar gefotografeer is. Slegs huise wat grootliks outentieke Victoriaanse kenmerke vertoon en tot 'n geringe mate verander of verbou is, is geselekteer.

Voorbeelde van werklik outentieke wonings, wat nog die meeste van die tipies-Victoriaanse kenmerke vertoon en die karakter van die periode adem, was verbasend skaars. Radford maak ook in sy werk melding van die groot aantal outentieke voorbeelde wat reeds gesloop is; die omvang waarvan eers besef word wanneer 'n navorser 'n deurtastende studie onderneem (1979:3).

Die meeste wonings wat nog bestaan, is verbou en verander, hoofsaaklik om in pas te bly met die eise van die moderne samelewing (vergelyk sekuriteitsmaatreëls soos diefwering voor vensters en die totale insluiting van stoepe deur diefwering). Sogenaamde modernisering is ook alomteenwoordig, tot die grootste mate in die vorm van die toebou van die oorspronklike Victoriaanse stoepe en die vervanging van hout skuifraamvensters met staal swaairaamvensters wat, behalwe vir die feit dat dit 'n onsimpatieke materiaal is, ook met die horisontale vorm daarvan nie die vertikale lyne van die oorspronklike fasade respekteer nie. Verskeie akkresies wat ondeurdag aangebring is, skend verder die outentisiteit van historiese Victoriaanse geboue. As sodanig kan daar aangesluit word by Kuijers wat meld dat ondersoeke ter plaatse dikwels bewys dat die oorspronklike intensies van die argitek hoegenaamd nie meer in die gebou in sy huidige gedaante weerspieël word nie (1980:8).

1.2.2. Literatuurstudie

1.2.2.1 Teoretiese werke

Tydens die literatuursoektog kon geen studies wat die argitektuur óf sosiale agtergrond van Engeland en Suid-Afrika tydens die Victoriaanse periode vergelyk, opgespoor word nie.

Oor argitektuur in die algemeen was die doktorale proefskrif van Holm, *Ideas and beliefs in architecture design: How attitudes, orientations, and underlying assumptions shape the built environment* (2006), rigtinggewend ten opsigte van sy sosio-kulturele perspektief, waarvan die titel ook spreek. Die werk was deurslaggewend in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

formulering van 'n teoretiese perspektief en instrumenteel as metodologiese basis onderliggend aan hierdie studie. Die werk se empatiese aanslag het teoretiese uitgangspunte wat hierdie studie huldig, betekenisvol verwoord.

Burden se artikel *Die metodologie van kultuurgeskiedenis* (2000), wat die Burden-model van kultuurgeskiedenis omskryf en toelig, was nog 'n rigtinggewende werk wat die filosofiese onderbou van die studie gerig het.

1.2.2.2 Werke oor Engeland

Daar is tallose werke beskikbaar wat die Victoriaanse argitektuur en era in Engeland uit elke moontlike hoek beskou. Boeke wat tydens die Somerskool in Londen aangekoop is, was van onskatbare waarde vir die studie. Talle van die boeke wat oor die Engelse argitektuur handel, is uit 'n streng pragmatiese hoek geskryf, met konkrete en dikwels gedetailleerde, ryklik geïllustreerde beskrywings van die verskillende aspekte en elemente van die argitektuur. Die werke handel oorwegend oor groot openbare argitektuur, met werke spesifiek oor residensiële argitektuur in die minderheid, hoewel steeds nie laag in getal nie.

Wat die studie van invloede op die Engelse argitektuur betref, was *A portrait of Britain between the exhibitions* deur Lindsay en Washington (1967) waardevol. Dit bied 'n bondige, oorsigtelike, maar deeglike beeld van die samelewing van die era vanuit 'n kultuurhistoriese oogpunt beskou.

Die werk *A social history of the English working classes* (1979) is 'n diepgaande studie van die lewe van die Engelse werkersklas tydens die Victoriaanse era, geskryf deur Hopkins, 'n lektor in ekonomiese en sosiale geskiedenis by die Universiteit van Birmingham. As sodanig word die onderwerp tot 'n groot mate vanuit 'n ekonomiese oogpunt beskou, maar waardevolle kultuurhistoriese uitgangspunte word ook belig. Die werk is hoofsaaklik 'n konkrete beskrywing van die daaglikse omstandighede van die werkersklas, en is pionierswerk ten opsigte van hierdie maatskaplike groep, wat voorheen swak gedokumenteer was (Hopkins 1979:v).

Hoewel Wedd se koffietafelboek *The Victorian House* (2002) een van talle oor die onderwerp is, bied dit 'n uitstekende oorsig oor die residensiële argitektuur sowel as interieurinrigting van die tydperk. Die werk bevat geen verwysings nie, maar talle foto's ter illustrasie. Die skrywer is 'n erkende en gerespekteerde kenner van die Victoriaanse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

argitektuur in Engeland. Die indeks is kort, maar nuttig. Aandag word ook in die werk gegee aan die restourasie van sulke huise in die huidige tydsgewrig en die probleme waarmee hedendaagse eienaars van historiese geboue gekonfronteer word. Die inleiding is ietwat onsamehangend en raak kortliks aan 'n verskeidenheid onderwerpe. Die boek was 'n nuttige hulpmiddel by die identifisering en beskrywing van fisiese kenmerke van die Engelse residensiële argitektuur.

Muthesius se reeks van drie boeke *The English house* (1904-1905) het ikoniese status verwerf. Dit bied 'n filosofiese blik op die argitektuur van die Victoriaanse era en onderskryf daardeur die teoretiese uitgangspunt wat Von Ranke bepleit het. Muthesius was sterk bewus van die interaksie wat wedersyds tussen mens en argitektuur plaasvind, en dus bied sy werk 'n ander hoek op die argitektuur as die blote fisiese beskrywing daarvan. Wat die fisiese beskrywings aanbetref, is die werk ook waardevol in terme van die tydgenootlikheid daarvan. Die impak van die werk was en is sodanig dat feitlik elke geraadpleegde werk oor Victoriaanse argitektuur in Engeland na Muthesius verwys. Die werk bly steeds vir talle kommentators die nastreefbare ideaal waaraan alle werke oor die era gemeet word.

Talle skrywers het getrag om die ineengestrengelde web van stylherlewings in Engeland op begryplike wyse oor te dra, sommige meer suksesvol as ander. Van die meer suksesvolles was Yorke, wat 'n reeks boekies die lig laat sien het, elk oor 'n ander era in die Engelse argitektuurgeskiedenis. Die boekie oor Victoriaanse argitektuur is 'n deeglike en vereenvoudigde uiteensetting van die verskillende herlewingstyle. Elke styl se fisiese kenmerke word sistematies bespreek en geïllustreer, hoofsaaklik deur lyntekeninge.

Tracing the history of houses (2000) deur Breckon, Parker en Andrew konsentreer op die agtergrond en oorsake van spesifieke aspekte in die ontwikkeling van die Engelse huis, en was as sodanig waardevol om oorsaak en gevolg te bepaal, ook vanuit 'n kultuurhistoriese dimensie.

The English house deur Aslet (2008) beskryf die Engelse argitektuur, vanaf die twaalfde eeu tot hedendaags, vanuit 'n relatief-unieke kultuurhistoriese oogpunt. Dit is naamlik 'n reeks mikrogeskiedenisse van spesifieke wonings, waardeur die omstandighede rondom die oprig van elkeen op boeiende wyse oorgedra word. Die skrywer slaag daarin om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

argitektuur op dié wyse te "vermenslik" en die tydsgees van elke era vas te vang, en lê waardevolle verbande tussen die argitektuur van die verskillende eras.

Nog 'n werk wat die argitektuur vanuit 'n kultuurhistoriese hoek beskou, is *English architecture since the Regency*, deur Goodhart-Rendel (1953). Die skrywer poog om argitektuur begryplik te maak vir die beskouer daarvan deur die ingryping van die menslike psige in die totstandkoming daarvan te verwoord. Vanuit daardie beskouingshoek verdedig die skrywer sy standpunt dat historisisme nie blote navolging is nie, maar esteties en kreatief in eie reg (Goodhart-Rendel 1953:20).

Hoewel die meerderheid boeke hierbo bespreek oor die algemeen deur persone van hoë akademiese statuur geskryf is (dit wil sê persone verbonde aan universiteite, erfenisliggame of navorsingsinstellings), word die tekort aan teksverwysings en bibliografieë as 'n tekortkoming gesien. Dit moet in gedagte gehou word dat die boeke oor die algemeen nie as navorsingsbronne geskryf is nie, maar met die oog op 'n lekepubliek. As sodanig verdedig die meerderheid werke, behalwe die uitsonderings soos genoem, ook geen teoretiese uitgangspunt nie, maar is dit uit 'n bloot pragmatiese hoek geskryf.

1.2.2.3 Werke oor Suid-Afrika

Victorian buildings of South Africa deur Picton-Seymour (1977) is 'n studie van die Suid-Afrikaanse geboueskat uit die Victoriaanse era, met die fokus grotendeels op kommersiële, institusionele en staatsgeboue. Hoewel heelwat groot, bekende herehuise uit die tydperk genoem word, word daar min aandag geskenk aan residensiële argitektuur. Picton-Seymour aspireer nie om 'n kultuurhistoriese besinning van die plaaslike argitektuur te gee nie; sy stel dit dat haar doelwit was om soveel as moontlik voorbeelde van wat oorgebly het van die Victoriaanse era in Suid-Afrika, op rekord te stel (1977:ix). Die werk is 'n onbevredigende naslaanbron aangesien dit mank gaan aan logies-deurdagte struktuur en maklik-vindbare verwysings. Hierdie werk word tans, by gebrek aan 'n meer bevredigende alternatief, deur navorsers en konsultante in die veld van historiese argitektuur as naslaanwerk gebruik (Lesing: *Continuing Professional Development Programme*, 2008).

Daar bestaan verskeie ander Suid-Afrikaanse publikasies wat Victoriaanse argitektuur gedeeltelik aanraak, soos Fransen se naslaanwerke *The old buildings of the Cape*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(2004), *A Cape camera: Architectural beauty of the old Cape* (1993) en *Drie eeue kuns in Suid-Afrika* (1981). Ander koffietafelboeke behandel die argitektuur van die koloniale era in Suid-Afrika ook op relatief oppervlakkige en oorsigtelike wyse, byvoorbeeld *Colonial houses of South Africa* (1987) deur Viney en *Historical buildings in South Africa* (1989) deur Picton-Seymour.

Die meerderheid inligting in Hartdegen se koffietafelboek *Our building heritage* (1988) is verkry uit ander bronne, hoofsaaklik die werke van Lewcock. Die skrywer gee geen erkenning aan daardie bronne in die teks nie, en voeg ander brokkies by wat op geen manier naspoorbaar is nie. Van die inligting is ook foutief uit ander bronne oorgedra.

Early nineteenth century architecture in South Africa deur Lewcock (1963) is die eerste indringende studie van en werklik betekenisvolle werk oor Suid-Afrikaanse argitektuur, waarin gepoog word om 'n kultuurhistoriese beeld van die argitektuur daar te stel. Die tydperk onder bespreking is vanaf die Eerste Britse besetting tot en met die troonbestyging van Victoria, dus voor die Victoriaanse era. As aanloop tot die Victoriaanse era is die inligting vervat in die werk en die verwerking daarvan baie waardevol. Dit verskaf 'n bruikbare basis vir die studie van die daaropvolgende era. Lewcock se navorsing is deeglik en geloofwaardig, veral ten opsigte van sy gebruik van primêre bronne.

Daar is 'n paar praktiese leemtes in die werk. Onder meer bepaal hy hom nie binne hoofstukke by die onderwerp daarvan nie. In hoofstuk 7, getiteld *The veranda and the veranda house*, begin hy byvoorbeeld met 'n deeglike besinning oor die oorsprong van die veranda, verval dan in 'n uitgebreide beskrywing van die herbou van *Newlands House* deur Lord Charles Somerset, voeg 'n bespreking van 'n ongure karakter wat as boumeester poseer het tussenin, en kom dan weer terug na verandas, net om weer af te dwaal. Die gebrek aan onderafdelings met beskrywende opskrifte vererger die probleem. Die boek het ook 'n op-die-oog-af deeglike indeks, tog is die verwysings daarin sowel as in die teks verwarrend, en die gebruiksaanwysings klaar ook nie die probleem op nie.

Kuijers se ongepubliseerde MA-verhandeling oor die stylherlewingstendens in Suid-Afrikaanse argitektuur (1980) is nog 'n belangrike werk wat die veld van kennis oor die argitektuur van die tydperk noemenswaardig uitgebrei het. Kuijers se filosofiese aanslag onderliggend aan sy studie skep 'n teoretiese benadering wat met vrug op soortgelyke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

studies toegepas kan word. Hoewel sy werk oor die stylherlewingstendens handel, is dit ook, soos dié van Lewcock, belangrik vir die studie van die Victoriaanse argitektuur en stel dit 'n waardevolle vergelykingsbasis.

Kearney se werk *Architecture in Natal from 1824 to 1893* (1973) is ook deeglik nagevors en lewer 'n goeie bydrae, hoewel beperk ten opsigte van lokaliteit.

Rosenthal se werk *Victorian South Africa: A collection of one hundred and forty-nine engravings* bevat afdrukke van werke wat 'n uitstekende bydrae lewer om die tydsgees wat tydens die periode geheers het, te help belig. Dit bevat nie bibliografiese verwysings nie, en het ook geen bibliografie nie, wat dit moeilik maak om die boek as naslaanbron te gebruik.

Twee akademiese studies was van belang vir die huidige studie. Radford se doktorale proefskrif *The architecture of the Western Cape, 1838-1901: A study of the impact of Victorian aesthetics and technology on South African architecture* is 'n uitgebreide studie van Victoriaanse argitektuur in Kaapstad. Die studie bied gedetailleerde beskrywings van 'n groot aantal geboue, hoofsaaklik residensieel, maar ook van openbare geboue. Dit is die eerste omvattende Suid-Afrikaanse werk wat grotendeels op residensiële Victoriaanse argitektuur fokus. Daar is 'n hoofstuk oor boumateriale en een oor die invloed van die klimaat.

Die skrywer se insigte in die impak van die verskillende invloede op die argitektuur van die era deurspek die werk, maar word nie as 'n rasionele geheel aangebied nie. Aangesien die studie enersyds spesifieke geboue bestudeer, en andersyds invloede soos die rol van die argitek en klimaat op oorsigtelike wyse aanspreek, weifel dit tussen pragmatiek en filosofie, asook tussen intrinsieke en ekstrinsieke uitgangspunte. As deeglike studie van Victoriaanse residensiële argitektuur het dit geen voorganger of gelyke nie. Radford se bibliografiese verwysings laat oor die algemeen veel te wense oor, daar is dikwels geen bladsyverwysings nie, en sommige bronne wat in die teks genoem word, kom nie in die bibliografie voor nie.

Bowen se meestersgraadtesis *The use of mass-produced, pre-fabricated architectural decoration on the buildings in Cape Town, 1890-1904* is 'n studie van die bydrae en gebruik van voorafvervaardigde ornamentasie in die argitektuur van die Victoriaanse era in Suid-Afrika. Sy het 'n studie van afsonderlike geboue binne spesifieke afgebakende areas in Kaapstad gedoen, en die relatief kort tydperk wat haar studie dek,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dek 'n ekonomiese bloeitydperk aan die Kaap, wat met 'n depressie in 1904 geeïndig het. Sy bevestig nie dat al haar voorbeelde binne die gestelde datums val nie, maar het as basis vir haar studie 'n bewaringsopname van Kaapstad wat in 1977 tot 1978 deur Rennie gedoen is, gebruik.

Haar werk is waardevol aangesien sy ook die studie uit 'n kultuurhistoriese oogpunt aangepak het, en onderliggende geestelike motiverings vir die gebruik van die ornamentasie aanvoer. Haar bibliografiese verwysings bevat dieselfde tipe leemtes as dié van Radford, wat die gebruik van die werk bemoeilik en die wetenskaplike waarde daarvan verlaag.

1.2.2.4 Samevatting van literatuur

Die werke wat Engelse omstandighede en argitektuur beskryf, was oor die algemeen nuttig wat die beskrywing van die praktiese aspekte van die argitektuur sowel as die kulturele agtergrond en tydsgees betref. Enkele werke huldig wel 'n breër teoretiese uitgangspunt, wat nuttig is vir die kontekstualisering van die manifestasies van Engelse Victoriaanse argitektuur.

Die enkele wetenskaplik-gebaseerde, teoreties-verantwoorde Suid-Afrikaanse werke is ten spyte van sekere tekortkominge wel nuttig ten opsigte van die spesifieke fasette waarop die werke konsentreer, en bied as sodanig 'n basis waarop hierdie studie kon voortbou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

Invloede op die argitektuur van Victoriaanse Engeland

Hierdie studie aanvaar die uitgangspunt dat argitektuur nie onafhanklik van die mens wat dit bedryf en bewoon, bestudeer kan word nie. Dit is dus essensieel om die Brit van die negentiende eeu in al die fasette van sy lewe te beskou om 'n beeld te vorm van die kragte wat agter die skepping van sy argitektuur, en spesifiek sy wonings, aan die werk was. Daar sal aangetoon word dat die lewe soos mense dit eeue lank voor die Industriële Revolusie geken het radikaal, ingrypend en onafwendbaar verander het in die periode onder bespreking. Die argitektuur, wat daarop gereageer het wat uiterlike manifestasies sowel as denkwyse daaragter betref, word in hoofstuk 3 bespreek. Die Britse leefwyse en sosiaal-ekonomiese omstandighede word in hierdie hoofstuk in detail bestudeer, voordat die Suid-Afrikaanse leefwyse in hoofstuk 4 op dieselfde basis daarmee vergelyk sal word. Die hoogste Britse sosiale klas, die adelstand, vorm nie deel van hierdie studie nie en word dus nie hier bespreek nie.

2.1 Algemene agtergrond

2.1.1 Historiese agtergrond

Koningin Victoria het Groot-Brittanje 64 jaar lank regeer; vanaf 1837 tot 1901. Sy is as prinses Alexandrina Victoria van Kent op 24 Mei 1819 in Kensington-paleis in Londen gebore; die oudste kind en enigste dogter van Edward, die hertog van Kent, vierde seun van George III. Haar oom het 'n jaar na haar geboorte die troon bestyg as George IV, nadat hy reeds sedert 1811 as regent gedien het weens sy vader se onstabiele geestestoestand (Thompson 1990:4).

Met George IV se oorlye in 1830 is hy opgevolg deur sy broer William IV. Victoria is as troonopvolger aangewys aangesien nie een van haar vader se drie ouer broers enige oorlewende kinders binne die eg gehad het nie en hy (haar vader) ook reeds in 1820 oorlede is, toe Victoria nog nie eens 'n jaar oud was nie (Woodham-Smith 1972:3-30; Woodward 1949:98). Ná die dood van William IV in 1837 moes Victoria as onervare, maar vasberade en selfversekerde jong meisie van 18 jaar oud, die troon bestyg. Sy het tydens die eerste paar jaar van haar regering, tot met haar huwelik met prins Albert van Sakse-Coburg in 1840, haar vertroue geplaas in en is grootliks beïnvloed deur haar eerste minister, lord Melbourne (Woodham-Smith 1972:143; Woodward 1949:99-102).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brittanje se magte het ongekend uitgebrei rondom Victoria se regeringstyd, en die moondheid het soveel kolonies gehad dat daar na die Britse Koninkryk verwys is as *the empire on which the sun never sets*. Die ryk was so wydverspreid oor die aardbol dat daar gedurende enige periode van 24 uur altyd iewers in die wêreld 'n Britse kolonie was waar die son geskyn het (Woodham-Smith 1972:1-2). Die uitdrukking is alreeds die eerste keer in 1829 ten opsigte van Brittanje gebruik (Wilson 1829:527). Brittanje het in 1922 meer as 458 miljoen onderdane wêreldwyd gehad ('n volle kwart van die wêreld se bevolking), en meer as 33,700,000 km^2 grond besit (Maddison 2001:98).

Toe Victoria die troon bestyg het, was Engeland midde-in die proses van 'n radikale transformasie, op bykans elke vlak van die samelewing. Die Industriële Revolusie was in daardie stadium alreeds vir ongeveer 80 jaar aan die gang (Curl 1990:12), en het saamgeval met 'n groot toename in bevolkingsgetalle (Lindsay & Washington 1967:41). Hierdie twee faktore het gelei tot verstedeliking op 'n massiewe skaal, en was die oorsaak van Engeland se snelle en onomkeerbare transformasie vanaf 'n landelike tot 'n verstedelikte bevolking. Die gevolglike digbevolkte stede, ongereguleerde industrieë en plotselinge rykdom vir talle lede van die vroeëre laer klasse het weer gelei tot verreikende politieke, ekonomiese en sosiale omwentelings.

2.1.2 Die Verligting

Die regeringstyd van koningin Victoria het gestaan in die teken van die beweging wat mettertyd as die Verligting of die Era van die Rede bekend geraak het. Die meeste kommentators plaas die beginpunt van die beweging in die eerste helfte van die sewentiende eeu, en meen dat dit tot aan die einde van die negentiende eeu voortgeduur het (Outram 2005:1). Mokyr beklemtoon dat dit 'n baie geleidelike transformasie was, en dat selfs aan die begin van die negentiende eeu die deursnee Brit nog nie tot die besef gekom het dat 'n radikale verandering in denke besig was om pos te vat nie (Mokyr 2009:79).

Talle skrywers het al probeer om hierdie veelkantige fenomeen te definieer (Mokyr 2009:30,33; Outram 2005:1). Opsommend kan die Verligting beskryf word as die geleidelike totstandkoming van 'n wêreldbeskouing gebaseer op die wetenskap eerder as op godsdiens; waar menslike aangeleenthede deur die rede gerig word en nie deur geloof, bygeloof, vrees, mitologie of tradisie nie. Die filosoof Emmanuel Kant het die Verligting reeds in 1783 beskryf as *man's release from his self-incurred immaturity*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

through the use of reason (Outram 2005:2). Mokyr beskryf die Verligting as 'n intellektuele beweging; 'n stel waardes, beginsels en sienings aangaande die stand van die wêreld. Dit kan ook as 'n intellektuele revolusie beskryf word, en het uiteindelik tot staatkundige en sosiale transformasie dwarsdeur die Westerse wêreld gelei (Mokyr 2009:30).

Die Verligting is tot 'n groot mate gestimuleer, en moontlik selfs geskep, deur toenemende globalisering sedert die 17de eeu, waar mense en produkte op 'n voorheen-ongekende skaal oor groot afstande heen verplaas is, met kruis-kulturele beïnvloeding as noodwendige uitvloeisel daarvan. Hierdie mobilisasie was die direkte gevolg van imperialisme en ander faktore soos verbeterde vervoer, staatsfinansiering van geografiese ontdekkingsreise en die opkoms van multinasionale handelsmaatskappye (Outram 2005:9).

Die verspreiding van kennis was 'n belangrike element van die Verligting. Dit het plaasgevind nie net deur formele instellings soos universiteite nie, maar ook deur geleerde verenigings wat die uitruil van idees ten doel gehad het. Voorbeelde hiervan is die Lunar Society in Birmingham en die Manchester Literary and Philosophical Society. Ironies genoeg word albei hierdie stede by uitstek met die werkersklas geassosieer, en nie met die akademie of hoër denke nie (Mokyr 2009:48-50).

Kennis is ook versprei deur middel van uitleenbiblioteke, kunsuitstallings, openbare lesings, opera- en teateruitvoerings en gesprekvoering in koffiehuise (Mokyr 2009:50-51; Outram 2005:17). Vir die eerste keer was dieselfde kennis vir alle strata van die bevolking toeganklik (Outram 2005:15).

Een van die uitvloeisels van hierdie vermeerdering van kennis was tegnologiese vooruitgang; die grondslag van die Industriële Revolusie (Allen 2009:12). Onder die tallose verbruikersgoedere wat op groot skaal vervaardig is, het ook getel boeke, tydskrifte en koerante; media wat gelei het tot 'n leesrevolusie en bygedra het tot die verspreiding van idees, sienings en kennis onder alle lae van die bevolking (Outram 2005:13-16).

Volgens Habermas het die konsep wat hy die openbare terrein (*public realm*) noem, tydens die Verligting sterk na vore getree. Vir die eerste keer het daar 'n openbare mening (*public opinion*) ontstaan waarmee regerings moes rekening hou. Die kennis wat gewone mense deur meer verligte denke verwerf het, en die meganismes van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

openbare mening en openbare kritiek, het die proses aan die gang gesit waardeur die armoede, onderdrukking en uitbuiting van die laer klasse aan die kaak gestel is (Outram 2005:8). Dit het vanselfsprekend 'n groot rol gespeel in die bevryding van die onderdrukte werkersklas, nie net in Brittanje nie, maar dwarsoor die Westerse wêreld.

Al die bogenoemde in ag genome, is dit duidelik dat die Verligting een van die aandrywers was van die geweldige omwentelings op bykans alle terreine van menslike bemoeienis wat oor bykans twee eeue in Brittanje en die res van die Westerse wêreld afgespeel het, en wat ook in die argitektuur neerslag gevind het.

2.1.3 Industriële Revolusie

Engeland was die eerste geïndustrialiseerde land ter wêreld (Hopkins 1979:3). Voor die koms van industrialisering het tuisnywerhede *(cottage industries*) verbruikersgoedere aan die mark voorsien. Mense het gebruiksartikels soos knope, koperware, juwele, speelgoed, geweefde materiaal, gebreide dameskouse en selfs vuurwapens in hul eie huise of klein werkwinkels met die hand vervaardig (Hopkins 1979:4).

In die laat-agtiende eeu was hierdie era egter besig om ten einde te loop. Enkele bedrywe het reeds begin konsolideer en meganiseer in aanlegte wat op die basis van fabrieke gefunksioneer het. Die kragbron van die aanlegte was in die meerderheid gevalle meulens, aangedryf deur wind of water. Hierdie vroeë bedrywe het hoofsaaklik gekonsentreer op die behoeftes van die landbou- (met gemeganiseerde implemente) en huishoudelike industrieë, soos 'n breimasjien (alreeds in 1589) en verskeie innoverings in spin- en weeftoestelle (Jordan 1966:34).

Jordan huldig saam met ander denkers die siening dat die mens 'n industriële wese is, en dat sy bestaan op aarde as 'n nimmereindigende industriële revolusie gesien kan word, aangesien hy konstant nuwe vorms van industrie bedink. Patrick Geddes en Lewis Mumford het drie pieke in hierdie aaneenlopende proses geïdentifiseer (gekarakteriseer deur die vernaamste kragbronne wat die industrie aandryf), en dit die eotegniese, paleotegniese en neotegniese eras genoem. In die eotegniese era (voor c. 1660), was die vernaamste kragbronne wind en water, gedurende die daaropvolgende paleotegniese era (tot c. 1860) was dit steenkool en stoom, en in die (huidige) neotegniese era word industrie deur elektrisiteit aangedryf (Jordan 1966:25). Tans (2013) is die oorgang na 'n nuwe era reeds sigbaar in die groeiende belangstelling wat heers in meer eko-vriendelike metodes van aandrywing, en 'n terugkeer na tradisionele, volhoubare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aandrywingskragte soos wind en water, en dit kan moontlik uiteindelik die ekotegniese era genoem word.

Die Industriële Revolusie in Engeland was dus nie 'n suiwer Victoriaanse fenomeen of die toevallige produk van 'n paar uitvindings nie; dit was een hoofstuk in 'n aaneenlopende historiese proses (Jordan 1966:26). Allen beskou dit as die resultaat van 'n lang proses van sosiale en ekonomiese evolusie wat al in die laat-Middeleeue begin het (2009:21). Hierdie proses kan ook aan die beginsels van die Verligting gekoppel word.

In die paleotegniese era het die ontwikkeling van stoomkrag op 'n benutbare skaal tot 'n ontploffing in nywerhede gelei, aangesien stoom 'n betroubare alternatief vir wind en water gebied het. Rolt koppel selfs 'n datum aan die geboorte van die fabrieks-era, naamlik 1783, die jaar toe die uitvinder James Watt sy verbeterde stoomenjin aan die wêreld bekendgestel het (1988:58). Deur die gebruik van masjiene in fabrieksaanlegte kon baie groter volumes van 'n produk vervaardig word. Verdeling van arbeid het produksie verder opgestoot en pryse verlaag, en die meestervakman wat 'n produk van begin tot einde vervaardig, het feitlik verdwyn (Outram 2005:12).

In die vroeë 1800's was fabrieke alreeds 'n algemene gesig in Engeland. Die katoen-verwerkingsbedryf was die mees gemeganiseerde *ter* wêreld in daardie stadium, met yster en steenkool die ander groot bedrywe. In die tydperk ná 1815, net na die Napoleontiese Oorloë, het Europa 'n ekonomiese depressie beleef. Die industrie-sektor het goed herstel ten spyte van 'n verdere depressie tussen 1836 en 1842 (Hopkins 1979:1).

Die ontploffing van nuwe tegnologie en gepaardgaande nywerhede was op 'n skaal wat die wêreld nog nooit voorheen beleef het nie (Allen 2009:1). In die middel 1800's was Brittanje die suksesvolste industriële land op aarde (Crowley 1998:17), en het hy tereg die bynaam *workshop of the world* gekry (Crowley 1998:17; Lindsay & Washington 1967:42). Woodham-Smith beskryf die transformasie wat Engeland ondergaan het, as volg: *Over immense areas of what had previously been country-side the smoke from factory chimneys, the glare of furnaces, the clatter of textile mills, spelt money* (1972:2).

Een van die redes waarom Brittanje so lank sy voorsprong op industriële gebied bo ander lande behou het, is die land se toegang tot goedkoop energie, in die vorm van sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgebreide steenkoolreserwes (Allen 2009:2). Sy ryk natuurlike ysterertsbronne het uiteraard ook 'n groot rol gespeel (Woodham-Smith 1972:2).

Allen argumenteer verder dat die hoë lone wat die gemiddelde Brit verdien het, direk aanleiding gegee het tot die vraag na tegnologie deur middel waarvan hoëkoste-arbeid deur goedkoop energie (steenkool) vervang kon word (2009:238). Allen erken dat die bevinding dat Britte hoë lone verdien het, teenstrydig is met die wyd-aanvaarde beeld van armoede en ontbering wat normaalweg aan die vroeë Britse werkersklas gekoppel word. Feit is dat, hoewel die algemene armoede 'n gegewe is, arbeid in Brittanje veel duurder was as in ander Europese ekonomieë (Allen 2009:25) (sien 2.2.3.2).

Churchill het die land se ongekende vooruitgang op industriële gebied as volg beskryf: *Every morning when the world woke up, some new machine had started running. Every night while the world had supper, it was running still* (Lindsay & Washington 1967:29). Daardie tydperk van gekonsentreerde tegniese en industriële aktiwiteit en ontwikkeling het die Engelse landskap en samelewing, en inderdaad die wêreld, onherroeplik verander (Allen 2009:1). Die land het nie slegs 'n industriële revolusie beleef nie, maar 'n revolusie op bykans elke terrein (Jordan 1966:29).

2.1.4 Politieke omwentelings

Dwarsdeur die negentiende eeu het 'n verskuiwing van politieke mag in Brittanje plaasgevind. 'n Reeks wette het al meer politieke seggenskap aan 'n groeiende basis stemgeregtigdes oorgedra. Die eerste Reform Act was die begin van hierdie belangrike veranderings (Woodward 1949:77-83). Die wet is alreeds in 1832, vyf jaar voor Victoria se troonbestyging, deurgevoer, en het die aantal stemgeregtigdes (slegs mans) verhoog vanaf 435,000 (uit 'n totale bevolking van veertien miljoen) tot 652,000 (Lindsay & Washington 1967:8).

Die werkersklas het, ten spyte van intense politieke aktiwiteit sedert die vroeë 1800's (Hopkins 1979:34-36; Woodward 1949:120) steeds geen stemreg verwerf nie; dit is slegs aan lede van die middelklas toegestaan (Lindsay & Washington 1967:9; Woodward 1949:120). Verbitterde en ontnugterde werkers het in 1836 die London Working Men's Association gestig, wat 'n sogenaamde *People's Charter* gepubliseer het. Hierdie handves het ses parlementêre hervormings geeïs. Die belangrikstes hiervan was stemming deur middel van geslote stembriewe in die parlement, en wegdoening met eiendomskwalifikasies vir stemreg (dit is stemreg gebaseer op die eiendom wat 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persoon besit). Die handves het aanleiding gegee tot die benaming *Chartism* vir die beweging (Hopkins 1979:44; Woodward 1949:127).

Die tweede Reform Act in 1867, meer as 30 jaar ná die eerste, het nog nie al die werkers se eise toegestaan nie, maar nogtans stemreg verleen aan alle manlike huishuurders. Dit het die kieserskorps amper verdubbel en toenemende mag geplaas in die hande van mense wat voorheen geen politieke seggenskap gehad het nie (Lindsay & Washington 1967:9; Woodward 1949:180).

In 1872 is geheime stemmings in die parlement uiteindelik ingestel, waardeur die intimidasie en omkopery wat voorheen hoogty gevier het, grootliks uitgeskakel is. Verskeie verdere wette, soos die derde Reform Act *(*1884) en die Redistribution of Seats Act (1885) het die omwenteling in die Britse parlement voltooi. Eienaars van sake-ondernemings en fabrieke, finansiers, skrywers en akademici het die banke in die Laerhuis volgesit. Hierdie nuwe toetreders was in baie gevalle polities meer aktief en toegewyd as die lede van die landadel wat so min respek vir die parlementêre proses getoon het dat hulle selfs op die banke gelê en slaap het (Lindsay & Washington 1967:10).

Aan die einde van Victoria se regering was dit dus nog slegs vroue wat nie stemreg gehad het nie. Vroue het eers in 1918 beperkte stemreg gekry (Lindsay & Washington 1967:310), en volle stemreg in 1928 (Rollyson 2003:325).

2.2 Sosio-ekonomiese invloede

2.2.1 Ekonomie

Die laaste kwart van die negentiende eeu was 'n tyd van ongekende ekonomiese welvaart vir Brittanje. Waar die ekonomie tradisioneel landbou-gebaseerd was, en die landbou tot die middel van die 1800's steeds die grootste bydraer tot die ekonomie was (Lindsay & Washington 1967:18), het handelsbedrywighede binne die volgende twee dekades daardie posisie oorgeneem. Internasionale handel was ná die middel van die eeu die bepalende faktor ten opsigte van ekonomiese welvaart (Allen 2009:16), en weens die land se talle koloniale besittings was die vernaamste handelsroetes, soos die roete na die Ooste (om Suid-Afrika en Mauritius) en die roete na China (deur Singapoer), onder Britse beheer (Grant & Temperley 1960:309).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Industriële Revolusie het enersyds 'n nimmereindigende stroom verbruikersgoedere vir die handel geproduseer, terwyl Brittanje se uitgebreide kolonies andersyds vervaardiging bly voed het (Lindsay & Washington 1967:42-43). Britse uitvoere het gevolglik elke tien jaar feitlik verdubbel, sodat die waarde daarvan in 1872 op £315 miljoen gestaan het. Die waarde van Brittanje (sy kolonies ingesluit) se handelsbedrywighede het in daardie stadium dié van die hele Wes-Europa en die Verenigde State gesamentlik oortref. Hierdie verstommende prestasie was te wyte aan verskeie faktore, waaronder die omvang van vervaardiging en innovering in Engeland (Allen 2009:16), en die aktiewe ontwikkeling van nuwe markte (Woodham-Smith 1972:2). Die land se uitgebreide koloniale besittings asook die vooruitgang op die gebied van vervoer het ook 'n rol gespeel.

Die feit dat Brittanje die enigste toonaangewende land in Europa was wat nie die Napoleontiese Oorloë op eie grondgebied geveg het nie, het hulle ook in 'n beter posisie gelaat as lande soos Frankryk, Oostenryk, Duitsland en Pruise wat finansieel en fisies deur die oorloë uitgemergel is (Woodham-Smith 1972:1).

2.2.2 Sosiale omstandighede

2.2.2.1 Verstedeliking

Gedurende die negentiende eeu het 'n merkwaardige verandering in die Engelse samelewing plaasgevind. Tydens hierdie periode het die Engelse werkersklas, wat tot ongeveer 1815 hoofsaaklik in die landbou werksaam was, na die stede getrek en industriële werkers geword. Die term werkersklas het in daardie era ontstaan (Hopkins 1979:2).

Voor 1800 het 'n tipiese man uit die laer stand op die platteland gewoon en saam met sy vrou en kinders as arbeiders vir 'n landheer gewerk. Hierdie toedrag van sake was alreeds teen 1811 in die proses van verandering toe daar volgens 'n landwye sensus slegs 697,353 gesinne in die landbou werksaam was, teenoor 923,588 in die handels-, vervaardigings- of handwerkbedrywe. Die werkersklas het in daardie stadium ongeveer vier vyfdes van die totale bevolking uitgemaak. Teen 1851 word die getalle van die 1,790,000 mense werksaam in die landbou totaal oorskadu deur die 7,250,000 in die vervaardigingsektor. Binne veertig jaar, dus, was daar 'n massale verskuiwing vanaf die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

landbousektor na dié van vervaardiging, met die gepaardgaande trek na die stede (Hopkins 1979:2-3).

Die aantrekkingskrag van werk in die vervaardigingsektor was nie die enigste faktor wat verstedeliking aangehelp het nie. Verskeie ander faktore het 'n beduidende rol gespeel in die migrasie na die stede (Hopkins 1979:17). Een daarvan was die reeks Omheiningswette, wat met tussenposes vanaf ongeveer 1750 tot 1882 uitgevaardig is en die stelsel van gesamentlike weiveld en rotasieboerdery deur kleinboere op klein strokies landbougrond beeïndig het (Breckon ea 2000:27). Brown wys daarop dat omheinings primêr die gevolg was van die groot opbloei in die wolbedryf, wat daartoe gelei het dat boere hul grond omhein het om groter beheer oor die kwaliteit van hul skape te kan uitoefen. Hele dorpies is verlate agtergelaat as gevolg van die omheinings (Brown 1979:25).

Kenners is egter verdeeld oor die werklike langtermynuitwerking van omheining (Rolt 1988:101). Hoewel dit gelei het tot die ontstaan van 'n surplus plattelandse bevolking, met geen heenkome of enige verkoopbare vaardighede behalwe dié van landbouer nie (Breckon ea 2000:31; Rolt 1988:101), word daar geargumenteer dat die gevolge nie slegs negatief was nie. Die tradisionele landboupraktyke sou nie op die lang duur volhoubaar wees nie, en dit sou ook nie moontlik wees om 'n groeiende bevolking te voed met behoud van die uitgediende boerderystruktuur nie (Rolt 1988:101). Allen, daarenteen, wys daarop dat studies aangetoon het dat alle boere, dié wat op oop velde geboer het sowel as dié met omheinde velde, met nuwe tegnieke en produkte geëksperimenteer het, en dat die sukses wat daarmee behaal is, min of meer eweredig tussen die twee groepe verdeel kan word. Hoewel daar ná die instelling van die omheiningswette 'n onbetwisbare toename in landbou-gegenereerde inkomste ondervind is, is faktore soos die nuwe markte wat in die stede oopgegaan het, na sy mening 'n belangriker rede daarvoor as omheining (Allen 2009:65).

Die herroeping in 1846 van die graanwette, waarvolgens Engelse boere nie meer teen goedkoper ingevoerde graan beskerm is nie, is nog 'n faktor wat die balans tussen stad (vervaardiging) en platteland (landbou) in die guns van die stad geswaai het, aangesien Engeland van daardie tyd af toenemend 'n invoerder van voedsel en uitvoerder van vervaardigde goedere geword het (Curl 1990:20).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.2.2 Bevolkingsaanwas

Hopkins beweer dat die meeste vroeëre historici nie raakgesien het dat daar voor en tydens die Victoriaanse era in Engeland ook 'n ander belangrike revolusionêre proses, naas die Industriële Revolusie, aan die werk was nie. Dit was naamlik die ontstaan van 'n groot surplus plattelandse bevolking, te danke aan onder meer 'n groot groei in bevolkingsgetalle, wat sedert die sestiende eeu hand-oor-hand toegeneem het (Hopkins 1979:17). Tussen 1500 en 1700 het die Britse bevolking gegroei van minder as drie miljoen to meer as vier-en-'n-half miljoen (Breckon ea 2000:20), tussen 1750 en 1850 het dit verdriedubbel (Mokyr 2009:283), en tussen 1831 en 1891 het dit meer as verdubbel (Lindsay & Washington 1967:41; Wedd 2002:11), van 16 tot 33 miljoen (Lindsay & Washington 1967:41). Hierdie groot aanwas was nie slegs die gevolg van 'n stygende geboortesyfer nie (Mokyr 2009:283), maar ook 'n beduidende afname in die sterftesyfer (Lindsay & Washington 1967:41; Mokyr 2009:283).

Stedelike groei het vanselfsprekend saamgeval met hierdie verwikkelinge. Voor die Industriële Revolusie was die bevolking verspreid oor die platteland en het die stede minder as 10% van die bevolking gehuisves (Allen 2009:18-19). Teen die einde van Victoria se regeringstyd het tussen 75% en 77% van die bevolking in die stede gewoon (Lindsay & Washington 1967:22). In 1500 kon slegs Londen, met 50,000 inwoners, 'n stad genoem word; die res was weinig meer as markdorpies onderhou deur die landbou-industrie (Allen 2009:18). Teen 1890, egter, was Londen bevolkingsgewys die grootste stad ter wêreld, met 'n bevolking van 4,2 miljoen (Curl 1990:12). Die bevolking van Manchester het ses maal verdubbel in die 60 jaar ná 1771 (Aslet 2008:136; Rolt 1988:138), sodat daar teen 1861 reeds 460,000 mense in die stad was teenoor die 84,000 in 1801. Leeds se bevolking het in dieselfde tydperk gegroei vanaf 53,000 tot 172,000 (Rolt 1988:138), en Birmingham se bevolking het in die 50 jaar sedert 1800 verdrievoudig (Upton 2004:4). Daar het ook talle nuwe nywerheidstede ontstaan, wat dieselfde fenomenale groei getoon het (Hopkins 1979:17-18).

2.2.2.3 Die werkersklas

Werksomstandighede

Die gemiddelde hande-arbeider in die vroeë negentiende eeu in Brittanje het dikwels onder haglike omstandighede sy dagtaak verrig. Die algemene werksdag vir mans,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vroue en kinders was tussen twaalf en sestien ure lank (Hopkins 1979:5), met ongeveer 'n uur etenstyd. Die algemene prentjie wat normaalweg van hierdie tydperk in die geskiedenis van die Britse werker geskets word, is een van harde, onverpoosde arbeid onder onmenslike omstandighede. Kinders is vanaf die ouderdomme van ses tot sewe, dikwels selfs jonger, in diens geneem. Van die algemeenste probleme was die gebrek aan ruimte, ventilasie en higiëne in die werkplek (Hopkins 1979:5).

In die myne was omstandighede selfs erger. Ongelukke was 'n algemene gebeurlikheid, en mynwerkers het algemeen aan 'n verskeidenheid siektes, veroorsaak deur hul werksomstandighede, gely en ook gesterf. In talle myne het die werkers die hele dag binne-in water gewerk. Vroue- en kinderarbeid was algemeen, hoewel dit nie in alle myne gebruik is nie. Ontstellende beskrywings van vroue (selfs swanger vroue) en kinders wat mandjies vol steenkool teen steil hellings moes uitsleep aan 'n tou wat om die nek en dan tussen die bene deur gegaan het, of in spanne voor trokke steenkool ingespan is, is opgeteken. Die werkers was nooit tydens dag-ure buite nie (Hopkins 1979:8 en het dus selde sonlig en vars lug, met die assosiasie wat dit met goeie gesondheid inhou, ervaar.

Mishandeling van kinders het algemeen voorgekom. 'n Algemene gebruik was om kinders as leerjongens *(apprentices*) uit die armehuise *(workhouses*) te verkry vir werk in fabrieke of myne. Aangesien hierdie kinders geen ouers gehad het om hulle te beskerm nie, is hulle dikwels wreed behandel, met die hoofdoel om soveel werk as moontlik uit hulle te kry. Daar is bereken dat sommige kinders per werkdag ongeveer 20 myl afgelê het, en as hulle te moeg was om voort te gaan, is seuns sowel as meisies op ongelooflik wrede maniere gestraf. Daar is byvoorbeeld gewigte aan hul ore vasgemaak, hulle is aan hul hande opgehang of lyfstraf toegedien met 'n ysterpaal (Hopkins 1979:10-11).

Ouers het dikwels ook hul eie kinders oorwerk en mishandel, met moeders wat die kinders aan hul rokke vasgespeld het en fisiese geweld gebruik het om hulle wakker te hou. Daar is verslae van kindertjies wat selfs vanaf die ouderdom van twee jaar af moes help werk (Lindsay & Washington 1967:37).

Sommige navorsers beweer dat die beriggewing oor die omvang van mishandeling in die vroeë fabrieke baie oordrewe is, en dit word toegegee dat diegene wat hulle vir die hervorming van die omstandighede beywer het, vanselfsprekend op die ergste voorvalle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou konsentreer om hul punt te maak. Omstandighede was inderdaad nie oral dieselfde nie. In sommige plekke is die kinders blykbaar goed versorg, hoewel hulle steeds lang ure moes werk. Die verslae van gunstige werkstoestande is oor die algemeen gelewer deur dokters wat deur die werkgewers aangestel is om in hul guns voor verskeie kommissies van ondersoek te getuig, dus word die onpartydigheid van hierdie getuienisse in twyfel getrek. Hoe dit ookal sy, daar blyk min twyfel te wees dat kinders wel in talle gevalle oorwerk en mishandel is (Hopkins 1979:11-12).

Kinderarbeid is beslis nie 'n eksklusief-Victoriaanse fenomeen nie. Kinders is deur al die eeue vir sekere take aangewend (Hopkins 1979:15; Mokyr 2009:288), maar dit was die intensiteit daarvan wat in die Victoriaanse era ernstige besorgdheid begin wek het (Hopkins 1979:15).

Hopkins wys daarop dat daar niks nuuts aan lang werkure, vuil toestande of kinderarbeid was nie. Wat wel nuut was, was die dissipline van die fabrieksklok of -fluit, en die onophoudelike druk deur 'n werkdag van tot 16 ure, waar geen afwyking of rus toegelaat is nie. Die werkers se persoonlike vryhede is op alle denkbare maniere ingeperk. In 'n spinfabriek naby Manchester byvoorbeeld, is 'n werker wat fluit terwyl hy/sy werk, beboet en in die geval van siekte moes die werker self 'n bevredigende plaasvervanger reël of 'n boete betaal (Hopkins 1979:12).

Hierdie toestand was grootliks te wyte daaraan dat werknemer en werkgewer nie meer in dieselfde hegte verhouding teenoor mekaar gestaan het as wat die geval in die vroeë werkwinkeltjies was nie (Lindsay & Washington 1967:35).

Die werkers se omstandighede in die industrieë het ook nie werklik soveel verskil van dié in die landbou nie. Hopkins beweer dat die sogenaamde vryheid van die plaaswerker grootliks 'n mite was. Daar moes arbeiders ook vir lang ure harde fisiese arbeid verrig, dikwels onder haglike weersomstandighede (Hopkins 1979:13-14).

Lewenstandaard

Daar is reeds verwys na die hoë lone (relatief tot ander lande) wat die Britse werker verdien het. 'n Tabel waarin die lone van werkers in Londen vergelyk word met dié van hul eweknieë in Amsterdam, Wenen, Florence, Delhi en Beijing toon dat, hoewel lone vir alle genoemde plekke vergelykbaar was vanaf ongeveer 1375 tot 1525, sekere lone daarna begin styg het. Londen s'n het sedert 1675 die hoogte ingeskiet. In 1825 verdien Londense werkers sestien gram silwer per dag (die generiese betaalmiddel wat vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vergelyking gebruik is), terwyl Amsterdammers (wat die naaste daaraan verdien het) nege en die werkers van Delhi 'n skamele een verdien het (Allen 2009:34).

Daar moet in gedagte gehou word dat bostaande statistieke slegs die situasie in die groot stede soos London reflekteer, en nie melding maak van die ander dorpe en stede nie. Die relatief hoë lone het ook nie die Britse werker van knellende armoede gevrywaar nie. 'n Onafhanklike opname wat in 1889 gepubliseer is, het getoon dat 30% van Londenaars se inkomste te klein was om in hul daaglikse lewensnoodsaaklikhede te voorsien (Lindsay & Washington 1967:65). Uit die gemiddeld £1.50 wat 'n werker per week verdien het, moes hy ongeveer een pond afstaan aan voedsel en 'n verdere 15 sjielings aan huur. Dit is dus duidelik dat daar weinig oorgebly het vir klere, brandstof, skoolopvoeding en ontspanning, 'n omstandigheid wat 'n groot negatiewe invloed op die werker se lewensgehalte uitgeoefen het (Upton 2004:4-8).

Behuising

Waarskynlik een van die belangrikste faktore wat tot 'n lae lewensgehalte in die Victoriaanse stede gelei het, was gebrek aan ruimte. As gevolg van die groot toestroming na die stede was daar nie voldoende behuising beskikbaar nie. Sommige werkgewers het behuising aan hul werknemers voorsien, so na as moontlik aan die fabrieke sodat werkers so min moontlik tyd sou verspil om die werkplek te bereik. Goedkoop bouers is aangestel om huise op te rig teen 'n digtheid van 40, 50 of selfs 60 huise per akker (0.4 ha), teenoor die algemeen-aanvaarde norm van veertien huise per akker in Engeland in 1967 (Lindsay & Washington 1967:50).

Drie opsies was beskikbaar vir die persoon wie se werkgewer nie behuising beskikbaar gestel het nie, naamlik gedeelde akkommodasie, akkommodasie in kelders of solders, of nuut-geboude huise deur spekulasiebouers (Hopkins 1979:18-19).

Gedeelde akkommodasie het behels dat die individu of gesin (soms hele uitgebreide families) bestaande akkommodasie met ander moes deel. Talle gesinne was gedwing om loseerders in te neem om te help betaal aan die huur. Dié situasie het meestal tot uiterste oorbevolking gelei (Lindsay & Washington 1967:60). 'n Geval wat tydens 'n opname in 1842 opgeteken is, getuig van 'n vader, moeder en twaalf kinders wat almal saam geslaap het in een vertrek van twaalf vierkante meter, met een klein venstertjie wat selde oopgemaak is, en 'n dak so laag dat 'n volwassene slegs in die middel van die vertrek kon regop staan (Hopkins 1979:18). Dieselfde opname het getoon dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemiddeld twee punt agt mense 'n bed gedeel het, met gevalle opgeteken waar daar tot agt mense in dieselfde bed moes slaap. 'n Ander verslag noem dat dit glad nie vreemd was dat vier gesinne elk 'n hoek van 'n vertrek bewoon het, met 'n vyfde in die middel nie. Tot so laat as 1904 is daar gerapporteer dat beddens in drie sessies van agt uur elk uitgehuur is, aan ses persone per keer (Lindsay & Washington 1967:61).

Wanneer die druk op beskikbare ruimte binne-in die huis te groot geraak het, is die leefruimtes na die solders en kelders uitgebrei. Albei opsies het vanselfsprekend groot nadele ingehou, wat ingesluit het algemene gebrek aan ventilasie en natuurlike lig, blootstelling aan uiterste temperature en aan nat en onhigiëniese toestande as gevolg van die insypeling van storm- en rioolsyferwater in die kelders (Hopkins 1979:18-19).

Die derde opsie was nuut-geboude behuising, wat hoofsaaklik deur spekulatiewe bouers opgerig is. Die regering het voor die aanvang van die twintigste eeu geen rol in behuisingsvoorsiening of -regulering gespeel nie (Upton 2004:8). Die dringendheid van die behuisingsgebrek en die geleentheid tot vinnige selfverryking is deur die meeste grondeienaars aangegryp. Geboue is teen groot spoed en onder groot druk opgerig met die swakste gehalte sowel as die minimum boumateriaal moontlik, sodat sommige huise se mure slegs 'n halwe baksteen dik was (Hopkins 1979:19).

'n Ander manier om ekonomies te bou, was om soveel woonruimte as moontlik op die beskikbare grond in te pas. Selfs die strate is so smal as moontlik gehou ter wille van ruimtebenutting (Lindsay & Washington 1967:60).

Sanitasie en higiëne was haglik. Water was 'n skaars en duur kommoditeit en baie van die arm buurte het slegs vir 'n halfuur per dag watertoevoer gehad, waartydens almal hul houers moes vul (Lindsay & Washington 1967:61). Soms is water voorsien deur 'n put, of gesinne moes een kraan in die straat of binnehof met al die bure deel (Upton 2004:12). Dit is te begrype dat water onder sulke omstandighede selde vir higiëniese of sanitêre doeleindes aangewend is (Hopkins 1979:21).

Die huise het geen badkamers gehad nie. Die enigste sanitêre voorsiening was in die binnehowe waar daar washuise (slegs vir die was van wasgoed) en puttoilette (slegs een of twee vir die hele *court*), voorsien is. Van rioolstelsels was daar geen sprake nie. Kamerpotte is bloot in die kelders leeggemaak. Die toilette in die binnehowe is ook nie op 'n gereelde basis leeggemaak nie, sodat dit gereeld oorgeloop het. Diere soos perde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en varke, met hul afval selde verwyder, het ook hierdie ruimte bewoon. Hierdie smerige binnehowe was ook die speelplek van die jonger kinders (Hopkins 1979:22).

Die strate was in 'n onbeskryflike toestand, aangesien daar min of geen plaveisel, dreinering, vullisverwydering of straatskoonmaakdienste was nie, en inwoners bloot hul afvalwater, kamerpotte en/of ander vullis in die straat uitgegooi het. Die gevolg was stagnante poele water vol verrottende vullis en ekskreta, en die afloop daarvan wat weer in die bewoonde kelders insypel. Hoewel die meeste stede wel skoonmaakdienste gehad het, is daar wyd gerapporteer dat die skoonmakers selde indien ooit hul pligte in die armer buurte uitgevoer het (Hopkins 1979:20-21). Onder hierdie toestande het gereelde epidemies van cholera en tifus tot die dood van derduidense mense gelei (Barrett & Phillips 1987:12; Breckon ea 2000:45).

Die jong prinses Victoria is getref deur die lot van die armes en het in haar dagboek tydens 'n besoek aan Birmingham in 1832 die troostelose, amper surrealistiese landskap as volg beskryf: *It rains very hard* […] *you see the fire glimmer at a distance* […] *The men, women, children, country and houses are all black* […] *every where* [sic], *smoking and burning coal heaps, intermingled with wretched huts and carts and little ragged children* (Hibbert 1984:11).

Weer eens was toestande nie oral dieselfde nie. Talle landhere en fabriekseienaars het 'n streng oog gehou oor die lewenstandaard van hul werkers. Hoër-geskoolde werkers het oor die algemeen onder beter omstandighede, in groter en skoner huise en buurte gewoon (Hopkins 1979:23).

Swak toestande het ook nie net in die industriële stede voorgekom nie (Rolt 1988:138). Die lewenstandaard op die platteland was in baie gevalle laag (Breckon ea 2000:43). So byvoorbeeld het die hoë sterftesyfer in Shrewsbury gelei tot 'n openbare ondersoek in 1854, toe daar vermoed is dat dit veroorsaak is deur die mense se haglike lewensomstandighede (Hopkins 1979:23). In landboudorpies was die werkers se kothuisies dikwels ook beknop (tot 29 mense in een huisie) (Lindsay & Washington 1967:26), met lekkende dakke, klam mure en knaagdierinfestasies (Aslet 2008:172; Hopkins 1979:23).

Onder die omstandighede hierbo beskryf, kan daar vanselfsprekend van 'n gesonde gesinslewe weinig sprake wees. Die uiterste oorbevolking, lae opvoedingspeil en gebrek aan persoonlike higiëne en privaatheid het 'n kultuur geskep wat gekenmerk is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur dronkenskap, kruheid en vulgariteit, aanranding van vroue deur hul eie en ander mans, mishandeling van kinders, en lae morele standaarde oor die algemeen. Die voorkoms van bloedskande en die seksuele uitbuiting van kinders was algemeen. Die Engelse sosiale hervormer Beatrice Webb (1858 - 1943) het aangeteken dat sommige van haar medewerkers goedig deur hul vriendinne geterg is oor die feit dat hul buite-egtelike babas deur hulle eie vaders of broers verwek is. Sy noem dit 'n *gruesome example of the effect of debased social environment on personal character and family life* (Wohl 1978:203), en talle kommentators van die tyd het met haar saamgestem dat die immoraliteit onder die werkersklas 'n direkte gevolg was van die toestande waaronder hulle geleef het (Breckon ea 2000:44).

Ontspanning

To work, to sleep, to die - dit is hoe die lewe van die laagsbesoldigde Britse werker deur 'n staatsman opgesom is. Verskillende fabriekswette het hierdie lot van die werker probeer verlig, onder meer deur die verkorting van die werkweek na 5½ dae in 1850 (Lindsay & Washington 1967:68). Daar is dus nie meer Saterdagmiddae gewerk nie, en Britse werkers het meteens 'n paar uur per week vrye tyd tot hul beskikking gehad. Baie van hierdie tyd is met sport deurgebring, hoofsaaklik as toeskouer en nie as deelnemer nie. Sokker en krieket, maar veral sokker, het groot gewildheid onder die werkersklas geniet (Kent 1973:169; Lindsay & Washington 1967:68).

Dobbel was ook gewild, en daar is onder meer op perde-, honde- en duiwewedrenne gewed, sowel as op bloeddorstiger en primitiewer kompetisies soos haan-, honde-, honde-en-bul- (*bull-baiting*) en honde-en-rotgevegte (*ratting*) (Hopkins 1979:29; McLeod 1974:46).

Talle mense het vir die eerste keer in die geskiedenis toegang tot vervoer gehad. Uitstappies per trein na museums of ontspanningsplekke in die natuur was gewild. Werkgewers het soms sulke uitstappies vir hul werkers gereël en gefinansier. Goedkoop dag-uitstappies, dikwels na stranddorpe soos Brighton en Margate, het 'n heel nuwe wêreld vir die Britse werker oopgemaak (Hopkins 1979:28).

Die openbare kroeg (*public house*, verkort na *pub*), 'n manlik-gedomineerde omgewing, was verreweg die gewildste vorm van rekreasie onder die werkersklasman. Dit het aan hom 'n geleentheid gebied om uit sy grou bestaan te ontsnap na 'n atmosfeer van warmte, lig en sosialisering (Hopkins 1979:27; Lindsay & Washington 1967:69). Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Franse sosialis Alphonse Esquiros het dit op emosionele wyse beskryf as *where the poorer classes seek bitter consolation for the habitual evils of an uncertain life* (Spiller 1972:17).

Talle van diegene wat gekant was teen die dronkenskap en opruiende gedrag wat met die kroeg geassosieer is, het hul tyd met kerklike aktiwiteite verwyl. Kerkdienste, Bybelstudieklasse en repetisies vir godsdienstige en kooruitvoerings het die meeste van hul vrye tyd in beslag geneem (Lindsay & Washington 1967:70).

Die konsep van vakansieverlof was grootliks onbekend (Kent 1973:169). In 1871 is die sogenaamde *Bank holidays* ingestel, waarvolgens vier dae in die jaar (uitgesonderd Kersdag en Goeie Vrydag, waarop daar alreeds nie gewerk is nie), tot openbare vakansiedae verklaar is. Banke is op daardie dae gesluit, en talle besighede het hulle voorbeeld gevolg (webarchive.nationalarchives.gov.uk). In sommige dele van Engeland het werkers een maal per jaar 'n week onbetaalde verlof gekry, 'n tydperk wat bekendgestaan het as *Wakes Week.* Onder werkers van ander areas het dit as die *Trip* bekendgestaan. Die sogenaamde *Trip*-treine het die werkers gratis na vakansiebestemmings vervoer (Kent 1973:169).

Die meeste mense kon dit nie bekostig om vir vakansie-akkommodasie te betaal nie, en kon slegs 'n eendag-uitstappie na die strand onderneem (Kent 1973:169). Allerhande aktiwiteite, soos kermisse en opelugvertonings, is wel tydens die vakansieweek aangebied om die mense te amuseer en hulle terselfdertyd van hul swaarverdiende vakansiegeld te verlos (Lindsay & Washington 1967:68-69).

2.2.2.4 Die middelklas

Engeland was, en is tot 'n mate steeds, *a deeply class-ridden society* (Hockman 1994:7) en, soos McLeod dit stel: *a society acutely conscious of the distinctions of status* (1974:13). Die middelklas het alreeds in ongeveer die veertiende eeu begin ontstaan toe voorheen-arm boere en handelaars in die kloof tussen ryk en arm begin inskuif het. Die verwikkeling kan onder meer toegeskryf word aan die Swart Dood, wat arbeidskaarste veroorsaak het, en die buitengewoon goeie pryse wat wol in die vyftiende en sestiende eeue behaal het (Brown 1979:23-24).

Die term middelklas omvat 'n groot groep mense wat 'n hele verskeidenheid klasse van die Engelse gemeenskap insluit. Aan die bopunt van die leer het dit in die Victoriaanse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

era bestaan uit mense soos bankiers en fabriekseienaars. Hoewel hierdie mense finansieel welvarend was, het hulle steeds nie tot die hoogste sosiale klas behoort nie. Laer af op die leer is groothandelaars en mense uit die professies aangetref, met heel onder vakmanne, winkeliers en klerklike werkers. Daar was dus 'n aansienlike verskil in sosiale status, finansiële vermoëns en mag tussen die hoogste en laagste stande wat onder die term middelklas saamgegroepeer is (Lindsay & Washington 1967:50-51; McLeod 1974:11-12; Wedd 2002:7).

Werksomstandighede

Die Industriële Revolusie het geleenthede oopgemaak vir enige persoon met die nodige skerpsinnigheid en deursettingsvermoë om homself uit sy omstandighede op te werk, ongeag van hoe beskeie sy afkoms mag wees. Die belangrikste kenmerk van die middelklas-man was dus dat hy nie soos die lid van die hoër stand sy rykdom geërf het nie, maar self daarvoor gewerk het; die tipiese Victoriaanse *self-made man*. Binne een geslag het hierdie mense uitgestyg tot hoogtes van voorspoed en sosiale status waaroor hul ouers skaars kon droom (Lindsay & Washington 1967:51).

Die middelklas-man se lewe het uit harde werk bestaan, aangesien harde werk die fondament van sy rykdom was. Alle ander oorweginge, soos sy gesin, plesier en kulturele tydverdrywe was ondergeskik aan die eise van sy werk. Sukses is bo alles gemeet aan 'n man se bankbalans (Lindsay & Washington 1967:51).

McLeod dui aan dat die grootste verskille tussen die werksomstandighede van lede van die middelklas en dié van die werkersklas in nie-tasbare aspekte gelê het: die verskil in identiteit wat ontstaan as gevolg van "skoon" werk in 'n skoon omgewing, respektabele kleredrag; korter werksure; gebruik van 'n ander vaktaal, 'n ander uitspraak, en 'n ander houding. Middelklaswerk vereis meestal ook geletterdheid en goeie verstandelike vermoëns teenoor die krag en handvaardigheid wat algemeen vir hande-arbeid (werkersklaswerk) vereis word (McLeod 1974:12).

Lindsay en Washington wys daarop dat die keersy van die Victoriaanse besigheidsman se sukses, naamlik die soms afgryslike toestande waaronder die werkersklas geleef het, nie bloot te wyte aan die ongevoeligheid van individuele werkgewers was nie, maar 'n direkte uitvloeisel van die kommersiële sienings van die tyd. Slegs die lewe self was hoër as besittings op die suksesvolle middelklas Victoriaan se prioriteitslys (Lindsay & Washington 1967:52).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lewensomstandighede

Die tipiese Victoriaanse middelklasgesin het 'n inkomste verdien wat hulle in staat gestel het om 'n hele huis alleen te bewoon, bediendes in diens te neem, werk toe en terug te pendel, skoolfooie te betaal en met vakansie te gaan. Belangrike fokuspunte van hul lewens was die gesin, goeie behuising in residensiële voorstede, Puriteinse vroomheid en bemoeienis met welsyns- en opheffingswerk (Lindsay & Washington 1967:53; McLeod 1974:12).

Die lede van 'n middelklasgesin het hulleself sosiaal-gesproke in 'n moeilike posisie bevind. Hulle was gretig om hulle te distansieer van die klasse waaruit hul gekom het en wat hulle as benede hulle beskou het, terselfdertyd nie seker hoe om diegene bokant hul sosiale status te benader nie, en ook onseker oor wie van die oorblywendes hul gelyke sou wees (Brooks 1978:94).

Die lewe van die middelklas het gewentel om *respectability* (McLeod 1974:13). Die woord *respectability* soos dit in die Victoriaanse era gebruik is, is moeilik om te vertaal. Dit sluit nie slegs die hedendaagse betekenisse van voorbeeldigheid, fatsoenlikheid en ordentlikheid in nie, maar dui ook op die persoon se sosiale stand, sy besittings en inkomste en die sosiale status wat hy daarmee kon koop. (Die term *gentility* word ook dikwels in dieselfde betekenis gebruik.) Die woord *respectability* sal in hierdie werk gebruik word vir die konsep, by gebrek aan 'n goeie vertaling.

Best beweer dat *respectability*, of die afwesigheid daarvan, selfs 'n skerper skeidslyn tussen mense getrek het as die onderskeid tussen ryk en arm (1972:256). Om sosiaal aanvaarbaar of dan *respectable* te wees, was die grootste enkele strewe van die Victoriaanse middelklashuishouding, en hierdie strewe het uiting gevind in 'n nabootsing van die hoër stande se leefwyse, in elke opsig moontlik (Lindsay & Washington 1967:155).

Materiële kultuur (kleredrag, huise, gebruiksartikels en ander besittings) is aangewend om 'n sogenaamde *genteel lifestyle* te skep (Fitts 1999:39). Streng gedragsetiket het sosiale optrede tot in die kleinste besonderheid gereguleer, met ongeskrewe reëls vir onder meer sosiale besoeke, maaltye en godsdiensbeoefening. Dit was nie slegs die begeerte om die landadel na te boots wat die formulering van hierdie reëls beïnvloed het nie; dit is ook onderlê deur die streng-puriteinse waardes wat die meeste huishoudings van die era aangehang het (Lindsay & Washington 1967:51).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fitts verduidelik dat *gentility* of *respectability* 'n wêreldbeskouing was wat gedefinieer is deur streng kodes vir behoorlike gedrag, deurweef van morele konnotasies (1999:39). (Hoewel Fitts se onderwerp die Amerikaanse Victoriaanse middelklas is, kan hierdie uitsprake op alle middelklas-gemeenskappe uit die Victoriaanse era van toepassing gemaak word.) Bailey beskryf *respectability* as 'n hoogs-spesifieke waardesisteem met aansienlike normatiewe krag (1979:336).

Aslet haal 'n koerantartikel uit 1877 aan waarin die area Pimlico as die ideale middelklasbuurt opgehemel word: *the abode of gentility - a servant or two in the kitchen, birds in the windows, with flowers in boxes, pianos, and the latest fashions, of course*. Die artikel verwoord die middelklas waardes en strewes van die tyd uitstekend, en kom in die huidige tydvak ietwat komies en selfs bespottend voor (2008:9).

Victoriaanse gesinne was oor die algemeen groot (Lindsay & Washington 1967:53). In die 1870's is tien of meer lewende kinders uit 18% van alle huwelike gebore. Barrett en Phillips wys ook daarop dit nie werklik net die "kerngesin" was wat na die stede getrek het nie. Aangesien die staat geen voorsiening vir die versorging van bejaardes gemaak het nie, en vroue mans in getalle oortref het, het die meeste gesinne ook bejaarde ouers en ongetroude tantes gehuisves. Minder welvarende gesinne moes ook dikwels onder ekonomiese druk loseerders inneem (Barrett & Phillips 1987:11).

Welvarende huishoudings is, soos in die geval van die hoër stand, met behulp van 'n leërskare bediendes bestuur, en die kinders is deur 'n verskeidenheid personeellede met spesifieke rolle grootgemaak. 'n Studie het bevind dat die gesinslewe in Victoriaanse Engeland vir talle mense ondenkbaar sou wees sonder die kinderoppassers en goewernantes wat in baie gevalle 'n belangriker rol in die kinders se lewens gespeel het as hul eie ouers (McBride 1978:44).

Hoewel talle middelklasvaders se tyd opgeneem is deur werksake, en moeders dikwels by 'n verskeidenheid sosiale en welsynsaktiwiteite betrokke was, het die middelklaskind nogtans veel meer fisiese nabyheid van die ouers ervaar as kinders uit die hoër stande. Veral aristokratiese seuns, wat algemeen na kosskole gestuur is, het soms selfs vakansies by familie of vriende deurgebring met die gevolg dat hulle hul gesinne tot soveel as drie jaar aaneen nooit gesien het nie (Roberts 1978:72).

Die feit dat middelklaskinders hul vader meer dikwels gesien het, het geensins beteken dat hul verhouding noodwendig 'n gemaklike een was nie. Hy was 'n gesagsfiguur wie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se woord wet was, ook vir sy vrou. Weinig Victoriaanse vroue sou dit waag om hul mans selfs in die geringste mate in die openbaar teen te gaan. Dit was algemene gebruik dat hulle hul mans nie op sy voornaam aanspreek nie, maar byvoorbeeld as Mr Smith. Van vroue en kinders is verwag om die man se outoriteit sonder enige teenspraak te aanvaar en sy wil sonder huiwering uit te voer (Lindsay & Washington 1967:53).

Daar is wel toenemende bewys daarvan dat die beeld van die streng, emosioneel-afwesige vader nie altyd korrek is nie. Talle ouerpare was intens betrokke by hul kinders se daaglikse lewens en het met hul voortdurende teenwoordigheid binne 'n liefdevolle familiekring gepoog om goeie waardes en norme by die kinders vas te lê (Brooks 1978:88; Tosh 1996:48). Gorham beskryf die Hill-familie (wat bekendheid verwerf het vir hul hervormings- en opheffingswerk) as 'n *self-sufficient group, in which the virtues of mutual love, mutual improvement, unremitting effort and self-discipline were inculcated* (1978:125).

Die geïdealiseerde beeld van die huisgesin, waarvan Victoria se huwelik met prins Albert die nastrewenswaardigste model was, was dikwels ook niks meer as 'n *official mythology* nie, soos Showalter dit stel (1978:101). Tipies van die Victoriaanse tyd waar min dinge direk gesê of openlik bespreek is, het die sensasionele roman (*novel*) dikwels die ongenoemde sosiale euwels aan die kaak gestel en veral Victoriaanse vroue in staat gestel om deur middel van fiksie hul onderdrukte kollektiewe woede en rebellie jeens hul mans en ander gesinslede uit te leef (Showalter 1978:101-102).

Dit was hoofsaaklik die beperkende omstandighede van hul bestaan, die min geleenthede tot persoonlike vervulling, geen respek vir hul sienswyses, behoeftes of opinies, en streng-voorgeskrewe rolle van vrou, dogter en moeder wat menige Victoriaanse vrou tot subversiewe rebellie aangespoor het, al was dit meestal slegs "tweedehands", deur die wedervaringe van 'n fiktiewe heldin. Wilkie Collins, 'n kontroversiële skryfster van die tyd, beskryf die lewe van die deursnee-vrou as een van jammerlike eentonigheid. Dit is nie vreemd dat hierdie ontevredenheid, aangevuur deur die romans wat die vroue gelees het, mettertyd verskeie sosiale omwentelings tot gevolg gehad het nie, onder meer 'n daling in die geboortesyfer en die aanvaarding van verskeie wette wat ten opsigte van huwelike en egskeidings groter vryhede en magte aan vroue verleen het (Showalter 1978:106-108).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Behuising

In die vroeë jare van die Industriële Revolusie het die eienaar van 'n besigheid gewoonlik na aan sy werk gebly; by die myn of fabriek, of in 'n woonstel bo-op sy winkel of bankierskantoor (die tipiese *flat over the shop)* (Aslet 2008:234; Lindsay & Washington 1967:50).

Later was daar 'n groeiende begeerte om homself fisies en simbolies van die bron van sy rykdom te skei, veral aangesien die stede al minder aangename leefplekke geword het. Die middelklas het begin uitbeweeg na die buitewyke van die stede (Aslet 2008:234; Lindsay & Washington 1967:50). Dit was veral die koms van die spoorweë wat dit vir die middelklas besigheidsman moontlik gemaak het om verder van die middelpunt van die stad te bly, onder gesonder en meer sogenaamd beskaafde omstandighede, en tog steeds elke dag in die stad te werk. Daar het byvoorbeeld vier residensiële "sirkels" rondom Londen se sentrale sakekern ontwikkel, elkeen meer welvarend en met 'n hoër sosiale status as die vorige (McLeod 1974:5).

Een van die belangrikste uiterlike tekens van sosiale aansien of dan *respectability* was 'n goeie huis. Welvarende lede van die middelklas het probeer om die adelstand met hul groot huise en uitgestrekte eiendomme na te boots. Min mense kon aanvanklik hul eie huise bekostig, en talle het verkies om 'n groot en indrukwekkende huis in 'n welvarende buurt te huur eerder as om 'n kleiner woonstel of skakelhuis in 'n area met laer status te koop (Hockman 1994:8). Die huis moes dus nie slegs beskutting, privaatheid en gerief bied nie, dit moes ook aan die wêreld verkondig dat die inwoners lede van 'n gerespekteerde, hoog-aangeskrewe en gekultiveerde klas is (Barrett & Phillips 1987:11).

Daar is dikwels na die tipe huis wat algemeen in die voorstede vir die middelklas opgerig is, verwys as 'n villa. Aslet beskryf die villa as *a substantial middle-class dwelling, not without a hint of pretention* (2008:236), en hoewel die benaming aanvanklik aangewend is vir groot huise binne uitgelegde tuine, kon dit in die laaste helfte van die negentiende eeu verwys na enige eiendom van 'n redelike grootte, óf enkelstaande óf geskakel, met 'n tuin (Breckon ea 2000:46; Yorke 2010:10). Goodhart-Rendel skryf ietwat ironies: *in the outskirts of almost every growing town what was not a 'cottage' now became a 'villa'* (1953:32).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die tipiese middelklas woning (of dan villa) sou 'n drieverdiepinggebou wees met 'n semi-ondergrondse kelderverdieping (*half-basement*) en 'n verskeidenheid vertrekke, elkeen gereserveer vir 'n spesifieke funksie soos eet, ontspanning, sosiale verkeer, werk of slaap (Lindsay & Washington 1967:54).

Die meeste huise het nie badkamers gehad nie; bediendes het warm water na die slaapkamers aangedra waar die huisbewoners gewas en aangetrek het. Die toilet was normaalweg 'n put-toilet in die tuin. Die meeste groot huise het ook 'n rioolput in die kelder gehad, waarin die kamerpotte leeggemaak is (Lindsay & Washington 1967:54-56; Wedd 2002:187-189).

Ontspanning

Die Victoriaanse middelklas het geglo dat ledigheid die duiwel se oorkussing is, en dus is alle ledige ure gevul deur aktiwiteite wat daarop gemik was om die verstand en die karakter te verbeter. Aande tuis is verwyl met [opbouende en karaktervormende aktiwiteite soos] lees, brei, naaldwerk, speletjies en musikale vermaak deur die familie self. Teen 1860 was 'n klavier 'n onontbeerlike rekwisiet vir *respectability* (Lindsay & Washington 1967:56).

Sosiale verkeer was 'n belangrike komponent van die middelklasbestaan, waar daar ook gepoog is om die adel na te boots wat betref die tipe aktiwiteit en skaal waarop dit plaasgevind het. Vriende of kennisse is dikwels oorgenooi vir ete en ten minste een dans per jaar is aangebied. Sosiale besoeke aan vriende of kennisse was gewild. Al die bogenoemde aktiwiteite was deurspek van streng etiketreëls. Die teater en konsertsaal *(music-hall*) is ook druk besoek, maar nie deur almal goedgekeur nie. 'n Besoek aan 'n panorama, waar die gesinslede kon kyk na tonele uit ander lande of van historiese gebeurtenisse, was 'n goedkoop en gewilde tydverdryf (Lindsay & Washington 1967:56; Pama 1977:72). Panoramas het bestaan uit reusagtige, gedetailleerde skilderye wat saam met egte artefakte in doelgeboude ronde multiverdiepinggeboue gehuisves is. Die besoeker het in die middel van die ronde vertrek opgeklim na verskeie uitkykplatforms vanwaar 'n 360-grade blik op die toneel verkry kon word (fig. 2-1). Die panoramas was so lewensgetrou dat selfs die kleinste detail met verkykers bestudeer kon word (http://www2.le.ac.uk/research/).

Die bywoon van en deelname aan sport het deur die middelklas sy beslag gekry. Dit was veral ook te danke aan die middelklas staatskole, waar sportsoorte soos rugby en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

krieket deel van die kurrikulum was. Die spoorweë het 'n groot rol gespeel in die gewildheid van toeskouersport, omdat dit mense in staat gestel het om die wedstryde by te woon (Lindsay & Washington 1967:57). Perdewedrenne was ook gewild (Lindsay & Washington 1967:69).

Tuinmaak was 'n nasionale tydverdryf (Brown 1986:40) en die tuine is ook vir die beoefening van sport benut. Middelklastuine in die voorstede was nie groot genoeg vir byvoorbeeld krieket [soos op die groot landgoedere] nie, maar wel vir kroukie en later tennis, wat groot gewildheid geniet het (Pama 1977:72).

Die jaarlikse vakansie by die see, wat Lindsay en Washington 'n tipies-Victoriaanse instelling noem, was gewild, onder meer omdat dit aan mense die geleentheid gebied het om te ontsnap aan die vuil, industriële omgewing van die stede, en bowenal omdat die feit dat hulle so 'n vakansie kon bekostig, 'n bevestiging van hul status en rykdom was (1967:57).

2.2.3 Vervoer en kommunikasie

Of the many "revolutions" that […] *have taken place in Britain between 1700 and 1850, the transportation revolution occupies a pivotal role, in that it affected all other sectors in subtle but pervasive ways* (Mokyr 2009:202).

Die feit dat daar in Engeland tot ongeveer die middel van die agtiende eeu tot 'n groot mate slegs op plaaslike landbou en handel staatgemaak is, was tot 'n groot mate te wyte aan die land se swak vervoerstelsel. Paaie was dikwels in 'n feitlik onbegaanbare toestand, en alle langafstand vervoer van goedere het per pakperd geskied (De Maré 1950:59). Troppe lewende hawe en selfs pluimvee, waarvan die pote spesiaal met 'n mengsel van teer en sand verhard is, moes na die mark aangejaag word (Lindsay & Washington 1967:43).

Die oorgrote meerderheid mense in Engeland moes te voet reis. Die stedelike legende word byvoorbeeld vertel van die 80-jarige vroutjie wat honderde myle gestap het om die Great Exhibition in Londen by te woon (Crowley 1998:25). Die beweerde afstand kan bevraagteken word, maar dit beklemtoon die feit dat stap die algemeenste metode van vervoer vir die deursnee Brit was. Vir die meeste arm mense het dit inderwaarheid 'n lewenslange skeiding ingehou as 'n familielid na 'n ander dorp of stad moes verhuis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Victoriane wat dit kon bekostig, het perdgery of gereis in 'n rytuig wat deur perde getrek is. Lang reise is slegs by hoë uitsondering onderneem (Lindsay & Washington 1967:43-44).

2.2.3.1 Spoorweë

In die vervoerrevolusie het die koms van die spoorweë 'n sleutelrol gespeel. Die era van die spoorweë het in 1830 begin met die opening van die spoorlyn tussen Liverpool en Manchester. Dit was eers nadat koningin Victoria in 1842 koninklike goedkeuring aan die nuwe vervoermiddel verleen het deur 'n kort rit vanaf Slough-stasie tot by Paddington te onderneem, dat die konserwatiewe Victoriane hul wantrouigheid teenoor die *new-fangled steam monster* verloor en dit met groeiende entoesiasme begin gebruik het (Rolt 1988:19). Teen 1851 was daar reeds 6,800 myl (±10,900 km) operasionele spoorlyne dwarsoor die land (Crowley 1998:8).

Nêrens was die effek van die vervoerrevolusie so sigbaar soos met die Great Exhibition in 1851 nie, toe die meeste mense per trein na Londen gereis het om die uitstalling te besoek (Hopkins 1979:28; Lindsay & Washington 1967:4). Spesiale dae waarop die toegangsgeld slegs een sjieling was, is ingestel om armes tegemoet te kom (Crowley 1998:25; Lindsay & Washington 1967:4). Talle werkgewers het hul werknemers op een van daardie dae toegelaat om die uitstalling te besoek, en ook hul vervoer- en toegangskostes gedra (Lindsay & Washington 1967:4).

Sommige historici beskou die spoorweë as die primêre stukrag wat modernisering en groei in Victoriaanse Engeland aangewakker het. Mokyr argumenteer dat die bydrae van die spoorweë dikwels oorskat word. Vervoerkostes was al lank voor die uitvinding van die stoomlokomotief besig om te daal as gevolg van verbeterings in die boumetodes van paaie en rytuie, wat reistye grootliks verkort het. In die middel-1700's het dit byvoorbeeld tien tot twaalf dae geneem om van Londen na Edinburgh te reis, terwyl die afstand in 1836 (net voor die instelling van die spoorweë op die roete) in net meer as 45 uur afgelê kon word (Mokyr 2009:202-203).

Dit was hoofsaaklik ten opsigte van die vervoer van mense waar die spoorweë tot 'n ware revolusie gelei het, aangesien arbeiders meer mobiel geword het, makliker by hul werkplek kon uitkom, kon rondbeweeg om werk te soek, en met relatief min opoffering op meer afgeleë plekke kon gaan werk (Mokyr 2009:203).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.3.2 Kanaalvervoer

Die klem wat op die spoorweë gelê word, oorskadu ook dikwels die belangrikheid wat interne watervervoer in die ekonomie gespeel het voor die koms van die spoorweë. Hoewel Engeland se riviere al sedert die Middeleeue gebruik is om goedere te vervoer (Rolt 1985:19), en daar al voorheen kanale gebou is, het die ontwikkeling van 'n effektiewe kanaalstelsel oor die hele land die Industriële Revolusie grootliks aangehelp, aangesien dit 'n goedkoop en effektiewe metode vir die vervoer van steenkool na die fabrieke sowel as vir die vervaardigde goedere na die markte was. De Maré gaan selfs so ver om te beweer dat die uitbreiding van die kanaalstelsel direk aanleiding gegee het tot die Industriële Revolusie (1950:59), maar dit is waarskynlik 'n té eensydige siening van 'n komplekse verskynsel.

Hoewel kanaalbote stadig was, omdat dit getrek is deur perde wat op sleeppaaie (*towpaths*) langs die kanale gelei is, was dit vir die bedrywe wat swaar en omvangryke vragte opgelewer het, soos steenkool, bakstene, kalk en klei, 'n lewensvatbare alternatief vir onekonomiese pakperde. Dit was ook die geval in die pottebakkery-industrie, waar die groot verliese aan brekasie wat met perdevervoer gepaardgegaan het, grootliks uitgeskakel is (De Maré 1950:59; Rolt 1985:21).

Die opening van die Bridgewater-kanaal in 1759 (wat die hertog van Bridgewater laat bou het om die steenkool uit sy myn te vervoer) het die era van Engeland se kommersiële kanaalvervoerstelsel ingelui (De Maré 1950:59; Mokyr 2009:209). Spoedig het die verbeterde vervoer die prys van steenkool gehalveer (Mokyr 2009:209). Die dalende vervoerpryse het die verspreiding van produkte na verafgeleë markte moontlik gemaak, en reeds in die laat-1700's was besoekers aan plattelandse dorpe verbaas oor die verskeidenheid produkte wat daar te koop aangebied is (Mokyr 2009:201).

Die kapasiteit van Engeland se binnelandse waterweë, wat in 1760 op 1,400 myl (±2,250 km) gestaan het, het tot in 1830 amper verdriedubbel tot 3,900 myl (±6,300 km) (Mokyr 2009:210). Die sukses van die kanale het tot hul eie ondergang gelei, aangesien die ekonomiese uitbreiding wat hulle aangewakker het, hulle mettertyd ontgroei het; en kanaalvervoer is uiteindelik deur spoorvervoer vervang (Rolt 1988:21).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.3.3 Seevervoer

Ook op die gebied van seevervoer was daar vooruitgang. Brittanje het lank reeds produkte na ander lande uitgevoer, en het Nederland in die vroeë 1800's as leier op die gebied van seilskeepvaart verbygesteek. Die land se industriële superioriteit het sy voorsprong bo ander lande, eers met die bou van ysterskepe, en later met die gebruik van stoomkrag, nog verder vergroot (Lindsay & Washington 1967:4; Mokyr 2009:217).

Seevervoer was ook baie belangrik vir die verspreiding van plaaslike produkte in Engeland. In 1910 het skepe wat heen-en-weer langs die Engelse kus bedrywig was, 59% van alle plaaslike vervoer hanteer, teenoor die spoorweë se 39% en die kanale se skamele 2% (Mokyr 2009:211).

2.2.3.4 Kommunikasie

Parallel met die ontwikkelings op die gebied van vervoer was ontwikkelings in kommunikasie. In 1866 is die Atlantiese telegrafie-kabel gelê en spoedig was groot dele van die wêreld in telegrafiese verbinding met Londen, wat die vermoë van die staat en die besigheidsman om nog meer welvaart te versamel, verder uitgebrei het (Lindsay & Washington 1967:46).

Voor 1840 was die koste van papier en posgeld per ons gewig so hoog dat min mense dit kon bekostig om 'n brief te stuur (Lindsay & Washington 1967:43-44). In 1840 is die befaamde *Penny Post* egter ingestel, waarvolgens die posgeld vir alle briewe slegs een pennie was. Daarmee saam is die gegomde, voorafbetaalde seël vir die eerste keer gebruik. Dit, en die poskoetsdiens wat alreeds in 1784 begin is, het gelei tot die vinnige, goedkoop en effektiewe posdiens so karakteriserend van die Victoriaanse tydperk (Mokyr 2009:206). Vanaf 1880, met die stigting van Bell en Edison se United Telephone Company, kon mense ook telefonies met mekaar kommunikeer (Wedd 2002:36).

2.2.4 Onderwys

Een van die kenmerkendste eienskappe van die negentiende eeu was die feit dat alle lede van alle gemeenskappe en stande toenemend die voordele en geleenthede kon geniet wat tot in daardie stadium die uitsluitlike voorreg van die aristokrasie was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onderwys was een van hierdie voordele (Lindsay & Washington 1967:71-72; Radner 1957:14).

It was the Victorians who first conceived of education as a formal process that would be crucial to the life of the nation and all of its citizens, with prescribed courses of study, and outcomes measurable by examination (Birch 2008:2). Hierdie stelling is 'n akkurate beskrywing van die idealistiese en verligte doelwitte van Victoriaanse onderwys, en die transformasie wat dit in die Britse samelewing sowel as in die opvoedkunde wêreldwyd teweeggebring het.

Die veranderinge in die onderwysstelsel was deel van die Victoriaanse strewe na 'n hoër lewenstandaard, en het die lewensuitkyk van en moontlikhede op selfverwesenliking vir elke sosiale klas in Engeland ingrypend beïnvloed (Woodward 1949:455). Matthew Arnold, bekende negentiende-eeuse digter en opvoeder, het hom onder meer daarvoor beywer dat onderwys nie slegs ekonomiese voordele moes hê nie, maar die mens in staat moet stel om die doelwitte van, soos hy dit gestel het, *a high reason and a fine culture* te bereik (Birch 2008:2).

Tot in die vroeë 1800's het die Britse regering geen bemoeienis met onderwys gemaak nie. Daar was geen verpligte onderwys of regeringsbydrae daartoe nie. Dit het daartoe gelei dat veral die kinders uit armer gesinne selde skoolonderrig ontvang het. In 1818 het slegs ongeveer 7% van die totale bevolking skoolgegaan, en by daardie persentasie is ingesluit kinders wat slegs vir 'n paar maande in totaal onderrig ontvang het (Hopkins 1979:73).

Daar was talle redes hiervoor, onder meer oningeligte ouers se bevooroordeeldheid teenoor onderwys en ekonomiese druk waaronder kinders van werkersklasgesinne so vroeg moontlik tot die gesinsinkomste moes begin bydra. Die indiensopleiding wat in die werkplek ontvang is, is as voldoende beskou. Die hooghartige en patermalistiese siening van die hoër klasse dat "te veel" opvoeding tot politieke oproer en onrus onder mense uit die laer stande sou lei, was ook 'n belangrike dempende faktor op onderwys van die laer klasse (Hopkins 1979:72; Woodward 1949:455).

Weens die feit dat daar geen owerheidsregulering bestaan het nie, het dit enige persoon vrygestaan om 'n skool te open, en die kurrikulum was ook op geen manier gereguleer nie. Daar was heelwat sulke privaat skole, hoofsaaklik gemik op die middelklas. Dit was dikwels die heenkome van ongetroude dames, soms met 'n lae vlak van skoling, of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mans wat op ander terreine van die lewe misluk het. Hoewel daar uitsonderings was, was die standaard van hierdie skole oor die algemeen laag (Hopkins 1979:70-72; Lindsay & Washington 1967:73).

Daar was ook welsynskole (Hopkins 1979:72; Woodward 1949:458; Kent 1973:165), tegniese skole vir groter kinders (Hopkins 1979:71) en die sogenaamde *mechanics' institutes* vir volwassenes (Woodward 1949:475). Vir die meeste arm kinders was die Sondagskool die enigste geleentheid om 'n mate van geleerdheid op te doen (Lindsay & Washington 1967:73). Sogenaamde *grammar schools* vir seuns is al sedert die 1400's deur weldoeners gestig (Lindsay & Washington 1967:74; Woodward 1949:465).

Die grootste bydrae van die Victoriaanse era tot die onderwys was die instelling van openbare skole (*public schools*). In 1870 het die staat vir die eerste keer verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om toe te sien dat alle kinders ten minste elementêre onderrig ontvang (Radner 1957:14; Woodward 1949:464) .

Engelse universiteite was lank die domein van die hoër stande en die onderrig wat daar plaasgevind het, was oor die algemeen nie van 'n hoë kwaliteit nie (Woodward 1949:471). Die twee oudste universiteite, Oxford en Cambridge, het teen die einde van die agtiende eeu die stelsel van geskrewe eksamens begin invoer (Roach 1962:176-177; Woodward 1949:471).

In die Victoriaanse era was daar 'n groeiende besef van die mag van kennis, nog 'n beginsel wat uit die Verligting gespruit het. Die middelklas-Victoriaan was intens gemoeid daarmee om homself te verbeter en op te voed, en geslagte Victoriane is grootgemaak op die basis van die idees gepropageer in boeke soos *Self-help*, in 1855 geskryf deur die Edinburgse dokter Samuel Smiles (Crowley 1998:7, Lindsay & Washington 1967:51).

Boeke en ander media wat toenemend as uitvloeisel van die Industriële Revolusie beskikbaar geraak het, het 'n belangrike rol gespeel in die verspreiding van kennis, menings en standpunte onder volwassenes (Outram 2005:15-17). Openbare uitleenbiblioteke wat sedert 1850 ontstaan het (Crowley 1998:48; Lindsay & Washington 1967:78), het 'n groot rol in die proses van volwasse onderrig gespeel. (Lindsay & Washington 1967:78-79). Koffiehuise, waar middelklas Victoriane toegang tot die nuutste koerante en tydskrifte gehad het en met mekaar idees kon uitruil, was ook belangrik (Outram 2005:17).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vroue was, wat die onderwys betref, tot die middel 1800's in 'n swak posisie. Victoriane se beskouing van die rol van geslag in onderwys het beslag gekry binne 'n konseptuele raamwerk waar die vrou as minderwaardig en onderdanig aan die man beskou is. Die algemene siening was dat vroue nie opleiding nodig gehad het nie, aangesien hulle nie tradisioneel die broodwinner van die gesin sou wees nie. Die sosiaal-aanvaarbare norm vir jong vroue was om deugsame privaatlewens te lei eerder as om openbare prestasies te behaal (Birch 2008:76).

2.2.5 Godsdiens

Die laat-Victoriaanse sosiale kommentator THS Escott het gesê: *The Victorian age is in fact above all others an age of religious revival* (Arnstein e.a. 1989:149). Dit spreek vanself dat die nuwe verligte lewensuitkyk wat dwarsdeur die Victoriaanse era al sterker na vore getree het, ook die Victoriaan sou dwing om krities na sy geloof en godsdiensbelewing te kyk. Die nuwe idees en opvattings het twee direk teenoorgestelde gevolge gehad. Enersyds was daar 'n groot evangeliese herlewing, en andersyds het die nuwe klem op die wetenskap talle intellektuele krities teenoor geloof laat staan.

2.2.5.1 Die Evangeliese herlewing (*Evangelical Movement*)

In die sewentiende en agtiende eeue was godsdiensbeoefening oor die algemeen nie 'n groot prioriteit in die gemeenskap nie, tot op die punt waar slegs ses mense in die jaar 1800 die Paasnagmaal in die St Paulus-katedraal in Londen bygewoon het (Lindsay & Washington 1967:85). Die toestand is in daardie stadium grootliks toegeskryf aan die laksheid en onbetrokkenheid van kerklike beamptes (Hopkins 1979:79; Lindsay & Washington 1967:85). 'n Groot deel van die adelstand het ook 'n swak voorbeeld gestel deur hul lae morele waardes, veral tydens die Regentskaptyd (ongeveer die eerste drie dekades van die negentiende eeu) (Spring 1963:263).

'n Nuwe gees, aangespoor deur die Metodiste-beweging, het posgevat (Lindsay & Washington 1967:85). Roberts omskryf die lewe wat hulle propageer het as een van gebed, Bybelstudie en ernstige moraliteit (1978:68). Hierdie sienings het ook na ander denominasies versprei.

In die nuwe industriële stede het kerkbywoning grootliks uitgesterf. Werkersklasmense het nog slegs die kerk besoek vir die sogenaamde *rites of passage*, soos doop, trou en begrafnis. 'n Beduidende minderheid het kerkvas gebly (McLeod 1974:x).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onder die middelklas was die sogenaamde *Sunday parade* die enigste gedrag wat sosiaal aanvaarbaar was. Die hele gesin, geklee in hul beste "Sondagklere", moes een of meer kerkdienste bywoon en die res van die dag deurbring met streng-gekeurde aktiwiteite wat by die heiligheid van die dag sou pas (Lindsay & Washington 1967:84).

2.2.5.2 Geloof versus die wetenskap en die Oxford-beweging (*Oxford Movement*)

Mense wat beïnvloed is deur die nuwe wetenskaplike idees wat in dieselfde tydperk op die voorgrond getree het, het dit moeilik gevind om hul geloof met die wetenskap te versoen. Die Christelike skeppingsmite (die skepping van die aarde binne ses dae deur God) is veral onder verdenking gebring deur die evolusieleer en nuwe ontwikkelings in die geologie, met verwysing na die ontdekking van fossiele wat klaarblyklik die evolusieleer ondersteun het en ook daarop gedui het dat die aarde en dus die menslike geskiedenis baie ouer is as wat algemeen in daardie stadium aanvaar is (Lindsay & Washington 1967:91; Sykes 1953:94).

By die Universiteit van Oxford het daar reeds in die 1830's 'n beweging ontstaan teen die invloed van die wetenskap op godsdiens, wat later as die *Oxford Movement* bekend geraak het. Die beweging het voortgebou op die beginsels van die Evangeliese herlewing (Woodward 1949:485), het 'n terugkeer na godsdiensbeoefening binne streng riglyne voorgestaan en veral op die waarde van gebed gefokus. Dit was in reaksie op wat Chadwick *the aridity of common sense* noem (1960:12).

2.2.6 Die ontwikkeling van filantropie

Dit is nie vreemd dat die toestande waaronder die armes geleef en gewerk het, in samehang met die evangeliese herlewing, tot die ontwaking van 'n sterk sosiale gewete gelei het nie. Baie mense het die lewensomstandighede van die werkersklas onhoudbaar gevind en pogings begin aanwend om hul lot te verlig (Curl 1990:12). Die Victoriaanse stad is toenemend gesien as *a monster* […] *devouring the health of its inhabitants* (Aslet 2008:237).

2.2.6.1 Werksomstandighede

Reeds so vroeg as 1784 het 'n groep dokters van Manchester aanbevelings gemaak ten opsigte van 'n korter werkdag vir kinders. Ten spyte van sterk openbare mening ('n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitvloeisel van die Verligting) het die regering stadig reageer. Amper 20 jaar later, in 1802, is die eerste fabrieks-wetsontwerp, die Health and Morals of Apprentices Act, ingedien, wat as belangrikste bepaling gehad het dat geen leerjonge toegelaat sou word om langer as twaalf ure per dag te werk nie (Hopkins 1979:54-55).

Die wet is opgevolg deur verskeie ander, wat min werklike verandering teweeggebring het, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die wette nie streng afgedwing is nie, en ook sterk teenkanting ervaar het. Daar was verskeie redes vir die teenkanting, waarvan die belangrikste die feit dat volwassenes nie hul take effektief kon uitvoer sonder hul handlangers (die kinders) nie, met die onvermydelike laer winsgewendheid (Hopkins 1979:59; Woodward 1949:148).

Verskeie kommentators het ook die tradisioneel Britse *laissez faire*-uitgangspunt gehuldig dat die regering so min moontlik in die werkinge van die samelewing moes inmeng, met die argument (totaal uit voeling met die werklikheid) dat dit enige persoon vry staan om die aantal ure te werk wat hy of sy sou verkies (Hopkins 1979:56).

Die voorstanders van fabriekswetgewing het voortgegaan om druk op die regering toe te pas. Die lewens van werkers in die fabrieke en myne is vergelyk met dié van koloniale slawe, en 'n sterk beweging ten gunste van 'n werkdag vir kinders van maksimum tien ure, die sogenaamde Ten Hours Movement, het momentum begin kry. Verskeie wetsontwerpe te dien effekte is ingedien, wat telkens kommissies van ondersoek tot gevolg gehad het. Kommissarisse het die werkersklas-areas besoek en getuienis vir en teen die saak ingewin. Hulle het hul telkens teen sterk teenstand van fabriekseienaars vasgeloop (Hopkins 1979:58; Tellegen & Wolsink 1998:17; Woodward 1949:431).

Die eerste werklik effektiewe wet is in 1833 aangeneem, met korter werkure vir kinders en voorsiening vir die aanstelling van inspekteurs om die wet toe te pas. Hoewel kinders tussen die ouderdomme van nege en twaalf se werkure na agt uur per dag gesny is, moes kinders tussen die ouderdomme van dertien en agtien steeds twaalf ure per dag werk (Hopkins 1979:59; Woodward 1949:145).

Die stryd om tien ure goedgekeur te kry, het voortgeduur, en Richard Oastler, die grootste kampvegter daarvoor, was besonder emosioneel in sy skriftelike aanvalle op die welvarende industrialiste. In 1836 skryf hy onder meer: *I never see one of these pious,* […] *murdering,* […] *saints, riding in his carriage, but I remember that the*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vehicle is built of infants' bones; that it is lined with their skins; that the tassels are made of their hair; the traces and harness of their sinews; and that the very oil, with which the wheels are greased, is made of Infants' Blood! (Hopkins 1979:60).

Verskeie wette is uiteindelik as gevolg van hierdie volgehoue druk deurgevoer, totdat werksure vir alle fabriekswerkers uiteindelik deur die wet van 1853 beperk is tot tien-en-'n-half ure per dag. Die onderskeie wette deur die jare het ook meer beskerming gebied aan vroue, en aandag gegee aan die veiligheid van werkers sowel as verpligte onderrig vir kinders (Hopkins 1979:61; Woodward 1949:589). Hierdie gebeure kan beskou word as 'n uitvloeisel van die Verligting-beginsel dat die openbare mening 'n wesenlike impak op die lewe van die gewone mens kan hê.

2.2.6.2 Lewensomstandighede

Wat die leefomstandighede van die werkers betref, het dit heelwat langer geneem vir die publiek om rondom die kwessie te mobiliseer. Hoewel verskeie wette wat optrede teenoor armes reguleer reeds vanaf die 1300's in Engeland aangeneem is, het hulp aan armes hoofsaaklik die verantwoordelikheid van kerklike gemeentes gebly. Kerke het die stelsel van werkhuise (*workhouses*) ingestel om verligting aan armes te bied (Brown 1979:27; Hopkins 1979:135-137). Werkhuise was instellings waar armes huisvesting, voeding en kleding ontvang het, maar in ruil daarvoor moes werk, en in die meeste gevalle het dit tot uiterste uitbuiting van die hulpbehoewendes gelei (Hopkins 1979:137-139).

Vroeë wette wat optrede teenoor armes bepaal het, is gewoonlik opgestel met die uitgangspunt dat werkloosheid 'n misdaad is wat deur strafmaatreëls uitgeroei kan word (Hopkins 1979:85). Openbare kommer oor die hoë sterftesyfer in die stede het nie voor die 1840's op die voorgrond getree nie, en min is gedoen aan die haglike lewensomstandighede van die werkersklas. Dit kan waarskynlik daaraan gewyt word dat die basiese higiëniese en lewenstandaarde van die deursnee Brit, ryk of arm, in daardie stadium veel laer was as tans, en dat daar nog nie voldoende kennis of bewustheid van die verband tussen siektes en swak higiëne was nie (Hopkins 1979:62; Woodward 1949:429).

Die hoë drankverbruik en gepaardgaande sosiale euwels het toenemende kommer onder die middelklas veroorsaak (Hopkins 1979:28). 'n Kragtige en invloedryke beweging

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teen drankmisbruik, die Temperance Movement, het in die middel van die eeu ontstaan en groot aanhang, ook in die Parlement, geniet (Hopkins 1979:28; Lindsay & Washington 1967:70). Politieke druk deur die beweging het uiteindelik gelei tot die aanvaarding van 'n Licensing Act wat onder meer kroeë se besigheidsure gereguleer het (Lindsay & Washington 1967:70).

Onder die invloed van skrywers soos Dickens en bekende vegters vir die regte van die armes soos Octavia Hill (1838 - 1912), het talle welgesteldes toenemend die lot van die armes as 'n gewetensaak aangeneem (Breckon ea 2000:44) en gehelp om skole, koshuise, sosiale klubs en hulpsentrums (*relief centres*) op te rig en te finansier. Betrokkenheid by hierdie tipe aktiwiteite (*slumming* genoem) het 'n tipe statussimbool geword (Lindsay & Washington 1967:65). In sy roman *Bleak House* dryf die tydgenootlike skrywer Charles Dickens die spot hiermee in die karakter van Mrs Jellyby wat haar eie huis en kinders afskeep ter wille van haar betrokkenheid by welsynsprojekte in Afrika (Dickens 1970:38). Daar was uiteindelik 'n groot aantal welsynsverenigings aktief in Engeland, en groot bedrae is op die verligting van armoede gespandeer (Hopkins 1979:139).

Beatrice Webb het geskryf dat talle lede van die welgestelde middelklas by welsynswerk betrokke geraak het omdat hul gedryf is deur 'n kollektiewe skuldgevoel oor hul eie welvaart terwyl die grootste gedeelte van die werkersklas, waaruit hul gestam het, steeds in uiterste armoede moes leef (Hopkins 1979:157).

2.2.6.3 Behuising

Reeds vanaf die vroeë 1700's was daar beyweraars vir beter behuising vir die werkersklas, hoewel sulke pogings in daardie stadium nog ver in die minderheid was. Een van die eerste landhere wat 'n modeldorpie op sy landgoed ontwikkel het, was admiraal Russell, wat alreeds tussen 1696 en 1704 'n dorpie vir sy werkers by Chippenham in Cambridgeshire gebou het. Verskeie ander dorpies het gevolg, waarvan die bekendste twee Nuneham Courtenay in Oxfordshire (Breckon ea 2000:44; Evans & Green 1982:89) en Milton Abbas in Dorset is (Aslet 2008:173; Evans & Green 1982:89). Hierdie twee dorpies het as modelle vir toekomstige projekte gedien (Evans & Green 1982:89). Die dorpies is as 'n organiese geheel ontwerp om aan die meeste van die werkers se daaglikse behoeftes te voldoen. Die werkers is gehuisves in ruim, goed-ingerigte behuisingskomplekse, omring deur boomryke parke en lanings, en met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voldoende speelplek vir kinders (fig. 2-2) (Hockman 1994:10; Wedd 2002:21). Albei bogenoemde dorpies is egter aangelê nadat die inwoners se vorige huise gesloop is (Aslet 2008:173; Breckon ea 2000:44), 'n feit wat nie alle inwoners se goedkeuring weggedra het nie (Aslet 2008:173).

William Lawson het verder as die vorige landhere gegaan en het in die tweede helfte van die negentiende eeu 'n progressiewe plaasgemeenskap op sy plaas Blennerhasset in Cumbria op die been gebring, met die nuutste wat die wetenskap en tegnologie kon bied vir elke denkbare landboutaak, goeie huise vir werkers en 'n skool, biblioteek, lesingsaal, konsertsaal en banketsaal. Lawson se utopiese visie was dat daar nie slegs voorsiening gemaak moes word vir die werkers se fisiese behoeftes nie, maar ook vir hul intellektuele en kulturele stimulasie. Die konsep het mettertyd as *high farming* bekend geraak. Die eksperiment op Blennerhasset het uiteindelik om finansiële redes misluk, aangesien die opbrengs van die boerdery nooit die paternalisties-geïnspireerde uitgawes kon dek nie. Dit doen geen afbreuk aan die feit dat dit 'n doelbewuste poging was om die lewens van werkers ingrypend te verbeter nie (Aslet 2008:177-181).

Dit was nie slegs welvarende landhere wat modeldorpies gebou het nie; talle filantropiese en verligte industrialiste het ook verantwoordelik gevoel vir die welsyn van hul werkers. Josiah Wedgwood het byvoorbeeld in 1770 'n dorpie vir die werkers in sy pottebakkerybedryf in Staffordshire opgerig (Evans & Green 1982:90) en die Strutt-familie het die werkers in hul katoenfabrieke in stewige kliphuise gehuisves (Breckon ea 2000:44). Die bankier John Harford het selfs in 1810 die argitek John Nash aangestel om 'n dorpie, Blaise Hamlet, vir sy afgetrede werkers te ontwerp (Evans & Green 1982:94).

Richard Arkwright, eienaar van verskeie katoenfabrieke in die dorpie Cromford in Derbyshire, het besef dat hy spesiale pogings sou moes aanwend om werkers na sy fabrieke in die afgeleë area te lok. Aangesien hy hele gesinne nodig gehad het vir die verskeidenheid take in die fabrieke, het hy in ongeveer 1776 begin om stewige, relatief-ruim *terraces* vir sy werknemers te bou, in plaas van die koshuis-tipe behuising wat dikwels deur werkgewers vir enkelpersone opgerig is. Hoewel die huise klein was, was dit groter as die huise van daaropvolgende generasies en het dit luukshede bevat soos kaggels en voldoende voorsiening vir lig en ventilasie. Arkwright het selfs aan sekere werkers 'n melkkoei elk geskenk. Hy het 'n kerk, winkels, 'n herberg en 'n mark in die dorpie gebou (Aslet 2008:131-138).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verskeie ander het in die volgende eeu gevolg (Wedd 2002:20). Onder meer het sir Titus Salt in die 1850's 'n dorpie, Saltaire, gebou met 560 modelhuise gegroepeer rondom sy reusagtige katoenfabriek (Wedd 2002:21). Dit is gevolg deur New Lanark van die kantoenfabriekeienaar Robert Owen; Port Sunlight deur Henry Lever, die seepmagnaat (Lindsay & Washington 1967:66; Wedd 2002:21); en Bournville, gebou deur die Cadbury-familie vir die werkers in hul sjokoladefabriek (Evans & Green 1982:91; Lindsay & Washington 1967:66).

Kritici wys daarop dat die uitgangspunt van die weldoeners essensieel paternalisties was en dat hierdie mense hulself verder verryk het deurdat die geld wat die werkers in hul fabrieke verdien het, gespandeer is in die besighede wat aan hulle behoort het (Breckon ea 2000:44; Evans & Green 1982:89). Daar word ook na die proses verwys as *social engineering* (Hockman 1994:12). Verskeie kommentators is van mening dat dit irrelevant is of die dryfveer van hierdie behuisingskemas filantropies of selfgesentreerd was; die feit bly dat dit gepoog het om werkers se menswaardigheid te herstel (Breckon ea 2000:44; Evans & Green 1982:89).

Uit hierdie konsep het later in die negentiende eeu ook voortgevloei die konsep van tuinvoorstede (*garden suburbs*), waar die klem al meer verskuif het van die bou van individuele huise in 'n voorstad na die ontwikkeling van 'n hele gemeenskap. Bedford Park in Wes-Londen is die vroegste voorbeeld van laasgenoemde (Aslet 2008:237-241; Breckon e.a. 2000:49).

Sosialistiese denkers en meningsvormers van die negentiende eeu het die toestande waaronder die oorgrote meerderheid van die werkersklas gewoon het, betreur. Hulle het die uitgangspunt gepropageer dat behuising 'n sosiale kwessie is eerder as 'n spekulatiewe besigheidsgeleentheid (*Garden Cities* 1972:10). Teen die middel 1800's was daar, weens die druk van hervormers, reeds verskeie bewegings aan die gang om die haglike lewensomstandighede van stedelike werkers te verlig (Breckon e.a. 2000:44).

Verskeie regeringsliggame het aandag gegee aan verbeterde openbare gesondheid, en behuising vir werkers het 'n gewilde gesprekspunt onder welvarende Victoriane geword (Hopkins 1979:109). Argitekte het planne vir bekostigbare huise wat aan die inwoner 'n meer menswaardige en gesonde bestaan sou bied, opgetrek, minimum vereistes is neergelê, en 'n hele aantal boeke is oor die onderwerp geskryf (Aslet 2008:176).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Prins Albert, Victoria se eggenoot, het 'n modelwoning ontwerp wat op die Great Exhibition van 1851 vertoon is (Crowley 1998:48; Hopkins 1979:109). Die huis het verskeie eienskappe gehad wat ongewoon was vir die tyd, soos byvoorbeeld die gebruik van hol bakstene ter wille van klankdigtheid, beter isolering en vermindering van klamheid in die mure (Crowley 1998:48; *Royal London* gd:52). Die gebruik van hout in die konstruksie is ook beperk (*Royal London* gd:52), wat die huise meer brandbestand gemaak het. Prins Albert was intens betrokke by die opheffing van die armes, tot so 'n mate dat hy in 1844 tot president van die Society for Improving the Condition of the Working Classes verkies is (Crowley 1998:48).

Daar is inderwaarheid meer as 70 modelhuise, onder meer huise van sinkplaat, by die Great Exhibition vertoon (Driver & Gilbert 1999:176). Tussen 1851 en 1865 het privaat instansies en maatskappye soos die Peabody Trust en die Metropolitan Association for Improving the Dwellings of the Poor modelbehuising in Londen begin oprig (Breckon ea 2000:44; Crowley 1998:48). Die besef van die belangrikheid van openbare ruimtes waar mense in die buitelug kan verkeer, het ook sodanig inslag gevind dat munisipaliteite onder meer parke begin aanlê het vir die gebruik van die algemene publiek. Birkenhead Park in Manchester word allerweë beskou as die eerste openbare park in Brittanje (fig. 2-3). Dit is in 1847 ontwerp deur Joseph Paxton, ontwerper van die Crystal Palace, en New York se beroemde Central Park is daarop gebaseer (www.bbc.co.uk/news/).

Die besef het geleidelik tot die owerhede deurgedring dat sekere standaard vereistes onontbeerlik is vir werkers se gesondheid en algemene welsyn. Ebenezer Howard, die bouer van Letchworth, die eerste sogenaamde *Garden City* ('n uitbreiding van die tuinvoorstad-konsep) in 1907, se vereistes vir menswaardige behuising was onder meer uitvoerbare behuisingsestetika, voldoende ruimte, en instandhouding van die omgewing. Sekere beginsels is in Letchworth in werking gestel wat mettertyd internasionaal as standaard aanvaar is. Onder meer het Howard die ideale hoeveelheid ruimte per persoon, die ideale verhouding van beboude grond teenoor landbougrond, voorsiening vir vervoerstelsels, en voorsiening in die behoeftes van siekes en bejaardes in ag geneem (*Garden Cities* 1972:12; Hockman 1994:10).

Richard Stuttaford, stigter van Suid-Afrika se Garden Cities Trust in 1919, het daarop gewys dat onvanpaste omgewings mense se gesondheid ondermyn, en dat die normale beleid om die uitgawes aan werkersklas-areas so laag as moontlik te hou nie ekonomies

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sin maak nie, aangesien die werkgewer uiteindelik gedwing word om aansienlik groter bedrae te spandeer aan verligtingsmaatreëls soos die verbreding van paaie en sanitasie- en openbare gesondheidstelsels (*Garden Cities* 1972:9).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

Victoriaanse argitektuur in Brittanje

3.1 Argitektoniese karakter

Die algemene argitektoniese karakter van die geboue in Engeland rondom die Victoriaanse era is sterk deur verskeie wydlopende en invloedryke tendense beïnvloed. Die belangrikste daarvan was die pittoreske beweging (*the Picturesque*), die Romantiek (*Romanticism*), die stylherlewingstendens en die Arts & Crafts-beweging. Hierdie tendense het nie in isolasie of in streng chronologiese volgorde voorgekom nie; daar was 'n groot mate van wedersydse beïnvloeding en oorvleueling. Argitekte het ook toenemend 'n deurslaggewende rol gespeel in die manipulasie van openbare smaak, en hul rol as invloedryke meningsvormers en stylaanduiders (*trend setters*) kan beswaarlik oorskat word.

3.1.1 Die pittoreske

Een van die mees rigtinggewende bewegings was die pittoreske, wat al vanaf die vroeë 1700's 'n invloed op al die kunste begin uitoefen het (Aslet 2008:25). Goodhart-Rendel haal die skrywer Christopher Hussey aan wat die pittoreske beweging beskryf as een van daardie koersveranderings wat die verloop van alle kunste beïnvloed het (1953:226). Stamp en Goulancourt beskou dit as die belangrikste vormende invloed onderliggend aan die ontwikkeling van Engelse residensiële argitektuur van die negentiende eeu (1984:21).

Die woord *pittoresk* is afgelei van die Latyn *pittoresco*, wat beteken "soos skilders dit doen". Die styl is sterk beïnvloed deur die landskap-skilderye van die agtiende eeu (Aslet 2008:95). Die pittoreske siening van kuns, argitektuur in hierdie geval, het begin wegbeweeg van die beginsels van proporsie en reëlmaat waarop klassieke argitektuur steun. Die klassieke, en veral die eenvoud daarvan, is deur aanhangers van die pittoreske onder meer selfs as belaglik, weersinwekkend en veragtelik beskryf (Curl 1990:19).

Hitchcock wys daarop dat die pittoreske nie 'n argitektoniese styl met spesifieke stilitstiese kenmerke is nie, maar 'n *point of view*, oftewel 'n benadering (1971:143). Argitektuur in die pittoreske idioom was ingestem daarop om 'n emosionele reaksie by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die aanskouer te ontlok weens die assosiasies wat die gebou met die idilliese verlede kon oproep (Evans & Green 1982:122). In die Victoriaanse era, waar 'n sterk reaksie op industrialisasie en verstedeliking na vore gekom het, het hierdie uitgangspunt groot aanklank by mense gevind. Volgens Goodhart-Rendel was die doelwit van pittoreske argitektuur om 'n behaaglike gevoel van melancholie by die aanskouer te verwek (1953:25), terwyl Kuijers dit beskryf as 'n informele benadering wat die visuele kwaliteite van die argitektuur beklemtoon (1988:35).

Sir John Vanbrugh was, wat argitektuur betref, die voorloper in hierdie "revolusie van smaak", soos dit ook genoem is. Hoewel Vanbrugh 'n dramaturg was en nie 'n opgeleide argitek nie, het hy in 1699 'n woning, Castle Howard, vir sy vriend lord Carlisle ontwerp. Soos moontlik van 'n dramaturg verwag kan word, was die styl van die gebou dramaties eerder as klassiek. Hoewel die styl heeltemal vreemd was, was dit in sekere kringe 'n onmiddellike sukses, en het Vanbrugh daarná 'n suksesvolle loopbaan as argitek gehad. Hy het nog talle huise ontwerp in dieselfde idioom; 'n sterk individualistiese bouwyse wat poog om die besoeker se gemoedstemming te manipuleer (Aslet 2008:96-8). Penoyre en Ryan noem hierdie uitdrukkingswyse Barok en skryf daaroor: [It is] *a style that owes little to convention and all to effect. It appeals, almost brutally, to the senses and hardly at all to the intellect* (1958:132).

Die beweging was in wese 'n anti-stedelike estetiek, wat die ingeperkte stedeling se romantiese verlange na die eenvoud van die lewe op die platteland vergestalt het. Een van die modes van die tyd wat deur hierdie tendens beïnvloed is en onder meer deur die Franse keiserin Marie Antoinette in die laat 1700's nagevolg is, was die bou van pittoreske kothuise as plattelandse ontvlugtingsplekke vir die rykes, die sogenaamde *cottages orné*, wat as "ornamentele kothuise" vertaal kan word (Aslet 2008:143; Lewcock 1963:121). Sulke kothuise het van buite net soos dié van die werkers op die landgoed gelyk, maar binne was dit toegerus met al die seëninge van die moderne beskawing, soos Goodhart-Rendel dit ietwat ironies stel (1953:27).

'n Verdere eienskap van die pittoreske beweging was die sterk individualiteit daarvan (Curl 1990:19). Geen twee huise wat deur die beweging beïnvloed is, lyk eenders nie, en daar kan geen lys van duidelik omskryfbare en definieerbare stylkenmerke vir pittoreske argitektuur opgestel word nie. Soos die ander tendense hieronder beskryf, was die pittoreske nie 'n stylrigting nie, maar 'n benaderingswyse (Kuijers 1988:33),

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangevuur deur Victoriane se verset teen industrialisasie, eenvormigheid en ontmensliking.

Die pittoreske beweging het uiteraard ook 'n groot invloed op landskapargitektuur uitgeoefen. Aanhangers van die styltendens het probeer om hul geboue op 'n artistieke wyse binne die landskap te plaas, en die geboue deur die natuurlike elemente te laat omraam, tot so 'n mate dat dit soms geforseerd voorgekom het (Evans & Green 1982:121; Goodhart-Rendel 1953:226). In hierdie era het die professionele landskapargitek ook na vore getree. In vorige eeue is daar reeds aandag aan tuine gegee, maar hoofsaaklik deur onopgeleide, hoewel dikwels talentvolle amateurs en eienaars van herehuise (Hunt ea 1992:139).

Die bekendste van die professionele landskapargitekte was Lancelot "Capability" Brown, wat sedert die middel 1700's groot bekendheid en gewildheid geniet het as sogenaamde *improver of grounds*. Hy is voorafgegaan deur verskeie ander, van wie William Kent seker die bekendste is. Tekenend van die noue verweefdheid tussen landskap en argitektuur het Brown mettertyd ook 'n gerekende argitek geword (www.britannica.com/), wat baie aandag gegee het aan die naturalistiese plasing van die gebou in die landskap, en die suksesvolle integrasie van al die elemente (Hunt 1992:140).

Dit is ook deur hierdie beweging dat die bou van *follies* mode geword het. Die woord *folly* is haas onvertaalbaar, en verwys na geboude strukture in allerlei verbeeldingryke vorms wat geen funksie het nie, maar in die tuine van die groot landgoedere geplaas is bloot ter wille van die dekoratiewe waarde daarvan (Evans & Green 1982:121; Jordan 1966:42). *Follies* word deur Crowley beskryf as argitektoniese ornamente of bisarre argitektoniese fantasieë, en kan die vorm aanneem van 'n monniklose abdy, verbeeldingskasteel net 'n fasade diep, tempel vir 'n gestorwe godsdiens, herskeppings van Stonehenge, of 'n boog bo-oor 'n laning wat nêrens heen lei nie (Crowley 1990:104). Vanselfsprekend was die bou van follies slegs die finansieel welvarende gedeelte van die bevolking beskore, volgens Headley en Meulenkamp *the folly builder* […] *indulges a natural urge to express eccentricity with all the resources of wealth and imagination he can muster* (1990:xix).

Argitekte het talle van die nuwe modeldorpies, waar die hele dorp as 'n eenheid ontwerp is, ook in die pittoreske idioom uitgelê. Die voorloper hiervan was die argitek John

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nash met die ontwerp van Blaise Hamlet in 1810 (Evans & Green 1982:90; Goodhart-Rendel 1953:27). Talle van die huise in modeldorpe en ander ontwikkelings is geïnspireer deur 'n reeks gepubliseerde werke, volledig met gebruiksinstruksies, huisontwerpe en sketse, wat groot gewildheid geniet het. Een van die belangrikste hiervan was die *Encyclopedia of cottage, farm and villa architecture* (1833) deur JC Loudon (Yorke 2005:27). Ander invloedryke werke was Francis Goodwin se *Rural architecture designs for rustic, peasants' and ornamental cottages, lodges and villas, in various styles of architecture* (1835) en *Rural architecture, or, A series of designs for ornamental cottages* (1836) deur PF Robinson (Wedd 2002:19).

3.1.2 Die romantiese beweging

Die pittoreske beweging is volgens Aslet geleidelik deur die romantiese beweging vervang (2008:199). Dit is problematies om 'n klinkklare onderskeid tussen die twee te tref, en geeneen van die geraadpleegde skrywers slaag daarin nie. Die terme *pittoresk* en *romanties* word dikwels as sinonieme van mekaar gebruik. Wat wel duidelik is, is dat die term *pittoresk* geleidelik in onbruik verval het en vervang is deur die term *romanties*. Volgens die aanlyn kunswoordeboek *Dictionary of Art* is Romantisisme 'n kunsvorm van die vroeë negentiende eeu wat die emosies op 'n dramatiese, forse wyse beklemtoon in teenstelling met die koue, logiese benadering van die klassieke, terwyl die pittoreske 'n beweging van die laat-agtiende eeu was wat eenvoud en ongekunsteldheid beklemtoon het (www.artlex.com). 'n Studie van die idees uiteengesit in Rogers se artikel oor Romantisisme bring aan die lig dat die Romantiek as 'n meer filosofiese benadering teenoor die lewe as geheel beskou kan word, terwyl die pittoreske benadering suiwerder op uiterlike vormgewing en plasing binne 'n landskap dui (2007:11-22).

Die beweging het ook, net soos die pittoreske, 'n sterk anti-stedelike gevoelsklimaat beliggaam en veral uiting gevind in romantiese landskappe en die romantiese plasing van geboue binne die landskap. Curl kom tot die gevolgtrekking dat die romantiese beweging ook, soos die pittoreske, grootliks beïnvloed is deur die verstedelikte mens se droom van ontvlugting. Dit was 'n romantiese verlange na die verlore plattelandse paradys - wat volgens hom egter nooit in die werklikheid bestaan het nie (1990:20).

Jordan beskryf die romantiese beweging as 'n vlug vanaf die wrede werklikheid na 'n droomwêreld, en voeg die element van verset by die sienings hierbo genoem. Volgens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom was dit 'n opstand teen tradisie sowel as vooruitgang, in die sin dat die aanhangers wou ontsnap van die verstedelikte, geïndustrialiseerde moderne wêreld, maar nie terug na die verlede nie. Hy gaan selfs so ver om die beweging 'n revolusie te noem; een wat die wêreld verander het en begin het met die Franse revolusie (1798) en geeïndig het met die Russiese (1917) (1966:42).

3.1.3 Die stylherlewingstendens en eklektisisme

Vanaf die sestiende eeu het Europese houtraamhuise van vorige eeue begin plek maak vir die klassisistiese argitektuurstyl met sy skoon en simmetriese lyne. Die hernieude belangstelling in die klassieke periode is onder meer aangevuur deur die populariteit van die tradisionele *Grand Tour*, oftewel 'n toer deur Europa wat op groot skaal deur welgestelde Britse en ander jong mans, en soms dames, onderneem is, en wat selfs jare kon duur (Black 1985:v).

Kennis van die klassieke geskiedenis en argitektuur is verder aangehelp deur 'n stortvloed publikasies daaroor, veral ná die ontdekking van die oorblyfsels van die antieke stede Herculaneum en Pompeii. Dit het stukrag verleen aan 'n retrospektiewe benadering wat neerslag gevind het in die klassisistiese tendens in argitektuur (Breckon ea 2000:30; Curl 1990:31). Kuijers argumenteer dat die klassisistiese benadering paradoksaal ook 'n manifestasie van die Romantiek was, aangesien albei gespruit het uit dieselfde terugskouende en idealiserende gees (1988:2).

Die Italiaanse argitek Andrea Palladio was aan die spits van hierdie argitektoniese rigtingverandering. Sy bekende werk *Quattro libri dell' Architettura* (*Vier boeke oor argitektuur*) wat in 1570 verskyn het, was 'n gedetailleerde studie van die ruïnes van antieke Griekeland en Rome, en toepassings daarvan op die argitektuur van die dag (Breckon ea 2000:30; Jackson & Day 1992:10). Hy het geboue volgens presiese wiskundige verhoudings ontwerp (Rybczynski 1997:211). So groot was sy invloed op die argitektuurtoneel dat daar van die verskynsel *Palladianism* gepraat word, oftewel die navolging van Palladio se ontwerpbeginsels (Breckon ea 2000:30; Jackson & Day 1992:10). Rybczynski noem hom die invloedrykste argitek van alle tye (2002:xvi).

Sommige skrywers gebruik die terme *Italianate* en *Neo-Renaissance* as sinonieme vir die klassisistiese herlewing (Aslet 2008:85; Goodhart-Rendel 1953:175).

Reeds in die aanloop tot die Victoriaanse periode het verveling, 'n behoefte aan verandering en 'n hunkering na die romantiese en pittoreske gelei tot 'n sterk reaksie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teen die gedissiplineerdheid en simmetrie van die gevestigde en aanvaarde (klassisistiese) argitektuurstyl. Die style van nuwe geboue het toenemend daarvan begin wegbeweeg (Breckon ea 2000:36). Style uit 'n groot aantal vorige Engelse periodes is geleen, aangepas en hergebruik (Penoyre & Ryan 1958:148). Die stylherlewingstendens was in wese Europees en het ook in die argitektuur van ander lande soos Duitsland en Frankryk gemanifesteer. Dit was dus nie beperk tot Engeland nie (Kuijers 1988:2).

Die stylherlewings het mekaar oorvleuel en nie in streng opeenvolging voorgekom nie. Daar bestaan geen afgebakende volgorde van herlewings, of algemeen-aanvaarde tydperke vir elke stylherlewing, of selfs eenvormige benamings vir die style nie.

Pogings om die style te skei, te benoem en in groepe te definieer is deur talle skrywers aangewend, met wisselende sukses. Noukeurige studie van 'n verskeidenheid skrywers se besprekings maak dit duidelik dat die herlewings in werklikheid in twee hooffases ontwikkel het, naamlik die Neo-Gotiek (sien 3.1.3.3) en die herlewings van plaaslike boustyle (sien 3.1.3.4). Yorke, wat die styl van huise uit die Victoriaanse era in groot detail beskryf, onderskei slegs tussen die Neo-Gotiek, klassisisme en Queen Anne, en groepeer al die ander saam onder die term *Revival style* (Yorke 2005:55-59). Barrett en Phillips doen dieselfde, maar noem die style wat Yorke die *Revival style* noem, die *Vernacular Revival* (1987:81-88).

3.1.3.1 Die Renaissance-herlewing (*Victorian Renaissance Revival*)

'n Beweging wat aansluit by die klassisistiese, is die herlewing van belangstelling in Italië en spesifiek die Renaissance-periode. Hoewel die pittoreske en romantiese bewegings direk teenoor die klassisistiese geposisioneer is wat uiterlike vormgewing aanbetref, kon die Victoriaanse periode nogtans nie aan die invloed van die Renaissance ontsnap nie, en skrywers, denkers en skilders van die dag het die periode intens bestudeer en Europa, veral Griekeland en Italië, druk besoek. Hul werke wat hierdeur tot stand gekom het, soos byvoorbeeld *The Stones of Venice* deur John Ruskin, het sienings sterk beïnvloed (Crowley 1990:68).

Die Renaissance-herlewing was ononderskeibaar deel van die klassisisme. Hoewel dit neerslag gevind het in 'n aantal geboue wat onder meer deur kommentators as *Italianate classicism* (Aslet 2008:85) of *in the palazzo manner* beskryf word (Hitchcock 1954:11), was dit hoofsaaklik 'n interieurstyl. Vooraanstaande persoonlikhede soos prins Albert

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het dit ondersteun en aangehang. Beoefenaars van die styl het interieurs sowel as meubels en toebehore in die styl ontwerp en gemaak. Volgens Crowley het die Italiaanse Renaissance dwarsdeur die Victoriaanse era 'n invloed op die totale argitektuur- en interieurtoneel uitgeoefen (1990:68).

3.1.3.2 Eklektisisme

Eklektisisme, oftewel die willekeurige samevoeging van geselekteerde elemente uit verskeie style, was 'n integrale kenmerk van Victoriaanse argitektuur, wat hand aan hand met die stylherlewings geloop het. Die ouer style het dikwels nie in suiwer gedaante herleef nie, maar in 'n eklektisistiese vermenging en samevoeging van verskeie style.

Eklektisisme het ook in interieurs uiting gevind, waar meubels en toebehore uit verskillende periodes na willekeur gemeng is (Aslet 2008:229). Dixon en Muthesius noem dit 'n tipies-Victoriaanse verskynsel, en daar is selfs skrywers wat eklektisisme as 'n selfstandige internasionale styl beskou. Volgens Kuijers is die meeste skrywers wat hy bestudeer het, dit met hom eens dat eklektisisme nie noodwendig blote nabootsing is nie, maar ook 'n uitdrukking van kreatiwiteit kan wees (1988:38).

3.1.3.3 Gotiese herlewing

Daar bestaan by alle geraadpleegde skrywers geen twyfel dat die Neo-Gotiek, wat sedert die tweede helfte van die agtiende eeu in gebruik gekom het (Breckon ea 2000:41), die vroegste herlewing van die Victoriaanse era was nie. Dit is gelyklopend met die klassisistiese styl gebruik.

Hoewel die klassisistiese styl populêr gebly het, en veral gewild was om 'n effek van waardigheid en permanensie aan 'n gebou te verleen, het die Neo-Gotiek alreeds vanaf die middel van die agtiende eeu begin veld wen (Lindsay & Washington 1967:102; Stamp & Goulancourt 1984:24). Volgens Barrett en Phillips was die Neo-Gotiek en die klassisisme die gewildste en langdurigste herlewingstyle, aangesien dit 'n mate van grootdoenerigheid sowel as die potensiaal vir versiering, albei onontbeerlik vir die vooruitstrewende Victoriaan, gebied het (1987:11).

Die Neo-Gotiek is geïnspireer deur nuutgevonde belangstelling in die Middeleeue, wat weer aangespoor is deur die studie van Middeleeuse ballades. Yorke skryf in 'n ietwat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

neerhalende toon dat die Gotiese herlewing geïnspireer is deur mistige, skilderagtige landskappe en romantiese verhale van Engeland se Middeleeuse verlede (2005:31), dus weer eens beeldend van die Victoriaan se verlange na die geïdealiseerde verlede.

Die term Gotiek is in werklikheid as 'n belediging bedoel deur die klassisistiese argitekte wat die argitektuur beskryf het as so barbaars soos die Gote self, en dit dien op gelet te word dat die styl nooit in sy eerste fase (vanaf ongeveer 1200 tot 1500) die naam gedra het nie, maar dat dit vanuit 'n agterna-perspektief daaraan gegee is (Penoyre & Ryan 1958:47; Yorke 2005:33).

Een van die grootste eksponente van die Gotiese herlewingstyl was die argitek Augustus Pugin (1812 - 1852), wat die mening toegedaan was dat dit nie slegs 'n boustyl was nie, maar die beliggaming van 'n wêreldbeskouing gebaseer op geloof (Aslet 2008:169; Lindsay & Washington 1967:102). Die vroeë Neo-Gotiese herlewings is ook dikwels *Christian architecture* genoem (Yorke 2005:34). Neo-Gotiek was dan ook feitlik sonder uitsondering die styl van keuse vir kerkargitektuur, maar ander groot geboue soos stadsale, hospitale en geregshowe is ook in die styl ontwerp. Die Victoriane het groot klem gelê op die gepastheid van spesifieke style vir spesifieke gebruike (Avery 2003:62; Curl 1990:31).

'n Hewige stryd tussen die twee style het lank gewoed, tot so 'n mate dat daar algemeen van die *battle of the styles* gepraat word. (Sommige kommentators brei hierdie beskrywing uit nie slegs na die bogenoemde as hulle van die *battle of the styles* praat nie, maar na die stryd tussen al die herlewings van die Victoriaanse era.) Die keerpunt in die stryd tussen die klassisisme en die Neo-Gotiek was die besluit om die nuwe Britse parlementsgebou in die Gotiese herlewingstyl te bou nadat die vorige gebou in 1834 afgebrand het. Dit is op daardie punt dat die Neo-Gotiek finaal die oorhand oor die klassisisme gekry het (Jackson & Day 1992:12; Stamp & Goulancourt 1984:24). Breckon ea beweer dat die Middeleeue tydens die Victoriaanse era toenemend beskou is as *the cradle of our liberties, the essence of Englishness*, en dat die aanhang van die Gotiese styl dus ook 'n politieke standpunt vergestalt het (2000:36). Dit is dus gepas dat die stryd simbolies gewen is met die ontwerp vir 'n gebou met 'n essensieel-politiese doel.

Daar was 'n groot variasie van style binne die Neo-Gotiek. Die drie belangrikste variante, volgens Thomas Rickman in sy boek *Attempt to Discriminate the Styles of*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

English Architecture (1819), was die vroegste een Vroeë Engelse (*Early English*, ook deur andere genoem *first pointed* of *Gothick*), gevolg deur die Versierde *(Decorated* of *middle pointed*) en die Regop (*Perpendicular* of *third pointed*), die laaste uitdrukkingsvorm van die styl (Avery 2003:62). Verskeie variante het ook nog op elke variant voorgekom. Die styl met al sy variante het tot laat in die Victoriaanse era gewild gebly (Avery 2003:47; Crowley 1990:63).

Die Gotiese herlewingstyl is nie net vir kerke en groot institusionele geboue gebruik nie, maar ook algemeen vir huise aangewend. Voorbeelde is Pugin se eie huis, The Grange, en die herehuis Strawberry Hill, wat in 1750 deur sy eienaar vergoties is met die byvoeging van Middeleeuse torinkies, kantele en spitsboogvensters (Aslet 2008:141; Breckon ea 2000:37). Talle huise vir die middelklas is ook in hierdie styl gebou, en kan steeds gesien word in dele van Oxford en in voorstede van Londen soos Hampstead en Highgate (Breckon ea 2000:47). Jackson en Day is van mening dat die gebruik van die Neo-Gotiese herlewingstyl vir woonhuise nie suksesvol was nie, juis vanweë die feit dat dit op middeleeuse kerkargitektuur gebaseer is (1992:12). Stamp en Goulancourt stem saam met hierdie siening, en noem die woonhuis die Neo-Gotiek se grootste mislukking (1984:24). Die argitektoniese kenmerke van die styl word in 3.3.3.2 beskryf.

3.1.3.4 Herlewing van plaaslike argitektuur (*Domestic Revival*)

Die tweede ontwikkelingsrigting was die herlewings van vroeëre Engelse style. Dit word die *Domestic Revival* of die *Vernacular Revival* genoem, aangesien die meeste van die style wat herleef het, eg-Engels was.

Die oorgrote meerderheid van middelklas- en werkersklashuise is gedurende die eerste paar dekades van die negentiende eeu steeds in 'n Georgiaanse styl opgerig. 'n Hele verskeidenheid van wat Penoyre en Ryan *fancy-dress styles* noem (1958:148), het op die voorgrond begin tree, en daar word algemeen na hierdie tendens verwys as die *Domestic revival* (vry vertaal as "herlewing van plaaslike argitektuur"). Sommige kommentators gebruik ook die term *Vernacular Revival*. Die term *Old English* word ook hiervoor gebruik, maar meer spesifiek om plattelandse argitektuur aan te dui (Jackson & Day 1992:13; Stamp & Goulancourt 1984:24).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voorbeelde van die Engelse style wat herleef het, is Queen Anne, Elizabetaans, Tudor, Jakobeaans en Stuart, en ook vermengings van style, soos die terme Tudorbethan (vermenging van Tudor en Elizabetaans) en Jacobethan (vermenging van Jakobeaans en Elizabetaans) byvoorbeeld aandui (Barrett & Phillips 1987:52). Sommige skrywers se pogings om die herlewings te beskryf en te benoem het gelei tot vreemde (soms tong-in-die-kies) benaminge soos *By-pass variegated, Bric-á-Brac* en *Quality Street Georgian* - inderdaad die *quaintly named characters* waarna Hitchcock hieronder in 3.1.3.5 verwys (Goodhart-Rendel 1953:6; Lancaster 1963:7-8).

Queen Anne

Een van die belangrikste en standhoudendste herlewingstyle is die styl wat as Queen Anne bekend geraak het (Avery 2003:16; Yorke 2005:57-9). Die styl word volledig beskryf in 3.3.3.2. Verskeie kommentators wys daarop dat die term onverklaarbaar is, aangesien daar geen verband tussen dié besondere monarg of haar regeringstyd (1702 tot 1714) en die argitektuurstyl gelê kan word nie (Crowley 1990:96; Goodhart-Rendel 1953:163). Die *Queen Anne Movement* is 'n etiket wat geheg is aan 'n klein groepie kunstenaars, argitekte en ontwerpers van die 1870's, dus 'n jonger generasie as die ouer, gerekende argitekte soos Augustus Pugin en George Gilbert Scott (1811-1878). Van die belangrikste argitekte van hierdie nuwe beweging was Richard Norman Shaw (1831-1912) en Philip Webb (1831-1915) (Crowley 1990:96).

Die term en styl het wyd bekend geraak deur die gebruik daarvan vanaf 1875 vir die ontwikkeling van die sogenaamde *garden suburb* (tuinvoorstad) Bedford Park in Londen. Hierdie huise het die terugkeer na 'n menslike skaal ingelui, aangesien daar moeite gedoen is om hulle binne 'n ruim tuin en aangename omgewing te plaas (Jackson & Day 1992:13), vandaar die benaming tuinvoorstad. Die huise het almal 'n klein tuintjie voor en 'n groter een agter. Die styl is tot so 'n mate met die voorstad geassosieer dat sommige skrywers selfs na die Bedford Park-styl verwys (Barrett & Phillips 1987:90). Hoewel daar skrywers is wat konstateer dat die styl vir die eerste keer in die Bedford Park-ontwikkeling gebruik is, wys Avery daarop dat dit alreeds vanaf die 1860's gebruik is. Dit het groot populariteit in dele van Londen soos Chelsea en Kensington geniet. Die styl word ook intiem met die estetiese beweging (sien 1.5) geassosieer (Avery 2003:18-19).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die herlewings hierbo beskryf, word deur talle kommentators beskou as deel van die romantiese of pittoreske benadering, in die sin dat dit 'n geïdealiseerde en verromantiseerde wêreld-beskouing uitdruk, en *die eskapistiese ingesteldheid bevredig en bevorder* (Kuijers 1980:34). Breckon ea is van mening dat hierdie herlewings nie altyd suksesvol was nie, aangesien talle pogings volgens hulle vulgêr en grootdoenerig was (2000:48). Die argitektoniese kenmerke van die styl word in 3.3.3.2 beskryf.

Arts & Crafts

Die laaste fase van die *Domestic Revival* is die huise wat onder die invloed van die Arts & Crafts-beweging opgerig is (sien 1.4). Ook hierdie styl het tot in die 1920's en selfs later gewild gebly (Barrett & Phillips 1987:14; Jackson & Day 1992:13). Die argitektoniese kenmerke van die styl word in 3.2.3 beskryf.

Ander

Herlewings in Victoriaanse Engeland het nie uitsluitlik in die eie verlede gedelf nie. Victoriaanse bouers en argitekte het hul ook na ander lande gewend vir inspirasie, soos byvoorbeeld na Egipte en die Ooste, veral Japan (Crowley 1990:100), Griekeland en Switserland (die bou van Switserse *chalets*, soms as *follies* of speelhuise vir kinders, was hoogmode) (Evans & Green 1982:100,137).

3.1.3.5 Kritiese beskouing van die verskynsel van herlewings en eklektisisme

So groot was die verskeidenheid herlewings en die variante op elkeen dat dit gelei het tot bespotting vanuit akademiese geledere. Hitchcock beskryf op ligte toon die argitektuur van die periode as volg: [it] *rather resembles one of those endless novels typical of the period, over complicated in plot and subplot, and crowded with quaintly named characters* (1976:vii).

Die algemene persepsie het ontstaan dat die argitekte van die dag nie in staat was tot oorspronklike denke nie. Onder meer verwys Penoyre en Ryan na 'n proliferasie van *olde Tudor tea-shoppes* en Jakobeaanse vulstasies (Penoyre & Ryan 1958:12) en Goodhart-Rendel noem dat negentiende-eeuse argitekte algemeen beskou is as blote verkwanselaars van style (1953:20). Lancaster, soos altyd tong-in-die-kies, meen dat daar geen rede bestaan om nie sommer al die style te laat herleef as daar eenmaal met die tendens begin is nie, en dat dit presies die lot is wat negentiende-eeuse argitektuur in Brittanje getref het (1963:68).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Crowley is besonder fel in sy kritiek en verwys na 'n fiksasie met historiese style, wat hy as 'n argitektoniese krisis beskryf. Hy meen dat die paradoksale situasie ontstaan het waar die Victoriane, wat op haas elke ander gebied verstommende ondernemingsgees en vindingrykheid openbaar het, klaarblyklik met geen vernuwende denke ten opsigte van argitektuur vorendag kon kom nie en konsekwent op historisisme moes terugval (Crowley 1990:61-63).

Alle skrywers is nie so krities oor die stylherlewingsverskynsel nie. Hitchcock wys daarop dat al die hergebruikte style op nuwe, unieke maniere aangewend is. Ten spyte van die stilistiese verskille wat die gevolg van die eklektisistiese benadering was, vertoon die style tog 'n eenheid wat verkry word deur die tipies negentiende-eeuse vitaliteit waarmee dit hanteer is. Hy beskryf die opeenvolging van herlewings as *the many-voiced architectural music of the Victorian Age* (Hitchcock 1976:15, 21).

Jackson en Day beskou Victoriaanse argitektuur enersyds as gemaksugtig en self-koesterend, aangesien geboue volgens hulle dikwels 'n blote samevoeging was van stylelemente wat die argitek of kliënt aantreklik gevind het. Hulle is tog van mening dat so 'n eklektiese, historisistiese benadering nie noodwendig in 'n negatiewe lig beskou hoef te word nie, aangesien die style wat so ver van die klassieke ideaal afgewyk het, gesien kan word as 'n uitdrukking van Victoriane se nuutgevonde selfvertroue (1992:12).

Goodhart-Rendel verdedig ook die herlewingstendens deur te verklaar dat kritici wat onbewus van die essensiële waardes onderliggend aan die argitektuur is, geneig is om dit af te maak as onoorspronklike na-apery, aangesien die formele elemente daarvan hul enigste kriteria is en die innoverende aanwending van daardie elemente grootliks geïgnoreer word (1953:15).

In sy uitgebreide besinning oor die kwessie toon Kuijers aan dat die argitekte van die negentiende eeu hul in 'n heel ander wêreld met heel ander eise as hul vorige eweknieë bevind het. Hy argumenteer oortuigend dat, hoewel daar ook argitekte was wat die herlewingstyle "misbruik" het, die meeste van hulle die historiese style op innoverende wyse herinterpreteer het binne die totaal nuwe konteks van 'n geïndustrialiseerde, verstedelikte leefwêreld. Hy sien stylherlewingsargitektuur as *eweseer 'n konkretisering van 'n retrospektiewe uitkyk as 'n worsteling met eietydse probleme voortspruitend uit ongekende tegnologiese vooruitgang en snel veranderende maatskaplike*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede (1988:16-30). Uit 'n teoretiese oogpunt gesien, dui die die EF-as van die Burden-model hierdie wisselwerking tussen eietydse en tradisionele kultuur aan, en toon dit aan hoe die tradisionele die eietydse oor die hele spektrum kan beïnvloed.

3.1.4 Die Arts & Crafts-beweging

'n Beweging wat net so 'n groot impak op die kunswêreld gehad het as die Romantiek en die pittoreske, was die Arts & Crafts-beweging. Dit het laat in die negentiende eeu ontstaan onder leiding van die Britse sosiale hervormers John Ruskin (1819 - 1900) en William Morris (Miller 2004:8). Die beweging het gegroei uit die Arts & Crafts Exhibition Society wat in 1888 gevorm is met die doel om 'n platform vir al die visuele kunste daar te stel (Keath gd:12). Volgens Miller het hierdie beweging tot 'n algehele herdefinisie van die dekoratiewe kunste gelei (2004:8).

Die Arts & Crafts-beweging was ook, soos die bogenoemde tendense, 'n reaksie op die verstedeliking en massa-produksie van die Victoriaanse era, en word onder meer gesien as 'n aanval op die Victoriaanse waardesisteem (Crowley 1990:129). Die beweging was meer as 'n modestyl - dit was 'n leefwyse, en het veral klem gelê op drie belangrike beginsels, naamlik die tradisionele handvaardigheidskuns, die gebruik van natuurlike en plaaslike materiale, en die funksionaliteit van objekte (Miller 2004:8,9). Die Arts & Crafts-beginsels was onderliggend aan talle leefstylfasette en het onder meer uiting gevind in kleredrag, gebruiksartikels, gewoontes, wonings en kleurgebruik (Crowley 1990:129).

Wiliam Morris word beskou as die vader van die Arts & Crafts-beweging en sy sterk invloed kan onder meer toegeskryf word aan die feit dat hy 'n ontwerpteoretikus sowel as 'n praktiserende ontwerper was. Morris is as sosialis sterk beïnvloed deur Ruskin, en het 'n voorstander geword van "kuns vir die mense, deur die mense". Albei van hulle het geglo in die adel van tradisionele handvaardighede, en wou die vakman se trots op sy handewerk herstel. Morris wou ook die gemaklike funksionaliteit wat alledaagse gebruiksvoorwerpe volgens hom verloor het, herstel (Crowley 1990:129).

Morris en sy kring kunstenaarsvriende het hulself die *pre-Raphaelites* genoem; 'n beweging of "broederskap" gebaseer op humanistiese, Christelike ideale. Hulle het 'n Middeleeuse lewenstyl aangehang, en het selfs hul klerestyl op Middeleeuse ontwerpe gebaseer (Crowley 1990:89; Evans & Green 1982:151).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Morris het in 1858 vir homself 'n huis, Red House (fig. 3-1), geleë in Bexleyheath buite Londen, laat ontwerp deur sy argiteksvriend Philip Webb. Weens die feit dat hulle nêrens artikels soos handgemaakte meubels, teëls en gebrandskilderde glas na hul smaak vir die huis kon vind nie, het hulle begin om dit self te vervaardig (Wedd 2002:29). Voortvloeiend daaruit het Morris in 1861 saam met vriende 'n ontwerpwinkel *Morris, Marshall, Faulkner & Co* (later bekend as *Liberty's*) geopen (Baldry gd:36), waarvandaan sy ontwerpe en idees die denke van die dag beïnvloed het (Crowley 1990:129). Sy beroemde woorde: *Have nothing in your houses that you do not know to be useful or believe to be beautiful*, word vandag nog as die wekroep van die Arts & Crafts-beweging beskou (Crowley 1990:129; Miller 2004:7-9).

Morris se utopiese ideale was nie altyd in die praktyk haalbaar of volhoubaar nie en dit wil voorkom asof talle van sy latere ontwerpe tog 'n toegewing aan openbare druk en smaak was, en ook deur middel van massaproduksie vervaardig is (Crowley 1990:132). Die probleem was dat die basiese beginsel waarop die beweging geskoei was, ook die saad van sy ondergang gedra het, naamlik dat kuns wat tydsaam en arbeidsintensief vervaardig is, nie vir die armer lede van die samelewing bekostigbaar was nie, en juis daardeur 'n snobwaarde en onbereikbaarheid verwerf het, direk teenstrydig met die sosialistiese ideaal waarmee Morris besiel was (Stamp & Goulancourt 1984: 27).

Hoewel die Arts & Crafts-beweging hoofsaaklik interieurs en lewenstyl beïnvloed het en daar ook geen stel stylelemente of -reëls bestaan wat as die Arts & Crafts-argitektuurstyl beskryf kan word nie, het die beweging tog 'n groot invloed op die argitektuur uitgeoefen deur die gebruik van handvervaardigde items gemaak van plaaslike materiale deur plaaslike vakmanne (Breckon ea 2000:48).

Onderliggend aan die Arts & Crafts-beweging lê die leringe van die skrywer en sosialis John Ruskin. Ruskin was, soos voorheen genoem, 'n kontroversiële figuur, wat nogtans sy tydgenote se wêreldsiening ten diepste beïnvloed het. Ruskin was immer gemoeid met die menslike toestand en kritiese bepeinsing ten opsigte van die ideale leefstyl. Sy sienings van die waardigheid van hande-arbeid en van die vakman as 'n miskende kunstenaar was invloedryk, en sy uitspraak dat werk in fabrieke die mens van sy menslikheid beroof, het tot 'n sosiale omwenteling gelei (Aslet 2008:198).

Ruskin was ook instrumenteel, saam met andere, in die stigting van verskeie vakmansgildes geskoei op die lees van die Middeleeuse gildes (Evans & Green

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1982:151; Miller 2005:10). Hoewel hy verskeie boeke oor die onderwerp die lig laat sien het, is Goodhart-Rendel van mening dat Ruskin se invloed op argitektuur oorskat word (1953:135). Dit mag wees dat Goodhart-Rendel die fout begaan om te soek na definieerbare stylelemente wat na Ruskin herlei kan word, terwyl die beweging se invloed, soos genoem, meer op die vlak van die denkwyses daaragter te bespeur was.

Stamp en Goulancourt stem hoegenaamd nie met Goodhart-Rendel saam nie. Volgens hulle was daar geen denker wie se invloed op die argitektuur van sy tyd groter was as dié van Ruskin nie (1984:20). Hierin word hulle ondersteun deur Muthesius, wat aan die begin van die 20ste eeu aan die Duitse ambassade in Londen verbonde was en intens belanggestel het in Britse kuns in die algemeen en argitektuur in die besonder. Volgens Muthesius was Brittanje die onbetwiste voorloper op die gebied van argitektuur in die negentiende eeu. Die twee dele van sy invloedryke werk, *Das Englische Haus*, is in 1904 en 1905 gepubliseer. Muthesius se werk word steeds wyd gelees en sy opinies algemeen aanvaar, aangesien hy, volgens Stamp en Goulancourt, met die objektiwiteit van 'n buitestaander na die Britse argitektuur gekyk het (Stamp & Goulancourt 1984:14).

3.1.5 Die estetiese beweging (*Aesthetic Movement*)

Dit is belangrik om ook kortliks te verwys na die estetiese beweging, wat volgens Wedd die dominante invloed in interieurontwerp vanaf die laaste kwart van die negentiende eeu was (2002:38). Die tendens word dikwels beskryf as *art for art's sake*, in teenstelling met die Arts & Crafts-ideaal van *art by the people for the people* (Aslet 2008:185; Crowley 1990:129). Hierdie beskrywings lig die belangrikste verskil tussen die twee bewegings uit, naamlik die feit dat die estetiese beweging gefokus het op die estetiese waarde van kuns, teenoor die Arts & Crafts wat kuns ter wille van sosio-politieke agendas bedryf het (Denney 2000:37).

Die estetiese beweging is bevorder deur prominente figure soos die skrywer Oscar Wilde en die skilder James McNeill Whistler. Dit was oorspronklik 'n reaksie teen die oordadigheid en opgesmuktheid van die laat-Victoriaanse periode, en is sterk beïnvloed deur die eenvoud en suiwerheid van Japannese ontwerpe. Die tydskrif *Punch* het genadeloos gespot met die "estete" se *mania for spindly ebonized chairs and peacock feathers* (Barret & Phillips 1987:13; Wedd 2002:38-41). Die tendens, met sy viering

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die vroulike vorm en gemoeidheid met voorheen-verbode onderwerpe, was ook 'n sterk reaksie teen Victoriaanse repressie (Denney 2000:39).

3.2 Algemene stylkenmerke

3.2.1 Dubbelverdiepings

Sekerlik een van die mees prominente algemene kenmerke van die oorgrote meerderheid huise in Engeland voor, tydens en ná die Victoriaanse era, is die feit dat woonhuise uit meer as een verdieping bestaan. Enkelverdieping geboue is die absolute uitsondering in alle dele van die land, uitgesluit die heel eenvoudigste, oudste kothuisies van plattelandse werkers.

Eeue lank was die tipiese werkerskothuis baie klein, nie veel meer as 'n blote beskutting teen die elemente nie. Vanaf die middel van die sestiende eeu het kothuise groter en meer substansieel geword, en verdiepings bygekry (Betjeman 1982:9-11). Die bouers van die woninkies was steeds beperk tot die boumateriaal wat in hul omgewing verkrygbaar was, en aangesien daar in Engeland so 'n groot geologiese variasie op sulke kort afstande voorkom, kan 'n mens volgens Evans en Green 'n groter verskeidenheid boustyle en -materiale binne korter afstande as enige ander land ter wêreld waarneem (1982:23).

Daar word verskeie moontlike redes aangegee vir die oorheersende gebruik van die dubbel- of multiverdiepinggebou in Brittanje en elders in Europa. Vanaf die twaalfde eeu het huise van meer welvarende mense begin wegbeweeg van die argetipiese huis uit die Saksiese en Vroeg-Middeleeuse periodes, waar dit normaalweg slegs uit een groot saal of ruimte bestaan het. In daardie een saal het alle aktiwiteite van die opperheer, sy gesin, afhanklikes en knegte, en in sommige gevalle sy diere ook, plaasgevind. 'n Toenemende begeerte na privaatheid het daartoe gelei dat daar 'n tweede verdieping in die groot saal ingebou is, waarheen die landheer en sy gesin hul kon terugtrek. 'n Tweede verdieping is ook soms as bergplek vir waardevolle eiendom ingebou (Aslet 2008:26; Breckon ea 2000:11).

Die sogenaamde *cruck houses*, wat ook 'n voorloper van die dubbelverdiepinggebou is, word in die weste van Engeland aangetref. Die woord *cruck* het dieselfde oorsprong as die woorde "kruk", "vurk" of "kruis" (Aslet 2008:41; Breckon ea 2000:13). *Crucks* word gevorm deur 'n groot boomstomp wat in die lengte middeldeur gesaag is en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sodoende twee groot geboë krukke of stutte gevorm het. Die stutte word in pare in die grond ingeplant sodat die bopunte teen mekaar rus, en vorm dus die mure sowel as die dak. Die openinge tussenin is met panele van klei-en-lat ingevul (fig. 3-2). Deur die gebruik van *crucks* in teenstelling met 'n dak in die kapstyl (A-lyn) is die interne ruimte van die huis aansienlik vergroot, sodat 'n tweede verdieping ingepas kon word (Aslet 2008:41; Breckon ea 2000:13).

'n Ander faktor betreffende die voorkoms van dubbelverdiepings was die feit dat uitbreiding buite die grense van Middeleeuse dorpies om twee redes moeilik was, naamlik die omringende mure om gefortifiseerde dorpies (Breckon ea 2000:25), en die lappies grond wat kleinboere onmiddellik buite die grense van die dorp ingevolge die pagstelsel bewerk het (Avery 2003:8). Die bouers het, veral sedert die Tudor-era, die probleem opgelos deur opwaarts te bou in plaas van sywaarts (Breckon ea 2000:25). Die gewoonte om multiverdiepinghuise te bou, is dus diep in die Europese kultuur ingebed.

Hoewel die meeste kothuise enkelverdieping is, is daar ook talle plattelandse kothuisies, veral uit latere tydperke, wat dubbelverdieping is. Evans en Green se werk oor Engelse kothuise bevat bykans 100 voorbeelde.

Groter enkelverdieping huise word in Engeland *bungalows* genoem, 'n Hindoe-woord wat *van Bengale* beteken. Hoewel daar aanvanklik op sulke geboue neergesien is as minderwaardig as gevolg van die assosiasie met die laer stande, is daar veral in die Arts & Crafts-idioom heelwat sulke huise ontwerp. Alleenstaande enkelverdiepinghuise in Engeland is en bly 'n groot uitsondering (Evans & Green 1982:156).

3.2.2 Skakelhuise (*Terraces*)

'n Tweede algemene kenmerk van Britse huise is die feit dat min huise alleenstaande is, veral in die stede. Dit kan gewyt word aan die feit dat die meeste bouwerk wat in Engelse stede plaasgevind het, die werk van spekulatiewe bouers was wat bloot uit 'n ekonomiese oogpunt na behuising gekyk het. As sodanig wou hulle dus hul winste maksimaal vergroot, en het dit onder meer bewerkstellig deur middel van die bou van *terraces*, wat so 'n algemene gesig in Engelse stede is (fig. 3-3).

Die voor die hand liggende vertaling van die Engelse woord *terrace* is *skakelhuis*. In Suid-Afrika het die woord *skakelhuis* 'n spesifieke betekenis, te wete twee enkelverdieping eenhede wat in 'n spieëlbeeld aan mekaar vasgebou is. Die woord

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

terraces sal dus in hierdie studie gebruik word om die lang rye multiverdieping aaneengeskakelde huise van Engeland aan te dui.

Spekulatiewe bouers was al lank voor die Victoriaanse era bedrywig, en hul bouwerk was nie noodwendig altyd van 'n swak gehalte, of bedoel vir die armer werkersklas nie. Die behuisingsprojekte was dikwels die inisiatief van lede van die landadel, wat gebruik gemaak het van die dienste van gerekende argitekte. In sulke gevalle was die behuising uiteraard bedoel vir 'n meer welvarende en beter-betalende *clientele* (Breckon ea 2000:27; Johnson 1984:11).

Hitchcock wys daarop dat mense alreeds in antieke Rome in multiverdieping woonstelblokke gewoon het. Die gebruik het verdwyn, hoewel hy van mening is dat daar wel nog sulke geboue voorgekom het, maar dat die spoor daarvan net moeilik te vinde is. Volgens hom is daar weer vanaf die middeleeue huise met gemeenskaplike tussenmure gebou (1971:353).

3.2.3 Eenvormigheid

Die laaste algemene kenmerk van Britse middelklasbehuising is die eenselwigheid daarvan. Rye en rye huise in die stede en voorstede lyk presies eenders, of verskil slegs in klein besonderhede. Dit is enersyds 'n uitvloeisel van die bedrywigheid van spekulasiebouers (hierbo genoem), wie se huise in 'n spesifieke projek normaalweg almal eenders gelyk het.

'n Ander rede is die reeks wette en bouregulasies wat ingestel is as gevolg van die verwoestende brande wat gereeld groot gedeeltes van die stede in puin gelê het. Hoewel daar reeds sedert 1212 wette en regulasies uitgevaardig is om brande in die stede te beperk, is hierdie maatreëls selde konsekwent toegepas. Ná die groot Londense brand van 1666 het daar 'n kentering gekom en die wet van 1667 is streng afgedwing. Daardeur is die voorkoms van Londen blywend verander, met stipulasies en beperkings ten opsigte van onder meer die grootte van huise, die plasing van deure en vensters, die gebruik van boumateriale (veral hout) en die dikte van mure (Breckon ea 2000:28; Wedd 2002:13).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3 Argitektoniese elemente

3.3.1 Dakke

3.3.1.1 Tipes

Dakke in Engeland is feitlik sonder uitsondering spitsdakke. Weens die hoë reënval was platdakke nooit algemeen nie. Dakke kom in 'n groot verskeidenheid vorms voor, waarvan die algemeenste tipes die geweldak (*gabled*) en die wolfentdak (*hipped*) is (Breckon ea 2000:85; Brown 1979:208). Die voordeel van die wolfent is dat 'n kleiner gedeelte van die endmuur aan die elemente blootgestel word, terwyl die geweldak 'n minder komplekse struktuur is. Die Mansard-dak, wat in die sewentiende eeu deur die Fransman Francois Mansard ontwerp is, het twee verskillende hellings, die onderste een steiler en breër as die boonste, met die voordeel dat dit meer ruimte binne-in die dak skep en terselfdertyd minder buitemure aan die elemente blootstel. Talle dakke is variasies op hierdie basiese style (fig. 3-4) (Breckon ea 2000:85).

3.3.1.2 Dakbedekkings

Die oudste wonings in Engeland se dakke is gedek met enige geskikte plantmateriaal soos riet, strooi, heide of grassooie (Breckon ea 2000:12). Die sewentiende en agtiende eeue het 'n revolusie in die gebruik van dakmateriaal teweeggebring en baie van Engeland se rietdakke is vervang deur materiale soos teëls van klip of gebakte klei (Breckon ea 2000:88; Evans & Green 1982:29).

Die grootskaalse vervanging van rietdakke was nie slegs die gevolg van modeneigings of omdat ander dakbedekkings langer gehou het nie, dit was ook tot 'n groot mate vanweë die groot brandgevaar daaraan verbonde (Aslet 2008:94; Betjeman 1982:9). Die eerste regulasie wat die gebruik van enige tipe strooi, riet of ander gewas in Londen verbied het, is reeds in 1212 uitgevaardig (Breckon ea 2000:90). 'n Ander antieke dakbedekking is die sogenaamde *shingles* (dakspane van hout), wat ook hoogs ontvlambaar is en waarvan die gebruik dus ook grootliks uitgesterf het (Breckon ea 2000:89).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teëls wat in reëlmatige vorms uit verskillende soorte klip gesny is, is algemeen vanaf die sewentiende eeu as dakbedekking gebruik (Breckon ea 2000:89, Evans & Green 1982:23), met leiklip verreweg die algemeenste (Johnson 1984:11; Wedd 2002:84).

Die Romeine het gevorderde kleiverwerkingstegnieke saam met hulle na Brittanje gebring ten tyde van hul okkupasie van die eiland meer as 2,000 jaar gelede. Saam met die beëindiging van die Romeinse okkupasie het die kuns van teëlvervaardiging weer uitgesterf (Breckon ea 2000:90). Later het Engeland self teëls begin vervaardig, en veral tydens die Industriële Revolusie het die bedryf ongekend gegroei as 'n neweproduk van die baksteenbedryf (Breckon ea 2000:90; Brown 1979:229).

Vir dakke met 'n lae helling (minder as 25°), en komplekse dakvorms soos koepels of dakvensters, word 'n aaneenlopende, buigsame tipe bedekking benodig, wat saam met die dak kan uitsit en inkrimp. Velle gegote lood is algemeen daarvoor aangewend (Wedd 2002:87).

Sekerlik die mees innoverende dakke van die Victoriaanse era is die dakke wat bestaan uit 'n yster-, staal- of houtstruktuur, ingevul met glaspanele. Die bekendste van hierdie strukture is die Crystal Palace, wat in 1851 vir die Great Exhibition in Londen se Hyde Park opgerig is (Avery 2003:55; Wedd 2002:88). Die gebruik van die daktipe vir residensiële argitektuur is hoofsaaklik beperk tot konservatoriums, wat aan talle huise aangebou of soms as 'n losstaande gebou opgerig is (fig. 3-5) (Wedd 2002:28).

3.3.2 Mure

Voor die koms van die Industriële Revolusie was huisbouers in Engeland, soos regoor die wêreld, tot 'n groot mate beperk tot die boumateriaal wat in hul onmiddellike omgewings beskikbaar was. In Brittanje is huise van grond, klei, hout of klip gebou (Breckon ea 2000:95; Evans & Green 1982:23).

3.3.2.1 Boumateriale

Die mees primitiewe huise in Engeland is van *turf*, oftewel breë, reëlmatige blokke grond- of grassooie gebou (Breckon ea 2000:95). Derduisende huise is van klei gebou, wat meer duursaam is as sooie (Aslet 2008:22; Breckon ea 2000:95-96).

Tot in die sestiende eeu is hout algemeen as boumateriaal gebruik, veral aangesien Engeland in daardie stadium nog een groot woud was, soos Aslet dit stel (2008:39). 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Houtstruktuur (soos die *cruck houses* waarna reeds verwys is, of andersins 'n vierkantige of langwerpige raamwerk wat die *box frame* genoem is) word staangemaak en die openings tussenin opgevul, gewoonlik met klei-en-lat en later met bakstene (Evans & Green 1982:24). 'n Huis wat bestaan uit 'n houtstruktuur met ingevulde gedeeltes tussenin, word *half-timbered* genoem (fig. 3-6). Die Afrikaanse term *vakwerk* verwys na die "vakke" wat deur die houtstruktuur gevorm word.

Klip is eweneens 'n ou boumateriaal (Breckon ea 2000:97). Die Normandiërs het met hul oorname van Engeland in die elfde eeu gevorderde klipboutegnieke na die land gebring (Breckon ea 2000:11). Onder die algemeenste tipes klip wat in Engeland aangetref word, tel sandsteen, kalkklip, graniet en leiklip. As gevolg van die groot geologiese variasie in die land het die huise van elke streek 'n ander voorkoms, tipies van die streek (Evans & Green 1982:23,62). Klippe wat uit 'n rotslaag verwyder is, word in eenvormige blokke gekap, in netjiese rye opmekaar gepak en gebind met messelklei (McKay 1963b:2).

Bakstene is ook algemeen gebruik. Soos in die geval van kleiteëls, het die kuns van baksteenvervaardiging saam met die Romeine na Engeland gekom, en weer saam met hulle verdwyn (Aslet 2008:52; Breckon ea 2000:112). Die kuns het sedert die 1200's herleef, grootliks deur Vlaamse vakmanne wat met hul gevorderde tegnieke na Oos-Anglië begin migreer het (Aslet 2008:53; Breckon ea 2000:113). Klei is met verskeie ander bestanddele soos sand en fyngemaalde kalk gemeng, gevorm (Hopkins 1979:7; McKay 1963b:1), in lae gepak en aan die brand gesteek. Die vuur is vir twee tot ses weke gelaat om vanself uit te brand (McKay 1963b:11).

Die variasie in kwaliteit weens faktore soos die kwaliteit van die klei het meegehelp tot die skepping van 'n algemene persepsie dat bakstene 'n minderwaardige boumateriaal was (Goodhart-Rendel 1953:38; Wedd 2002:47). Aangesien dit, veral in die Regentskap-era, praktyk was om baksteengeboue toe te pleister, het talle baksteen-vervaardigers self ook bygedra tot die voortbestaan van hierdie persepsie deur bakstene van swak kwaliteit te vervaardig (Aslet 2008:157). Hierdie faktore het veroorsaak dat bakstene nie slegs met minderwaardige materiaal geassosieer is nie, maar ook met minderwaardige vakmanskap (Goodhart-Rendel 1953:27; Wedd 2002:47).

Die tiperende snobisme van die Victoriaanse era het daartoe gelei dat geel bakstene (soos in Londen vervaardig is) meer aanvaarbaar was as rooi baksteen, aangesien dit die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kleur van klip nageboots het (Goodhart-Rendel 1953:38; Wedd 2002:47). Teen die einde van die eeu was rooi baksteen weer meer gewild, waarskynlik as gevolg van die gebruik daarvan in die huise van talle vooraanstaande persone en argitekte, soos byvoorbeeld die *Red House* van William Morris (Goodhart-Rendel 1953:4l; Wedd 2002:49). Bakstene het steeds toenemende gewildheid geniet, tot so 'n mate dat die regering vanaf 1784 gereeld belastings op bakstene gehef het (Breckon ea 2000:113).

3.3.2.2 Muurbedekkings

'n Groot gedeelte van die geboue wat in Engeland opgerig is, se klip- of baksteenmure is onbedek gelaat. Daar is deur die eeue 'n aantal tegnieke en materiale ontwikkel waarmee mure bedek kon word om dit teen die elemente of brand te beskerm, die geboue warmer te maak, ter wille van status of vir estetiese redes (Breckon ea 2000:108; Evans & Green 1982:29).

Pleister is algemeen gebruik om mure van klip en veral hout teen die reën en wind te beskerm, 'n netjiese afwerking te verskaf, en ook soms swak vakmanskap of goedkoop boumateriale te verberg (Breckon ea 2000:108).

Aangesien kalk as muurbedekking nie die elemente ten volle kon weerstaan nie, is deurlopende pogings aangewend om dit te verbeter. In 1794 is die eerste *Roman cement*, 'n mengsel van kalk en klei, gepatenteer. Verskeie verbeterings het gevolg, en in 1824 het Joseph Aspdin die eerste patent vir *Portland*-sement geregistreer. Die sement is slegs so genoem as gevolg van die ooreenkoms met die kleur van Portland-klip, 'n boumateriaal wat die meeste Victoriane slegs kon begeer, en het geen ander verband met die plek Portland of met die klip wat daarvan afkomstig is nie (Breckon ea 2000:109; Wedd 2002:71).

Ander metodes om ruwe mure te bedek, was lang houtplanke wat horisontaal op die baksteenmure aangebring is (fig. 3-7), veral in Kent en Sussex (Aslet 2008:45; Evans & Green 1982:29,84). Teëls van klip, veral leiklip, of gebakte klei is ook algemeen vanaf die sewentiende eeu teen mure aangebring op dieselfde manier as dakteëls, 'n tegniek wat *tile-hanging* genoem word (fig. 3-8) (Evans & Green 1982:29; Wedd 2002:77). 'n Interessante gebruik van teëls word by talle Engelse winkels, veral kroeë, aangetref, waar die onderste helfte van die buitemuur dikwels met geglasuurde teëls bedek is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volgens die metode wat vir moderne binnenshuise gebruik gevolg word, naamlik plat teen die muur met voegbry tussenin (fig. 3-9) (Spiller 1972:91).

3.3.2.3 Muuropeninge

Vensters

Vensters het geleidelik deur die eeue ontwikkel. In antieke tye was daar dikwels geen vensters nie, of slegs 'n ventilasie-opening in die muur, wat snags bedek is met geoliede lappe, diervelle of diereplasentas (Aslet 2008:26). Later is die opening bedek deur 'n houtluik. Glas het, soos vele ander argitektoniese elemente, saam met die Romeine na Engeland gekom en weer saam met hulle verdwyn. Glas is daarna vanaf Europa ingevoer vir die welgesteldes totdat kundige Franse en Vlaamse glasvakmanne in die Tudor-tydperk na Engeland begin migreer het (Breckon ea 2000:119).

Die ruitlose openinge in vroeë vensters is verdeel met ruitstafies of diagonale ruitjies in 'n diamantpatroon, met of sonder glas (Breckon ea 2000:124-5). Later kon vensterrame beweeg, en die swaairaamvenster het vir eeue lank groot gewildheid geniet (Breckon ea 2000:124-5). Swaairame is sedert die sewentiende eeu geleidelik vervang deur skuiframe (Wedd 2002:107). Kostes is verder verhoog deur belastings wat vanaf 1695 tot 1851 met gereelde tussenposes op glas en vensters ingestel is (Avery 2003:18; Breckon ea 2000:120).

Weens die beperkings van die vervaardigingstegnieke was vroeë glas slegs in klein groottes beskikbaar. Soos tegnologie gevorder het, kon groter glaspanele vervaardig word (Hassam 1999:177), en het die ruite per venster ook dienooreenkomstig verminder (Avery 2003:18). In die Georgiaanse tydperk was ses of meer ruite per venster, verbind deur smal, elegante ruitstafies, die norm. In die Victoriaanse era het dit verminder na vier, twee en later selfs net een ruit per venster. Die groter gewig wat die vensterraam as gevolg daarvan moes dra, het daartoe gelei dat die tussenstyle en veral die horisontale balk aan die onderkant van elke skuifraam groter en dikker moes word om die gewig te dra (Wedd 2002:107-108).

Deure

In antieke tye was die deuropening dikwels die enigste opening van die huis, en is dit, soos die geval met vensters, bedags onbedek gelaat ter wille van lig en lug. Snags is die opening op verskeie wyses bedek, onder meer deur diervelle of latpanele. Die deur het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mettertyd ontwikkel, vanaf 'n enkele plank tot 'n aantal planke wat aan 'n dwarshout vasgemaak is, tot by die moderne deurraam met ingesette panele (Breckon ea 2000:131-135).

Die voordeur het mettertyd, as die hoofingang tot die huis, die mees indrukwekkende element van die fasade geword. Georgiaanse deure het meestal ses panele van wisselende grootte, met die twee kleinstes bo en die twee grootstes in die middel. Later het die vierpaneel-deur ontwikkel (Wedd 2002:119), en die boonste twee panele is dikwels vervang deur glaspanele wat versier kon word en ook meer lig in die huis ingelaat het (Breckon ea 2000:137-9).

Verreweg die gewildste versieringsmetode vir die glaspanele was gekleurde, geverfde of getekstureerde glaspaneeltjies in loodrame. Patrone is met suur op die glas geëts, afgewissel deur geslypte en gepoleerde dele. Vanaf 1870 het goedkoper sandblaastegnieke sulke vensters binne die bereik van 'n groter gedeelte van die bevolking geplaas (Goodhart-Rendel 1953:165; Wedd 2002:119-120).

3.3.3 Fasades

3.3.3.1 Algemene kenmerke

Die fasade van die Victoriaanse huis was een van die belangrikste indikatore van die sosiale status van die bewoners (Wedd 2002:24). Die grootste verskil tussen Georgiaanse en Victoriaanse fasades is die wegbeweeg van die streng eenvoud en simmetrie van die Georgiaanse. Huise het asimmetriese vooraansigte begin kry, met elemente soos komvensters, projekterende of teruggeplaasde vleuels en ingewikkelde dakstrukture wat die simmetrie verbreek (Hockman 1994:22; Wedd 2002:24).

Skoorstene is 'n tipiese element van die Victoriaanse sowel as die Georgiaanse huis se vooraansig en daklyn. Voor die sestiende eeu het huise dikwels geen skoorstene gehad nie en het die rook meestal bloot deur openinge na buite ontsnap (Aslet 2008:55; Brown 1979:31). Algemene fasade-kenmerke van vroeë Victoriaanse huise is komvensters, breë skuifraamvensters met ten minste agt ruitjies, eenvoudige kliplateie of 'n vlak baksteenboog bo die deure en vensters, ongepleisterde baksteenmure, onversierde skoorstene, 'n dak met 'n vlak helling en 'n groot oorhang (Yorke 2005:25-30) en halfsirkelvormige boligte (Yorke 2005:34). Later in die eeu het ruite groter en dus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

minder per venster geword, dakke se hellings het steiler geword, en komvensters het hoekig geraak en dikwels oor twee verdiepings gestrek (Yorke 2005:48).

Die laat-Victoriaanse huis is gekenmerk deur 'n dak met teëls in verskillende patrone, dekoratiewe teëls of terracottavorms op die nok (fig. 3-10), 'n torinkie met 'n end-versiering bo-op die tweeverdiepingkomvenster, dakvensters, versierde fassieborde, skuifraamvensters met slegs een ruit per raam, en gekerfde klip- en terracotta-versierings teen die mure (Wedd 2002:86-87; Yorke 2005:55).

Skoorstene het ook toenemend versierd geraak, en is dikwels gedraai, met terracotta-motiewe versier, of in verskillende kleure bakstene gebou of polichromaties geverf (fig. 3-11). Die voordeur het glas in die boonste helfte gekry en die deur is diep in die muuropening ingelaat, met geteëlde sykante en vloer. Detail soos rustiekwerk op die hoeke en rondom venster- en deuropeninge is beklemtoon deur middel van kontrasterende kleure bakstene (Yorke 2005:55-56).

Hoewel die fasades van die meeste geboue uit die Victoriaanse era normaalweg die bogenoemde algemene kenmerke het, het die verskillende herlewingstyle waarin daar in die Victoriaanse era gebou is, styltipiese eienskappe aan die fasades verleen. Die belangrikstes word hieronder saamgevat.

3.3.3.2 Spesifieke kenmerke

Klassisisme

Van die belangrikste eienskappe wat die klassisime aan die tradisionele huisontwerp verleen het, was die klassieke formaat van 'n sentrale voordeur met rye simmetries-geplaasde vensters weerskante. Dit het vir meer as twee eeue die rigting van huisontwerp bepaal, en was ook die basiese formaat waarvolgens Georgiaanse geboue in Engeland ontwerp is (Breckon ea 2000:30; Curl 1990:31).

Een van die hoofkenmerke van sulke huise is die gebruik van pleister in teenstelling met onafgewerkte baksteen. Soms is slegs die grondvloer gepleister (Yorke 2005:31). Horisontale kepe in die pleisterwerk op die grondvloer, om die indruk te wek dat die gebou met klip gebou is en daardeur 'n groter status aan die gebou sowel as die inwoners te verleen, was gewild (Aslet 2008:6; Yorke 2005:33-34). Ander elemente is driehoekpedimente bo die vensters en deure, en 'n breë kroonlys op konsoles bokant die tweede verdieping of reg onder die daklyn (Yorke 2005:35).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Balkonne met dekoratiewe ysterbalustrades, en dubbele glasdeure wat daarop uitloop, is kenmerkend. Die huise het dikwels 'n half-kelderverdieping, wat beteken dat die onderste verdieping halfpad onder die straatoppervlak geleë is, met die res van die verdieping wat halfpad bokant die straatoppervlak uitsteek. Dit veroorsaak dat die voordeur deur 'n stel trappe bereik word (Yorke 2005:31-32). Die huis in die klassisitiese herlewingstyl het dikwels 'n komvenster wat oor meer as een verdieping strek. Die ander vensters is, veral later in die eeu, dikwels in pare geplaas, presies in lyn met die komvenster. Versiering om die deure en vensters het ook toenemend oordadig geword. Die komvenster is dikwels bo-op afgerond deur 'n dekoratiewe borswering. Balustrades van klip het ysterwerk vervang. Die dakhelling van huise in hierdie styl is, in ooreenstemming met die Mediterreense gebruik, vlak in teenstelling met dié van ander style (Yorke 2005:44-46).

Neo-Gotiek

Die Gotiese herlewingstyl is gebaseer op twee argitektoniese elemente, naamlik die puntboog en klem op die vertikale deur middel van steil daklyne en lansetvensters, deure en gewels (Jackson & Day 1992:12; Yorke 2005:33,44). Asimmetrie is nog 'n belangrike element van die styl (Wedd 2002:83).

Die vensters het normaalweg loodglasruitjies en swaar ruitstafies in hout of selfs gekerfde klip (Wedd 2002:109). Die dakke is hoofsaaklik van grys leiklip. In die vroeë periode is die mure dikwels afgepleister, maar vanaf ongeveer die middel van die negentiende eeu het rooi baksteen kenmerkend van die styl geword. Oppervlak-versiering bestaan hoofsaaklik uit die polichromatiese gebruik van bakstene in verskillende kleure (fig. 3-12) (Jackson & Day 1992:12; Yorke 2005:33,44), uitgekerfde klippatrone (Wedd 2002:27) en versierde fassieborde (Wedd 2002:84).

Diep kaplyste bokant die vensters, balkonerkers en 'n Gotiese portiek met 'n spits teëldakkie en spitsboogingang, is ook tipies (fig. 3-13) (Yorke 2005:34-38). Later in die periode het die huise gevormde klip- of baksteenlateie bo die vensters gekry en die kantige komvenster is deur 'n geteëlde skilddakkie oordek (Yorke 2005:44). Die deur- en vensterbeslag was ook normaalweg swaar en ru (fig. 3-14) (Wedd 2002:124).

Queen Anne

Die Queen Anne-styl word hoofsaaklik gekenmerk deur ongepleisterde mure van rooi baksteen, en strukturele polichromie, met kontrasterende wit afwerking rondom deure

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en vensters en wit rustiekwerk op die hoeke (Goodhart-Rendel 1953:165). Sommige huise is met die rofkas-metode afgepleister (fig. 3-15). (Barrett & Phillips 1987:90). Dakke met rooi teëls en Hollandse of Vlaamse gewels is ook 'n algemene kenmerk (fig. 3-16) (Jackson & Day 1992:13; Stamp & Goulancourt 1984:25). Groot, langwerpige skuifraamvensters saamgestel uit klein ruitjies in loodglas, komvensters, boligte in die vorm van sonstrale, en houtbalkonne word tipies by hierdie styl aangetref (Avery 2003:19; Barrett & Phillips 1987:86-90).

Neo-Tudor/ Mock Tudor

Herlewing van die Tudor-styl was ook gewild. Dit is dikwels gekombineer met ander style soos Elisabetaans of Jakobeaans, met verskeie hibriede soos *Tudorbethan* en *Jacobethan*. Die terme bly problematies, in die eerste plek aangesien Jakobeaans nie algemeen as argitektuurstyl bekend is nie, maar hoofsaaklik in interieurs uiting gevind het (Penoyre & Ryan 1958:111). Tweedens was Elisabeth I (van wie se regeringstyd die term *Elizabethan* afgelei word) die tweede en laaste monarg van die Tudor-era (Henry VIII was die eerste) en dus in werklikheid deel van daardie era. Goodhart-Rendel verdiep die intrige deur te verklaar dat min mense in staat sou wees om die term *Elizabethan* te verklaar, en dat dit enigiets van Tudor tot Renaissance kon beteken. Hy beskryf voorts die styl bloot deur te verwys na die gebruik van rooi baksteen en *a homeliness of character* (1953:62).

Die belangrikste kenmerke van die Tudor-herlewingstyl (hoewel nie aanwesig by alle huise in die styl nie) is nagebootste hout vakwerk, wat ook in sekere dele van Engeland *black-and-white* genoem word (fig. 3-17) (Allison 1987:89). Wanneer die gebou nie vakwerk naboots nie, is dit gewoonlik in rooi baksteen gebou. Die huise het steil dakke versier met nokversierings van gietyster, terracotta of teëls (fig. 3-18) (Goodhart-Rendel 1953:64). Nog kenmerke is heksagonale loodglasvenstertjies en swaar ysterbeslag op deure en vensters (Breckon ea 2000:41). Die herehuis Wightwick Manor buite Wolverhampton (gebou 1887 tot 1893) is 'n baldadige kombinasie van elke denkbare element wat in daardie stadium hoogmode was.

Ander style

Talle van die style wat as afsonderlike style deur kommentators beskou en bespreek word, het geen unieke stel kenmerke wat voorkoms betref nie. Die kern van die style is te vinde in die denkrigtings wat dit ten grondslag het, soos byvoorbeeld die Arts &

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Crafts-styl wat gekenmerk word deur die terugkeer na eenvoud, doelmatigheid, vakmanskap en die gebruik van plaaslike materiale.

3.3.3.3 Afwerking en ornamentasie

Hoewel die interieurs, meubels en toebehore van die Victoriane oordadig versier was, was eksterne versiering aan hul huise heelwat meer gedemp. In die verskillende afdelings hierbo is dekorasie deurlopend bespreek, en het dit geblyk dat daar voorkeur gegee is aan die polichromatiese gebruik van bakstene of teëls in verskillende kleure en patrone, en kontrasterende afwerkings van mure, vensters en deure. Twee materiale wat ter versiering ingespan is, verdien verdere aandag, naamlik terracotta en yster.

Terracotta

Terracotta is al vanaf die sestiende eeu in argitektuur gebruik, veral vir dekoratiewe vensters in die Gotiese boustyl. Die gebruik daarvan het ná die Gotiese periode grootliks uitgesterf, maar in die Victoriaanse era herleef. Dit het groot gewildheid onder argitekte geniet aangesien dit goedkoper was as klip, maar tog meer eg voorgekom het as pleister. Dit kon ook maklik in feitlik enige vorm gegiet of afgewerk word. In die geglasuurde vorm staan dit as *faience* bekend (Wedd 2002:52).

Terracotta word vervaardig uit fyngemaalde klip en klei wat in dekoratiewe vorms ingedruk, uitgekeer en dan gebak word (Breckon ea 2000:115). Terracotta-panele of -lyste word algemeen op buite-oppervlakke in 'n groot verskeidenheid vorms as versiering aangetref (fig. 3-19). Aangesien dit klip naboots, was dit nog een van daardie materiale wat in die middelklas persoon se behoefte aan 'n aura van verfyndheid en adellikheid voorsien het, teen 'n fraksie van die prys van die ware Jakob.

Gietyster

Bewyse is gevind dat die Britte al meer as 2000 jaar gelede yster kon bewerk (Gloag & Bridgwater 1948:6). Talle kloosters het hul eie smelterye gehad, waar onder meer landbou-implemente, wapens en wiele vir eie gebruik en ook vir handelsdoeleindes vervaardig is (Gloag & Bridgwater 1948:9).

Alreeds in die veertiende eeu is yster gegiet in plaas van gesmee (Gloag & Bridgwater 1984:16; Jordan 1966:27). Dit is algemeen vir die vervaardiging van 'n wye verskeidenheid ware gebruik (Gloag & Bridgwater 1948:47), maar nie vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

argitektoniese gebruik aangewend voordat Abraham Darby die proses van kooks-smeltery vroeg in die 1700's uitgevind het nie. Daardeur is gietyster sterker en dus meer bruikbaar gemaak (Gloag & Bridgwater 1948:42; Jordan 1966:27).

Gietyster is aanvanklik aangewend as strukturele element van groot geboue voordat dit vir kleiner en ook meer dekoratiewe argitektoniese gebruik ingespan is (Johnson 1984:11). Nie net is die materiaal gebruik vir vensterrame, handvatsels en ander argitektoniese beslag nie, dit is ook vir traprelings, balustrades, tuinrelings, pilare, lampe en enige ornament denkbaar gebruik (Breckon ea 2000:35-41; Gloag & Bridgwater 1948:278).

Giet- en smeedyster is ook dikwels in kombinasie gebruik. 'n Vroeë voorbeeld hiervan is die hoogs-versierde hekke van Chirk Castle, naby Llangollen in Wallis, wat alreeds in 1721 gemaak is (fig. 3-20) (Gloag & Bridgwater 1948:49).

3.3.4 Interieur

The Victorian period was one of great domesticity. They planned, built, furnished and fitted out their homes with extraordinary vigour. Met hierdie stelling spel Crowley die belangrike rol uit wat die Victoriaan se woning in sy lewe gespeel het. Volgens hom was die huis, selfs tot op die laagste vlakke van die samelewing, 'n uitbeelding van die inwoners se status en smaak, en slegs in die armoedigste wonings sou daar geen trots wees in die netheid van die woning of die tentoonstel van items wat die inwoners se status uitbeeld nie (Crowley 1990:107). Op die CD-as van die Burden-model sal die argitektuur dus teoreties inpas oor die hele lengte van die as, vanaf patrisiër- tot volkskultuur, en die wisseling oor die lengte van die as toon hoe stoflike en geestelike elemente, sowel as die natuurlike en bonatuurlike omgewing, op al die fasette inspeel. Dit beklemtoon die belangrikheid van 'n holistiese uitgangspunt by die studie van Victoriaanse argitektuur.

3.3.4.1 Grondplanne

Soos in hoofstuk 2 aangedui, was die gesin die middelpunt van die middelklas Victoriaan se lewe, en vir die eerste keer in die geskiedenis van die Westerse mens het 'n hegte gesinslewe belangrik geword (Brooks 1978:88; Roberts 1978:69). Hierdie enorme maatskaplike wending het neerslag gevind in huise en interieurs.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die Middeleeue was huise smal, slegs een vertrek diep, as gevolg van die algemene probleem om 'n wye dakspan te ondersteun. Om die ruimte te vergroot, is vertrekke met afdakke aan die huis vasgebou, of twee smal huise is in die lengte aan mekaar vasgebou, met 'n dak in 'n M-vorm bo-oor (sien fig. 3-4) (Breckon ea 2000:85-86).

Mettertyd het verbeterde dakboutegnieke en sterker boumateriaal die bouer in staat gestel om 'n groter ruimte te oorspan. In die Georgiaanse periode, met toenemende skeiding van vertrekke se funksies, het die tipiese tweevertrekdiep huis gewild geraak, waar die kombuis en diensvertrekke aan die agterkant van die huis geplaas is, met die leef- en openbare vertrekke aan die voorkant (Breckon ea 2000:34).

Die algemene plan van Victoriaanse skakelhuise vir relatief-gegoede middelklasgesinne is drie tot vyf verdiepings, een vertrek plus gang en trapskag wyd, en twee vertrekke diep (Wedd 2002:24). Die voordeur is nie in die middel van die fasade nie, maar na die een kant van die huis geplaas, langs die venster van die voorkamer. Twee aangrensende huise is dikwels spieëlbeelde van mekaar, sodat die twee voordeure langs mekaar geplaas is (Breckon ea 2000:34). Die meeste huise het 'n halfkelderverdieping waar die personeelkwartiere, stoorkamers en soms ook kombuis en spens geleë is (fig. 3-21) (Lindsay & Washington 1967:54). Volgens Wedd was hierdie 'n vroeë uitleg, veral gewild tydens die Regentskap-tydperk. Die kombuis en ander diensvertrekke is sedert die middel van die eeu hoër op in die huis geskuif in 'n poging om die personeel, wat toenemende eise ten opsigte van werksomstandighede gestel het, se taak makliker te maak (2002:24).

Die voordeur bied normaalweg toegang tot die ingangsportaal, met die trappe na die boonste verdiepings en die deur wat lei na die voorkamer. Die agterste vertrek of vertrekke soos die kombuis en spens (en badkamer as die inwoners so gelukkig was) is ook uit die ingangsportaal bereik, normaalweg deur middel van 'n smal gangetjie verby die trappe (Avery 2003:18; Hockman 1994:22). Soms was daar ook 'n studeerkamer (Lindsay & Washington 1967:55). Agter die voorkamer, dikwels daarvan geskei deur opvoudeure, is die eetkamer van ongeveer dieselfde grootte geleë. Bo-op hierdie twee vertrekke word een of twee verdiepings met slaapkamers aangetref (Aslet 2008:188; Avery 2003:18). Aslet wys daarop dat die slaapkamers op die boonste verdieping die tradisionele Britse ritueel van *afgaan vir ete* in stand gehou het, selfs in kleiner, minder spoggerige wonings (2008:191).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die voorkamer was die vertoonstuk van die huis, en is meestal slegs vir die ontvang van besoekers gereserveer. Die algemene vergaderplek vir die gesin was die eetkamer, waar daar geëet, gelees, geskryf, naaldwerk gedoen en bord-, kaart- en ander speletjies gespeel is. Die aparte studeerkamer dui op die vader van die huis se status en posisie in die gesin as die enigste een wat bevoorreg is om 'n privaat ruimte tot sy beskikking te hê (Lindsay & Washington 1967:55).

Dié tipiese uitleg beeld die hiërargie in die huishouding uit, met die diensvertrekke, waar die bediendes bedrywig sou wees, uit die oog, in navolging van die normale ruimtelike indeling van die groot herehuise. Die groter middelklas gesin het steeds 'n groot personeel nodig gehad om al die hande-arbeid te verrig wat deur die uitleg van die woning asook die status van die inwoners geverg is (Barrett & Phillips 1987:24). Daar is nooit van die "dame" van die huis verwag om hande-arbeid te verrig nie (Barrett & Phillips 1987:24).

Die slaapkamers wat almal bymekaar gegroepeer is op die boonste vloere, weerspieël ook die nuwe gees van gesinsgebondenheid, met die kamers van die kinders nou binne maklike bereik van die ouers. Dit is in teenstelling met die eertydse *nurseries*, waar kinders ver van die ouers se kwartiere deur personeel versorg is en selde deur die ouers gesien is, selfs in sommige opgetekende gevalle slegs een maal per dag vir 'n kort periode (McBride 1978:44).

Die huise van middelklasgesinne laer af op die sosiale leer het slegs in grootte en kwaliteit van afwerking van die bostaande verskil. Pare van twee tweeverdieping-woonstelle was ook gewild. Die twee voordeure is reg langs mekaar in die middel van die gebou geplaas (Avery 2003:18). In die geval van werkersklasbehuising was die huise veel kleiner, met die norm twee tot drie verdiepings, slegs een vertrek wyd en een diep, en geen ingangsportaal of personeelkwartiere nie (Hopkins 1970:19).

Die huise was dikwels *one-up, one-down*, oftewel slegs een vertrek op die grondverdieping en een daarbo (fig. 3-22). As die gesin gelukkig genoeg was om een van die beter ontwikkelings te kon bekostig, was dit darem soms *two-up, one-down*, oftewel twee slaapvertrekkies bo, of *two-up, two-down*. Die vertrekke was oor die algemeen baie klein, met ruimte vir weinig meer as 'n bed of twee in die slaapkamers (Upton 2004:11).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sogenaamde *in-filling* het ook plaasgevind. Dit het behels dat 'n ry huise dwarsoor die agterplase van die bestaande huise gebou is, en dit het aanleiding gegee tot die berugte rug-aan-rug huise *(back-to-backs*), wat mettertyd die algemeenste vorm van behuising in die oorvol stede geword het. Die *back-to-backs* was rye skakelhuise met nog 'n ry skakelhuise aan die agterkant daarvan vasgebou. Sodoende kon die bouer die koste van een hele lang muur bespaar, en die gedeelde muur was steeds net een of 'n halwe baksteen dik (Breckon ea 2000:43; Hopkins 1979:19).

Op daardie manier het klein binnehowe *(courts*) ontstaan, en die groepies huise wat op hierdie manier rondom die binnehof ontstaan het, is na aanleiding daarvan ook *courts* genoem. Nou tonnels was die enigste straattoegang vir die huise aan die agterkant (fig. 3-23) (Hopkins 1979:19; Upton 2004:10). Een kommentator beskryf hierdie tonnels as *streaming with filth* (Lindsay & Washington 1967:60). Daar was derduisende van hierdie *courts* in die vroeë industriële stede. Hierdie behuisingskemas het die benaming *rookeries*, oftewel kraaineste, verkry (Upton 2004:12), wat iets weergee van die uiterste toestande waaronder mense moes lewe.

Huise van die hoër middelklas is gewoonlik alleenstaande villas, geleë in groot tuine, en weens die uitermate groot klem wat op hierdie vlak van die statusleer op individualiteit geplaas is, het elke huis 'n unieke grondplan en voorkoms. Aangesien die huise 'n baie groter vloerplan as skakelhuise het, was dit gewoonlik nie nodig vir meer as twee verdiepings nie, met dikwels 'n bykomende solderverdieping vir huisvesting van die huishoudelike personeel.

3.3.4.2 Geriewe

Soos in alle ander aspekte van die daaglikse lewe, het die middelklas die leefwyse van die adellikes ook in hul huise probeer naboots, en die werkersklas weer dié van die middelklas (Crowley 1990:109; Wedd 2002:19). Elke laag van die samelewing het dus in hul besondere konteks geen geld of moeite gespaar om so gerieflik en weelderig as moontlik te lewe nie. Slegs sekere aspekte van interieurs, wat spesifiek in die Victoriaanse era sterk na vore getree het, word hieronder bespreek.

Beligting

Die ontwikkeling van goedkoop en gerieflike kunsmatige beligting was een van die mees fundamentele veranderings in die Britse huislike lewe. Lampe wat met olie, later

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gas en nog later elektrisiteit gewerk het, het 'n groot invloed op die inrigting en versiering van die huis uitgeoefen, en ook die manier waarop mense hul tyd ingedeel en spandeer het, fundamenteel beïnvloed. Soos Wedd dit stel: [it] *liberated families from the need to huddle around a single precious candle before going early to bed* (2002:159).

Gas as bron van lig was alreeds in 1834 goed gevestig, met 600 myl (±960 km) gaspype in Londen, wat gas aan hoofsaaklik besighede en straatligte voorsien het. Dit het spoedig na ander stede versprei (Rolt 1988:211). Hoewel gasbeligtingstegnologie al sedert die 1780's in ontwikkeling was, is dit nie algemeen in woonhuise aanvaar voor 1850, toe prins Albert gas in Windsor-kasteel laat installeer het nie. Sedert die 1860's is gas aan privaat huise in stede voorsien (Wedd 2002:165), en tot ongeveer die einde van die eeu was dit een van die belangrikste bronne van beligting in die Britse huis (Wedd 2002:168).

Joseph Swan van Brittanje en Thomas Edison van Amerika het feitlik gelyktydig die gloeilamp in 1878 ontdek, en na 'n hofsaak om die regte tot die Britse patent uit te klaar, het Swan en Edison in 1883 kragte saamgesnoer om die nuwe tegnologie te vervaardig en te verkoop (Wedd 2002:168). Elektrisiteit en elektriese beligting is al in 1878 geïnstalleer in Cragside, die huis van lord Armstrong. Die nuwe tegnologie is deur die adellikes aangegryp en in talle groot plattelandse huise geïnstalleer, maar eers vanaf die eeuwending algemeen in stede aangelê (Wedd 2002:31-32).

Verhitting

Een van die belangrikste geriewe in elke huis was die kaggel. Robert Kerr se siening in sy boek oor interieurs, *The gentleman's house* van 1864, dat 'n kaggel vir alle praktiese doeleindes die belangrikste element van 'n leefvertrek is, het waarskynlik die ondersteuning van 'n groot gedeelte van die Britse bevolking geniet. Hy koppel dit direk aan die Engelse klimaat en ook aan Engelse waardes, met verwysing na die gesin se samesyn om 'n sentrale herd (Crowley 1990:111). Die kaggel was normaalweg die argitektoniese fokus van die vertrek en het as sodanig 'n belangrike simboliese bydrae tot die karakter van die interieur gelewer (Wedd 2002:147).

Wedd wys daarop dat, hoewel die oop vuur 'n amper mitiese status in die Engelse huis beklee het, die groot hoeveelhede rook en roet as gevolg daarvan die huise en die lug besoedel het, en onder meer gelei het tot die dood van 700 Londenaars tydens die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sogenaamde *Great Fog* van Januarie 1880 (Wedd 2002:31-32). Muthesius spreek in sy boek sy verbasing uit dat die Britte, met al hul innoverende huishoudelike geriewe, so bereid was om die rook en roet van oop vure te verduur (1979:67). Verskeie deurlopende innoverings aan die ontwerp van die kaggel en sy rooster het egter die doeltreffendheid daarvan verbeter en die probleem van rook en roet grootliks opgelos (Hockman 1994:168; Wedd 2002:147-149).

Gas is sedert 1860 vir kaggels gebruik, maar is met wantroue bejeën as synde duur, gevaarlik en ongesond, en het nie algemene inslag gevind vir verhitting nie. Met die koms van elektrisiteit is elektriese verwarmers op groot skaal in huise geïnstalleer (Hockman 1994:168; Wedd 2002:152).

Die bevoorregte klasse het innoverende tegnieke gebruik om hul huise te verhit voordat elektrisiteit algemeen in gebruik gekom het. Die antieke Romeine het alreeds sentrale verhitting deur middel van warmlugpype onder die vloere gebruik (Breckon ea 2000:9). Een van die vroegste voorbeelde van sentrale verhitting in Londen was in die huis wat in 1882 vir WS Gilbert gebou is (Avery 2003:19), en op die platteland was dit in die reeds-genoemde Cragside (Wedd 2002:32).

Sanitasie en watervoorsiening

Die voorsiening van geleide water binne-in die huis het gelei tot een van die belangrikste veranderings wat die tradisionele huisuitleg in die Victoriaanse era ondergaan het, naamlik die bou van badkamers en toilette (Wedd 2002:33). Dit was egter 'n laat ontwikkeling, en Wedd stel dit as algemeen-geldende feit dat weinig Victoriane die luukse van 'n binnenshuise spoeltoilet of 'n bad met krane binne-in 'n doelgeboude badkamer geken het (2002:187).

Water is reeds van vroeg in die negentiende eeu met ondergrondse pypleidings na huise en buurte vervoer, maar in baie gevalle was die watervoorsiening vir 'n hele buurt 'n enkele kraan, wat soms slegs vir 'n halfuur per dag water voorsien het (Lindsay & Washington 1967:61). In meer-gegoede huishoudings was daar normaalweg slegs in die kombuis by die wasbak 'n handpomp of 'n enkele koperkraan wat koue water voorsien het. Warm water is uit die tenk van die koolstoof verkry, en moes deur die huisbediendes na die slaapkamers van die inwoners gedra word (Wedd 2002:179).

Die vroegste ingeboude badkamers in Engeland was in Osborne, die koningin se vakansiehuis, wat in 1848 gebou is met baddens en storte in die koning en koningin se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aantrekkamers. Lede van die adel het spoedig die koninklike voorbeeld gevolg en sedert die 1850's is badkamers algemeen in die groot landgoedhuise ingebou. Huise vir sommige gegoede stedelinge is vanaf die 1880's van 'n ingeboude badkamer voorsien. Warm water is voorsien deur pype wat vanaf die koolstoof in die kombuis na die badkamer gelei het. Sedert 1868 is die stelsel aangevul deur gas-warmwatersilinders (Wedd 2002:191-192). Die brosjures vir die Bedford Park-ontwikkeling (wat in 1876 ontwerp is) het daarmee gespog dat elke huis 'n badkamer met koue- sowel as warmwatervoorsiening het (Avery 2003:19).

Met die huise laer af op die sosiale leer was dit nie dieselfde gesteld nie. Ingeboude badkamers het eers in die vroeë 1900's algemeen geraak (Lindsay & Washington 1967:55-56).

Wat toiletgeriewe betref, moes die meeste Victoriane soos hul grootjies en oorgrootjies 'n kamerpot gebruik, en verder op die kleinhuisie aan die onderpunt van die tuin staatmaak (Wedd 2002:187; Yorke 2005:115). Later in die negentiende eeu is grondtoilette in die huise ingebou, waarin daar 'n graaf vol grond gegooi moes word elke keer na gebruik (Aslet 2008:5). Daar was selfs modelle wat 'n mengsel van grond en as vrygelaat het met die trek van 'n hefboom (Wedd 2002:187; Yorke 2005:109). Hierdie uitvindsels is opgevolg deur die spoeltoilet, wat in werklikheid al sedert 1775 in ontwikkeling was, maar meer as 125 jaar later eers algemeen in gebruik geraak het (Lindsay & Washington 1967:54-6; Wedd 2002:187-9).

3.3.4.3 Binnenshuise versiering

Die Victoriaanse interieur is gekenmerk deur donker kleure, oordadige patrone, oorgemeubileerde vertrekke en oormatige gebruik van ornamente. Elke moontlike oppervlak is versier en bedek. Gebruiksartikels was meestal oorversier en getuig in die opinie van die meeste hedendaagse kommentators van swak smaak (fig. 3-24) (Crowley 1990:111).

Gabriel toon aan dat die nuwe middelklas tydens die Victoriaanse periode nie die selfvertroue of agtergrond gehad het om goeie oordeel oor ontwerp uit te spreek nie, aangesien hulle *had not had the benefit of the aesthetic hothouse of inherited wealth*, soos hy dit stel. Hulle wou waarde vir geld hê (Gabriel 1969:4), en bowenal natuurlik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inpas by hul bure en deur hul besittings toon dat hulle bewus is van die heersende modeneigings, en ook in staat is om daarvoor te betaal.

Wedd beskou hierdie modeneigings ook uit 'n simpatieke oogpunt en verklaar dat die versiering wat vir die moderne waarnemer oordadig en in swak smaak mag voorkom, die nodige helderheid en kleurspatsels sou voorsien in die Victoriaanse huis wat donker en vol rook en roet sou wees. Sorgvuldige studie van die interieurs het volgens hom ook onthul dat die Victoriane noukeurige aandag geskenk het aan die plasing en rangskikking van hul skilderye en ander dekoratiewe voorwerpe om hul eie behoeftes ten beste te pas (Wedd 2002:41). Wedd verskaf geen verdere inligting hieraangaande nie.

Wedd se argumente kom ietwat simplisties en oormatig simpatiek teenoor die Victoriane voor, terwyl Gabriel se siening meer verantwoordbaar is. Die kwessie van donkerte en roet moes al in vorige eras problematies gewees het, en mense het sekerlik ook deur al die eeue heen hul artikels op so 'n manier in hul huise gerangskik dat dit hul die beste pas. Hierdie konsep van "die beste pas" word ook beïnvloed deur die mode, en deur "in pas" met heersende neigings te wees, verkry die persoon bevestiging van selfwaarde en aanvaarding binne die gemeenskap. Vir die deursnee Victoriaan was geen spreuk geldiger as "liewer dood as uit die mode" nie.

Later in die eeu, en veral onder invloed van die Arts & Crafts-beweging, het ontwerpe vereenvoudig. Die klem op versiering ter wille van versiering het daartoe gelei dat tipies-Victoriaanse gebruiksartikels meer en meer van hul funksionaliteit ingeboet het. Sedert die middel van die eeu het hierdie tipe items geleidelik plek gemaak vir minder oordadige, meer funksionele artikels (Gabriel 1969:5; Miller 2004:8).

Die Victoriane, met hul preokkupasie met ruimte, het ook 'n voorliefde gehad vir items wat dubbeldoelig was of gerieflik geberg kon word wanneer nie in gebruik, soos byvoorbeeld die algemene gebruik van tafels wat kon afklap of opvou (Gabriel 1969:42-47; Hockman 1994:139-140). Sekerlik een van die vermaaklikste voorbeelde van ruimtebesparende meublement is 'n bad wat binne-in 'n kas wegvou na gebruik (Hockman 1994:140).

Die binnenshuise gebruik van teëls was grootliks onbekend tot die sewentiende eeu, toe daar begin is om eenvoudige kleiteëls op vloere te gebruik, maar slegs in die huise van die welvarendes. Handgeverfde teëls is vanaf Holland ingevoer, en 'n paar Engelse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vervaardigers het begin om teëls te vervaardig, hoofsaaklik in nabootsing van die Delft-teëls. Soos met so vele ander argitektoniese elemente, het die gebruik van teëls 'n hoogbloei beleef in die Victoriaanse era, veral vandat die porseleinvervaardiger Minton tot die produksie van teëls toegetree het. Minton was 'n voorloper met talle tegniese aspekte van teëlmakery. Hulle het die proses waarvolgens brandskilderteëls (*encaustic tiles*) gemaak word, laat herleef. Dit behels 'n spesifieke metode waarvolgens die patroon in die teël ingebrand word voordat dit in die oond gebak word, en is oorspronklik deur Middeleeuse monnikke gebruik vir die vervaardiging van vloerteëls. Die tegniek het tydelik verlore gegaan met die ontbinding van die kloosters in 1538 (Wedd 2002:207).

Minton het brandskilderteëls verskaf vir Osborne, die vakansiehuis van koningin Victoria, en die publisiteit wat sodoende daaraan verleen is, het gelei tot hul groot gewildheid. Vir die modebewuste Victoriaan was sulke vloere onontbeerlik. Aangesien dit duur was, is brandskilderteëls dikwels gekombineer met wat bekend was as geometriese teëls, oftewel klein, ongeglasuurde teëltjies in geometriese vorms en 'n beperkte aantal aardse kleure, hoofsaaklik skakerings van rooi en bruin. Die teëls kon in 'n onbeperkte verskeidenheid patrone gelê word vir dekoratiewe effek. Teëls is ook teen mure gebruik, veral die onderste gedeelte van die muur (Wedd 2002:208-209).

Muurpapier was, te danke aan massaproduksietegnieke en die opheffing in 1836 van die 124-jaar oue muurpapierbelasting, uiters gewild, soveel so dat Wedd dit die goue era van muurpapier noem (2002:199). Die mure is gewoonlik in drie horisontale bane van oneweredige grootte verdeel, naamlik die onderste gedeelte, die middel en die fries bo, elk met 'n reling geskei van die ander. Die papier is in stelle van drie vervaardig, een stel vir elke deel van die muur, met kleure wat progressief donkerder word na onder (Wedd 2002:232).

Nabootsing

In nabootsing van die adelike lewenswyse was oudhede as meubilering en vir die inkleding van interieurs gewild. Die Victoriane het 'n besondere voorliefde gehad vir luukse materiale soos kant en fluweel, wat voorheen simbole van welvaart was, maar deur middel van die innoverings van die Industriële Revolusie vir die gewone mens meer bekostigbaar geraak het (Crowley 1990:111).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nabootsing en blatante vervalsings van luukse artikels en afwerkings, oftewel die *faux*-tendens, was aan die orde van die dag. Talle gebruiksartikels wat uit tin en ander sogenaamd minderwaardige materiale vervaardig is, is geverf om duur houtsoorte na te boots. 'n Goeie voorbeeld van die valsheid wat die era gekenmerk het, is houtblokke wat gevorm en geverf is om die voorkoms van 'n ry boeke aan te neem (Lindsay & Washington 1967:7). Dit boots nie slegs 'n luukse artikel (boek) na nie, maar skep terselfdertyd 'n valse beeld van intellektualiteit, 'n eienskap waarna daar ernstig gestreef is. Items wat die landelike leefwyse van die adel suggereer, was ook gewild, soos byvoorbeeld hoedestaanders wat gekerf is om soos bokhorings te lyk (Lindsay & Washington 1967:7).

Die *faux*-mode het oral in die huis uiting gevind. Dit was gevestigde praktyk om goedkoop houtwerk (soos deure, argitrawe en vensterrame) te verf of vernis om duur houtsoorte na te boots (Gabriel 1969:8). Ander oppervlakke is geverf om marmer na te boots. Ellis A Davidson het in 1896 'n boek gepubliseer waarin sulke tegnieke tot in die fynste besonderhede beskryf en geïllustreer is, en die praktyk het so lank gewild gebly dat die werk in 1947 sy veertiende druk beleef het.

Dado's van 'n dik tipe gebosseleerde muurpapier met dekoratiewe patrone, 'n goedkoop alternatief vir die ware Jakob in gebosseleerde leer, hout of klip is ook algemeen gebruik. Twee van die bekendste handelsname was Lincrusta, wat sedert 1877 vervaardig is, en Anaglypta, wat tien jaar later op die mark gekom het (Wedd 2002:233). Hierdie materiaal is ook gebruik vir plafonne in hoogs dekoratiewe patrone (Wedd 2002:199).

Pleister is algemeen gebruik vir dekoratiewe interieur-elemente in nabootsing van klip- en houtelemente. Dit is hoofsaaklik gebruik op plafonne in die vorm van plafonrose, -lyste en -omrandings, asook vir muur- en vloerlyste. Die tegniek is al sedert die agtiende eeu bekend, maar het in die Victoriaanse era 'n hoogtepunt bereik, met 'n verbysterende aantal patrone beskikbaar, soos ook geïllustreer in verskeie publikasies, onder meer Loudon se ensiklopedie. Robert Robson se *The Mason's, Bricklayer's, Plasterer's and Decorator's Practical Guide* (1862) het patrone, volledig met voorstelle vir geskikte kleure, ingesluit. Sulke versierings was ook as voorafvervaardigde elemente beskikbaar. Talle innoveerders het gepoog om die basiese gips waaruit dit vervaardig is, sterker te maak, terwyl die fyn tekstuur behou word, wat gelei het tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Martin's cement (gepatenteer in 1834), *Keene's cement* (1838) en *Parian cement* (1846) (Wedd 2002:199-201).

3.3.5 Landskap

Soos in 1.1 aangedui, was die korrekte plasing van die gebou binne die landskap reeds vanaf die laat 1600's 'n belangrike element van Britse argitektuur. Die landskap, of tuin, wat die huis omring, moes die status van die eienaar weerspieël (fig. 3-25). In die stede is die huise van die welvarende middelklas diep op die erwe geplaas om ruimte te laat vir 'n romantiese, nie-nuttige tuin wat die huis omring, en bloot vir die dekorasie en ter wille van ontspanning geskep is. Die eienaars het hierdeur die leefwyse op die groot landgoedere nagestreef.

Getrude Jekyll (1843 - 1932), invloedryke landskapkunstenaar en tuinboukundige van die laat-Victoriaanse era, *looms over English gardening*, soos Brown dit stel. Sy word allerweë beskou as die persoon wat die grootste impak op die landskappe en tuine van die era en lank daarna gehad het (fig. 3-26) (Brown 1986:9). Onder invloed van die Arts & Crafts-beweging het tuine onder haar leiding teruggekeer tot meer natuurlike vorms, en die bruikbaarheid van tuine, met kruie, groente en vrugte wat vir huisgebruik gekweek word, soos deur Loudon gepropageer (1833:57), is deur haar verder gevoer (fig. 3-27). Sy het saam met sir Edwin Lutyens aan meer as 100 huise gewerk en sodoende haar invloed wyd laat geld (Brown 1986:9). Nikolaus Pevsner het in 'n reeks lesings van 1955 daarop gewys dat die nuwe tipe tuinuitleg 'n uitdrukking van die Engelse nasionale persoonlikheid, soos die liefde vir die buitelug, sport en die natuur is (Brown 1986:39). Die tuine, vanaf dié van die kleiner voorstedelike huis tot die groter huise van die nuwe middelklas, het die beeld van 'n rustige, vooruitstrewende, hoofsaaklik landbougerigte Engeland, met herinneringe aan voetpaadjies, parke en blomgevulde lanings opgeroep (fig. 3-28). Dit het ageer as teenmiddel teen die radikale transformasie wat in 50 kort jare afgespeel het en as antidepressant vir *the sadness of a* […] *depressed countryside people*. Geen wonder dus dat tuinmaak volgens Brown 'n nasionale stokperdjie en ietwat van 'n obsessie geword het nie (1986:40).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

Invloede op die argitektuur van Victoriaanse Suid-Afrika

Die Suid-Afrikaanse leefwyse en sosiaal-ekonomiese omstandighede van die Victoriaanse era word in hierdie hoofstuk in detail bestudeer, en sal voortdurend vergelyk word met Britse omstandighede soos aangebied in hoofstuk 2. Die deursnee inwoner van Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu moet aan die hand van al die fasette waaronder die Britte bespreek is, beskou word sodat pertinente verskille in leefwyse, kultuur en agtergrond uitgelig kan word. Hierdie omstandighede, dié wat met die Britse ooreenstem en spesifiek ook dié wat daarvan verskil, het 'n vormende invloed op die bevolking as geheel sowel as op die individu, en beïnvloed dus die skepping van Suid-Afrikaanse argitektuur ten diepste. In hierdie hoofstuk word slegs die wyses waarop die Suid-Afrikaanse agtergrond en omstandighede met dié in Brittanje ooreenkom of verskil, uitgelig, terwyl die neerslag in die argitektuur in hoofstuk 5 bespreek word.

4.1 Algemene agtergrond

4.1.1 Historiese agtergrond

Die Suid-Afrika van 1837, die jaar toe koningin Victoria die troon bestyg het, was polities, ekonomies en kultureel gesproke nie naastenby op dieselfde vlak as Engeland gedurende dieselfde tydperk nie (Giliomee 2004:155). Volgens Bezuidenhout het *'n geskiedskrywer* beweer dat Engeland se beskawing in daardie stadium dié van Suid-Afrika 'n honderd jaar vooruit was (1969:12). Hoewel die Kaapkolonie nog nie vergelykbaar met Engeland was nie, het dit wel sedert kolonisering in 1652 bestendige vordering gemaak, veral op ekonomiese en kulturele gebied (Giliomee 2004:155; Viljoen 1951:182). 'n Welvarende boerderygemeenskap het, hoofsaaklik rondom die wynbedryf, aan die Kaap ontstaan, met 'n unieke setlaarskultuur van wellewendheid en gasvryheid (Giliomee 2004:155). Du Val maak gewag daarvan dat die Kaapse wynboere wyd bekend was vir hulle *kindly hospitality* (1885:31).

Nederland het Frankryk ondersteun in die Amerikaanse Vryheidsoorlog en voortvloeiend daaruit is 'n Franse garnisoen in 1781 aan die Kaap gevestig. Die teenwoordigheid van die Franse troepe het 'n groot kulturele invloed op die Kaap uitgeoefen. Na die uitbreek van die oorlog tussen Brittanje en Frankryk in 1782 het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brittanje 'n militêre mag na die Kaap gestuur met die doel om die roete na Indië onder Britse beheer te bring (Merrifield 1928:4).

Suid-Afrika het vir die eerste keer onder Britse bewind gekom in September 1795 toe die Britse mag beheer van die Kasteel oorgeneem en 'n einde gebring het aan amper 150 jaar van Nederlandse bewind aan die Kaap (Freund 1989:324). Die oogmerk van die Britte was bloot om die Kaap as strategiese militêre vlootbasis te bekom, en nie om die gebied permanent te koloniseer nie (Legassick & Ross 2009:253; Meredith 2008:1). In daardie stadium was die beheer van die VOC oor die Kaapse burgers op 'n laagtepunt, hoofsaaklik te wyte aan die korrupsie, nepotisme en magsbeheptheid van die VOC-amptenare, en hul onvermoë en onwilligheid om aan die burgers fisiese en ekonomiese sekuriteit te verskaf (Freund 1989:324).

In die volgende elf jaar het die Kaap nog twee maal van hande verwissel. In 1803 het die Bataafse Republiek die Kaap van Engeland teruggeneem, en in 1806 het die Britte dit herower, hierdie keer met die vaste voorneme om die mag te behou (Giliomee 2004:154). Nederland het uiteindelik in 1814 die Kaap finaal aan Brittanje oorgedra (Freund 1989:325).

Hoewel die kapitulasie-akte van 1806 bepaal het dat die koloniste al die voorregte sou behou wat hulle tot in daardie stadium geniet het, het die Engelse heersers van meet af aan op alle gebiede gepoog om hul stempel op die bevolking af te druk (Bezuidenhout 1969:14; Davenport 1966:2), in wat Gordon Tomlinson ... *'n meedoënlose verengelsingsbeleid* noem (Bezuidenhout 1969:14). Engeland se posisie as magtige wêreld-heerser het gelei tot 'n meerderwaardige houding van: *nothing can be right or proper that is not English* (Giliomee 2004:154). So sterk was hierdie ingesteldheid in die Britse psige ingebed dat die skrywer Olive Schreiner geskryf het dat sy, toe sy nog jonk was, gevoel het dat dit nie heeltemal regverdig was dat God hulle (die Britte) soveel beter as alle ander nasies geskape het nie (Giliomee 2004:172).

'n Volgehoue veldtog is geloods om die Kaap as kolonie van Brittanje in alle opsigte Brits te maak, en om die Engelse taal, godsdiens, politiek en kultuur op die bevolking af te dwing (Giliomee 2004:154; Meredith 2008:4). 'n Nuwe strafregstelsel is in werking gestel, met Engels as voertaal (Meredith 2008:4). In dié proses is die koloniste se voorregte uit die Hollandse tyd hulle een vir een ontneem (Geyer 1951:50). Giliomee

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beweer dat hierdie Engelse nasionalisme die eerste nasionalisme in Suid-Afrika was (2004:154).

Op intellektuele vlak is daar in die eerste anderhalfeeu van die kolonie se bestaan weinig vordering gemaak, en het daar volgens Giliomee geen koerante, tydskrifte, boeke of kunswerke uit die Kaapse bevolking voortgevloei nie (Giliomee 2004:155). Die Britse oorname het Suid-Afrika onder die wye invloedsfeer van Brittanje gebring en verandering het relatief spoedig ingetree. In 1818 is die Suid-Afrikaanse Biblioteek gestig met die boekery van die Duitser Joachim von Dessin (*Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA)* 1974:98), in 1820 is die Koninklike Sterrewag in Kaapstad gevestig (*SESA* 1970:584) en die Suid-Afrikaanse Museum is in 1825 geopen (*SESA* 1974:100). Die pers was besonder aktief en teen 1880 is nege nuusblaaie in Kaapstad alleen uitgegee (Boëseken 1966:67).

Op die oostelike grens van die Kolonie het die voortdurende konflik tussen Xhosa-stamme en die wit koloniste gelei tot 'n reeks grensoorloë. In 'n poging om 'n doeltreffende buffer teen die Xhosa-aanvalle te skep, het die Britse regering in 1820 sowat 4,000 Britse burgers na Suid-Afrika gebring. Die regering in Engeland was van mening dat dit die bykomende voordele sou hê dat hulle enersyds van 'n gedeelte van die oortollige bevolking in Engeland ontslae sou raak, en dat dit andersyds 'n sterker Britse karakter aan die Kaap sou gee. Die meeste van die Britse setlaars was egter nie boere nie, maar ambagslui (Giliomee 2004:154-155; Meredith 2008:2-3), en sowat 'n tiende van hulle was professionele mense (Giliomee 2004:155). Hulle is ook nie vooraf ingelig dat hulle as buffer teen 'n vyandige volk sou moes dien, óf dat die grond wat aan hulle toegeken sou word, nie geskik was vir die verbouing van landbougewasse nie (Hattersley 1973:85; Meredith 2008:3). Minder as 'n maand ná hul aankoms is die regering gekonfronteer deur 'n massa-uittog uit die aangewese gebiede. Teen 1823 was daar nog slegs 438 van die oorspronklike 1,004 manlike setlaars oor op die plase wat aan hulle uitgeloof is (Peires 1989:475), en binne tien jaar ná hul aankoms het die meeste setlaars die landbou verlaat om in die nabygeleë dorpe 'n alternatiewe heenkome te soek (Giliomee 2004:154-155).

Onder invloed van sendelinge wat die binneland begin penetreer het, is toenemend meer aandag aan die regte van onderdrukte groepe gegee. In 1828 is Ordonnansie 50 aan die Kaap gepromulgeer, waardeur *Hottentots and other free people of colour* regtens aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

witmense gelykgestel is (De Kiewiet 1929:4; Meredith 2008:3). In 1834 is slawerny afgeskaf as gevolg van volgehoue politieke druk in Engeland (Meredith 2008:4).

Hierdie omwentelings het 'n diepe wrewel by Afrikaner-boere gewek, aangesien hulle eerstens hulself as verhewe bo die gekleurde rasse beskou het, en tweedens weens die reeks negatiewe gevolge van die afskaffing van slawerny. Dit het onder meer gelei tot 'n knellende arbeidstekort en 'n grootskaalse toename in diefstalle en leeglêery. Die kompensasie wat die Britse regering uitbetaal het vir die verlies van die slawe het ook nie naastenby die markwaarde weerspieël nie en het die finansiële ondergang van talle voorheen vooruitstrewende boere beteken. Die regering se hooghartige tersydestelling van die boere se eise om 'n wet wat leeglêery sou aanspreek, het tot verdere ontevredenheid gelei. Al hierdie faktore het gekulmineer in 'n eksodus van boere uit die Kaapkolonie, in wat later as die Groot Trek bekend sou raak (Meredith 2008:3-4).

Die trekkers het grotendeels bestaan uit die boere wat aan die Oosgrens gewoon het en wat, bykomend tot al hul griewe, ook onderwerp is aan Xhosa-aanvalle waartydens moorde en die verwoesting van plase hoogty gevier het. Die boere het beplan om oor die Oranjerivier, die noordelike grens van die Kolonie, te trek en hul eie staat uit te roep. Hul oogmerk was om onder die mag van Brittanje uit te trek en die relatief outonome lewensomstandighede, feitlik vry van owerheidsinmenging waaraan hulle gewoond was, te herskep (Meredith 2008: 4-5; Trapido 2011:70).

Weens hewige teenstand van die inheemse stamme in die binneland het die grootste persentasie van die Voortrekkers (soos hulle agterna bekend geraak het) hulle nie oorkant die Oranje gevestig nie, maar oor die Drakensberge getrek tot in die gebied wat vandag as KwaZulu-Natal bekendstaan. In 1839 het hulle die Republiek van Natal uitgeroep, maar skaars drie jaar later is die gebied deur Brittanje geannekseer in 'n poging om wat hulle beskou het as die Boere se ekspansionisme, en die gevolglike botsings met die Afrika-stamme rondom hulle, aan bande te lê (De Kiewiet 1929:5; Meredith 2008:6).

Die gevolg van die Britse anneksasie was dat die meerderheid Boere weer teruggetrek het na die gebiede suid van die Drakensberg en noord van die Oranje- en Vaalriviere. Die hoë koste van die anneksasie plus die mislukte eksperiment van die 1820-setlaars het soveel druk vanuit Engeland meegebring dat die Britse regering geen teenstand gebied het toe die Boere in 1852 die Zuid-Afrikaansche Republiek noord van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vaalrivier uitgeroep het nie, en twee jaar later is die onafhanklikheid van die Oranje-Vrystaat (OVS) eweneens sonder teenstand erken (Meredith 2008:6-7).

Die Kaapkolonie was in die laat-1860's in 'n haglike finansiële situasie weens droogtes, plae, swak landboupryse, 'n daling in uitvoere en 'n krisis in die bankwese. Geen wonder dus dat die ontdekking van diamante in die Hopetown-area in 1867 (Meredith 2008:16), en die eerste ontdekking van goud naby Pietersburg in 1870 (Fourie 1978:3) gelei het tot 'n titaniese stryd tussen Groot-Brittanje en die Boererepublieke om beheer van daardie grondgebiede nie (Meredith 2008:8-9). Brittanje het Basoetoland in 1869 geannekseer, in 1871 die diamantvelde (Griekwaland-Wes) en in 1877 die Transvaal (Giliomee 2004:173). Suid-Afrika het dus in daardie stadium bestaan uit 'n versameling klein, geïsoleerde, onafhanklike staatjies en Britse domeine. Elke entiteit het selfs sy eie tydsone gehad, wat eers in 1903 verander is toe uniformiteit dwarsdeur die subkontinent ingestel is (Rosenthal 1975:27).

Daar was nie 'n hegte verhouding tussen die witmense aan die Kaap en dié in die Boererepublieke nie (Bezuidenhout 1969:16; Giliomee 2004:173), tot so 'n mate dat diegene oorkant die Vaal- en Oranjeriviere selfs volgens Bezuidenhout deur sommige Kaaplanders as 'n ander volk beskou is. Bezuidenhout is ook van mening dat die begrip *volk* in daardie stadium in Suid-Afrika nog vaag omlyn was (1969:16). Die anneksasie van die diamant- en goudvelde het mense dwarsoor die land die harnas ingejaag, en hulle teen die gesamentlike vyand verenig. FA van Jaarsveld beskou hierdie eerste betuigings van solidariteit as die ontwaking van Afrikanernasionalisme (Giliomee 2004:173).

Die intense stryd om grondbesit het uiteindelik gekulmineer in wat vandag bekend staan as die Anglo-Boereoorlog - volgens Meredith die duurste, bloedigste en vernederendste oorlog wat Brittanje in meer as 'n eeu gevoer het. Brittanje het die oorlog uitgelok in die waan dat dit binne 'n paar maande verby sou wees, maar dit het uiteindelik twee-en-'n-half jaar geduur en het 'n hoë tol van die Britte geeïs, finansieel sowel as in terme van menselewens. Die oorlog het egter ook die twee Boererepublieke verwoes, hoofsaaklik weens die Britse beleide van konsentrasiekampe en *verskroeide aarde* (die afbrand van plase om die Boeremagte hul ondersteuningsbasis te ontneem) (Meredith 2008:9).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.1.2 Politieke agtergrond

Die Engelse regering aan die Kaap ná die 1806-oorname was 'n outokratiese een, met al die magte gesentraliseer in die goewerneur, en geen politieke regte in die hande van die burgers nie (Giliomee 2004:155; Peires 1989:473).

Die regering het vir homself 'n onvoorsiene probleem geskep met die invoer van die setlaars vanaf 1820. Hoewel die Brittanje waaruit die mense gekom het, nog ver verwyderd was van die populêre demokrasie wat dit aan die einde van Victoria se regeringstyd sou wees, was die beginsel van individuele vryheid reeds goed gevestig in Brittanje. Die setlaars was dus nie gediend met die outokratiese omstandighede wat hier te lande geheers het nie, en het sterk op hul regte begin aandring, onder meer deur middel van koerante waarin die regering van die dag gekritiseer is (Geyer 1951:50; Giliomee 2004:155).

Davenport wys daarop dat, hoewel die oorgrote meerderheid Afrikaners nie die Groot Trek meegemaak het nie, dit geensins impliseer dat dié wat agtergebly het, die nuwe bedeling sonder meer aanvaar het nie (1966:1). Die verengelsingsbeleid was die werklike groot kwessie wat Afrikaners gegrief het (Bezuidenhout 1969:13; Giliomee 2004:163). Die verpligte gebruik van Engels as voertaal in plaaslike en sentrale regering was 'n groot struikelblok, aangesien na raming ongeveer driekwart van die Afrikaners in die Kolonie teen 1860 nie Engels kon verstaan nie (Giliomee 2004:163). Die twee Boererepublieke het slegs een taal, naamlik Hollands, as amptelike taal erken (Rosenthal 1975:3).

Daar was wel 'n klein persentasie van die Kaapse Afrikaner-families wat doelbewus verengels het, hoofsaaklik uit politieke dienstigheid (Giliomee 2004:157), en hulle het die taal en alle ander simbole van Engelse nasionalisme omarm (Giliomee 2004:164; Pama 1977:62). Die meerderheid Afrikaners het die onderdrukking van Afrikaans (of dan Hollands, soos dit in die middel-1800's nog bekendgestaan het) ervaar as politieke onderdrukking en 'n bedreiging vir die Afrikaner-kultuur as geheel (Bezuidenhout 1969:13).

Verskeie drukgroepe het tot stand gekom. Die miskenning van taalregte het in 1875 gelei tot die stigting van Die Genootskap van Regte Afrikaners in die Paarl. Hulle doel was om hulle te beywer vir die erkenning van Afrikaans as geskrewe taal (Giliomee 2004:178). Talle sogenaamde Boereverenigings, wat hul beywer het vir politieke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seggenskap oor hul eie sake, het reeds voor daardie datum tot stand gekom (Davenport 1966:ix).

Volgehoue druk het onder meer gelei tot die instelling van 'n Wetgewende Raad in 1834, wat 'n groot stap op die weg na demokrasie was, al was dit vir alle praktiese doeleindes slegs in naam, aangesien alle besluite steeds deur die goewerneur goedgekeur moes word (Hattersley 1973:69; Pama 1977:8).

Die mag van openbare opinie, wat deur middel van politieke druk en die gedrukte woord tot uiting gekom het, sowel as die feit dat hierdie beginsels reeds die Kaap bereik het, word sekerlik die duidelikste geïllustreer deur die sage van die Anti Convict Association. Hierdie beweging is in 1848 deur burgers op die been gebring om te voorkom dat die Kaap 'n strafkolonie word waarheen die Britse regering misdadigers kon stuur. As gevolg van volgehoue openbare druk is die regering gedwing om van sy voorneme af te sien (Geyer 1951:54; Pama 1977:42-43).

In 1853 is die Cape of Good Hope Constitution Ordinance ingestel (Geyer 1951:55), wat verteenwoordigende regering verseker het, met 'n grondwet en parlement bykomend tot die reeds bestaande Wetgewende Raad (Giliomee 2004:162; Pama 1977:59). Volgens hierdie stelsel het lede van die boeregemeenskappe ook plaaslike verteenwoordiging op strukture soos skoolrade en afdelingsrade verkry, waar hulle 'n mate van seggenskap gehad het oor sake soos die onderhoud van paaie en die bestuur van skole (Davenport 1966:6; Geyer 1951:56-57).

In 1872 het die Kaap 'n gevorderde vorm van selfregering gekry, met 'n eerste minister en kabinet wat aan die parlement moes verslag doen. Daar was ook 'n nuwe grondwet wat meer politieke mag aan die Kolonie gegee het (Giliomee 2004:173). Ten spyte van groot teenstand uit konserwatiewe geledere, aangevoer deur ds GWA van der Lingen van die Paarl, het jonger, meer gematigde denkers die meer demokratiese bedeling verwelkom en die progressiewe idees ondersteun. Hulle was die voorlopers van 'n generasie wat koloniale nasionalisme bepleit het, naamlik enersyds lojaliteit teenoor die Britse ryk en andersyds lojaliteit teenoor die Kolonie en sy mense (Giliomee 2004:165).

Kiesers het meer polities betrokke begin raak, veral in 'n poging om die uitgesproke imperialisme van mense soos sir Bartle Frere, goewerneur en hoë kommissaris vanaf 1877 tot 1880, te probeer stuit. Sy uitgebreide militêre veldtogte het die Kaap miljoene pond gekos, tot geen voordeel vir Suid-Afrika self nie (Giliomee 2004:174).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ds SJ du Toit, het hom vanaf 1879 beywer vir die stigting van 'n eie politieke party om die belange van die Afrikaner te dien (Davenport 1966:ix), en in 1880 is die Afrikanerbond, die eerste politieke party uit eie bodem, gestig (Davenport 1966:ix; Meredith 2008:195). Die party het verskeie Kaapse Boereverenigings saamgesnoer, en pogings aangewend om oor die Kolonie se grense uit te reik na ander polities-aktiewe verenigings in die land, aanvanklik sonder veel sukses (Davenport 1966:ix).

Die eienaar van die koerant *De Zuid-Afrikaan*, JH (Onze Jan) Hofmeyr, het in 1881 by die Afrikanerbond aangesluit. Hy was 'n uitmuntende strateeg en veel meer berekend en gematigd as SJ du Toit (Meredith 2008: 196). Hy het veel vir die Afrikanersaak en spesifiek vir taalregte vermag; onder meer het sy invloed daartoe gelei dat Hollands sedert 1882 in die parlement gebruik kon word, dat kennis van Hollands in 1883 verpligtend geword het vir sekere range in die staatsdiens en dat dit die jaar daarna in die howe toegelaat is. Teen 1887 was Hollands 'n volwaardige amptelike taal van die Kolonie (Giliomee 2004:183).

Ná die unifikasie van Suid-Afrika in 1910 het die Afrikanerbond suksesvol met ander verenigings en individue dwarsoor die land saamgesmelt om die Suid-Afrikaanse Nasionale Party te vorm. Die Nasionaliste het later van hierdie groep weggebreek en die Nasionale Party gestig, en as sodanig was die Afrikanerbond dus die voorloper van die regerende party (Nasionale Party) sowel as die opposisie (Suid-Afrikaanse Party) in die Suid-Afrika van die middel 1900's (Davenport 1966:ix).

4.2 Sosio-ekonomiese invloede

Om die tydsgees te belig, sodat die inwerking daarvan op menslike skeppinge, onder meer die argitektuur, volledig begryp en in konteks geëvalueer kan word, is dit nodig om nie slegs die historiese agtergrond nie, maar ook die ekonomiese en ander omstandighede wat die mens se daaglikse lewe rig en lei, te bestudeer. Maré wys op die noue band wat daar tussen kultuur en argitektuur bestaan, en dat argitektuur die mees materiële produk van die mens se kulturele skepping is. Geen gebou bestaan in isolasie nie, maar word gevorm deur die sosiale, politieke, ekonomiese en ideologiese faktore wat binne 'n bepaalde tydperk en binne 'n bepaalde kultuur geldig is (1984:36).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.1 Ekonomie

Ekonomie speel altyd 'n deurslaggewende rol in argitektuur, bloot op die vlak van beskikbaarheid van fondse vir nuwe bouwerke, en andersyds ook in die wyer-uitkringende rol wat positiewe ekonomiese toestande op die totale tydsgees uitoefen.

Die bestaansrede vir die VOC-nedersetting aan die Kaap was die verversing van hul skepe op hul pad na en van die Ooste. Dit was nooit finansieel 'n sukses nie, en tydens die 143 jaar van okkupasie het die bedryf van die verversingspos aan die Kaap 'n aansienlike finansiële verlies vir die VOC ingehou (Ross 1989:243). Die Kaap was met die Britse okkupasie in 1806 reeds vir jare huiwerend op die rand van bankrotskap. Die grootste persentasie van die koloniste het in en rondom Kaapstad gewoon, met die res versprei oor die onontwikkelde en dikwels ongenaakbare binneland. Die nedersetting was afhanklik van die arbeid van inheemse Khoi en ingevoerde slawe (Meredith 2008:1). Die welvarende Kaapse wynboere se leefstyl was deftig en verfynd, terwyl die boere van die binneland dikwels onder primitiewe en armoedige omstandighede 'n bestaan gemaak het (Meredith 2008:1-2; Trapido 1989:68). Hierdie pionierboere van die binneland se rykdom is gemeet aan hul vee en grond, en nie in geld as sodanig nie (Fourie 1978:2).

Tradisioneel was die Suid-Afrikaanse ekonomie landbou-gedrewe. Die hoofprodukte was wyn, graan en vee. Die uitvoermark was baie klein; die meerderheid produkte is geproduseer om aan die boere se eie behoeftes en dié van die koloniale heersers te voldoen (Ross 1989:254-255). Hierdie stand van sake is hoofsaaklik toe te skryf aan die VOC se monopolistiese beleid wat die landbouer verhoed het om sy produk winsgewend van die hand te sit (Boëseken 1951:161; Fourie 1978:1). Wyn is wel met tussenposes redelik suksesvol uitgevoer. 'n Klein hoeveelheid graan is ook periodiek uitgevoer tydens gunstige landboutoestande, gekoppel aan gunstige internasionale markomstandighede (Ross 1989:254-255).

Die mense aan die Kaap was nie net landbouers nie. Die bevolking het verder bestaan uit 'n groot aantal beroepslui wat dienste en goedere aan die groeiende bevolking gelewer het, onder meer herbergiers, bakkers, brouers, slagters, smede, vatmakers en pottebakkers (Ross 1989:244).

Nog 'n belangrike rede vir die swak Kaapse ekonomie was gebrekkige bankfasiliteite. Voor 1837, toe die Cape of Good Hope Bank tot stand gekom het, was die enigste bank

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die Kaap die oneffektiewe Bank van Lening wat in 1793 deur die regering gestig is, hoofsaaklik om die burgers met lenings uit hul geldnood te help (Boëseken 1951:180).

Sedert die 1820's, ná die invoer van merino-skape, het die toenemende produksie en uitvoer van wol welvaart aan skaapboere in die binneland en aan die Oosgrens gebring. Die binnelandse ekonomie is verder gestimuleer deur die bou van verskeie hawens aan die suidelike kus, veral die een by Port Elizabeth (Ross 1989:254-256). Die Port Elizabeth-hawe was die belangrikste hawe van die Kolonie en het die meeste van Johannesburg en Kimberley se in- en uitvoere hanteer (Hicks 1900:158).

Soos die land toenemend deel van die wêreld-ekonomie geword het onder die invloed van die Britse ryk, het ekonomiese groei in die vroeë dekades van die negentiende eeu sterk toegeneem, veral wat betref die produksie van wyn en graan (Elphick & Giliomee 1989:552).

Die belangrikste invoerproduk tydens die VOC-tydperk was slawe, en daarnaas katoen en ander tekstiele. Namate die leefstyl van die bevolking meer gesofistikeerd geraak het, het die vraag na produkte soos koffie, tee, suiker en speserye toegeneem. Kaapse handelaars soos die Van Reenen-familie het tot die invoerbedryf toegetree, en veral in landbou-implemente suksesvol handel gedryf (Ross 1989:256-257).

Mense in die uitgestrekte en afgeleë binneland, wat selde indien ooit die moeisame tog Kaap toe aangepak het, was afhanklik van rondreisende smouse vir lewensmiddele wat hulle nie self kon vervaardig of produseer nie. Hul aankope by die smouse was in hoofsaak beperk tot *bare necessities, a few of the conveniences, and none of the comforts of life*, soos Peires dit stel (1989:476). Alle binnelandse boere het egter nie so 'n primitiewe en armoedige betaan gevoer nie. Talle voorbeelde van families met wellewende en oorvloedige leefstyle kom wel voor, soos byvoorbeeld op die plaas Elandsvlei in die Ceres-Karoo (Van Zyl 2003:42-46).

Die Kaapkolonie se finansiële welvaart was altyd afhanklik van die grootte van die garnisoen, aangesien die militêre behoeftes van die koloniale heersers die grootste mark vir die bevolking se produkte en dienste was (Rosenthal 1975:3; Ross 1989:257-258). Die belangrike rol wat die voorsiening aan skepe in die ekonomie gespeel het, moet ook nie onderskat word nie (Trapido 2011:68).

Die Groot Trek het geen ekonomiese voordele vir die veeboerpioniers meegebring nie, maar bloot die ekonomiese toestande waaronder hulle aan die Oosgrens geleef het, na

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die gebiede noord van die Vaalrivier verplaas (Fourie 1978:3). Die twee nuut-gestigte Boererepublieke het op feitlik alle gebiede stadige vordering gemaak. In die Bloemfonteinse joernaal *De Tijd* is die wit koloniste van die OVS in 1866 beskryf as *simple people finding themselves in a vast land, surrounded in all quarters by enemies, without judges, without soldiers, without money, divided by ignorance and derided by a Colony adjacent to it* (Meredith 2008:8).

Daar was twee hoofredes hiervoor. Eerstens is ekonomiese groei in die twee republieke aan bande gelê weens swak vervoerstelsels en gebrekkige toegang tot hawens, markte, krediet en inligting. Tweedens het die Britse regering die smee van politieke of kommersiële bande aktief teengestaan uit vrees vir 'n bedreiging van hul soewereiniteit (Trapido 2011:70).

Voor die laat negentiende eeu was daar geen noemenswaardige industrieë in Suid-Afrika nie, te wyte aan die VOC se oogmerk met die Kaap as verversingspos, wat die ontstaan van industrieë ontmoedig het (Fourie 1978:1). Koper en steenkool is wel gemyn en koper is ook uitgevoer, maar op baie klein skaal (Rosenthal 1975:1).

Na die ontdekking van goud en diamante in die laaste dekades van die negentiende eeu het die land 'n transformasie ondergaan vanaf 'n hoofsaaklik selfonderhoudende landbou-ekonomie tot 'n kapitalistiese ekonomie geskoei op die landbou en mynbou gesamentlik (Fourie 1978:1). Hierdie transformasie het gelei tot 'n periode van snelle verstedeliking, immigrasie en industrialisering.

Giliomee en ander skrywers wys daarop dat Afrikaners, met enkele prominente uitsonderings, 'n relatief ondergeskikte rol in die ontwikkeling van die ekonomie gespeel het (Fourie 1978:30; Giliomee 2004:156). Die geleenthede wat die veel vryer ekonomiese beleid vanaf die middel van die negentiende eeu gebied het, is hoofsaaklik deur die Britse setlaars en Joodse immigrante aangegryp. Hulle het met grond gespekuleer, wolboerdery in die Oos-Kaap gevestig en in- en uitvoer-, nywerheids- en finansiële maatskappye gestig. Gesofistikeerde ingenieurswerke soos bergpasse, brûe en mynskagte, asook die bou van die spoorweë, is aangepak, hoofsaaklik deur Britte (Giliomee 2004:156).

Talle entrepreneurs soos Cecil John Rhodes, Alfred Beit, Barney Barnato, JB Robinson en Lionel Phillips het hul fortuine op die diamantdelwerye gemaak en dit na Johannesburg verplaas met die ontdekking van goud daar (*Johannesburg* 1986:ix).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie mense was Suid-Afrika se ekwivalent van die Britse adel, die hoogste moontlike sosiale stand.

4.2.2 Sosiale omstandighede

Hoewel Grosskopf verwys na 'n *skerp maatskaplike skeiding* tussen ryk en arm in die Kaapkolonie (1951:299), voer Fransen aan dat sosiale stratifikasie meer genuanseerd was as in Engeland (1981:95). Klasseverdeling in Suid-Afrika is dikwels op 'n rassegrondslag geskoei, te wyte daaraan dat hande-arbeid, waarop neergesien is, hoofsaaklik deur swart ingevoerde slawe en inheemse stamme verrig is (Meredith 2008:1; Raidt 1971:97).

Die *laissez faire*-houding ten opsigte van sosiale etiket aan die Kaap was waarskynlik te danke daaraan dat die gemeenskappie hier te lande bloot te klein en beperk was om die rigiede sosiale reëls van die moederland te kon nakom. Hoewel daar in Engeland neergesien is op die *parvenu's* met hul "nuwe geld", is welvarende besigheidsmanne uit die middelklas geredelik in die Kaap se boonste sosiale strata opgeneem, met Cecil John Rhodes as die mees prominente voorbeeld (Knox 1992:54).

4.2.2.1 Verstedeliking en bevolkingsaanwas

Die ontdekking van diamante en goud het nie net die Suid-Afrikaanse ekonomie nie, maar uiteraard ook stedelike groei gestimuleer in die laaste drie dekades van die negentiende eeu. Sentra soos Johannesburg en Kimberley het dieselfde fenomenale groei getoon as die nywerheidstede van Brittanje tydens die Industriële Revolusie.

In 1810 was daar slegs 13 erkende dorpe in die Kaapkolonie (Fransen 2006a:26) en in 1853, toe verteenwoordigende regering ingestel is, was daar tussen 50 en 60 (Fransen 2006:26; Giliomee 2004:162). Hierdie dorpies was oor die algemeen klein, en het hul ontstaan hoofsaaklik te danke gehad aan die Britse regering se vestiging van administratiewe sentra deur die land (Hattersley 1973:79). Aangesien akkurate vroeë syfers feitlik onverkrygbaar is, het Fransen die bevolkings van hierdie dorpies geskat op grond van die aantal huise op elke dorp se plan. Daar is volgens hierdie metode bereken dat byvoorbeeld Mosselbaai in 1825 slegs 100 inwoners gehad het, en die Paarl, wat toe alreeds meer as 100 jaar bestaan het, slegs 1,100 (Fransen 2006a:26).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suid-Afrikaners wat hul heil op die diamant- en goudvelde gaan soek het, is na die delwerye, wat later stede geword het, gelok weens die strukturele veranderinge wat die nuwe kapitaalgedrewe ekonomie meegebring het. Verarmde boere is enersyds van hul plase gedryf deur natuurrampe soos droogtes, sprinkane en veesiektes en die verarming wat die tradisionele verdeling van plase vir erfgename meegebring het, en andersyds na die delwerye gelok deur die belofte van vinnige en fabelagtige rykdom. Fourie is van mening dat die boere in die uitgestrekte en ylbevolkte binneland voor hierdie era weens hul afgesonderdheid nie werklik bewus was daarvan dat hulle armoediger as die res van die Suid-Afrikaanse samelewing geleef het nie, en dat hierdie bewuswording een van die faktore was wat die soeke na rykdom aangespoor het (1978:30).

Volgens *Johannesburg - One hundred years* het geen stad op aarde vinniger gegroei as Johannesburg nie (*Johannesburg* 1986:x). Binne ses jaar ná die uitgawe van die eerste erwe in 1886 was dit volgens hierdie bron reeds die grootste stad in Suid-Afrika, met 'n bevolking van 30,000 mense (*Johannesburg* 1986:x). Volgens Fransen het Kaapstad se bevolking egter alreeds in 1865 op 35,000 gestaan, wat dit dus groter as Johannesburg sou maak (2006:27). Knox se syfers dui aan dat Johannesburg Kaapstad in 1893 verbygesteek het, met 'n inwonertal van 56,000 volgens die sensus van daardie jaar (1992:3). Een jaar later, toe Johannesburg slegs tien jaar oud was, het sy bevolking die 100,000-merk verbygesteek (*Johannesburg* 1986:x). In daardie stadium was Kaapstad, toe reeds meer as 230 jaar oud, se bevolking slegs 79,000 (Fransen 2006a:27). Knox stel dié getal op 90,000 (1992:96).

Hoewel Kimberley nie so 'n groot bevolking gehad het soos Johannesburg nie, was die stad se groei ook fenomenaal. Binne ses jaar vanaf sy ontstaan as 'n paar mynkampe op die plase Bultfontein en Dutoitspan (1869) en op Colesberg-koppie in 1871 (Meredith 2008:18), het die bevolking volgens Meredith gegroei tot 18,000 inwoners (2008:51). Rosenthal weerspreek dié bevinding met die stelling dat niemand ooit geweet het hoe groot Kimberley se bevolking werklik is nie (1975:3), terwyl dieselfde skrywer elders konstateer dat daar volgens 'n 1891-sensus 18,500 swartmense en net oor die 20,000 witmense in Kimberley was (Rosenthal 1975:130). Bostaande twee paragrawe is sprekende bewys van die onbetroubaarheid van vroeë Suid-Afrikaanse sensussyfers.

Die stedelike groei het nie gespruit uit 'n natuurlike bevolkingsaanwas nie, maar het plaasgevind weens 'n toeloop van fortuinsoekers uit die res van die land en inderdaad uit alle dele van die wêreld (*Johannesburg* 1986: ix). Die land as geheel het deurlopend

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n bestendige bevolkingsgroei getoon, maar akkurate syfers is, soos aangetoon, moeilik bekombaar. 'n Verdere probleem is die feit dat die inheemse bevolking soms ingereken is by die sensus, en ander kere nie. Wanneer daar bloot 'n globale syfer gegee word, word dit dikwels ook nie duidelik gemaak of die inheemse bevolking uitgelaat of ingesluit is nie.

Volgens Rosenthal het die Kaapkolonie se totale bevolking tussen 1865 en 1875 met 24% gegroei tot 720,000 mense (1975:2). Dit is as gevolg van die feit dat Suid-Afrika die *land of opportunity* was vir die verarmde Britse middelklas (Worden ea 2004:259) sowel as mense in dieselfde situasie uit talle ander wêrelddele, en Kaapstad die deurgang vir al die fortuinsoekers, joernaliste en besigheidspersone op pad na die delwerye. Hierdie mense se verblyf in Kaapstad het uiteraard aanleiding gegee tot 'n groot vraag na goedere en dienste soos verblyf, vermaak en besighede wat die reisigers vir die reis en die delwerye toegerus het (Picard 1969:46).

Met die eerste sensus in 1880 het die OVS se totale bevolking op 133,000 te staan gekom, in Natal was daar 320,000 mense waaronder slegs 20,000 witmense, en in die Transvaal is die getalle in 1875 geskat op 40,000 witmense en 250,000 swartmense. Tien jaar later het getalle in die Transvaal noemenswaardig gestyg, en witmense het in die sensus van 1890 op 119,000 te staan gekom. Die swart stamme is met daardie sensus nie getel nie (Rosenthal 1975:2). Hierdie syfer klop nie met die 1896-syfer van 110,000 mense in Johannesburg alleen volgens die publikasie *Johannesburg - One hundred years* nie (*Johannesburg* 1986:x), aangesien dit dan 'n bevolking van slegs 9,000 in die res van die provinsie laat. Dit terwyl die skatting van 1875 (kort ná die minerale ontdekkings) 'n wit bevolking van 40,000 mense aangedui het. Dit is onduidelik of die witmense wat getel is, slegs Suid-Afrikaners was en of dit die immigrante ingesluit het. Genoemde diskrepansies is weer eens aanduidend van die wisselende aard en onbetroubaarheid van die sensusse van daardie tydperk, en die syfers moet dus ten beste as benaderde getalle aanvaar word.

Die verstedelikingsproses in Suid-Afrika het ná die dood van Victoria sy grootste momentum behaal, onder meer as 'n direkte gevolg van die Anglo-Boereoorlog (Fourie 1978:30; Grosskopf 1951:301). Die tendens was dwarsoor die land sigbaar, nie net in die provinsies met minerale rykdomme nie. So was daar byvoorbeeld in 1904 reeds 317,000 stedelike Afrikaners teenoor 263,000 plattelanders in die Kaapkolonie. In dieselfde jaar was die getalle vir die Transvaal 165,000 teenoor 133,000. Met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitbreiding van die spoorweë in die eerste paar dekades van die twintigste eeu, het die werklike groot instroming van arm plattelanders na die stede plaasgevind (Fourie 1978:30-31).

4.2.2.2 Die werkersklas

Anders as in Engeland, het die werkersklas in Suid-Afrika nie hoofsaaklik bestaan uit die onderste lae van dieselfde bevolkingsgroep nie. Die werkers het gekom uit nie-Europese rasse, óf van die inheemse bevolkingsgroepe óf as slawe wat hierheen vervoer is. Die meeste families aan die Kaap, wit sowel as vryswart, het slawe besit en ook die inheemse Khoi in diens geneem. Die trekboere in die binneland was nie almal agterlik en verarm nie, en talle van hulle het ook slawe besit (Armstrong & Worden 1989:135; Meredith 2008:1). Die slawe was grotendeels afkomstig uit Oos-Afrika, Indonesië en Madagaskar (Armstrong & Worden 1989:112-121).

Werkomstandighede

Die inheemse Khoi is deur die koloniste as algemene bediendes, houtkappers, waterdraers en veewagters aangestel, alreeds vanaf kort ná Van Riebeeck se aankoms in die land (Knox 1992:42). Op die pioniersplase was die Khoi gesog weens hul kennis van die hantering van vee en die bewerking van diervelle (Elphick & Malherbe 1989:28). Die tydgenootlike sketse in Eric Rosenthal se werk beeld swartmense onder meer uit as huishoudelike bediendes, kinderoppassers, poskardrywers en touleiers (1975:10,14,32).

Manlike en vroulike slawe is vir ongeskoolde sowel as geskoolde arbeid aangewend. Die mans is gebruik vir alle take wat harde fisiese arbeid en krag vereis het (De Kock 1950:53; McKinnon 2004:65). Vroulike slawe is oor die algemeen in verskillende rolle in die huis aangewend en het ook in die wingerde en op die lande gewerk. Kinders het klein takies in en om die huis en op die lande verrig (Armstrong & Worden 1989:145; McKinnon 2004:65). Boere het geskoolde slawe van hul bure gehuur vir spesifieke take soos bou-, hout- en smidswerk (Armstrong & Worden 1989:145; Boëseken 1951:158).

Die sogenaamde Maleiers (wat nie werklik almal van Maleisië afkomstig was nie), het gedurende die VOC-bewind na die Kaap gekom, die meeste as slawe, ander as politieke gevangenes, vry arbeiders, soldate en ambagsmanne (Knox 1992:46). Baie van die mans was geskoolde werkers en is onder andere as verwers, bouers, skoenmakers en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wabouers gebruik. Moslem-vroue was wasvroue, kokke, kinder- en huisbediendes en kleremakers. Moslems het oor die algemeen 'n hoër sosiale status en meer vryhede as die ander lede van die werkersklas geniet as gevolg van hul betroubaarheid, sober gewoontes en natuurlike aanleg vir kunstige ambagte (De Kock 1950:53; Knox 1992:46).

Slawe-eienaars het dit nodig gevind om hul slawe (en ook die vry persone wat vir hulle gewerk het) op een of ander wyse in bedwang te hou, en vanselfsprekend het die metodes gewissel van eienaar tot eienaar. Die interaksie tussen arbeider en meester aan die Kaap kan hoofsaaklik afgelei word uit hofrekords, wat uiteraard met die negatiewe sy van die verhouding te make het. In die Kaapstad-area is die slawe en ander arbeiders volgens berigte beter deur hul meesters behandel as in die afgeleë areas, maar veralgemenings is onmoontlik (Armstrong & Worden 1989:150). Lady Anne Barnard, wat vanaf 1797 saam met haar man, die koloniale sekretaris, aan die Kaap gewoon het, het in een van haar briewe genoem dat die slawe oor die algemeen beter behandel word as wat die slawe in Wes-Indië volgens berigte behandel is. Sy verwys spesifiek na die *kind manner* waarmee hul gasheer en ander kennisse hul slawe behandel (Lewin Robinson 1994:158).

Slawe-eienaars het klaarblyklik aanvaar dat hulle ter wille van hul eie veiligheid streng fisiese beheer oor hul slawe moes uitoefen, aangesien talle gevalle voorgekom het waar slawe en vry arbeiders hul meesters en andere vermoor of aangerand het. Lady Anne beskryf byvoorbeeld 'n voorval waar 'n Kaapse slagter se seun deur 'n slaaf vermoor is omdat die eienaar geweier het om hom 'n dag verlof te gee, hoewel die verlof hom blykbaar nie toegekom het nie (1901:23). Die Sweed Anders Sparrman maak in sy dagboek uit 1772 gewag daarvan dat die inwoners van Suid-Afrika verplig is om snags hul deure te sluit en met 'n vuurwapen langs die bed te slaap uit vrees vir hul slawe (Forbes 1975:89).

Dit wil voorkom asof knegte, wat dikwels in beheer van slawe en arbeiders aangestel is, buitensporig wreedaardig teenoor hulle opgetree het (Armstrong & Worden 1989:150-153). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die kneg, wat slegs vir 'n tydperk deur die boer as opsigter oor sy werkers gehuur is, geen persoonlike finansiële belang in die welsyn van die werkers gehad het nie, terwyl die slaaf dikwels die boer se grootste finansiële belegging verteenwoordig het en dit dus nie in sy belang was om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slaaf só te straf dat hy/sy ongeskik sou wees vir werk nie. Dit impliseer nie dat slawe altyd goed behandel is deur hul eienaars nie; talle hofverslae bewys die teendeel.

Op die myne is die werk aanvanklik deur grootliks ingevoerde arbeid uit die Verenigde Koninkryk gedoen. Soos in Victoriaanse Engeland, was die omstandighede waaronder die mense gewerk het, ondenkbaar haglik. Daar was feitlik geen ventilasie in die myne nie, geen gesondheidsdienste nie en minimale veiligheidsvoorsorg. Groot getalle mynwerkers is in die aanvangsjare oorlede aan longtering weens die voortdurende inaseming van mynstof (Rosenthal 1975:98).

In die middel van die negentiende eeu was daar nie veel vakansiedae in Suid-Afrika nie (Burgers 2007:180). Enkele openbare vakansiedae soos Nuwejaarsdag, Kersdag en 'n paar ander dae het vir die werker verligting gebring. Die eerste Desember, die datum van die vrylating van die slawe, was in die Kaap 'n nie-amptelike vakansiedag (De Kock 1955:21-32). Koningin Victoria se verjaardag was ook 'n openbare vakansiedag (Van der Merwe 1999:217). Volgens Hildagonda Duckitt het die meeste plaaswerkers in die Darling-omgewing rondom die draai van die eeu (1900) 'n paar weke verlof gekry aan die einde van Maart, ná die oestyd (Duckitt 1901:7).

Behuising en lewensomstandighede

Op sommige van die groot plase het slawe in 'n spesiale gebou gewoon. Volgens die reisiger Stavorinus wat die Kaap twee maal in die laat 1700's besoek het, was daar op die (ongenoemde) plaas van Martin Melck 'n aparte baksteengebou vir elkeen van sy 200 slawe (1798:62). Dit was verreweg die uitsondering, en moet waarskynlik in twyfel getrek word weens die groot aantal geboue wat dit sou meebring. Op plase waar daar geen spesifieke woonkwartiere vir slawe was nie, het hulle in die kombuis, in skure en op solders geslaap. Veewagters het oor die algemeen saam met hul vee geslaap (Armstrong & Worden 1989:145).

Die slawe en ander arbeiders is gevoed uit die opbrengs van die plaas. Dit was algemene praktyk dat brood in die huis van die meester vir almal op die plaas gebak word. Boere het hul werkers van vleis en tabak voorsien, en die dopstelsel, waar werkers met gereelde tussenposes deur die dag wyn ontvang, was alreeds teen die agtiende eeu gevestig. Armstrong en Worden verwys onder meer na die getuienis van die slaaf Joseph Borze van Kippinge in 1750, wat daarvan melding maak (1989:146). Soms kon slawe hul eie groentetuine bewerk. Eienaars het hul slawe ook van kleding

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorsien, wat op die platteland normaalweg slegs uit 'n hemp en 'n broek van growwe materiaal of vel bestaan het (Armstrong & Worden 1989:145-146).

In Kaapstad was dinge heelwat anders gesteld. Slawe het beter behuising gehad en oor groter bewegingsvryheid beskik, veral diegene wat aangestel was om produkte te verkoop. Hulle is beter geklee en sommiges het selfs livrei gedra. Weer eens kan daar nie veralgemeen word nie. 'n Russiese besoeker aan Kaapstad het byvoorbeeld in 1808 geskryf dat die slawe, selfs dié wat aan tafel bedien, in vodde geklee is (Armstrong & Worden 1989:146).

Die arm komponent van Kaapstad se vry bevolking het onder feitlik presies dieselfde omstandighede as die werkersklas in Brittanje gewoon. Gebiede aan die weste- en oostekant van die stad was onhigiëniese, oorbevolkte krotbuurte, waar gemiddeld agt-en-'n-half persone per vertrek gewoon het (Picard 1969:7). Daar was geen sanitasie of ventilasie nie, en inspekteurs wat die gebiede in die 1840's besoek het, het byvoorbeeld hope verrottende vis en menslike afval in die hoeke van vertrekke aangeteken. Die huise is hoofsaaklik uit hout gebou, en baie daarvan was ook rug-aan-rug, soos die *back-to-backs* van die Britse industriële stede. Die inspekteurs het spesifiek melding gemaak van die feit dat die Maleiers se huise oorwegend skoon en netjies was (Pama 1977:80-81).

Ontspanning

Kaapstad se arm bevolking het hulself op allerlei maniere vermaak. Drankmisbruik was algemeen, hoewel die tipiese Engelse *pub* nie aan die Kaap bestaan het nie. Drank is verkoop by kantiene, herberge en hotelle. Die werkersbevolking was lief vir dans (De Kock 1955:52) en die danspartye is *rainbow balls* genoem na die verskeidenheid rasse wat dit bygewoon het (Pama 1977:82).

Moslems is deur hul geloof verbied om sterk drank te neem (Pama 1977:82), en het hul eie vorms van vermaak gehad. 'n Groot deel van hul tyd is afgestaan aan hul godsdienstige praktyke, maar hulle het graag op die strand of in die natuur piekniek gehou, en dobbelspele en haangevegte was ook gewild (De Kock 1955:98; Ross 1973:7).

Die koms van die spoorweë het dit ook, soos in Engeland, vir lede van die werkersklas moontlik gemaak om op hul vakansiedae na die strand en ander piekniekplekke te reis (Rhind & Walker 1996:203).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.2.3 Die middelklas

Werksomstandighede

Weinig spesifieke inligting oor die werksomstandighede van die middelklas is beskikbaar, maar daar kan aanvaar word dat dit min of meer gelykstaande was aan dié in Engeland. In Suid-Afrika was dit ook nie aanvaarbaar vir dames uit die hoër middelklas om te werk, of om betaling te ontvang vir 'n taak wat hulle verrig het nie. (Knox 1992:115).

Behuising en lewensomstandighede

'n Besoeker aan die Kaap het in 1844 geskryf dat hoewel die burgers stil, oudmodies en konserwatief in uitkyk is, hulle 'n geriefliker leefwyse as talle mense van dieselfde klas in Engeland en Europa het (Pama 1977:71). Kapenaars se huise was aanvanklik in die middestad, maar die idee van voorstede het hier, soos in Engeland, ook mettertyd inslag gevind, en veral in die tweede helfte van die Victoriaanse era het welgestelde burgers groter huise op groter erwe al verder uit die stadskern gebou (Howard 1907a:140), vanwaar hulle daagliks na hul besighede of kantore in die middestad gereis het (Hicks 1900:162).

Die meeste gesinne, selfs in die stedelike gebiede, het groentetuine gehad en skape, bokke, hoenders en koeie aangehou om in hul daaglikse voedselbehoeftes te voorsien. Rosenthal is van mening dat dit grotendeels die gevolg daarvan was dat daar tot laat in die negentiende eeu in Suid-Afrika geen georganiseerde voedselvoorsieningsbedrywe soos byvoorbeeld 'n suiwelbedryf bestaan het nie (1975:6). Die Afrikaner se geslagtelange verbintenis met die platteland en die selfversorgende leefwyse van die tradisionele Boereplase was hoogs waarskynlik ook 'n faktor in hierdie gebruik.

Die elite van die land, daardie mense wat fortuine veral op die diamant- en goudvelde gemaak het, het vir hulself herehuise gebou gelykstaande aan dié van die welvarende middelklas in Engeland.

Ontspanning

Kapenaars was tot 'n groot mate op hulself aangewese vir vermaak. Hulle het gereeld danse en ander gesellighede aan privaat huise gehou (Duckitt 1901:14). De Kock wys daarop dat die Kapenaars die nuutste modes en danse by passasiers van verbygaande skepe geleer het (1955:47). Sam Sly beskryf spottenderwys die dans-manie: *When a*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

new step is introduced, the old talked of it, the young learned it, and all but the cripple or the blind endeavoured to perform it (1845:3).

Suid-Afrika het ook met tussenposes besoek van toergeselskappe met toneelopvoerings, sirkus- en verskeie ander tipes vertonings ontvang, veral sedert die 1870's (Rosenthal 1975:8). Intellektuele Kapenaars kon vanaf ongeveer die 1830's aan 'n letterkundige vereniging behoort (Boëseken 1966:63). Daar was ook skaakklubs en selfs skaakborde in herberge (De Kock 1955:55). *Sam Sly* berig van 'n skaaktoernooi waar ene mnr Blackburne van Manchester geblinddoek teen agt teenstanders gelyktydig gespeel en sewe van die wedstryde gewen het (1845:1). Koorsang en optredes van die militêre orkes was gewild (Boëseken 1966:64) en 'n orkes het gereeld in die Kompanjiestuin opgetree, *where fashionable Cape Town disports its form and airs its fine garments* (Du Val 1885:30).

In 1862 is die *Aurora* toneelklub en letterkundige vereniging in Kaapstad gestig, met die doel van *de aankweeking van een letterkundig geest* (De Villiers 1951:634). Saam Sly berig oor die "Private Dutch Amateur Theatre Company" se opvoering in sy koerantuitgawe van 29 Mei 1845 (*African Journal* 1845:gp). Volgens Bosman is die 1850's tot 1860's ook 'n periode van vestiging van Engelse beroepstoneel aan die Kaap en beleef die teater 'n bloeitydperk, in Hollands sowel as Engels (1980:52-53).

Van der Merwe stel dit dat die Britte bekend was om hul liefde vir sport en spele, en dat hulle deur middel van die Britse Ryk hul sportsoorte na die uithoeke van die wêreld uitgedra het (1999:216). Die Britte het sportsoorte soos krieket, rugby, tennis en hokkie aan Suid-Afrika bekendgestel (Van der Merwe 1999:151-172).

Hoewel nie alle Britte aan georganiseerde sportsoorte deelgeneem het nie, het die meeste die tipies-Engelse liefde vir die buitelug (*taking the air*) gedeel, en die Kolonie se klimaat het hom uitstekend geleen tot uitstappies en pieknieks, onder meer ook na die strand (Duckitt 1901:11; Rosenthal 1975:12). 'n Besoeker, Charles du Val, beskryf 'n Nuwejaarsdag waar die hele bos by Nuweland vol piekniekgangers was (1885:29). Bergklim was ook gewild, met Tafelberg veral 'n gewilde bestemming. Lady Anne Barnard beskryf onder meer 'n uitstappie teen Tafelberg uit en spog daarmee dat sy die eerste vrou was om die berg te klim (1901:15).

Die koms van die trapfiets het nog moontlikhede vir buitelug-aktiwiteite oopgemaak (De Kock 1955:101). Met die opkoms van die spoorweë het die keuses verder verbreed,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en in die eerste twee dekades van die twintigste eeu het die Spoorweë vorendag gekom met spesiaal-saamgestelde uitstappies, wat tot 200 passasiers per keer gelok het (Rhind & Walker 1996:203-241).

Nog tipies-Engelse tydverdrywe wat gewild was onder die Kaapse elite was perdewedrenne en jag (De Kock 1955:125,149). Hildagonda Duckitt noem dat hulle in Februarie min besoekers ontvang aangesien dit te warm is om te jag (1901:6). Watersport soos seil en roei kon ook geredelik aan die Kaap beoefen word (De Kock 1955:122; Knox 1992:65).

Daar was reeds in die laat negentiende eeu plesieroorde soos Willow Grove Gardens buite Johannesburg, waar mense onder die bome kon ontspan en verversings kon geniet (Rosenthal 1975:19). Welgestelde privaat persone het soms wilde diere op hul landgoedere aangehou, waar besoekers toegelaat is om die diere te besigtig (De Kock 1955:93).

In navolging van die Britse gebruik is talle mansklubs hier te lande geopen. Twee van die vroegste klubs was die Concordia-klub en die Africa Clubhouse, albei in Kaapstad (De Villiers & Brooke-Norris 1976:1). Hierdie klubs het aan mans die geleentheid gebied om sosiaal te verkeer met eendersdenkendes, en het ook, soos in Engeland, die rol gespeel van arbiters van sosiale aanvaarbaarheid, soos Knox dit stel (1992:108). Klubs was dwarsdeur die gekoloniseerde wêreld 'n deel van die kultuur van kolonisering, die plek waar *all the solid virtues and proper male behaviour patterns of the times were enshrined and preserved in an atmosphere of pleasant comradeship* (De Villiers & Brooke-Norris 1976:1).

Hattersley konstateer dat die Hollandse burgery aan die Kaap aan die begin van die Britse okkupasie nie die Engelse liefde vir sport gedeel het nie, nie graag in die see geswem het nie en ook nie lief was vir stap nie. Kapenaars het verkies om aande saam met vriende en familie deur te bring, en het veral in die somer graag op hulle stoepe gekuier (Hattersley 1973:76; Howard 1907a:139).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.3 Vervoer en kommunikasie

4.2.3.1 Padvervoer

Weens die groot afstande en yl bevolking in Suid-Afrika teenoor dié in Engeland, was mense uit die staanspoor baie meer op vervoermiddele aangewese as op die voet. Die omstandighede in die binneland het geharde diere en swaardiens-voertuie vereis, en waar daar van vermoermiddels gebruik gemaak is, is voorkeur aan die ossewa gegee (Meredith 2008:13; Mossop 1927:19). Volgens Burman kan die belangrikheid van die ossewa in die geskiedenis van Suid-Afrika nie oorbeklemtoon word nie (1988:7).

Die paaie was ook baie swak. Mossop verwys byvoorbeeld na die pad oor die Kaapse Vlakte na Sir Lowry's-pas wat soms heeltemal toegewaai was onder die sand, sodat agtien tot twintig osse nodig was om 'n gelaaide wa te trek (1927:36-37). Almal kon perdry en veral op die platteland was dit die algemeenste metode van reis oor kort afstande. In die stede het mense gereis in verskeie tipes voertuie wat deur perde getrek is (Knox 1992:164).

Met die ontdekking van goud en diamante was daar steeds talle mense wat oor geen vervoermiddels beskik het nie, en moes stap waar hulle wou wees. Na berig word het sommige fortuinsoekers die meer as 1,000 kilometer vanaf die Kaap oor die Karoo na die diamantvelde van Kimberley te voet aangepak (Meredith 2008:13). Ander is daarheen vervoer met poskoetse, muilwaens en ossewaens (Meredith 2008:13). Verskeie vervoermaatskappye het ontstaan, waarvan die bekendstes die Red Star Line, die Gibson Brothers, en Zeederberg Brothers was, wat almal hoofsaaklik op die roetes na en van die delwerye geopereer het (Rosenthal 1975:23). Die Zeederbergs is beroemd daarvoor dat hulle in 1895 geëksperimenteer het met sebras as trekdiere weens die diere se natuurlike bestandheid teen siektes, maar die eksperiment is laat vaar met die bevinding dat sebras nie die uithouvermoë van perde het nie (Rosenthal 1975:48).

4.2.3.2 Spoorweë

Die spoorweë het, anders as in Engeland, lank geneem voordat dit in Suid-Afrika op 'n volhoubare basis geplaas is en alle ander vorme van vervoer begin oorheers het. Die hoofdoel met die bou van die spoorweë was aanvanklik om die binnelandse mynstede so vinnig en doeltreffend moontlik met die kusstede en hawens te verbind (Fourie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1978:31), en as sulks was dit een van die belangrikste instrumente van ekonomiese vooruitgang in die land (*A century of transport* 1960:1). Die Cape Town Railway and Dock Company is in 1853 gevorm, en die Natal Railway Company in 1859. Aanvanklike vordering was traag en diens swak. Verskeie kort spoorlyne is gebou, wat aanvanklik nie met mekaar in verbinding was nie. Die situasie het geleidelik verbeter en teen die einde van die eeu was die meeste groot stede in Suid-Afrika met mekaar in spoorverbinding (*A century of transport* 1960:ix). Die bevolking was steeds traag om die nuwe vervoermiddel te aanvaar. Selfs so laat as 1908 was dit vir die regering nodig om 'n belasting op ossewaens te hef in 'n poging om die ossewa se kompetisie met die spoorweë aan bande te lê (Wolf 1970:92).

4.2.3.3 Seevervoer

Weens die frustrasies en koste verbonde aan spoorvervoer het reisigers ook per boot vanaf Kaapstad na Algoabaai (Port Elizabeth) gereis met 'n sogenaamde *coastal steamer*, 'n reis wat vier dae geduur het. Weens die gebrek aan hawens moes die passasiers op sommige plekke in 'n mandjie vanaf die kaai na die skip oorgeplaas word (Rosenthal 1975:25), en op ander plekke is hulle met 'n boot tot op die strand geneem (Rosenthal 1975:40). Oorsese reise het in daardie era slegs per boot geskied, en dit was gewoonlik op die stoombote van verskeie wedywerende maatskappye soos die Union Steamship Company (gestig in 1857) en die Castle Mail Packets Company (1872), wat aan sir Donald Currie behoort het (Rosenthal 1975:25). In 1880 was hierdie vorm van vervoer al so gevorder dat dit slegs 21 dae geneem het om per stoomboot tussen die Kaap en Europa te reis (Boëseken 1966:66).

4.2.3.4 Kommunikasie

Plaaslike posverspreiding het in die VOC-tydperk bestaan uit 'n stelsel waar Khoi-hardlopers briewe, vasgemaak in 'n mikstok, afgelewer het. Hierdie afleweraars kon 80 tot 90 km per dag aflê (Goldblatt 1984:18-21). Die eerste amptelike posdiens in Suid-Afrika is in 1791 ingestel. Dit het onder meer van die posmeester vereis om daagliks tussen 9vm en 10vm in die vertrek in die Kasteel wat as poskantoor diens gedoen het, beskikbaar te wees om pos te ontvang. In daardie stadium was die amptelike diens nog slegs vir pos tussen Suid-Afrika en ander lande; geen voorsiening is vir plaaslike posverspreiding gemaak nie (Goldblatt 1984:21).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die poskantoor in Kaapstad het tot en met 1851 bestaan uit twee klein vertrekkies (Pama 1977:38; Rhind & Walker 1996:249), een vir die bediening van die publiek en een vir die sortering van pos. Poskantore met voltydse posmeesters in verskillende dorpe in die land is geleidelik vanaf ongeveer 1816 in gebruik geneem (Goldblatt 1984;41). Passasiers is ook vervoer in die waens, karre en koetse wat die pos vervoer het (Pama 1977:38). Die *Penny Post* is in 1860 in Kaapstad ingestel (Goldblatt 1984:165). Vanaf die 1850's is pos per stoomboot vanaf Engeland na Suid-Afrika vervoer (Rhind & Walker 1996:242), en vanaf 1828 daarvandaan per trein na die verafgeleë gebiede (Rhind & Walker 1996:261).

Suid-Afrika se eerste telegrafiese diens, 'n lyn tussen Grahamstad en Kaapstad, is in 1860 ingestel (Rhind & Walker 1996:245), en in 1879 is 'n kabelverbinding vanaf Durban na Aden voltooi (Boëseken 1966:66).

4.2.4 Onderwys

Grobbelaar som die vroeë onderwysgeskiedenis van die Kaap bondig op as volg: Die standaardopset was enkele openbare en private skole of private leermeesters vir wie dit kon bekostig, maar die belangrikste was die kerkskole met sieketroosters as onderwysers en die sogenaamde boereskoolmeesters (1992:9).

4.2.4.1 Kerk-, privaat en plaasskole

Vroeg in die geskiedenis van die Kaapkolonie was daar 'n openbare skool aan die meeste kerklike gemeentes verbonde, waar kinders gewoonlik deur die sieketrooster onderrig is. Dit is ook voorleserskole genoem (Franck 1964:2-12; Hattersley 1973: 131). Grobbelaar wys daarop dat hierdie sieketroosters nie altyd noodwendig van onbesproke karakter was nie (1992:10), en dat die opvoeding wat die kinders by hulle ontvang het, ook nie noodwendig van groot waarde was nie.

Tallose klein privaatskooltjies, waar klasse waargeneem is deur private skoolmeesters, het oral voorgekom. Dikwels was hierdie skooltjies elementêr en het dit slegs onderrig in lees en skryf aangebied (Franck 1964:10; Hattersley 1973:130).

Op afgeleë plase is groepies kinders uit die omgewing meestal onderrig deur 'n skoolmeester wat normaalweg ook by een van die boeregesinne ingewoon het. Die kwaliteit van die opvoeding wat hierdie meesters verskaf het, het grootliks gewissel. 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eietydse kommentator, Robert Semple, het hulle beskryf as *always a foreigner,* […], *often a blockhead and possessing not a particle of useful knowledge* (Hattersley 1973:132). Du Toit beskou hulle egter as baanbrekers wat veel daartoe bygedra het om algehele ongeletterdheid onder die plattelandse bevolking op te hef (1976:8) en Burden is ook van mening dat plaasskole 'n hoogs onderskatte rol in die onderwys in Suid-Afrika gespeel het (1992:30). Volgens De Kock het verskeie boere vereis dat die kinders van hul slawe saam met hul eie kinders onderrig moes word (1950:106).

In die afwesigheid van 'n leermeester is die kinders deur die ouers onderrig, almal met behulp van dieselfde boekies, die bekende *Haneboek*, *AB-jab* en *Trap der Jeugd* (Grobbelaar 1992:12).

4.2.4.2 Staatsbeheer

In 1804 is die sogenaamde Ordonnansie van De Mist uitgevaardig, waarvolgens skole onder beheer van die staat geplaas is. Sir John Cradock het tydens sy bewind doelgerigte pogings aangewend om die onderwys meer doeltreffend te beheer (Franck 1964:2-12; Hattersley 1973:131). Hy het onder meer skoolkommissies aangestel om toesig te hou oor die skole in elke distrik (Franck 1964:2-12).

As deel van die verengelsingbeleid het die nuwe goewerneur lord Charles Somerset vanaf 1821 sogenaamde vry Engelse skole vir kinders van alle rasse ingestel, waarvolgens geen skoolgelde betaalbaar sou wees nie, met die voorbehoud van Engels as enigste medium (Franck 1964:9). Die taalvoorbehoud tersyde, was dit nogtans 'n merkwaardige ontwikkeling, gegewe die feit dat daar in daardie stadium in Engeland nog geen regeringstoelaag ten gunste van opvoeding bestaan het nie (Hattersley 1973:131). Daaruit kan die koloniale regering in Suid-Afrika se erns met verengelsing afgelei word. As gevolg van die taalkwessie het Hollandse openbare skole, ten spyte van die finansiële voordele verbonde aan die Engelse skole, in gewildheid toegeneem onder die Afrikaanssprekende lede van die bevolking (Franck 1964:9).

4.2.4.3 Privaatskole

Welgestelde burgers het verkies om hul kinders na die paar vooraanstaande privaatskole in die land, soos De Gimnasium in die Paarl, Grey College in Bloemfontein, die Diocesan College in Rondebosch en St. Andrew's College in Grahamstad te stuur,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangesien dit 'n beter opvoeding as die regeringskole gebied het (Knox 1992:148; Rosenthal 1975:6). Sommige van hierdie skole het die status van universiteitskolleges geniet (Du Toit 1976:61). Kinders is selfs uit die Transvaal en die Vrystaat byvoorbeeld na De Gimnasium in die Paarl gestuur (Franck 1964:249). Talle vooraanstaande Victoriane het egter hul seuns oorsee gestuur vir skoolonderrig, soos Sammy Marks wie se seuns na Harrow in Engeland is (Rosenthal 1975:7). Ds Colin Fraser, Tibbie Steyn (vrou van president MT Steyn) se oupa, het sy twee seuns na Skotland en Nederland gestuur vir teologiese studies (Truter 1997:10).

4.2.4.4 Armes en gekleurdes

Opvoeding is deur talle mense gesien as een van die mees effektiewe metodes om minder-bevoorregte mense uit hul armoede en onkunde te lig. Om voorsiening te maak vir mans, vrouens en kinders uit die armer bevolkingsgroepe wat nie bedags klasse kon bywoon nie, is verskeie aandskole bedryf, hoofsaaklik deur kerklike instellings (Franck 1964:172; Knox 1992:148). Verskeie sendinggenootskappe het ook sogenaamde oefeningskole vir gekleurde kinders opgerig en bedryf, en vanaf 1841 finansiële steun van die staat daarvoor ontvang (Franck 1964:162). Sondagskole het godsdiensonderrig verskaf (Franck 1964:174).

Die eerste skool vir slawekinders is alreeds in 1658 geopen (De Kock 1950:100). Maleise kinders moes van kleins af skoolgaan om die Koran te kan lees, en daar was in die negentiende eeu twee groot Moslemskole (madressas) in Kaapstad, sowel as verskeie kleiner skooltjies in die huise van die imams (Pama 1977:92). Slawekinders was nie van die openbare regeringskole uitgesluit nie en talle het daar hul opvoeding ontvang (Franck 1964:107; Hattersley 1973:132)

4.2.4.5 Universiteite

'n Raad van Eksaminatore is in 1858 in Suid-Afrika aangestel om studente te eksamineer en sertifikate, gelykstaande aan universiteitsgrade, toe te ken (Du Toit 1876:73; Pama 1977:103). Daaruit het voortgevloei die stigting van die eerste universiteit aan die Kaap, naamlik die University of the Cape of Good Hope, wat in 1873 gestig is. Aanvanklik was die universiteit steeds, ten spyte van sy naam, nie 'n doserende instelling nie, maar slegs 'n eksaminerende liggaam (Du Toit 1976:73;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rosenthal 1975:6). Die eerste matrikulasie-eksamen in Suid-Afrika is in 1875 geskryf as 'n direkte gevolg van die stigting van hierdie universiteit. Vir verdere studies moes die studente oorsee gaan, waar hulle hoofsaaklik in die regte, teologie of medisyne gegradueer het (Rosenthal 1975:6-7).

4.2.4.6 Volwassenes

Sieketrooster het jongmense alreeds vanaf 1655 Sondae onderrig, en tydens die periode van die Bataafse Republiek (1803 tot 1806) was daar 'n skool vir minderbevoorregte bejaardes en slawe. Die sendingstasies het ook 'n groot rol gespeel in die opleiding van volwassenes. Oor die algemeen gesproke was geleentheid tot skoling vir volwassenes aan die Kaap beperk, en het die bostaande maatreëls slegs 'n klein aantal mense bereik. Dit was eers in die twintigste eeu dat volgehoue, georganiseerde pogings aangewend is om volwassenes te onderrig, onder meer deur middel van openbare lesings deur universiteitsprofessore (Coetzee 1975:209-215).

Soos in Engeland, het boeke en koerante 'n belangrike rol gespeel in die verspreiding van kennis en die selfopvoeding van volwassenes (Rosenthal 1975:8). In die Britse era in Suid-Afrika het 'n ontploffing van kennis plaasgevind met die ontstaan van verskeie koerante. Die eerste koerante het oninteressant daar uitgesien weens die afwesigheid van illustrasies, met die uitsondering van elementêre lynsketse by sommige advertensies (Rosenthal 1975:8). Hier, soos in Engeland, is koerante dikwels in koffiehuise en klubs gelees (Holdridge 2010:33).

4.2.4.7 Vroue

Vroeg in die 1830's reeds was daar talle klein privaatskole vir meisies in Kaapstad (Pama 1977:15, 19). Talle dogters van vooraanstaande Suid-Afrikaners is na sogenaamde *finishing schools* (afrondingskole) gestuur, aangesien die Victoriaanse siening dat 'n vrou van *genteel birth* nie hoef te werk nie, ook in Suid-Afrika hoogty gevier het (Rosenthal 1975:7). Die ideale Victoriaanse dame is volgens die heersende standaarde ietwat ironies beskryf as *completely leisured, completely ornamental, completely helpless and dependent* (Truter 1997:12). Daar was 'n paar sulke skole in Suid-Afrika (Hattersley 1973:130), maar talle jong meisies is oorsee gestuur vir hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opvoeding (Rosenthal 1975:7). Hildagonda Duckitt maak melding van haar moeder, Hildagonda Versfeld, se *excellent English education* (1901:3).

Verskeie meisieskole met 'n meer akademiese ingesteldheid het deur die loop van die eeu in plekke soos Durban, Pretoria, Bloemfontein, Stellenbosch, Wellington en die Paarl ontstaan. Voorbeelde is die Ladies Institute Eunice in Bloemfontein en die Rhenish Institute op Stellenbosch (Rosenthal 1975:7). Tibbie Steyn het byvoorbeeld haar skoolloopbaan voltooi aan Eunice in Bloemfontein, waar aparte Engelse en Afrikaanse klasse aangebied het (Truter 1997:13).

Die eerste vrou in Suid-Afrika wat die matrikulasie-eksamen afgelê het, was Frances Fryer van Clanwilliam, in 1876. Die jaar daarna het nog 'n meisie die eksamen geslaag (Rosenthal 1975:7). Jane Waterston was was volgens Rosenthal die eerste professionele vrou in Suid-Afrika. Sy het haar mediese studies oorsee deurloop het en in 1883 in Kaapstad begin praktiseer het (1975:7).

4.2.5. Godsdiens

Tydens die VOC-tydperk aan die Kaap is slegs die Nederlands Hervormde Kerk of Gereformeerde Kerk aanvanklik toegelaat (Hofmeyr 2002:12). Die predikante was in diens van die Kompanjie, en die regering het 'n belangrike rol in die bestuur van die gemeentes gespeel. Die Politieke Raad moes byvoorbeeld die aanstelling van alle ouderlinge en diakens goedkeur en bekragtig (Hofmeyr 2002:12), en die VOC het nie die vorming van 'n eie kerklike ring toegelaat nie (Elphick & Giliomee 1989:528).

Die Akte van Kapitulasie wat opgestel is met die Britse oorname van 1795 het onder meer bepaal dat die koloniste al hul voorregte sou behou, insluitende hul godsdiens. Ten spyte van die feit dat talle ander bepalings van hierdie akte nie so noukeurig nagekom is nie, het die nuwe heersers nie veel met kerksake ingemeng nie, en gemeentelike bedrywighede en godsdiensbeoefening het dus relatief onveranderd voortgegaan. Die enigste verskil was dat dit nie meer VOC-amptenare was wat oor kerksake gewaak het nie, maar Britse regeringsamptenare. Tydens die kort Bataafse bewind van 1802 tot 1806 is sekere vryhede aan die kerkrade verleen, onder meer die vrye verkiesing van diakens, maar ná 1806 is hierdie vryhede weer ingeperk, wat skerp reaksie uitgelok het en daartoe gelei het dat die kerk homself toenemend uit die oorheersing van die regering begin bevry het (Hofmeyr 2002:75; *Kwartmillennium-gedenkboek* 1941:72-87).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte daarvan dat die nuwe Britse inwoners aan 'n verskeidenheid van die tradisioneel-Engelse denominasies, soos die Presbiteriaanse en Congregational, en ook aan die Rooms-Katolieke kerk behoort het, het die Anglikaanse kerk ná 1806 nie-amptelik die kerk van die staat geword (Knox 1992:124). Die staat het aanvanklik die NG sowel as die Anglikaanse Kerk gesubsideer (Giliomee 2004:167). Dit het tot heelwat verdeeldheid tussen kerkgroepe gelei (Pama 1977:57), maar 'n faksie jong Afrikaners het nogtans pogings aangewend om uit te reik na ander kerkgemeenskappe en om gelowiges saam te snoer (Giliomee 2004:165). Hoewel denominasionele lojaliteite verskil het, het die Britse immigrante tot 'n groot mate dieselfde Calvinistiese ingesteldheid van soberheid, hardwerkendheid en religieuse konserwatisme waarmee hulle uit Engeland hierheen gekom het, onder die burgers hier te lande aangetref (Viljoen 1951:186). Vooraanstaande Afrikaners het hul rang en rykdom deur middel van die kerklike aktiwiteite ten toon gestel deur groot finansiële bydraes aan die kerk te maak, die voorbanke vir hul familie te bespreek en voor te loop in die begrafnisstoet (Giliomee 2004:164-165.)

4.2.6 Die ontwikkeling van filantropie

Suid-Afrika het ook, soos vroeë Brittanje, feitlik geen sosiale dienste gehad waar die staat versorging aan siekes, armes en ander behoeftige persone gebied het nie. Hierdie sorg is in die hande van privaat welsynsorganisasies gelaat (Rosenthal 1975:8). Vanselfsprekend het al die demokratiese veranderings in Engeland ook na Suid-Afrika as Engelse kolonie oorgespoel. Die filantropiese beweging in Suid-Afrika is aangevuur deur dieselfde beweging in Brittanje, wat geïnspireer is deur die *edele barbaar*-uitgangspunt van die Franse filosoof Jean Jacques Rousseau (Wiid 1951:384-387).

Verskeie sendinggenootskappe soos die Londonse, Berlynse en Wesleyaanse het sendelinge na Suid-Afrika gestuur om onder die plaaslike bevolking te arbei (Wiid 1951:384-387). Talle welgestelde Victoriaanse dames aan die Kaap het, soos hul eweknieë in Engeland, hul tyd en energie aan opheffingswerk en fondsinsameling gewy (Knox 1992:125). In Rosenthal se boek word daar onder meer 'n toneel uitgebeeld waar daar met 'n tipiese Victoriaanse *skirt dance* fondse vir 'n tehuis vir minder-bevoorregtes ingesamel word (1975:13). In Kaapstad is sopkombuise en nagskuilings opgerig om die lot van die armes te verlig (Hattersley 1973:205). Vroeg in die twintigste eeu het talle verenigings tot stand gekom om veral die Boerevolk se nood, wat hoog was ná die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Anglo-Boereoorlog, by te staan en op te hef. Een van hierdie verenigings was byvoorbeeld die Oranje-Vroueverenigingwat in 1907 deur President MT Steyn se vrou Tibbie gestig is (Truter 1997:103-105).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

Victoriaanse argitektuur in Suid-Afrika

Die argitektuur van die Victoriaanse periode in Suid-Afrika, as uiterlike manifestasie van die denkpatrone, agtergrond, waardes en lewensomstandighede van die mense wat dit opgerig het, word in hierdie hoofstuk in detail bestudeer. In die vorige hoofstuk (hoofstuk 4) is die Suid-Afrikaanse leefwyse tydens die Victoriaanse periode bestudeer, met die doel om konteks aan die studie in hierdie hoofstuk te verskaf. Daar is ook aangetoon hoe sosio-ekonomiese en ander omstandighede in Victoriaanse Suid-Afrika verskil het van of ooreengekom het met dié in Brittanje, sodat sinvolle vergelykings getref kan word. In hierdie hoofstuk sal dieselfde metode van vergelykende beskrywing gevolg word, maar spesifiek met betrekking tot die argitektuur, om uiteindelike besinning oor die verskille en ooreenkomste in die twee lande se argitektuur, sowel as die redes daarvoor, te fasiliteer.

5.1 Argitektoniese karakter

Die algemene argitektoniese karakter van die geboue in Suid-Afrika het tydens die Victoriaanse era onder druk van nuwe sosio-ekonomiese omstandighede groot veranderings ondergaan. Britse argitektoniese tendense het reeds vanaf die eerste Britse besetting (1795 tot 1803) die Suid-Afrikaanse argitektuur begin beïnvloed. Veral vanaf die tweede besetting in 1806, toe die doelwit van die Britte nie meer slegs was om die Kaap as strategiese vlootbasis te beheer nie, maar om dit permanent te koloniseer, het die Britse leefwyse en kultuur 'n toenemend sterk invloed op alle sfere van die samelewing begin uitoefen.

Die invloed op die argitektuur het gedurende die eerste paar dekades van Britse bewind geleidelik merkbaar geraak, en het tot 'n groot mate in nuut-opgerigte geboue gemanifesteer. Uiteindelik het dit die Suid-Afrikaanse argitektuurtoneel oorheers. Dit was die geval vir die grootste gedeelte van die negentiende eeu (Radford 1979:288), en tot in die eerste dekades van die twintigste eeu. Volgens Lewcock was die uitwerking wat die Britse okkupasie op die land en sy argitektuur gehad het, so groot dat dit nie oorbeklemtoon kan word nie (1963:1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanaf ongeveer die middel van die 1870's het 'n unieke Suid-Afrikaanse karakter meer en meer sigbaar geraak deur die besondere wyse waarop plaaslike omstandighede op die breë argitektoniese kenmerke van Britse argitektuur ingespeel het (Radford 1979:289). Dit het ontwikkel in die styl wat in Suid-Afrika *Victoriaans* genoem word.

5.1.1 Voor die Britse besetting

Daar is min beskrywings van die heel vroegste geboue wat kort ná die aankoms van Jan van Riebeeck opgerig is (Fransen 1981:21). EV Stade was 'n besoeker aan die Kaap in 1710 en het 'n aantal sketse van onder meer die Kaap, Stellenbosch en verskeie wonings, soos byvoorbeeld Groot Constantia, nagelaat. Die inligting wat daardie sketse oordra, is van groot waarde om 'n beeld te vorm van die argitektuur van die vroeë tydperk. Johannes Rach is nog 'n kunstenaar wie se sketse later in die eeu (1760's) belangrike inligting aangaande die vroegste wonings oplewer.

Die meeste van Stade se sketse toon tipiese pionierswonings, naamlik klein vierkantige of reghoekige, witgepleisterde huisies met rietdakke, soos op sy skets van Stellenbosch (fig. 5-1). Die huise is normaalweg gebou van klei of klip uit die omgewing, gepleister met kleipleister en afgewit met kalk. Die dakke van huise aan die Kaap sou aanvanklik gedek gewees het met 'n geskikte plantaardige gewas wat natuurlik in die area voorgekom het, soos byvoorbeeld dekriet (Fransen 1981:21; Stavorinus 1798:549). Alternatiewelik sou die huise dakke van klei (die sogenaamde brakdak) gehad het, veral in droër areas waar plantegroei skaars was en dekgewasse dus minder volop sou voorkom. Brakdakhuise het nog tot lank ná die koms van die Britte voortgeleef, veral op die platteland, en was inderdaad so volop dat die argitek Gawie Fagan in 2008 'n boek (*Brakdak: Platdakke in die Karoo*) oor die onderwerp gepubliseer het. Die meeste van die foto's wat in die boek gepubliseer is, is in die vyftigerjare van die vorige eeu geneem.

Ná 'n aanvanklike tydperk van aanpassing en vestiging was groter en deftiger huise een van die uitvloeisels van groeiende welvaart en toenemende kontak met ander kulture (Greig 1971:23). Skeepskaptein JS Stavorinus, wat die Kaap twee maal tydens die 1760's en 1770's besoek het, beskryf die Kaapse huise as oorheersend enkelverdieping, afgewit met kalk wat verkry is uit die verbrand van kalkklippe uit Saldanhabaai, en gedek met riet of strooi. Uit die beskrywing van die interieur van die huise (*a spacious*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hall, with roomy apartments on each side, behind which there is a large chamber) word dit duidelik dat hy na die groot wonings van die welvarendes verwys (1798:549).

Lady Anne Barnard, wat in 1797 saam met haar man, die koloniale sekretaris, aan die Kaap geland het, het in haar briewe die huise beskryf as almal feitlik presies dieselfde, sonder enige verdere besonderhede oor die uiterlike voorkoms. Sy was wel beïndruk deur die grootte en netheid van die geboue en strate. Die interieurs wat sy beskryf, is ook van die tipiese groot Kaaps-Hollandse huise soos deur Stavorinus beskryf (Lewin Robinson 1994:158). Le Vaillant, 'n besoeker van 1781, beskryf ook die interieur van die tipe hierbo genoem en, aangaande die uiterlike, meld hy ook soos Lady Anne dat hulle almal dieselfde lyk, maar voeg wel by dat hulle met riet gedek is (Glenn 2007:16).

Hierdie situasie het heeltemal verander ná die Tweede Britse besetting.

5.1.2 Kaaps-Hollands

Twee style het aan die Kaap uit die basiese kothuisstyl ontwikkel (Greig 1971:23). Die eerste, wat later as Kaaps-Hollands bekend geraak het, groei uit dieselfde verhoudings as dié van die vroeë huisies, tot 'n baie groter, reghoekige gebou met 'n fasade bestaande uit 'n sentrale voordeur en reëlmatig-geplaasde vensters weerskante. Die mure is met kalk afgewit en die dak is gedek met riet. 'n Gewel bo-oor die voordeur is dikwels bygevoeg (Greig 1971:23-25; Lewcock 1973:viii), en het later 'n onontbeerlike simbool van status geword (De Bosdari 1971:100) (fig. 5-2). Dit was dus reeds kort ná die vestiging van die Westerse beskawing aan die Kaap vir mense belangrik om hul materiële welvaart deur middel van hul argitektuur aan die wêreld te verkondig.

Huise in hierdie styl kon vergroot word deur die sogenaamde letter-van-die-alfabet metode, waarvolgens langwerpige vleuels in verskeie moontlike konfigurasies by die basiese reghoekige konstruksie gevoeg is. Daar word bespiegel dat hierdie metode van grondplanuitbreiding genoodsaak is deur verskeie faktore, eerstens die beperkte laterale krag wat die ongebakte kleimure kon weerstaan, en dus die gewig wat die mure kon dra. Die beperkende lengte van die beskikbare hout vir dakoorspanning word ook genoem. 'n Verdere belangrike faktor is die vereiste skerp helling van die rietdak waardeur die riet teen waterindringing beskerm word (Fransen gd:1). Hoe breër die vertrek sou wees, hoe hoër moes die dak dus wees, met gepaardgaande groter gewig en groter verhoogde insette ten opsigte van dakmateriaal, tyd en arbeid, vandaar die breedtebeperking.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fransen wys daarop dat breër dakoorspannings wel later in die negentiende eeu suksesvol uitgevoer is (1981:101). Die rol wat aanvaarde modes en tradisies in die argitektuur speel, kan ook in hierdie verband nie onderskat word nie, en daar kan aanvaar word dat talle huise in die tradisionele styl (met smal, reghoekige vertrekke) gebou is bloot in navolging van heersense tendense, sonder dat die bouer ernstige oorweging geskenk het aan ander moontlikhede.

5.1.3 Platdak

Die ander heersende styl aan die Kaap het basies dieselfde fasade en grondplan as die Kaaps-Hollandse huis, maar in plaas van 'n staandak het die huis 'n platdak afgerond deur 'n borswering (Lewcock 1973:viii). Platdakhuise kom voor as dubbel- óf enkelverdieping, vanaf eenvoudig tot deftig. Die deftige stedelike dubbelverdiepings vertoon dikwels klassieke stylelemente (fig. 5-3). Voorbeelde van hierdie styl kom ook op ou plattelandse plase voor (fig. 5-4) (Merrifield 1928:5-6). Aan die ander kant van die spektrum staan die eenvoudige eenvertrekhuisies (normaalweg met brakdakke) waarna daar reeds in 5.1.1 verwys is. Klein, enkelverdieping platdakhuisies met óf sierlike óf eenvoudige borswerings word ook op talle plattelandse dorpe en in die stede aangetref, onder meer in die Bokaap (fig. 5-5).

5.1.4 Ná die Britse besetting

Die Britse besetters het met die hovaardigheid gebore uit hul posisie as wêreldheersers spoedig ná die besetting die totale kultuurtoneel in Suid-Afrika begin oorheers. Die feit dat talle Britse offisiere by Kaapse gesinne ingewoon het en hulle dus op persoonlike vlak kon beïnvloed (Hartdegen 1988:44; Lewcock 1963:24), sowel as Kapenaars se gretigheid om in pas met die nuutste modeneigings te bly, het verdere impetus verleen aan die kultuurrevolusie, wat onder meer neerslag gevind het in die argitektuur (Kearney 1973:viii).

Die geboue wat die Britte ná die eerste besetting van die Kaap in 1795 opgerig het, was hoofsaaklik vir militêre gebruik. Hulle het ook veranderings aangebring aan die woonhuise wat hulle betrek het (Fransen 1981:96). Komende van Brittanje waar 'n nuwe gees, ook wat die argitektuur betref, al geruime tyd geheers het, het hulle gepoog om hul vreemde nuwe tuistes te omskep in iets meer bekends en gerusstellends, 'n sprekende bewys van die direkte invloed wat die mens, met inbegrip van sy agtergrond en waardes, op argitektuur uitoefen. Die argitektuur wat die Britte met hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

saamgebring het en hier op Suid-Afrika begin oorplant het, was alreeds deurdrenk van die invloed van die pittoreske, romantiese en estetiese bewegings, asook die beginsels van eklektisisme en historisisme.

Die Kaapse huise was vir die Britse smaak ongerieflik, koud, donker en onaantreklik (Fransen 1981:96; Lewcock 1963:22-24). Hulle het begin om die swaairaamvensters van die Kaapse huise te vervang deur die skuifraamtipe. Die Kaapse boligte, wat vir die Engelse smaak te oordadig versierd was, is verwyder en vervang deur soberder Britse ontwerpe (Kearney 1973:viii). Volgens Hartdegen is gewels ook al van so vroeg as 1809 van die huise verwyder (1988:51).

Lady Anne het met haar aankoms aan die Kaap nie 'n hoë dunk van die huise gehad met hul (volgens haar) gebrek aan geriewe en skraal binnenshuise inkleding nie, en het haar verbasing daaroor uitgespreek dat die plaaslike inwoners ten spyte van hul klaarblyklike rykdom blykbaar geen behoefte gehad het aan daardie dinge wat die lewe makliker en aangenamer maak nie (Lewin Robinson 1994:161).

Hoewel die Britte heelwat veranderings aangebring het aan die bestaande huise wat hulle betrek het, is relatief min nuwe geboue gedurende die eerste driekwart van die negentiende eeu in Kaapstad opgerig, sodat die invloed van die Britse argitektuur nie onmiddellik sigbaar was nie. Die stad het steeds sy koloniale Hollandse beeld behou, maar die voorkoms is geleidelik gemodifiseer deur die byvoeging van elemente soos die veranda ('n oordekte stoep) (Bowen 2001:11).

Nuwe huise is tot laat in die 1860's hoofsaaklik in die Georgiaanse styl gebou, en die ontwerpe van die enkele huise wat daarvan afgewyk het, is volgens Radford uit patroonboeke geneem (1979:289). Die argitek AG Howard het Kaapstad in 1876 beskryf as uiterlik nog steeds 'n koloniale Hollandse stad *with many architectural remnants of the old days before the English came* (1907:139). Op 'n foto van Strandstraat wat in c.1880 deur 'n onbekende fotograaf geneem is, is al die sigbare geboue afgepleisterde dubbelverdiepings met platdakke (fig. 5-6), dus Hollands in karakter en nie Brits nie.

5.2 Algemene stylkenmerke

Anders as in Engeland, waar daar geen tipiese Victoriaanse styl as sulks uitgewys kan word nie en waar die stylperiode gekenmerk is deur 'n reeks herlewings van vroeëre

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

style, het daar in Suid-Afrika mettertyd 'n kenmerkende styl ontstaan wat as *Victoriaans* bekendstaan. Die styl het ontwikkel uit die basiese kenmerke van die Engelse style, met elemente en kenmerke tipies van en uniek aan Suid-Afrika wat daarop toegepas is vanaf ongeveer die 1870's, en het teen die einde van die eeu 'n hoogtepunt bereik. Wanneer daar vervolgens in hierdie werk na die styl *Victoriaans* verwys word, word hierdie unieke Suid-Afrikaanse styl bedoel.

Sekere van die Engelse herlewingstyle het wel (ten opsigte van residensiële argitektuur) hier te lande gefigureer, maar tot 'n beperkte mate.

Die meerderheid huise wat tydens die Victoriaanse era in Suid-Afrika opgerig is, of dit nou onder die Victoriaanse styl geklassifiseer word of nie, deel sekere tiperende kenmerke, wat hulle onderskei van huise van die voorafgaande periodes. Die wonings verskil ook grootliks van dié wat in Engeland aangetref word.

Daar is oorkoepelende ooreenkomste en verskille wat op die algemene voorkoms betrekking het, en nie te make het met spesifieke boumateriale of argitektoniese elemente soos stoepe nie.

Wat die oorkoepelende verskille betref, is die drie belangrikste algemeen-geldende eienskappe wat in Engeland voorkom, naamlik dubbelverdiepings, lang rye skakelhuise en uniformiteit glad nie in Suid-Afrika die norm nie. Verder het die stylherlewingstendens, wat as die enkele belangrikste onderliggende invloed op Victoriaanse argitektuur in Engeland beskryf kan word, nie naastenby so 'n groot rol in Suid-Afrikaanse residensiële argitektuur van die periode gespeel nie.

Die oordadige aanwending van ornamentasie op elke beskikbare oppervlak is die enkele uitstaande kenmerk van Suid-Afrikaanse Victoriaanse huise wat nie algemeen in Engeland voorkom nie.

'n Belangrike algemene kenmerk wat wel in albei lande voorkom, en dus 'n rol speel in die voorkoms van albei lande se argitektuur, is asimmetrie. Dit manifesteer in die onreëlmatigheid van die aansig, dakstruktuur en grondplan.

Ander ooreenkomste en verskille, wat betrekking het op spesifieke argitektoniese elemente soos mure, dakke en boumateriale en nie met styl in die algemeen nie, word in 'n volgende afdeling van hierdie hoofstuk bespreek. Die moontlike redes vir al hierdie faktore, en die gevolgtrekkings wat daaruit afgelei kan word, word in die volgende hoofstuk volledig bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.1 Dubbelverdiepings

Wonings in Suid-Afrika verskil van dié in Engeland deurdat verreweg die oorgrote meerderheid daarvan enkelverdieping geboue is. Suid-Afrika het tydens die vroeë jare van vestiging geen kultuur van multiverdiepinggeboue gehad nie. Behalwe vir die Kasteel de Goede Hoop, wat vanaf 1666 tot 1680 gebou is as 'n dubbelverdieping fort (Fransen 1981:21), is min geboue in Kaapstad met meer as een verdieping gebou. Fransen beskryf die dubbelverdieping Burgerwaghuis, wat in 1761 voltooi is, en in getroue besonderhede op 'n tydgenootlike skets deur Johannes Rach uitgebeeld word, as die mees ambisieuse openbare gebou in die stad tot in daardie stadium (1981:30).

Stavorinus skryf dat die huise feitlik almal slegs een verdieping het (1798:549). Die wonings van gegoede burgers is hoofsaaklik in die enkelverdieping Kaaps-Hollandse styl gebou, ook op die plase (Fransen 1981:23-26; Lewcock 1963:80).

Die Neo-Klassieke styl, wat die Rococo sedert omstreeks 1760 begin vervang het, veral in Frankryk, het ook in Suid-Afrika sy invloed laat geld. Die Franse teenwoordigheid in die land in daardie selfde tydperk het 'n groot rol hierin gespeel (Fransen 1981:27). Onder daardie invloed is deftige dubbelverdieping dorpshuise, wat die toenemende finansiële voorspoed en sofistikasie van die inwoners uitgebeeld het (Greig 1971:25), opgerig. Volgens Pearse was daar in 1775 ongeveer 1,200 groot en deftige (wat hy noem *substantial)* huise in Kaapstad, met 'n groot persentasie daarvan dubbelverdieping platdakgeboue (1968:3).

Veel eenvoudiger dubbelverdiepinggeboue is ook opgerig (Greig 1971:29). In die Oos-Kaap, waar die Britse setlaars gebou het in die style wat aan hulle bekend was, was dubbelverdiepinggeboue (meestal in die Georgiaanse styl) meer algemeen (Greig 1971:31; Lewcock 1963:201). Dit het tot 'n groot mate tot daardie geografiese area beperk gebly.

Hoewel daar soveel dubbelverdiepinghuise, meestal met platdakke, op die Suid-Afrikaanse platteland voorkom dat James Walton 'n hele boek (*Double-storeyed, flat-roofed buildings of the rural Cape*, 1993) daaraan kon wy, is die oorgrote meerderheid residensiële geboue in Suid-Afrika as enkelverdiepings opgerig, en was dubbelverdiepings altyd in die minderheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2 Lang rye skakelhuise (*Terraces*)

Die tweede faktor waar Suid-Afrikaanse argitektuur grootliks van dié in Engeland verskil, lê in die feit dat lang rye skakelhuise 'n rariteit is, teenoor die alomteenwoordigheid daarvan in Brittanje. Hoewel daar tydens die Victoriaanse periode wel *terraces* in die Suid-Afrikaanse stede gebou is vir lede van die werkersklas, bly die voorkoms daarvan beperk en is dit in sommige areas feitlik onbekend.

Radford wys daarop dat *terraces* gedurende die Victoriaanse era baie meer algemeen voorgekom het as wat tans bekend is, maar dat die meeste van daardie komplekse intussen gesloop is (1979:310). Volgens Picton-Seymour was daar *terraces* in Groenpunt en naby die Kasteel in Kaapstad. Daar bestaan vandag steeds heelwat sulke rye in dele soos Woodstock, Distrik Ses, Mowbray, Observatory, die Maleise buurt en Simonstad (1977:74-75, 113, 131). Radford bespreek voorbeelde in Buitenkantstraat (1970:292) en in die Laan, Somerset- en Hatfieldstrate in Kaapstad in sy proefskrif (1970:307).

'n Vorm van skakelhuis wat wel baie algemeen in Suid-Afrikaanse stede en oral op die plattelandse dorpe opgerig is, bestaan uit twee gekoppelde eenhede in 'n spieëlbeeld aan mekaar verbind. Talle voorbeelde hiervan kom oor die lengte en breedte van die land voor (fig. 5-7). In Engeland is hierdie konfigurasie ook as 'n model gepromoveer, byvoorbeeld tydens die Great Exhibition van 1851, waar 'n model uitgestal is waaraan Prins Albert ook 'n aandeel gehad het (fig. 5-8) (Wedd 2002:23). Eenhede wat uit drie huise bestaan, kom ook relatief algemeen voor, maar langer rye is skaars. In Hoofstraat, Noorder-Paarl kom daar nog enkele komplekse van vier huise voor (fig. 5-9).

In die Oos-Kaap is daar onder invloed van die Britse setlaars ook *terraces* opgerig, onder meer in stede soos Port Elizabeth (Picton-Seymour 1977:180), waar 'n ry huise in Donkinstraat tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is (fig. 5-10). Talle *terraces* in Port Elizabeth was ook dubbelverdieping, wat dus 'n sterk Engelse invloed vertoon (Radford 1979:310; Picton-Seymour 1977:180). Dubbelverdieping *terraces* is skaars buite die Oos-Kaap, met slegs enkele voorbeelde in dele van Kaapstad (Fransen 2006a:32) (fig. 5-11).

Die meeste *terraces* was, soos in Engeland, opgerig deur spekulatiewe bouers, wat die huise vir doeleindes van verhuring opgerig het (Radford 1979:310).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.3 Eenvormigheid

Die volgende algemene kenmerk van Britse middelklasbehuising, naamlik uniformiteit, is nog 'n eienskap wat op die Suid-Afrikaanse argitektuurtoneel uit die Victoriaanse era ontbreek. Hoewel veral die huise van die laer middelklas talle ooreenkomste in voorkoms sowel as uitleg vertoon weens die oorheersende teenwoordigheid van sekere tipiese kenmerke, is daar min rye presies identiese huise soos algemeen in Engeland aangetref word.

5.2.4 Herlewings

Herlewings van ouer style, wat sekerlik een van die mees tiperende kenmerke van Engelse Victoriaanse argitektuur is, het nie so opvallend in Suid-Afrika op woonhuise gemanifesteer nie. Kuijers het 'n akademiese studie aan die stylherlewingstendens gewy en verklaar daarin dat die Suid-Afrikaanse argitektuur *oorgegaan het in 'n historisistiese stylbenadering sodat die plaaslike boukuns die Wes-Europese styltendense hoe langer hoe meer afgespieël het* (Kuijers 1980:75). Hy verwys hier nie sodanig na woonhuise nie, maar in hoofsaak na openbare argitektuur, waar die tipiese stylherlewingstendens van Victoriaanse Engeland feitlik getrou nagevolg is, en waar die "korrektheid" van sekere style vir sekere gebruike ook sterk na vore getree het (Kuijers 1980:92-100). Waar hy verwys na woonhuise wat vanaf die laat agtiende tot vroeë negentiende eeue stylherlewings beleef het, word bedoel die stylherlewings (Barok, Rococo, Neo-Klassiek) wat op Kaaps-Hollandse gewels toegepas is (Kuijers 1980:92).

Kuijers verwys wel ook in enkele gevalle na woonhuise in dorpe soos Uitenhage, Port Elizabeth, Somerset-Oos en Grahamstad waar *uitstaande voorbeelde van woonhuise waarin Georgiaanse, Regency en Kaaps-Hollandse stylkenmerke suksesvol verwerk is,* aangetref word (Kuijers 1980:91). Die dorpe hierbo is almal in die Oos-Kaap, 'n gebied waar die Britse argitektuur sterk gemanifesteer het, en waar die bestaande Kaaps-Hollandse argitektuur, volgens Kuijers, verfyn is deur die byvoeging van elegante Regency-kenmerke, beïnvloed deur die Adam-broers (1980:91).

Kuijers se stelling is problematies, aangesien hy geen konkrete voorbeelde ter illustrasie verskaf nie. Hy haal Lewcock aan (1963:ix), maar Lewcock se stelling verwys na argitektuur soos die Britte dit in en rondom Kaapstad aangetref het, en nie na argitektuur in die Oos-Kaap nie. In die vroeg-negentiende eeu was die Oos-Kaap nog geheel onontwikkel, en genoemde dorpe het nog glad nie bestaan nie. Inderdaad

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskryf die Britse immigrant Thomas Pringle die Port Elizabeth (toe bekend as Algoabaai) van 1820 as bestaande uit Fort Frederick, drie rietdakhuise en een of twee houthuise wat uit Engeland saamgebring is om as kantore te dien. Die immigrante se tydelike huisvesting het bestaan uit weermagtente (Pringle 1966:8). Daar kan dus beswaarlik van bestaande argitektuur in die Oos-Kaap gepraat word, en dit volg dus logies dat die argitektuur wat daar opgerig is, die Britse argitektuur sou wees.

Die Britte het geen affiniteit vir of kennis van die Kaaps-Hollandse styl gehad nie, en dit is dus onwaarskynlik dat hulle daardie styl vir woningbou sou gebruik. Volgens Lewcock is die meeste van die nuwe Engelse geboue wat ná die Britse besetting opgerig is, inderdaad dan ook in die Georgiaanse styl gebou. 'n Plan van een van die eerste substansiële huise wat in Port Elizabeth opgerig is, toon 'n tipies-Georgiaanse dubbelverdiepinghuis (Lewcock 1963:193-194) (fig. 5-12).

Die meeste herlewings van Britse Victoriaanse style het in Suid-Afrikaanse woningbou op subtiele wyse gemanifesteer. Neo-Gotiek manifesteer hoofsaaklik in die vorm van 'n hoër as normale spitsdak, 'n versierde gewel met uitgesnyde windvere, en spitsversierings op die nok van die dak (2001:63). Greig beeld onder meer 'n "Gotiese" huis in Natal uit, wat weinig van die tipies-Gotiese stylkenmerke soos dit normaalweg in Engeland sou voorkom, vertoon (Greig 1971:58) (fig. 5-13). Daar is geen spitsboë nie, die vensters is reghoekig en die klein venstertjie bokant die erkervenster het 'n Romaanse ronding, waarna in Engeland verwys word as *Italianate* (Yorke 2005:10). Die hoekige erker met skilddakkie word deur Yorke as 'n *subtle Gothic feature* beskryf (2005:44). Spitsvensters of spitsversierings, veral in die gewel van die huis, kom redelik algemeen in Suid-Afrika voor, ook op huise relatief laag op die statusleer, maar die spitsboog is dikwels die enigste element van die styl wat teenwoordig is (fig. 5-14). 'n Herehuis net buite Caledon vertoon ook heelwat Gotiese elemente, in terme van steil dakhellings, sterk vertikale lyne en spitsboë (fig. 5-15).

Lewcock verwys ook na die Gotiese herlewing, maar sy hele bespreking sentreer rondom openbare geboue, veral kerke. Hy verwys wel na 'n paar groot herehuise wat elemente van die styl bevat, en noem dat sulke huise die styl gewild gemaak het in Suid-Afrika, maar daar is geen voorbeelde om as vergelyking en toeligting te dien nie (Lewcock 1963:278-292).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Greig beeld as verdere voorbeeld van stylherlewings 'n Georgiaanse huis met 'n sierlike veranda uit, wat sy 'n *fusion of Cape Dutch and English building ideas* noem (Greig 1971:34) (fig. 5-16). Dit maak egter nie sin nie, aangesien daar geen elemente van die Kaaps-Hollandse styl te bespeur is nie. Die Georgiaanse boustyl van die huis sowel as die veranda is van Engelse oorsprong en het niks gemeen met die Kaaps-Hollandse styl nie. Die enigste elemente wat afwyk van die Engelse styl is die afgepleisterde mure en eksterne hortjies, wat dit steeds nie Kaaps-Hollands maak nie. Daar kan beslis 'n saak voor uitgemaak word om so 'n styl as *Kaaps* te beskryf, of ten minste *koloniaal*, aangesien die Britse kolonies in die warm klimaatstreke hul geleen het tot hierdie styl van argitektuur.

Geïsoleerde elemente van die stylherlewingstendens in Engeland het wel na Suid-Afrika se woningboumodes oorgespoel, soos reeds aangetoon in die geval van die Neo-Gotiek. Die algemeenste element is waarskynlik vakwerk op die gewels, wat 'n Neo-Tudor element verteenwoordig. Dit word weer eens aangetref op huise uit alle vlakke van die samelewing, vanaf die relatief eenvoudige tot by groot herehuise (fig. 5-17 en fig. 5-18). Die voorbeeld in die Paarl se vakwerk is nie met hout uitgevoer nie, maar met sement. Jaggard noem dat munisipale regulasies *now-a-days* die gebruik van hout vir vakwerk verbied, en dat die ondernemende bouer dus die vakwerk in sement naboots. Volgens hom is dit dan gewoonlik bruin geverf om soos hout te lyk (1904:54).

Radford som die situasie kortliks op deur te konstateer dat, ten opsigte van woonhuise, neo-Gotiek selde gebruik is, dat 'n variasie van Romaans mode geraak het vanaf die 1880's en dat 'n afgewaterde herlewing van Queen Anne teen die einde van die eeu sigbaar begin raak het (1979:289). Daar is min bewyse van die Romaanse variasie waarna Radford verwys. Daar word wel hier en daar enkele klein besonderhede aangetref, soos geronde Romaanse vensters (fig. 5-19) in die gewelveld. Die Queen Anne-neiging kan hoofsaaklik waargeneem word in die gebruik van rooi bakstene met wit voeg- en houtwerk. Dit word hoofsaaklik op groot herehuise en openbare geboue aangetref. Enkele voorbeelde is die herehuis The View in Parktown, Johannesburg, wat deur Viney as *colonial Queen Anne* beskryf word (fig. 5-20) (1987:17).

5.2.5 Ornamentasie

Nog een van die belangrikste onderskeidende kenmerke van die styl in Suid-Afrika is die algemene en oordadige gebruik van versieringselemente, in teenstelling met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sober voorkoms van huise in Engeland. Lewcock beskryf dit as 'n *rising flood of middle-class display*, en volgens hom was die deursnee Suid-Afrikaner *beguiled* […] *by the lure of tinsel and gaiety, encrustation of ornament and continuous variety* (1963:336-337). Hierdie beskrywing laat nie reg geskied aan die vitaliteit en skoonheid van die argitektuur van daardie era in Suid-Afrika nie. Dit wat mettertyd hier te lande tot stand gekom het as 'n produk van Britse innovasie en industrialisering, ten diepste beïnvloed deur Suid-Afrikaanse sosio-ekonomiese toestande, klimaat, tydsgees en beskikbare boumateriale, het 'n unieke styl daargestel en verdien nie om goedsmoeds tot *middle-class display* gerelegeer te word nie.

Soos by die bespreking van Engelse argitektuur, word slegs enkele versieringselemente hier uitgelig. Eerstens word die voorafvervaardigde elemente terracotta, gietyster en hout bespreek, daarna word kortliks verwys na ander elemente (vooraf- of selfvervaardig), en laastens kom dekoratiewe pleisterwerk aan die beurt, wat 'n algemene en gewilde versieringsmeganisme was, hoewel nie altyd voorafvervaardig nie.

5.2.5.1 Terracotta

Terracotta, wat baie gewild was in Engeland, het nie dieselfde aanhang hier te lande geniet nie. Dit is hoofsaaklik vir die versiering van openbare geboue aangewend (Bowen 2001:106-110; Picton-Seymour 1977:32), en Bowen kon geen bewyse van die gebruik van terracotta op residensiële argitektuur aan die Kaap vind nie (2001:110). Bowen kon slegs een plaaslike maatskappy naspoor wat terracotta vervaardig het, naamlik Kloof Potteries, maar konstateer dat alle gedokumenteerde terracotta op geboue in Suid-Afrika ingevoer is en dat sy geen dokumentêre bewyse kon vind vir die gebruik van Kloof Potteries se produkte nie (2001:106-107). Leeds Fireclay Co van Engeland het in 1904 'n koloniale kantoor in Suid-Afrika oopgemaak, by Michaustraat 11 en Prestwichstraat 12, Kaapstad (*South African Commerce and Manufacturers' Record* 1908:791), en het die terracotta vir talle groot geboue in Suid-Afrika ingevoer.

5.2.5.2 Gietyster, smeedyster en hout

Met gietyster was dit anders gesteld in Suid-Afrika. Waar dit selde buite-op geboue in Engeland gesien word, en dan tot 'n groot mate beperk tot balkonne, soos aangetoon in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoofstuk 3, het gietysterversierings wat per katalogus bestel is (die tipiese *broekiekant*, soos dit in Suid-Afrika bekend geraak het), een van die mees prominente kenmerke van die era geword. Dit is mildelik gebruik op die fasades van alle tipes geboue in Suid-Afrika, hoofsaaklik vasgeheg aan bou-elemente soos stoep- en balkondakke en tot 'n mindere mate op die nok van die dak.

Verskeie skrywers wys daarop dat die veranda die belangrikste voertuig vir die vertoon van dekorasie was (Bowen 2001:29; Fransen 2004:13). Feitlik alle Victoriaanse geboue in Suid-Afrika, vanaf kommersiële geboue soos hotelle en winkels (fig. 5-21), tot by kleiner woonhuise is op hierdie manier versier. Hoewel die versierings oorwegend bestaan het uit gestandaardiseerde elemente wat uit katalogusse bestel is, vertoon die kombinasie en variasie in die samestelling daarvan besondere oorspronklikheid en verleen dit individualiteit aan elke gebou (Bowen 2001:30).

Hierdie tipe versierings is nie altyd uit gietyster vervaardig nie. Hout is gebruik om veral verandas te versier voordat gietyster beskikbaar was en die gebruik daarvan is voortgesit selfs nadat gietyster beskikbaar geword het. Die versierings is vooraf in panele vervaardig en dan *in situ* aanmekaargesit (Bowen 2001:61-62).

Die versierings aan die veranda kan van gietyster alleen (fig. 5-22), hout alleen (fig. 5-23), óf 'n kombinasie van die twee wees (fig. 5-24). Balkonne het ook óf slegs hout (fig. 5-25), of slegs gietyster (fig. 5-26), maar selde 'n kombinasie van die twee. Daar is enkele voorbeelde van balkonne wat in geheel uit voorafvervaardigde gietyster bestaan, soos by die offisiersmenasie van die Fort England-barakke in Jacksonstraat, Grahamstad (fig. 5-27) (Lewcock 1963:312).

Ander versieringsmeganismes aan die fasade van die huise sluit in versierde windvere van hout (fig. 5-28), wat soms 'n gedeelte van die bopunt van die gewel bedek (fig. 5-29), hout spitsversierings aan die bopunt van die gewel (fig. 5-30), en sier lugroosters van gietyster, dikwels met dekoratiewe pleisterwerk omring (fig. 5-31).

Hierdie elemente word ook op huise in Engeland aangetref, hoewel nie so oordadig dekoratief nie.

Traprelings binne-in die huis is, soos in Engeland, dikwels dekoratief, maar ook soos daar, meestal van gedraaide hout (fig. 5-32). In Engeland is gietyster trapbalustrades wel soms vir residensiële gebruik aangewend (fig. 5-33), en ook algemeen in groot winkels en hotelle (fig. 5-34). Gevalle van gietysterbalustrades kom wel in Suid-Afrika

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voor, soos in die herehuis Hawthornden (gebou c.1882). Spiraaltrappe van gietyster is wel algemeen gebruik, veral in winkels en openbare geboue, waar dit hoofsaaklik ter wille van ruimtebesparing aangebring is (fig. 5-35) (Picton-Seymour 1977:25-26).

Smeeyster is alreeds vanaf die laat agtiende en begin negentiende eeue vir stoeprelings in Suid-Afrika gebruik. Voor daardie tydperk was die voorkoms van sulke relings volgens Lewcock baie raar (1963:101-102). Smeeyster is ook algemeen vir omheinings en tuinhekkies gebruik (fig. 5-36). Omheinings en tuinhekkies wat uit gietyster vervaardig is (fig. 5-37), kon uit katalogusse bestel word (fig. 5-38).

Hoewel die eerste gedokumenteerde gebruik van gietysterrelings in Engeland alreeds in 1714 voorgekom het, naamlik rondom die St Paulus-katedraal in Londen (Gloag & Bridgwater 1948:115), is dit ongeveer 'n eeu later vir die eerste keer in Kaapstad gebruik. Die Lutherse kerk in Strandstraat was die eerste openbare gebou waarin gietyster gebruik is, toe dit tussen 1818 en 1820 opgeknap is (Bowen 2001:77). Dit wil voorkom asof gietyster tot in die 1870's nie algemeen in gebruik was nie, waarna die gebruik daarvan op ongekende skaal geëskaleer het (Bowen 2001:80).

5.2.5.3 Dekoratiewe pleisterwerk en sement-elemente

Volgens Bowen is daar ruim gebruik gemaak van voorafvervaardigde argitektoniese elemente van sement (balusters, vase, pedimente, dekoratiewe afwerkings en konsoles) aan die Kaap (2001:48-54), wat uit katalogusse bestel kon word. Selfs afsonderlike elemente om 'n hele gewel mee te konstrueer, was beskikbaar. 'n Voorbeeld daarvan is 'n huis op die Noord-Kaapse dorpie Calvinia (fig. 5-39). Soortgelyke gewels is ook op 'n huis in die klein Wes-Kaapse dorpie Porterville aangetref. Balusters word op verskeie plekke aan die fasades van woonhuise aangetref, veral in en rondom Kaapstad (Bowen 2001:54), maar buite Kaapstad is dit raar. Daar is wel 'n voorbeeld in die Paarl op 'n Kaaps-Hollandse herlewingshuis (fig. 5-40). Herbert Baker was in 1898 die voorloper in die gebruik van sementpilare om verandas te stut deurdat hy, weens sy afkeer van gietysterversierings (veral die sogenaamde *broekiekant* (fig. 5-41)) voorafgegote sementpilare vir sy ontwerpe gespesifiseer het (Bowen 2001:53).

Dit is nie seker tot watter mate wel van hierdie tipe voorafvervaardigde items gebruik gemaak is nie. Die koste en moeite verbonde daaraan om swaar sement-elemente na afgeleë plattelandse plekkies te vervoer, verhoog die moontlikheid dat talle van hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tipe dekorasies *in situ* vervaardig sou gewees het, op die patroon van die beskikbare elemente.

Howard noem in sy bespreking van Kaapse geboue dat al die versierings (*columns, pilasters, window and door dressings*) op die Parlementsgebou in Kaapstad (tussen 1879 en 1885 gebou) van Portland-sement gemaak is (1907e:196). Hoewel dit nie klinkklaar uitspel dat die werk op die perseel gedoen is nie, bestaan die vermoede tog dat, indien dit voorafvervaardigde elemente was, hy sou genoem het vanaf watter maatskappy dit bestel is.

Rustiekwerk in kontrasterende kleure as versieringselement op die hoeke is nog een van die uitstaande kenmerke van Victoriaanse huise in Suid-Afrika (fig. 5-42). 'n Versieringsmetode wat hierby aansluit en ook baie algemeen is, is dekoratiewe pleisterwerk rondom deure en vensters (fig. 5-43). 'n Versieringsmotief wat algemeen op huise uit die laat-Victoriaanse periode voorkom, is kussingpaneelmotiewe wat in reliëf aangebring en in 'n kontrasterende kleur geverf is (fig. 5-44). Die motiewe word *in situ* aangebring (Mnr S Rust onderhoud: 2013). Strukturele polichromie as versieringselement is tipies, waar kontrasterende kleure gebruik word om strukturele bou-elemente soos vensters, deure en hoeke te beklemtoon (fig. 5-45).

Bogenoemde polichromie en dekoratiewe pleisterwerk en rustiekwerk is nog van die argitektoniese elemente wat Suid-Afrikaanse en Engelse Victoriaanse huise gemeen het. In Engeland is die polichromie dikwels nie struktureel nie. Al hierdie elemente word gekonsentreer op die fasade van die huis as die mees aangewese ruimte vir die tentoonstel van materiële kultuur.

Vanaf die 1880's het die algemene versieringstendens (deur sommige selfs beskryf as 'n manie) hand oor hand toegeneem en oordadige versierings het uiteindelik die hele fasade, insluitend die gewel en die veranda, omsluit. Die tendens het 'n hoogtepunt bereik in die laaste dekade van die negentiende eeu (Bowen 2001:63; Lewcock 1963:346). Vanaf die begin van die twintigste eeu het vereenvoudiging ingetree, soos aangetoon sal word.

5.2.6 Asimmetrie en onreëlmatigheid

Een van die belangrikste tiperende kenmerke van huise van die Victoriaanse era is asimmetrie. Die Georgiaanse of Regentskap-style, met hul simmetriese grondplan en aansig, het ten minste tot in die 1840's (volgens sommige skrywers soos Radford, selfs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot in die 1860's) in Suid-Afrika voorkeur geniet. Daarna het toenemende kontak met en beïnvloeding deur die nuwe heersers daartoe gelei dat die nuutste Britse modes meer aanvaarbaar en dus nastrewenswaardig geword het. Onreëlmatigheid is beskou as een van die basiese beginsels van die romantiese of pittoreske styl, wat vanaf Europa na die Kaap en ander kolonies oorgespoel het, en die wegkeer vanaf die simmetriese style ingelui het. Die mode van vervictorianisering van bestaande huise, sowel as die bou van huise in die nuwe, asimmetriese estetiek, het begin veld wen (Lewcock 1963:336-341; Radford 1984:30).

Die beweging na asimmetrie is sterk beïnvloed deur die sogenaamde patroonboeke wat in daardie stadium in Engeland en oral in sy kolonies groot gewildheid geniet het, en waarin volledige huisplanne gepubliseer is. Een van die gewildste van hierdie tipe boeke was *Loudon's encyclopaedia of cottage, farm and villa architecture* van 1833, wat slaafs nagevolg is deur die modebewuste Victoriane. Die huisplanne in die ensiklopedie is almal asimmetries, behalwe vir die heel kleinste woninkies, wat ook, soos in Suid-Afrika, die basiese skuurtipe is. Loudon stel dit dan ook onomwonde dat hy groot aspirasies het met sy werk, en dat die riglyne wat hy daarstel, nie net vir huise in Engeland bedoel is nie, maar vir 'n veel groter gehoor, inderdaad vir *the temperate regions of both hemispheres* (1833:1).

Die ontwikkeling vanaf simmetrie na onreëlmatigheid in praktiese terme het plaasgevind deur die geleidelike modifikasie van die reeds-bestaande simmetriese plan. Vleuels is bygevoeg om groeiende gesinne, nuwe behoeftes en veranderende lewenstyle te akkommodeer. Dikwels was die uitbreidings in die vorm van die byvoeg van kombuise en soortgelyke diensvertrekke; sodat die ontwikkelings dus uit werklike behoeftes voortgevloei het, en nie bloot uit navolging van die mode nie. Hierdie vroeë ontwikkelings was meestal agter aan die huis, met behoud van die streng simmetriese vooraansig, soos duidelik geïllustreer word deur Huis Gideon Malherbe in die Paarl voor restourasie (Radford 1984:30) (fig. 5-46).

Vanaf die 1860's het radikale verandering begin intree, met asimmetrie wat in die grondplan sowel as die fasade van die huis gemanifesteer het (Radford 1979:30). Todeschini en Japha meld dat die wegbeweeg vanaf die simmetrie van die basiese skuurtipe konstruksie na die asimmetriese grondplan die karakter van die dorpie Franschhoek vanaf die 1870's begin transformeer het (1988:gp). Hierdie datum kan met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vrymoedigheid van toepassing gemaak word op plattelandse Suid-Afrikaanse argitektuur in die algemeen.

Die algemeenste metode waardeur asimmetrie verkry is, was om een gedeelte van die fasade na vore uit te skuif. Die buiterand van die veranda word dikwels daarmee in lyn gebring. In die deftiger huise neem die projekterende gedeelte normaalweg die vorm van 'n ronde of hoekige erkervenster aan (fig. 5-47), soms strekkend oor twee verdiepings (sien byvoorbeeld fig. 5-26, 5-58, 5-60), terwyl dit by eenvoudiger huise dikwels die vorm van 'n stoepkamer (vierkantig of gerond) aanneem (fig. 5-48). Die veranda word in die geval van skakelhuise tussen die twee stoepkamers aangebring, sodat die stoepdak met die stoepkamers in lyn gebring word. Hoewel elke huis, wanneer dit as 'n aparte eenheid beskou word, dus asimmetries is, vorm die twee huise saam dan weer 'n simmetriese aansig (fig. 5-49).

Die asimmetriese aansig van die Victoriaanse huis het van nature ook gelei tot 'n meer ingewikkelde en onreëlmatige dakstruktuur, met verskeie valleie en gewels. Schoeman verwys na die dak van Ehrlichhuis in Bloemfontein wat *negentien skitterende sinkfasette* (synde negentien verskillende dakvlakke) vertoon (fig. 5-50) (1982:112). Selfs Victoriaanse huise heelwat laer af op die skaal vertoon hierdie ingewikkelde dakstrukture (fig. 5-51).

In die opsig van simmetrie versus asimmetrie volg Suid-Afrikaanse middelklasbehuising min of meer die tendense in Engeland na. Die huise daar het ook wegbeweeg van die streng Georgiaanse fasade, met die voordeur nie in die middel geplaas nie, maar na die een kant, met een venster (dikwels 'n erker) langsaan. Die grootste verskil in die fasades lê in die feit dat die Engelse huis meer as een verdieping het, met 'n smal vooraansig na die straat front en normaalweg as deel van 'n lang ry soortgelyke huise voorkom, terwyl die Suid-Afrikaanse huis meestal 'n breë straatfront het en as enkel gebou met 'n enkele verdieping voorkom. Direkte vergelyking van die voorkoms van die fasade in terme van simmetrie al dan nie, is dus nie werklik moontlik nie.

Die asimmetrie van die fasade het volgens Radford teen die 1880's gestandaardiseer geraak. Hy beweer dat die standaard bestaan uit 'n erkervenster bekroon deur 'n gewel aan die een kant van die aansig, met die res van die voorkant opgeneem deur die veranda, wat meestal om die hoek van die huis strek na die een sykant. Die finale

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

evolusie van hierdie vorm is 'n klein torinkie wat die fasade aan die teenoorgestelde kant van die erker met die gewel balanseer. Hierdie basiese vorm het volgens hom teen die 1890's wydverspreid dwarsoor die land voorgekom en die evolusie na asimmetrie het by enkel- sowel as dubbelverdiepinghuise voorgekom (1984:31).

Hoewel dit 'n feit is dat die bostaande styl algemeen is, is daar ook talle uitsonderings op hierdie reël, veral by die kleiner huise, wat ontdaan is van sulke oordadige ornamentasie en stilistiese vorme. Feitlik alle Victoriaanse huise het wel 'n gewel, meestal in die vorm van 'n eenvoudige spits, soos uit al die voorbeelde blyk, maar talle het nie erkers nie, en slegs sommige van die deftiger huise het een of meer torinkies of pagodes op die dak (fig. 5-52 en 5-53). In talle gevalle het die huis ook geen erker nie, slegs een of twee stoepkamers (fig. 5-54).

Die norm vir die fasade kan dus eerder beskryf word as 'n afgepleisterde, asimmetriese aansig met spitsgewels en 'n veranda voor of om twee of meer kante van die gebou. Daarby kan die baie algemene voorkoms van dekoratiewe pleister-, hout- en ysterwerk gevoeg word.

5.3 Argitektoniese elemente

5.3.1 Dakke

5.3.1.1 Dakstruktuur

Dakke in Engeland is feitlik sonder uitsondering staandakke. Hier te lande was staandakke ook van die begin af die voorkeurtipe. Die vroegste sketse wat deur besoekers en andere aan die Kaap gemaak is, toon al die huise met spits rietdakke. Verskeie rampspoedige brande het die fokus geplaas op die vlambaarheid van riet. Die instelling van 'n belasting op skoorstene het gevolg (Lewcock 1963:8), en teen die middel van die agtiende eeu het die regering bepaal dat alle nuwe huise in Kaapstad met platdakke gebou moes word. Die rietbedekte staandakke het geleidelik van die straattoneel verdwyn, wat die stad se argitektoniese karakter blywend verander het (Greig 1971:25).

Stavorinus het in die 1760's die huise aan die Kaap beskryf as feitlik almal enkelverdieping geboue gedek met strooi of riet (1798:549), terwyl die Sweedse reisiger Anders Sparrman slegs 'n paar jaar later (in 1772) opmerk dat talle van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huise dubbelverdieping platdakgeboue is. Volgens hom lyk die platdakke soos plat baksteenvloere, en word dit Italiaanse dakke genoem (Forbes 1975:47-48). Dit wil dus uit hierdie beskrywings voorkom asof die boumode in Kaapstad kort ná 1760 redelik drasties begin verander het (Walton 1993:xiv).

Sedert die begin van die negentiende eeu is sterk weerstand teen die Hollandse platdakke van die kant van die Britte ervaar, aangesien dit ongemaklik warm was in die somer en in die winter gelek het. Hulle het onmiddellik begin om weer staandakke te bou (Hartdegen 1988:48), en teen 1840 was hierdie styl besig om vinnig veld te wen (Lewcock 1963:318).

5.3.1.2 Dakbedekkings

Die voor-Victoriaanse periode

Die dakke van die oudste wonings in Suid-Afrika was gedek met enige geskikte plantmateriaal wat vir die koloniste geredelik bekombaar was. Die koloniste het Kaapse dekriet (Chondropetalum tectorum) die geskikste bevind en dit is algemeen gedurende die VOC-tydperk as dakbedekking aangewend (Haaksma & Linder 2000:16) Sparrman noem dit ook in sy dagboek (Forbes 1975:47). Nadat genoeg tyd verloop het om aanplantings te maak, is koring- en rogstrooi ook algemeen gebruik (Coetzee 2002:39; Lewcock 1963:6, 228).

Die ander dakvorm, die platdak, is uit 'n verskeidenheid materiale gekonstrueer, soos byvoorbeeld die reeds-genoemde brakdak, wat van klei is. In Kaapstad is die kleilaag van die brakdak gewoonlik deur 'n laag teëls of bakstene bedek om te voorkom dat reën en wind die klei erodeer. Die reisiger OF Mentzel beskryf byvoorbeeld reeds in ongeveer 1733 'n dak waarna hy ook verwys as *in the Italian style*. Hy noem dat die dak deeglik gebou was van Hollandse klinkerteëls ingebed in kalkpleister. Die dak se lekprobleem is opgelos deur die aanwending van verskeie lae vis- of walvisolie bo-oor, met uitstekende resultate (Mentzel 1921:134).

Victoriaanse periode

Voor en tydens die Victoriaanse era in Suid-Afrika is dakke van huise in die nuwe Engelse style, veral Georgiaans, met leiklip gedek (Fransen 2004:10). Hoewel aanvanklik geëksperimenteer is met teëls van Robbeneiland-leiklip, is bevind dat die klip nie geskik was vir verwerking in dun skerwe nie, dus was die teëls wat gemaak is,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te swaar vir gebruik (Hartdegen 1988:48). Geen ander leiklip vir die doel was aan die Kaap te vinde nie, dus is alle leiklip vir dakbedekkings mettertyd ingevoer, eers van die gebiede op die grens tussen Pembroke en Carmarthen in Engeland, en later hoofsaaklik vanaf Noord-Wallis (Kearney 1973:70; Radford 1979:343).

Sinkplaat het verreweg die gewildste dakbedekking van die Victoriaanse era in Suid-Afrika geword. Hoewel die metaal sink vanaf 1805 in plat plate uitgerol, en vanaf daardie datum in Engeland en die kolonies vir dakbedekkings gebruik is (www.petersroofing.co.uk), word die produk waarna in die volksmond in Suid-Afrika verwys word as sinkplaat, egter nie uit die metaal sink vervaardig nie, maar uit ysterplate wat uitgerol, geriffel en met sink gegalvaniseer is (Radford 1979:344).

Ysterplate wat dun uitgerol is, is al vanaf 1784 vir verskillende toepassings in Engeland gebruik. Die dun plate het maklik gebuig (Isaacs 2006:118), en in 1829 is die proses van riffeling in Engeland gepatenteer (Herbert 1978:34; Isaacs 2006:118). Die doel van die riffeling was om die plaat minder buigbaar te maak (Isaacs 2006:118). Die proses van galvanisering, oftewel die bedekking van die ysterplate met 'n laag sink, is in die middel van die 1840's ontwikkel om die metaal teen die elemente te beskerm (Gloag & Bridgwater 1948:370). Ene Richard Walker word allerweë as die uitvinder van die proses beskou, hoewel hy in werklikheid die patent by die Londense siviele ingenieur Henry Palmer gekoop het (Herbert 1978:34; http://www.world-archaeology.com). Teen die 1880's het staal die yster vervang (Isaacs 2006:118).

Lewcock verwys na sinkplate wat in die loop van die 1820's op die dakke van verskeie groot geboue gebruik is, en dit moet dus verwys na plate wat uit die metaal sink vervaardig is, aangesien sinkplaat soos dit tans in Suid-Afrika verstaan word, vir die eerste keer in die laat 1840's in Suid-Afrika gebruik is (1963:384-387). Dit word vir die eerste keer in Suid-Afrika genoem in die advertensie van 'n ysterwarewinkel in 1847 (Laidler 1939:310), maar dit is nie duidelik of daar na gegalvaniseerde of ongegalvaniseerde sinkplaat verwys word nie. Daar was alreeds in 1849 huise met sinkdakke in Durban (Kearney 1973:19). Teen 1859 is sinkplaat algemeen deur stadsingenieurs as 'n standaard alternatief vir leiklip aanbeveel (Radford 1979:345). Die Noorweegse landmeter Ingvald Schrøder-Nielsen, wat in 1898 in Suid-Afrika aangekom het, skryf in sy dagboek van 1899 dat die meeste boerewonings op Transvaalse plase sinkdakke het (Schrøder-Nielsen 2012:42).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waar daar in hierdie werk die term sinkplaat gebruik word, is die bedoeling dus gegalvaniseerde, geriffelde ysterplaat.

Sinkplaat is ook dadelik aangegryp as algemene materiaal vir die oordek van verandas. Dit word volledig bespreek in 5.3.3.

Ander materiale wat minder algemeen gebruik is vir dakbedekkings, was onder meer loodplate. Weens die gewig en gepaardgaande invoerkostes het lood te duur geblyk en nooit werklik veld gewen nie. Dakspane van hout (shingles) wat gewild was in Engeland, is na Suid-Afrika ingevoer (hoofsaaklik uit Amerika) en vir ongeveer 40 jaar lank hier te lande gebruik. Aangesien hierdie materiaal ook 'n groot brandrisiko gedra het, en weens die hoë gevolglike versekeringskostes daaraan verbonde, is die gebruik daarvan teen 1860 uitgefaseer (Lewcock 1963:385; Radford 1979:347).

Pandakteëls en sogenaamde Romeinse teëls (albei van gebakte klei) is ná 1825 in Port Elizabeth vervaardig. Die teëls is geverf om dit waterdig te maak (Lewcock 1963:228). Kearney spekuleer dat daar begin is met die vervaardiging van kleiteëls ná wat hy noem die *bitter experience* met riet aan die Kaap, waarskynlik verwysende na die brandgevaar en in mindere mate die permanente instandhouding wat 'n rietdak verg (1973:69).

In Engeland is die gebruik van sink as dakbedekking vir residensiële geboue ongehoord. Dit is slegs gebruik vir groot industriële geboue soos skure en fabrieke. Die sinkdak is dus een van die hoof onderskeidende faktore tussen Suid-Afrikaanse en Britse Victoriaanse huise.

5.3.1.3. Skoorstene

Die gebruik van kaggels in die huis het gelei tot die verskyning van skoorstene op die dak. Voor die Engelse periode het die meeste huise slegs die vuurherd in die kombuis gehad, met die hooffunksie van voedselvoorbereiding, en die sekondêre een van verhitting. Die tradisionele voorkoms van die fasade van die kleiner huis was dus normaalweg met 'n abba-kaggel aan die een kant van die huis, waar die vuurherd en bakoond in werklikheid aan die buitekant van die huis aangebou is, met die skoorsteen wat langs die huismuur opgaan en bo die daklyn uitsteek (fig. 5-55). Groter huise se vuurherde was dikwels in 'n agterste vleuel.

Die Britte het kaggels met oorgawe omarm om warmte in hul huise te verseker, in navolging van die algemene Victoriaanse neiging na 'n lewe waarin daar voorsiening

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemaak word vir elke moontlike gemak en gerief. Dit was in teenstelling met die Hollanders, wat blykbaar 'n meer stoïsynse uitkyk op die lewe gehad het en tevrede was met 'n voetstofie op die meeste. Dit het gelei tot die verskyning van skoorstene op die daklyn, dikwels meer as een. Soos in Engeland, wil dit voorkom asof kaggels ook hier te lande statussimbole geword het, te oordeel na die oormaat van kaggels wat in sommige van die deftige herehuise aangetref word (fig. 5-56).

5.3.1.4 Gewels

Die Victoriaanse huis in Suid-Afrika word altyd met spits endgewels gebou, en meestal met 'n asimmetries-geplaasde voorgewel, wat ook slegs 'n eenvoudige spitsgewel is. Die meerderheid gewels van die deursnee middelklas huis het reguit lyne, sonder enige kurwes. Die gewelveld is dikwels versier met dekoratiewe windvere en spitsversierings, soos ook reeds getoon (sien onder meer fig. 5-13). Afwykings op hierdie reël word hier en daar gesien, waar die huise een of meer verbeeldingryke gewels in 'n verskeidenheid dekoratiewe ontwerpe vertoon (fig. 5-57), en wat dikwels uit voorafvervaardigde elemente bestaan. By die groot herehuise word 'n groot verskeidenheid gewels in individuele ontwerpe gesien (fig. 5-58).

Teen die einde van die Victoriaanse era in Suid-Afrika het die Kaaps-Hollandse gewel herleef, en het dit baie algemeen geword op geboue van alle klasse. Hierdie herlewing word volledig bespreek in 5.4.2.2.

In Engeland vertoon sommige geboue ook die tipiese Victoriaanse spitsgewel. Dit word hoofsaaklik aangetref op alleenstaande huise waarin die middel- tot hoër middelklas gewoon het, dus die meer welvarendes. Huise in die pittoreske idioom, soos dié wat vir modeldorpies opgerig is, het ook dikwels spitsgewels, soms met versierde windvere. Skakelhuise in die Gotiese styl, wat vanaf die middel van die Victoriaanse era gewild geword het, en die Queen Anne-styl, 'n produk van die laat-Victoriaanse periode, het wel spitsgewels. Gewels in die Hollandse en Vlaamse style kom ook op geboue van die mid- tot laat Victoriaanse periode voor (Yorke 2005:121), soos onder meer gesien kan word in Port Sunlight (sien fig. 5-122), en op enkele geboue in Londen (sien hoofstuk 3). Gewels is dikwels versier met vakwerk (Yorke 2005:62-63).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2 Mure

5.3.2.1 Materiale en afwerking

Vir 'n lang periode was die algemeenste boumateriaal aan die Kaap gebreide klei of songedroogde bakstene. Hierdie boumateriaal word allerweë beskou as 'n erflating uit die Portugese en Spaanse kolonies (Lewcock 1963:378).

Klip

Die Europeërs, met hul tradisie van klipbouwerk, het gevind dat geskikte bouklip, veral sandsteen wat maklik bewerk kan word, baie skaars was aan die Kaap. By gebrek aan 'n werkbare alternatief, is Tafelberg-sandsteen, graniet en kalkklip van verskeie areas rondom Kaapstad gebruik, hoewel dit nie maklik bewerkbaar was nie en dus nie netjies afgewerk kon word nie. Weens die afwerkingsprobleem is talle klipgeboue agterna afgepleister (Lewcock 1963:379; Radford 1979:352-353). Rosenthal beweer ook dat dit in die laat 1890's goedkoper was om graniet vanaf Skotland in te voer as om dit op Tafelberg te myn (1975:6). Howard, 'n argitek wat gedurende die laat 1800's in Kaapstad gewerk het, noem egter verskeie tipes Suid-Afrikaanse klip wat volgens hom net so geskik soos dié van Engeland is, en hy dui patriotisme en 'n sekere snobisme aan as die hoofredes vir die invoer van klip uit Engeland (1907g:214).

Volgens Moerdyk (1890-1958) is die rede vir die onaantreklike voorkoms van die klipgeboue nie die swak klipneerslae nie, maar die feit dat genoegsame plaaslike kennis oor die keuring en bewerking van klip nie bestaan het nie (1935:16). Die feit dat daar wel talle geboue suksesvol met klip gebou is op die plekke waar goeie neerslae voorkom, bewys hierdie sentiment verkeerd. Enkele bruikbare klipneerslae is gevind op plekke ver verwyder vanaf Kaapstad, soos Nieuwoudtville, Mosselbaai en Oudtshoorn (fig. 5-59) (Radford 1979:352-353). Goeie sandsteenbronne is ook in die Bloemfontein-omgewing gevind waar dit vir talle geboue, onder meer die Presidensie (gebou 1886), aangewend is (Schoeman 1982:67). In die Oos-Kaap is goeie neerslae deur die Britse setlaars gevind en aangewend vir die geboue wat hul klei-en-lat (*wattle-and-daub*) geboue moes vervang. Die setlaars het oorspronklik die klei-en-lat metode gebruik aangesien die klimaat daar te nat was vir huise wat slegs van klei gebou is (Du Toit 1995:131; Kearney 1973:64).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bakstene

Bakstene is aan die Kaap vervaardig, maar die kwaliteit daarvan was aanvanklik minderwaardig teenoor die ingevoerde produk (Lewcock 1963:379), hoofsaaklik te wyte aan 'n gebrek aan geskikte brandstof vir die bak van die stene (Radford 1979:350). Dit was, soos in Engeland, dikwels die gebruik om bakstene vir 'n spesifieke bouprojek op die bouterrein te maak (Lewcock 1963:379). Daar was ook verskeie klein kommersiële baksteenwerke aan die Kaap, en vanaf die 1870's is hulle hoofsaaklik in die omgewing van Groenpunt, Mowbray, Seinheuwel en Observatory gesentreer (Picton-Seymour 1977:38; Radford 1979:350). Die *SA Architect, engineer and surveyors' journal* van 1907 maak in 'n artikel spesifiek melding van die goeie kwaliteit van die bakstene wat vir die bou van die Bloemhof-skoolgebou op Stellenbosch gebruik is, en wat deur die Bellville Brick Company vervaardig is (1907:183).

As gevolg van die swak kwaliteit van die bakstene was eksterne mure selde minder as 1½ bakstene dik, terwyl interne mure feitlik altyd een baksteen dik was, hoewel halwe bakstene in sommige gevalle voorgekom het (Radford 1979:350). Teen 1866 was daar reeds 27 baksteenvervaardigingsaanlegte in die Kolonie. Die Natalse regering het in 1869 'n baksteendrukmasjien gekoop vir gebruik in die baksteenwerwe wat aan hulle behoort het, waarna die uiterlike voorkoms van die bakstene verbeter het en die groottes gestandaardiseer is (Kearney 1973:65-66).

Hoewel die Kaap nie onaangeraak gebly het deur die Engelse mode van ongepleisterde fasades nie, kon Kaapse bakstene weens die swak kwaliteit daarvan selde daarvoor gebruik word, en dus is die meeste baksteenmure afgepleister, behalwe in Natal en Kimberley, waar die kwaliteit van die bakstene op 'n veel hoër standaard was (Fransen 1981:98). Siersteen wat daar vervaardig is, is vir die oprigting of afwerking van talle geboue gebruik (fig. 5-60) (Kearney 1973:65-66).

Pleister

Hoewel sementpleister (*stucco*) bekend was in Engeland, was die gebruik daarvan om geboue mee af te pleister, nie algemeen nie (Lewcock 1963:39). In Suid-Afrika, daarenteen, was dit die gebruik om geboue af te pleister, maar selde met sementpleister, aangesien die sement tot in 1892, toe Portland-sement die eerste sementfabriek in Daspoort naby Pretoria oopgemaak het (Bowen 2001:46; http://www.ide.go.jp/English), ingevoer moes word, met die vanselfsprekende koste-faktor daaraan verbonde. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

materiaal wat voor die plaaslike vervaardiging van sement gebruik is om mure af te pleister, het oor die algemeen bestaan uit 'n mengsel van sand en kalk; normaalweg drie dele sand tot een deel kalk (Schoeman 1982:24). Die kalk aan die Kaap is hoofsaaklik uit die verbranding van skulpe verkry (Kearney 1973:66; Radford 1979:356-357).

Die algemene gebruik om mure af te pleister teenoor Engeland, waar mure grootliks ongepleister gelaat is, is dus nog een van die belangrike tiperende elemente wat die argitektuur in Brittanje van dié in Suid-Afrika onderskei.

Sinkplaat

Gedurende die 1860's het die gewildheid van sinkplaat grootliks toegeneem, nie slegs as dakbedekking nie, maar ook as boumateriaal vir volledige geboue. Die vraag na geboue wat in geheel bestaan het uit sinkplaat op 'n houtraamwerk, het gegroei, veral met die stedelike ontploffings van Johannesburg en Kimberley. Dit is ook algemeen gebruik vir militêre geboue tydens die Anglo-Boereoorlog (Picton-Seymour 1977:31; Radford 1979:345).

Een van die heel eerste geboue in Suid-Afrika wat in geheel uit sinkplaat vervaardig is, was die winkel van 'n suikerhandelaar, wat in 1851 in Durban opgerig is (Picton-Seymour 1977:31; Radford 1979:345). Dié gebou is na Durban verskeep nadat dit by die Great Exhibition in Londen uitgestal is (Picton-Seymour 1977:31). Die eerste sinkgebou in Kaapstad was die Iron Coaling Station, wat in Engeland vervaardig en in pakketvorm hierheen gestuur is (Radford 1979:345).

Die reeds-genoemde Richard Walker, wat as die uitvinder van sinkplaat beskou word, het vroeg reeds die potensiaal van sinkplaat as boumateriaal vir volledig-voorafvervaardigde geboue (of *portable buildings*, soos dit in daardie tyd genoem is), ingesien. In 'n 1832-advertensie vir sy ware wat in die *Robson's London Directory* verskyn het, beveel hy die geboue spesifiek aan vir uitvoer: *For New Settlements, the facility with which they may be erected, or removed from place to place is a desideratum of great consideration* (Herbert 1978:38). Die vestiging van verskeie kolonies in die Britse ryk, met die gepaardgaande probleem van geboue wat vinnig en maklik opgerig moes kon word om die immigrante te huisves, het 'n enorme mark vir hierdie tipe gebou daargestel.

Hoewel talle van hierdie tipe huise as voorafvervaardigde pakkette vanuit Brittanje bestel is, het die tipe boumateriaal ook die opsie van vinnige, goedkoop en maklike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

selfvervaardiging gebied, te danke aan die lae prys, maklike vervoerbaarheid en algemene beskikbaarheid (Radford 1994:89). Verskeie plaaslike besighede wat sulke huise vervaardig het, het ontstaan (Radford 1994:95). Die relatief lae insette ten opsigte van tegnologie en ondervinding benodig, het vanselfsprekend ook 'n rol gespeel in die gemak waarmee plaaslike besighede tot die bedryf kon toetree.

Die vroegste voorafvervaardigde geboue wat saam met setlaars uitgestuur is, was houtgeboue, soos deur Thomas Pringle opgeteken. Voorafvervaardigde houtgeboue was volgens Herbert die mens se eerste poging om die hooffokus van die konstruksieproses weg van die bouperseel na die gemeganiseerde, gekontroleerde omgewing van die fabriek te verskuif (1978:1). Houthuise was steeds afhanklik van 'n materiaal waaroor die mens nie volle beheer uitgeoefen het nie, sowel as van die dienste van geskoolde en opgeleide vakmanne. Met die uitvinding van sinkplate, en later die riffeling en galvanisering daarvan, is die vervaardiging van die materiaal in geheel gemeganiseer, en het die nuwe materiaal die oue vanaf die laat 1840's begin oorheers (Herbert 1978:30).

In die dagboek van die setlaarsvrou Sophia Pigot (1820), is daar egter 'n verwysing na *the iron house* in Port Elizabeth (Rainier 1974:56). Lewcock spekuleer dat dit uit plat gietysterplate sou bestaan het (1963:192). Dit wil beslis voorkom asof dit 'n rariteit was, uit die feit dat Pigot spesifiek in haar dagboek melding maak daarvan en in die enkelvoud daarna verwys.

Mettertyd is die materiaal, hoofsaaklik vanweë die assosiasie daarvan met lae-inkomste behuising (Radford 1994:88), toenemend beskou as *cheap and nasty* (Radford 1979:345). Die Suid-Afrikaanse argitek Gerard Moerdyk was besonder fel in sy kritiek teenoor sinkplaat, of *golfyster*, soos hy daarna verwys het. Volgens hom is dit onaantreklik en ondoeltreffend en is dit nie "paslik" in Suid-Afrika nie (1935:20).

Herbert verwys ook na die ambivalente Victoriaanse houding teenoor die materiaal. As gevolg van die onteenseglike nuttigheid, het die gebruik daarvan vermenigvuldig, maar daar is terselfdertyd daarop neergesien (Herbert 1978:116). Hierdie houding het eerwaarde Edgar Rose van die Anglikaanse gemeente in Bloemfontein nie daarvan weerhou om in die eerste twee dekades van die twintigste eeu 'n sinkplaatkerk op te rig wat soveel bewondering uitgelok het dat dit selfs *die Parthenon van die sinkplaatstyl* genoem is nie (Schoeman 1982:58).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2.2 Muuropeninge

Weens die houtskaarste aan die Kaap is onverwerkte hout vir argitektoniese gebruik sowel as vooraf-vervaardigde houtelemente soos vensters, deure, argitrawe, traprelings en geprofileerde lyste in groot getalle ingevoer vanaf lande soos Engeland en Pruise, maar veral vanaf Amerika (Kearney 1973:68).

Vensters

Tot ongeveer 1815 is die vensters in lyn met die buitemuur ingebou, met slegs die dikte van die pleister wat verder as die vensterraam na vore projekteer (Fransen 2004:10). Daarna is die vensters, in navolging van die gebruik in Engeland, dieper in die muuropening geplaas.

Die vroegste skuifaamvensters het ses of twaalf ruite elk gehad (fig. 5-61), afhangende van die grootte van die venster. Die aantal vensters is later verminder na vier (fig. 5-62), en vanaf die 1870's het twee ruite per venster die gebruik geword, en twee dekades later het vensters slegs een ruit per raam gehad (fig. 5-63) (Fransen 1981:97; Radford 1979:359). Die toenemende grootte van die ruite was as gevolg van die verbetering in vervaardigingsmetodes wat groter glaspanele moontlik en ook meer bekostigbaar gemaak het (Avery 2003:18; Kearney 1973:68). Die gebruik het ook ontstaan in navolging van die Victoriane se voorliefde vir onbelemmerde uitsigte vanuit hul vensters (Kearney 1973:68). Die meeste huise het hierdie mode nagevolg, al was dit dan net op die voorkant van die huis (Radford 1979:360).

Die glas vir die vensters moes ook, soos talle ander items, tot laat in die negentiende eeu ingevoer word (Lewcock 1963:382). Dit is hoofsaaklik uit Brittanje ingevoer, maar ook uit Duitsland en België. Teen die 1840's was sogenaamde *Crown glass* feitlik die enigste soort wat aan die Kaap gebruik is (Hartdegen 1988:53; Radford 1979:362). Dit is vervaardig deur die vorming van gesmelte glas in ronde vorms van vier tot vyf voet (1 tot 1.2 m) in deursnee, waaruit die ruite gesny is. Vanaf die 1840's was gekleurde glas ook beskikbaar, en twintig jaar later was ornamentele glas, wat met patrone versier is, ook te kry (Radford 1979:362).

Verskillende tipes hout is vir die vensterrame gebruik, met Birmaanse kiaat en Amerikaanse greinhout (Oregon pine) die algemeenste (Lewcock 1963:381).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Luike voor die vensters is nog 'n tipies-Suid-Afrikaanse verskynsel. Selfs die heel eenvoudigste huise het luike gehad (fig. 5-64). Die ouer, soliede tipe luike aan die buitekant van die vensters, wat slegs die onderste helfte van die venster bedek het (fig. 5-65), is tydens die Georgiaanse periode vervang deur die soliede, vollengte voutipe luik wat aan die binnekant van die venster aangebring is (fig. 5-66). Eksterne hortjies met vaste, skuins-geplaasde plankies (*Venetians* genoem) het vanaf die einde van die negentiende eeu die toneel begin oorheers (fig. 5-67) (Fransen 1981:97; Hartdegen 1988:53). Hierdie is geen streng afbakening nie, aangesien eksterne hortjies op 'n Georgiaanse huis soos Zeederberg-huis van c.1850 aangetref word (fig. 5-68), waar dit 'n oorblyfsel van die Regency-styl aan die Kaap is, terwyl die plaashuis van De Nuy, wat in 1914 gebou is, weer voubare binneluike het (fig. 5-69). Uit bestudering van voorbeelde wil dit voorkom asof binneluike soms gebruik is waar daar 'n veranda-oorhang is wat verhoed dat die son op die vensters skyn, terwyl eksterne hortjies gebruik is waar geen ander bou-element die vensters teen direkte sonlig beskerm nie. Melrose-huis byvoorbeeld (sien fig. 5-58), het eksterne hortjies op die boonste verdieping en binneluike op die onderste, waar daar 'n veranda is.

Lewcock is van mening dat die huis met veranda en hortjies die ware inheemse styl van die Victoriaanse era verteenwoordig, aangesien daardie twee elemente aangeneem is uit praktiese beweegredes, wat dit dus getrou aan die ware aard van argitektuur maak, naamlik om die behoeftes en waardes van die inwoner te weerspieël (Lewcock 1963:309).

Deure

In Suid-Afrika, soos in Engeland, was die voordeur altyd die belangrikste deur van die huis, en dus is die meeste aandag aan die kwaliteit en afwerking daarvan bestee (Lewcock 1963:383). Dit was belangrik om deur middel van hierdie element die inwoners se materiële welvaart en status in die gemeenskap te vertoon. Hoewel Birmaanse kiaat die materiaal van voorkeur was, is dennehout (veral Amerikaanse greinhout) redelik algemeen vir hierdie deur gebruik, selfs vir die huise van welvarende Kapenaars (Radford 1979:358).

Die meerderheid Victoriaanse voordeure is vertikaal in die middel verdeel (Radford 1979:358), met vier, ses (fig. 5-70) of selfs agt reghoekige panele (fig. 5-71). 'n Algemene patroon is vierpaneeldeure waar die onderste, reghoekige paneel ongeveer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

een derde van die lengte van die deur uitmaak, met 'n groter boonste paneel met 'n geronde kurwe aan die bokant (fig. 5-72). 'n Beskeie huisie op Caledon vertoon 'n variasie hierop, waar die boonste panele 'n spitsboog vorm (fig. 5-73). In Caledon is daar ook 'n rare voorbeeld aangetref met glas in die boonste deel van hierdie tipe (fig. 5-74). Die glas is waarskynlik later ingesit.

Deure bestaan meestal uit soliede houtpanele, maar glas word ook algemeen in die boonste twee panele van groter, deftiger deure aangetref (fig. 5-75). Enkeldeur voordeure het oorwegend vier panele, en die boonste paneel is óf solied (fig. 5-76) óf van glas (fig. 5-77). Variasies hierop kom voor, waar die onderste soliede gedeelte uit twee of drie panele bestaan, en die boonste helfte van die deur verskeie glaspanele van wisselende grootte, met breë vertikale verdelingstroke het (fig. 5-78).

Smal sypaneeltjies met glas weerskante van die voordeur kom algemeen voor, en wissel van eenvoudig (fig. 5-79) tot uiters ornaat (fig. 5-80). Boligte is halfsirkelvormig (fig. 5-81) of reghoekig (fig. 5-82). Volgens Radford het die reghoekige bolig met eenvoudige reglynige verdelings die halfsirelvormige bolig vanaf ongeveer 1850 begin vervang (1979:358). Boligte met ingewikkelde uitgesnyde patrone was ook later in die eeu gewild (fig. 5-83). Fagan teken 'n groot verskeidenheid boligpatrone op die dorpie Richmond in die Karoo aan (2008:182). Dit dui waarskynlik op die teenwoordigheid van 'n kreatiewe houtwerker in die omgewing.

Wat binnedeure betref, het die Georgiaanse sespaneeldeur lank gewild gebly (fig. 5-84). Dit is vanaf die 1870's deur die vierpaneeldeur vervang (fig. 5-85). Vanaf daardie datum het binnedeure met glaspanele, veral vir deure wat na 'n openbare vertrek lei, gewildheid verwerf. Hierdie deure was soms enkel, soms dubbeld, met 'n bolig en deursigtige of ondeursigtige glas in die panele (fig. 5-86). Sypaneeltjies en boligte was dikwels van gekleurde glas en die dekoratiewe effek het gewissel volgens die status en vermoëns van die inwoner (fig. 5-87) (Radford 1979:359). Soos met vensters, was Amerikaanse greinhout verreweg die gewildste houtsoort vir deure en argitrawe.

5.3.3 Stoep

Die oordekte stoep of veranda kom oorspronklik van Indië (Hitchcock 1971:354l; Lewcock 1963:110), vanwaar dit na middeleeuse Portugal en, tot 'n mindere mate, Spanje versprei het. Dit het 'n integrale deel van die inheemse argitektuur van daardie twee lande geword. Daarvandaan is dit na die Portugese kolonies uitgedra, en deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

middel van wedersydse kontak uiteindelik ook na Engeland (Lewcock 1963:110), waar dit op die toneel verskyn het tydens die hoogbloei van die pittoreske beweging (ongeveer die eerste kwart van die negentiende eeu), waar die klem op die buitelug en die natuur geval het. Dit het deel gevorm van die argitektoniese elemente eie aan die sogenaamde *cottage orné* (Hitchcock 1971:354), waar dit 'n belangrike rol gespeel het as skakel tussen die gebou en die omgewing in ooreenstemming met pittoreske sentimente (Fransen 2004:10; Lewcock 1963:121).

Een van die vroegste aangetekende voorkomste van die veranda in Engeland was in 1795 in 'n patroonboek deur John Plaw, waar die huis 'n veranda om drie kante het, soos tipies in die agtiende eeu in Amerika ontwikkel het. Die naam van die ontwerp is dan ook *American Cottage.*

Die gewildheid van die veranda het vinnig versprei in Engeland, veral nadat prins George in 1801 verandas aan die Royal Pavillion in Brighton laat aanbring het. Tydens die Regentskap het die mode sy hoogtepunt bereik, en was dit veral gewild in die vorm van oordekte balkonne in dorpe soos Bath en selfs in Londen. Dit was 'n verbygaande mode met beperkte toepassing en het nooit 'n oorheersende element van die Britse argitektuur geword nie (Lewcock 1963:110). Die gewildheid daarvan het getaan ná 1840, toe die pittoreske styl vinnig aansien onder die estete begin verloor het (Hitchcock 1971:354).

Daar moet op gelet word dat die veranda in Engeland hoofsaaklik aangetref word op alleenstaande huise wat in navolging van die *cottage orné*-styl gebou is, en dat dit as algemene feit gestel kan word dat sulke huise skaars is in Engeland. Hoewel dit 'n belangrike moderigting was, maak alleenstaaande huise slegs 'n klein gedeelte van die totale argitektuurskat van Engeland uit.

Die naaste wat die deursnee Victoriaanse huis in Engeland aan 'n veranda kom, is 'n klein oordekte stoepie of *porch* wat wel soms aangetref word, bloot ter wille van beskutting bo die voordeur, hoewel selfs dit nie die norm is nie (fig. 5-88 en fig. 5-89). In die idilliese werkersdorpie Port Sunlight is daar wel enkele rye huise met stoepe, versier met relatief sobere houtversierings. Die stoepies is steeds slegs groot genoeg om die besoeker teen reën te beskut, en beslis nie bedoel vir die rol wat dit in Suid-Afrika speel nie (fig. 5-90 en fig. 5-91).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Suid-Afrika is die veranda een van die mees tipiese kenmerke van huise van die Victoriaanse periode, en een van die belangrikste faktore wat dit onderskei van Victoriaanse argitektuur in Brittanje (Picton-Seymour 1977:5). Die stoep strek dikwels om twee kante van die huis (fig. 5-92), soms om drie (fig. 5-93), maar selde reg rondom die huis. Greig noem die veranda Suid-Afrika se *most characteristic and useful building form* (1971:35) en die Natalse argitek Wallace Paton het hom as volg oor die stoep uitgelaat: *The people want verandas, and they will have them; they sit on them in the daytime and they sleep on them at night* (Kearney 1973:xii). Lady Anne Barnard beskryf met haar tipiese skerp humor die stoep as 'n lang baksteenplatform waarop die stad se deftige mense stap, sit en *idle away every moment of the day when not employed in eating or sleeping* (fig. 5-94) (Lewin Robinson 1994: 158).

Hoewel stoepe algemeen in Suid-Afrika voorgekom het voor die Victoriaanse periode, op alle style vanaf klein Karoostyl huisies tot by groot Kaaps-Hollandse herehuise, is dit selde voor die Victoriaanse era oordek, en was dit dus oop na bo, wat meegebring het dat dit nie so 'n groot rol in die sosiale lewe van die mense kon speel soos 'n oordekte stoep wat beskutting teen die klimaat bied nie. Soms, veral in groter sentra soos Kaapstad, is die stoepe oordek deur panele van seil wat oor 'n ligte ysterraamwerk gespan is (Lewcock 1963:128), of soms het dit bestaan uit bord wat bedek is deur óf seil óf een of ander metaal. Ná 1857 is die bestaande plat bord deur sinkplaat vervang (Bowen 2001:61).

Voor die Regentskap-era was klassieke portieke wel in die mode in Suid-Afrika, en na die eerste Britse besetting van 1795 het die bou van verandas in alle erns 'n aanvang geneem. Kort na die tweede besetting van 1806 het die oordekte stoep algemeen geword, en is dit 'n kolonnade, portiek of veranda genoem. Een van die eerste sogenaamde verandahuise in Suid-Afrika was *The Vineyard* in Nuweland, wat in 1800 deur Andrew Barnard, eggenoot van die bekende lady Anne Barnard, laat bou is. Die huis het 'n rietdak gehad, wat tot oor die stoep gestrek het (fig. 5-95) (Lewcock 1963:36).

Stoepdak

Die dak van die Victoriaanse stoep in Suid-Afrika is feitlik sonder uitsondering van sinkplate. Die verandas van die oorgrote meerderheid huise wat deel van die studie uitmaak, is van reguit plate (dit wil sê ongeboë geriffelde plaat) (fig. 5-96). Hoewel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Radford beweer dat gekurfde sinkplaat eers vanaf die 1870's beskikbaar geword het, (1973:345), meld Loudon alreeds in sy ensiklopedie van 1833 dat die sinkplate van 'n gebou in die Londense dokke gekurf is. So 'n dak kon 'n groot ruimte oorspan, aangesien die kurwe, tesame met die riffeling, groot strukturele sterkte daaraan verleen (1833:207). Dit het ook die bou van die veranda vergemaklik aangesien daar geen ondersteunende struktuur van balke benodig word nie (Radford 1973:345; http://mileslewis.net:8.04.9); die gekurfde plate word slegs aan die een kant teen die muur bevestig en op die voorpunt deur pilare gestut.

Die kurwes neem hoofsaaklik een van drie vorms aan:

Sinkplaat met slegs een konvekse kurwe aan die voorkant, die sogenaamde *bullnose*, kom algemeen voor. Die kurwe is skielik; die plaat het 'n baie geleidelike afwaartse helling voordat dit op die punt redelik skerp na onder buig (fig. 5-97).

'n Konkawe kurwe, wat meer geleidelik na onder buig as die *bullnose*, kom ook algemeen voor (fig. 5-98). Volgens Lewis was dit aanvanklik die algemeenste vorm vir gebruik op verandas, aangesien dit die vorm naboots van die materiaalafdakke wat in die Regentskap-era gewild was (http://mileslewis.net:8.04.10).

'n Ojiefvormige kurwe (fig. 5-99) is nog 'n algemene tipe, wat veral voorkom op huise wat uit die einde van die negentiende en begin van die twintigste eeu dateer. Die dakplate van die veranda is óf in een kleur geverf óf dikwels in breë, eweredige strepe van kontrasterende kleure (meestal wit met groen, blou of rooi) geverf (Picton-Seymour 1977:31). Uit bestudering van die beskikbare foto's wil dit voorkom asof die strepe veral voorkom op die geboë plate. Lewis beweer dat die gekleurde strepe ook in nabootsing van die gestreepte seilafdakkies van die Regentskap-era was (http://mileslewis.net:8.04.9).

Die dak van die stoep word aan die muur bevestig, onder die huisdak se oorhang in (fig. 5-100). By die eenvoudiger Karoo-tipe skakelhuis word die veranda tussen die twee projekterende stoepkamers aangebring, en soms eindig dit in lyn met die voorpunt daarvan (fig. 5-101), ander kere strek die stoepkamers verder na vore as die dak (fig. 5-102).

Die dak van die stoep is ook soms aaneenlopend met dié van die huis; die huis en stoep word dus onder een enkele dak gebring (fig. 5-103), hoofsaaklik ter wille van waterdigting (Lewcock 1963:117). *Marine Villa*, die eenvoudige woning wat in 1823 en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1824 vir lord Charles Somerset in 'n elegante villa omskep is, is die vroegste voorbeeld daarvan (fig. 5-104) (Lewcock 1963:122-123).

5.4 Spesifieke argitektoniese kenmerke

Een van die wyses waarop nuwe heersers in 'n land poog om hul stempel af te druk, is deur voorkeur te verleen aan die argitektuur van hul moederland. Die suiwer uitvoering daarvan word noodsaaklikerwys getemper deur die beperkings wat plaaslike geestelike kultuur sowel as fisiese omstandighede daarop plaas. Die argitektuur van Suid-Afrika ná die tweede Britse besetting, dus vanaf 1806, het in navolging van hierdie neiging grondliggende veranderings ondergaan. Ook in hierdie geval het die argitektuur nie die Britse modes slaafs gevolg nie, maar is dit geïmplementeer en aangepas op 'n manier wat tipies aan Suid-Afrika is. Hoewel die veranderings aan die argitektuur as sulks radikaal was, was die veranderings nie so onmiddellik sigbaar nie, hoofsaaklik weens ekonomiese faktore wat tot en met die 1870's 'n depressiewe effek op die boubedryf uitgeoefen het, met die gevolg dat daar nie 'n groot hoeveelheid nuwe bouwerk plaasgevind het nie.

Dit argitektuur in Suid-Afrika tydens die Victoriaanse stylperiode val min of meer in drie hoofgroepe uiteen.

Eerstens is daar die huise wat nuut opgerig is in die styl wat mettertyd in Suid-Afrika onder die term *Victoriaans* bekend geraak het. Huise in hierdie styl is meestal teen die einde van en rondom die draai van die negentiende eeu opgerig.

Die tweede argitektoniese groep is reeds-bestaande huise wat in 'n ander styl opgerig is, maar deur middel van die aanbring van tipies-Victoriaanse elemente *vervictoriaans* is.

Dan is daar ook huise wat wel tydens die Victoriaanse periode opgerig is, maar nie in die tipiese styl nie, waarvan Georgiaanse geboue die meerderheid uitmaak. Van hierdie huise word dikwels ook *Victoriaans* genoem omdat dit in daardie tydperk opgerig is en heelwat van die stylkenmerke vertoon.

5.4.1 Victoriaans

Die eerste groep onder bespreking is nie chronologies gesproke die vroegste argitektoniese manifestasie van die Victoriaanse era in Suid-Afrika nie. Hoewel hierdie styl eers later in die eeu ontstaan het, word dit hier eerste bespreek om verwysing en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kontekstualisering tydens bespreking van die ander style van die Victoriaanse tydperk te fasiliteer.

Al die algemene kenmerke van Victoriaanse huise wat hierbo bespreek is, is by uitstek van toepassing op die huis waarna in Suid-Afrika as *Victoriaans* verwys word. Picton-Seymour noem die styl *Victorian proper*, of die *grand style* (1977:13), en Radford verwys daarna as *high Victorian* (1979:397). Bowen maak 'n saak daarvoor uit om dit *late Victorian* eerder as *high Victorian* te noem, maar haar argumente daar rondom is nie oortuigend of aanneemlik nie. Sy kontrasteer dit naamlik met Britse *high Victorian*, wat *an architecture of affluence* genoem word (Bowen 2001:4). Sy beweer dat dit nie die geval was in Suid-Afrika nie, terwyl dit juis die geval was. Die feit dat die term, met die spesifieke assosiasies daaraan verbonde, alreeds in Suid-Afrika ingeburger geraak het, versterk die argument daarvoor om dit onveranderd (dit is *Victoriaans*) te laat.

Die huise is oorwegend groot, luuks en deftig, met mildelike en dikwels selfs (vir die moderne mens) oordadige gebruik van elke tipe versieringsmeganisme beskikbaar. Sierlike elemente van gietyster, hout en smeedyster kom voor en dekoratiewe pleisterwerk word ook mildelik aangewend (fig. 5-105).

'n Groot persentasie van die huise is gebou vir lede van die hoogste sosiale klas in Suid-Afrika, wat in Engeland as die hoër middelklas sou deurgaan. Soos in Engeland, het die eienaars ook gestreef na individualisme in hul huise en is daar algemeen van argitekte gebruik gemaak om 'n huis te ontwerp wat die eienaar se status en welvaart sal weerspieël. Huise in die styl is altyd groot en imposant, en dikwels dubbelverdieping, soms met 'n erkervenster wat oor altwee verdiepings strek (sien fig. 5-23).

Asimmetrie is nog een van die uitstaande kenmerke van huise in hierdie klas. Die ingewikkelde dakstrukture bevat dikwels torinkies, geweltjies en pagodes, versierde windvere en sierelemente van gietyster soos versierde geutpanne en sierlike lugroosters in die bopunt van die gewel (fig. 5-106). Dekoratiewe portieke van gietyster of hout word ook gesien (fig. 5-107).

Hierdie huise is ook dikwels, soos in Engeland, so ver moontlik uit die stede gebou, op so 'n groot stuk grond moontlik, en omring deur 'n groot, romantiese tuin wat in die pittoreske idioom die idille van die platteland oproep. In Suid-Afrika is talle van hierdie huise inderdaad op plase opgerig, soos byvoorbeeld die huis van Sammy Marks op sy plaas Zwartkoppies (gebou 1885) buite Pretoria (fig. 5-108).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Victoriaanse huise was nie beperk tot slegs die boonste laag van die samelewing nie. Tallose kleiner middelklas huise ietwat laer af op die statusleer vertoon dieselfde kenmerke, hoewel heelwat afgeskaal in omvang (vergelyk onder meer figure 5-26, 5-29, 5-37, 5-40 en 5-99). Al hierdie wonings word ook beskou as Victoriaans.

5.4.1.1 Vervictoriaans

Talle eienaars van huise wat reeds opgerig was toe die Victoriaanse era aangebreek het, het die geleentheid aangegryp om hul huise 'n meer modieuse en aantreklike voorkoms te gee toe nuwe boumateriale en voorafvervaardigde elemente vrylik bekombaar geraak het. Dit was veral in die oordekking van die stoep met sinkplate wat hierdie neiging tot uiting gekom het. Dit was nie slegs modieus nie, maar het ook 'n praktiese oplossing gebied vir die tempering van die somerhitte.

Reghoekige skuurtipe huise met reguit of gekurfde Victoriaanse verandas (soms gestreep), soms met gietyster stoeppale en/of gietysterversierings aan die veranda aangebring, word dus oor die lengte en breedte van die land aangetref. Sommige getuig van uiterste eenvoud (fig. 5-109) en ander is bykans onbeskryflik in hul oordaad (fig. 5-110).

Die vervanging van die rietdak met 'n sinkdak het meegebring dat die mure van die huis hoër opgebou is aangesien die helling vir die sinkdak nie so skerp soos dié van die rietdak hoef te wees nie. Die helling is dus verminder van ongeveer 50 na 30 grade. Klein hortjievenstertjies is onder die dakoorhang ingebou om die solderruimte te ventileer, wat tot 'n kenmerkende voorkoms gelei het (fig. 5-111), volgens Fransen veral in die Paarl en Wellington (2004:10). Nog 'n tipiese eienskap van talle van hierdie huise is dat die dak bo-op die opgeboude mure feitlik geen oorhang het nie (fig. 5-112).

Talle Kaaps-Hollandse huise is ook vervictorianiseer. Gewels is verwyder om die hoër mure en vlakker dakhelling te akkommodeer. Van die huise het wel hul gewels behou, hoewel die mure rondom die gewel opgebou is. Die veranda is onder die gewel aangebring en die riet is vervang deur sink. Hierdie voorkoms het ook baie tipies geword, hoewel 'n groot aantal van hierdie huise later weer teruggerestoureer is na die voorkoms van die Kaaps-Hollandse periode, soos byvoorbeeld Fleurbaix buite Stellenbosch (Van Zyl 1998:5). Die styl was so wydverspreid dat dit 'n plek in die argitektoniese geskiedenis van die land verdien, vandaar die besluit tydens die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

restourasie in 2002 van Mostertsdrift op Stellenbosch om die gebou se vervictorianiseerde voorkoms te behou (fig. 5-113). Die Suid-Afrikaanse Erfenishulp-bronagenskap se besluit in hierdie verband is gebaseer op die uitgangspunt *dat in plaas daarvan om die verlede te isoleer van die evolusie van geskiedenis, die geskiedenis* […] *liewer moet dien as dinamiese leidrade vir toekomstige ontwikkeling* (Crouts 2002:II).

5.4.1.2 Victoriaanse tydperk

Tydens die Victoriaanse era in Suid-Afrika is talle huise gebou wat nié in die tipies-Victoriaanse styl ontwerp is nie. Vier hooftipes kom hieronder voor.

Karoo-styl

Hoewel die tipies-Victoriaanse styl wyd op die Suid-Afrikaanse platteland aangetref word, kom die meer eenvoudige plattelandse wonings in 'n paar tipiese style voor. Hierdie style word nie as tradisionele Victoriaans beskou nie, hoewel baie daarvan gedurende die Victoriaanse periode opgerig is. Een van die tipiese style, wat ook dikwels die *Karoo-styl* genoem word, bestaan uit 'n reghoekige huisie met 'n eenvoudige staandak van sink. Die huisies inkorporeer sommige tipies-Victoriaanse elemente en word wel soms ook as *Victoriaans* beskryf, waarskynlik omdat dit in daardie tydperk opgerig is. Todeschini en Japha beskryf die vorm as die skuurtipe (1988:gp), en dit het inderdaad dieselfde buitelyne as 'n basiese tradisionele skuur of buitegebou. Klein wonings in Engeland het ook dikwels hierdie basiese uitleg (Loudon 1833:30).

'n Ander styl waarna ook dikwels as Karoo-styl verwys word, bestaan uit 'n meer vierkantige woninkie met 'n platdak. Daar word egter selde na hierdie styl verwys as *Victoriaans,* soos die geval met die staandak-tipe is.

Die fasade van die staandak Karoo-styl huis is normaalweg simmetries, met die voordeur in die middel en een of twee vensters weerskante (sien fig. 6-18). Asimmetrie kom soms voor met die byvoeging van 'n stoepkamer, in teenstelling met die erkervenster van deftiger wonings. Die stoepkamer, wanneer dit wel voorkom, is 'n aparte vertrek wat op die stoep aangebou is en soms vanuit die huis sowel as die stoep, en soms slegs vanaf die stoep bereik kan word. Talle skakelhuise val in hierdie klas. Hulle het dikwels twee simmetries geplaasde stoepkamers, wat dan weer die aansig simmetries maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Een van die kenmerkendste elemente van hierdie huisies is, soos by die ander tipes, 'n sink-oordekte stoep. Die stoepie is klein, hoewel groot genoeg om op te sit, en dikwels laag; slegs enkele sentimeter van die grondvlak af gelig. Die stoepdak rus soms op gietysterpilare, soms op pilare van hout, en het ook soms enkele gietyster- of houtversierings wat aan die rand van die veranda en boaan die pilare aangebring is. Die stoep is óf heeltemal oop na die straat, óf dit word afgesluit met 'n lae muurtjie, met of sonder 'n balustrade.

Daar kan dus aangevoer word dat hierdie huise wel ook *Victoriaans* genoem kan word, aangesien hulle feitlik alle elemente van die Victoriaanse styl bevat soos die term in Suid-Afrika gebruik word. Dit is hoofsaaklik ten opsigte van asimmetrie, grootte en rykheid van ornamentasie dat hierdie tipe afwyk van die norm. Die feit is dat die voorkoms van hierdie tipe huise nie die tipiese beeld is wat in Suid-Afrika deur die term *Victoriaans* opgeroep word nie.

Sinkhuise

Die volgende tipe, naamlik sinkhuise, vertoon normaalweg al die eienskappe soos hierbo beskryf; die enigste verskil is dat die mure nie met bakstene gebou is nie, maar bestaan uit gegalvaniseerde, geriffelde ysterplate op 'n houtstruktuur. Die interieur van die huis is normaalweg met hout afgewerk (fig. 5-114).

Radford het in 'n studie van die geografiese verspreiding van hierdie tipe gebou bevind dat dit nie slegs inslag gevind het in nuwe, snel-ontwikkelende delwerstede en -kampe, soos voorheen aanvaar is nie, maar dat dit geografies wydverspreid oor die hele land voorgekom het. Tussen die jare 1890 en 1920, wat as die hoogbloei van die sinkhuis beskryf word, was sulke huise dwarsoor Suid-Afrika versprei. In 1904 was 23% van al die permanente wonings in die land hout-en-sinkhuise, volgens 'n sensusopname van daardie jaar. Alreeds teen 1921 het die persentasie egter gedaal tot 16.8% (Radford 1994:89-90).

Hoewel Radford verwys na die getalle wat alreeds teen 1921 aansienlik gedaal het, en na die stigma wat aan die hout-en-sinkhuis kleef, beweer hy dat hierdie tipe woonhuise steeds (in 1994) 'n bekende deel van die Suid-Afrikaanse voorstedelike toneel uitmaak (1994:88). Daar kan nie met hom saamgestem word nie, aangesien Victoriaanse sinkhuise oral in die land uiters raar is. Enkeles word nog hier en daar aangetref, soos byvoorbeeld een in Kensington, Kaapstad (Van der Poll 2013: eposse), 'n aantal in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorstad Goodwood naby Kaapstad (Briers epos: 2013), een op Botrivier, een op die klein dorpie Philadelphia buite Kaapstad en een op 'n plaas naby Nieuwoudtville. Vanselfsprekend sal daar nog talle ander regoor die land aangetref word, maar die voorkoms daarvan kan beslis nie wydverspreid genoem word nie.

'n Verdere aanduiding van die geleidelike maar onomkeerbare verdwyning van hierdie huise, is die feit dat 'n opname aan die lig gebring het dat uit 'n lys van nege sinkhuise wat ongeveer twee dekades gelede nog in Goodwood bestaan het (Mnr D Briers 2013: onderhoud), daar tans (2013) nog slegs vyf bestaan. By drie van die oorspronklike sinkhuise is die sinkmure alreeds óf in geheel vervang deur baksteenmure, óf toegepleister, terwyl 'n vierde se symure steeds van sink is, maar die fasade toegepleister is. Slegs een van die huisies vertoon nog die oorspronklike deure, dak, veranda en vensters (fig. 5-115). Die interieur is ook nog grootliks ongeskonde. Daar is ook 'n interessante een wat groter en deftiger as die ander is, selfs met 'n erkervenster, en diep op 'n groot erf geplaas is (fig. 5-116), wat toon dat hierdie tipe huise nie slegs bedoel was vir mense op die laagste sport van die statusleer nie.

Georgiaans

Wonings in die Georgiaanse styl het nog aanhang geniet tot laat in die negentiende eeu. Kleiner wonings sowel as groter, deftiger huise is in hierdie styl opgerig. Huis Gideon Malherbe in die Paarl, wat in c. 1860 gebou is (Paarl Post 1921), is 'n uitstekende voorbeeld van die deftiger Georgiaanse huis (fig. 5-117). Kenmerke wat dit onderskei van die Victoriaanse styl is die streng simmetrie van die fasade, die reëlmatigheid van die grondplan, reëlmatige plasing van vensters weerskante van die voordeur, en 'n feitlik totale gebrek aan ornamentasie. Die enigste toegewing ten opsigte van ornamentasie wat soms by hierdie tipe huise gesien word, is versiering rondom die voordeur (fig. 5-118). Weer eens word die voordeur aangewend as die weerspieëling van die eienaar se status en welvarendheid.

5.4.2 Laat-Victoriaans

Aan die einde van die 1800's en begin van die 1900's het vereenvoudiging ingetree en is daar wegbeweeg van die oordaad en opgesmuktheid van die hoog-Victoriaanse styl (Picton-Seymour 1977:93). Die huise uit hierdie tydperk vertoon toenemende Eduardiaanse invloed, en die twee style is nie altyd van mekaar te onderskei nie, aangesien hulle tot 'n groot mate oorvleuel (Stander 2011:47). Die middelklas huis is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afgeskaal wat ornamentasie betref, maar het verder nog al die tipies-Victoriaanse elemente soos onder meer asimmetrie, sinkdak, rustiekwerk, houtvloere, skuifraamvensters en veranda behou, sodat daar na hulle verwys kan word as *laat-Victoriaans* eerder as Eduardiaans. Dit is die geval met talle huise, inderwaarheid die oorgrote meerderheid van huise, wat lank ná die afsterwe van Victoria gebou is, tot laat in die 1920's en selfs 1930's.

Die huise verskil slegs van hul voorgangers ten opsigte van die wegbeweeg van oordadige ornamentasie. Tiperende kenmerke van die neiging na vereenvoudiging is die wegdoen met die broekiekant aan die veranda, en die veranda word nou gestut op betonpilare (meestal in die Toskaanse styl) in plaas van gietyster pilare (fig. 5-119).

5.4.2.1 Eduardiaans

Teen die einde van die negentiende eeu was daar individue in Suid-Afrika wat groot rykdom versamel het, te danke aan verskeie faktore, onder meer die ontdekking van goud en diamante en die bloeitydperk in die volstruisveerbedryf. Hierdie mense se nuwe lewenstyl het gelei tot 'n opbloei in die boubedryf en veral in die oprigting van groot, luukse herehuise.

Hoewel die Eduardiaanse styl veral in groot openbare geboue en in die groot en deftige herehuise van die land se welvarendste inwoners te bespeur is, is hierdie huise, in navolging van die neiging onder Engeland se hoër middelklas, gebou om die onafhanklikheid en individualisme van die eienaar te weerspieël, en kan dus dikwels in geen spesifieke stylkategorie geplaas word nie. Die rol van argitekte het ook al belangriker geword, wat die klem op individuele ontwerpe versterk het. Die hoër stand in Suid-Afrika wou hul distansieer van die stereotipe ouer style (Fransen 1981:141) en hulself as modieus en toonaangewend posisioneer.

Die huisontwerpe is ook dikwels in pas met die Arts & Crafts-idioom, soos deur William Morris en andere in Engeland begin, en in Suid-Afrika deur Herbert Baker (1862 - 1946) verder ontwikkel. Trovato in Kaapstad (gebou 1898 - 1902) is 'n goeie voorbeeld (fig. 5-120). Vandaar dus dat 'n ander belangrike onderskeidende kenmerk tussen die Victoriaanse en die Eduardiaanse huis die gebruik van voorafvervaardigde elemente is. By die deftige Eduardiaanse huise is daar nie van sulke elemente gebruik gemaak nie; aangesien herlewing van vakmanskap en unieke, doelgemaakte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

argitektoniese elemente die uitgangspunt van die Arts & Crafts-beweging was, terwyl die Victoriaanse huis by uitstek gebruik gemaak het van voorafvervaardigde elemente.

5.4.2.2 Kaaps-Hollandse herlewing

Suid-Afrikaanse residensiële argitektuur het nie die stylherlewingstendens wat in Engeland so gewild was, noemenswaardig nagevolg nie. Die herlewingstendens het in Suid-Afrika gekulmineer in 'n belangrike plaaslike ontwikkeling, naamlik die herlewing van die Kaaps-Hollandse styl. Hierdie stylherlewing het voorgekom reg aan die einde van die Victoriaanse era, en het voortgeleef tot in die derde en selfs vierde dekades van die twintigste eeu (Stander 2011:48).

Herbert Baker, 'n Engelse argitek wat vanaf 1892 tot 1913 in Suid-Afrika gewerk het, word deur talle skrywers beskou as die argitek wat verantwoordelik was vir die popularisering van die styl (Harrop-Allin 1975:13; Keath gd:vii; Kuijers 1980:103). Onder meer skryf Howard dit in 'n artikel van 1907 onomwonde aan Baker toe (1907g:214).

Baker het inderdaad so 'n groot impak op die argitektuurtoneel gehad dat geen bespreking van die argitektuur van die Victoriaanse era volledig sal wees sonder verwysing na hom nie. Cecil John Rhodes (1853 -1902) was die stukrag agter Baker en verantwoordelik vir sy sukses as argitek in Suid-Afrika. Rhodes het ook 'n deurslaggewende rol in die herlewing van die Kaaps-Hollandse styl gespeel, aangesien hy onder meer aan Baker opdrag gegee het om Groote Schuur in die herlewingstyl te herbou (in 1897), en om nuwe geboue in die styl op te rig. Die eerste nuwe huis wat volledig in die Kaaps-Hollandse herlewingstyl opgerig is, was *The Woolsack* (fig. 5-121) (Kuijers 1980:103).

Vlaamse en Hollandse gewels is alreeds vanaf die 1860's in Brittanje op huise in die Neo-Queen Anne-styl gebruik (Avery 2003:18). Baker was heg bevriend met een van Brittanje se grootste Victoriaanse argitekte, sir Edwin Lutyens (1869 - 1944), wat onder meer, volgens Kuijers, verantwoordelik was vir die *laaste werklike hoogtepunt* van die stylherlewingstendens (1980:63). Baker was sewe jaar ouer as Lutyens en ook die senior assistent by die argiteksfirma Ernest George and Peto in Londen, waar hy en Lutyens albei as jong argitekte gewerk het. Lutyens het vinnig uitgestyg en was spoedig

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n meer suksesvolle argitek as Baker, tot so 'n mate dat Baker Lutyens dikwels in sy projekte geassisteer het (Keath gd:15).

Lutyens was ook een van die argitekte van die model werkersdorp Port Sunlight in Engeland, wat vanaf 1888 gebou is (Yorke 2005:62), en waar sulke gewels op sommige huise gebruik is (fig. 5-122). Dit is dus seker dat Baker alreeds in Engeland met gewels kennis gemaak het toe hy dit in Suid-Afrika kom aantref het as een van die belangrikste elemente, indien nie dié belangrikste nie, van die plaaslike Kaaps-Hollandse argitektuur.

Huise soos Melrose-huis, wat in 1885 (dus voordat Baker sy opwagting in Suid-Afrika gemaak het) deur die Londense argitek WT Vale ontwerp (Picton-Seymour 1989:168) en met verskeie gewels versier is, se gewels kan nie werklik as Kaaps-Hollandse herlewingsgewels beskryf word nie, maar eerder as herlewings van die Vlaamse en Hollandse gewels wat in daardie stadium alreeds in Engeland in die mode was.

Dit mag op die oog af ietwat ironies voorkom dat die Kaaps-Hollandse herlewingstendens juis toegeskryf word aan Baker wat as Brit onderleg was in die historisisme, maar wat ook allerweë as 'n argitek van die Arts & Crafts-skool beskou word. Keath beskryf hom inderdaad as *Arts & Crafts man to the core* (gd:30). Die Arts & Crafts-beweging het juis ontstaan in reaksie teen die gewaande onoorspronklikheid en massa-mentaliteit wat, volgens die navolgers van die denkrigting, deur die historisisme verpersoonlik is (Kuijers 1980:62).

Hoewel Baker tot 'n groot mate deur sy vriend Lutyens se voorkeur aan die historisisme beïnvloed kon gewees het, het hy ook sy eie idees en oortuiginge aangaande argitektuur gehad, en het hy in Suid-Afrika volwassenheid as argitek bereik. Sy uitgangspunt was dat hy 'n eie Suid-Afrikaanse styl wou ontwikkel; een wat by Suid-Afrika se klimaat pas en wat die inheemse argitektuur verder sal ontwikkel. Hy het 'n nuwe styl tot stand gebring *by adopting the local vernacular and freely translating some of its elements, adding others borrowed from other sources, or of his own invention* (Keath gd:30).

Baker bereik in die Kaaps-Hollandse herlewing 'n sensitiewe sintese van die twee argitektoniese uitgangspunte, naamlik die historisisme en die beginsels van die Arts & Crafts-beweging. Hy gebruik die basiese beginsels van 'n bestaande styl wat tradisioneel die hoogste estetiese en materiële strewes van die land en sy mense uitgebeeld het, om 'n nuwe styl te skep wat die nuwe werklikheid uitbeeld. In die proses gebruik hy die Arts & Crafts-beginsels van groter gestrooptheid en die aanwending van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

natuurlike materiale en natuurlike prosesse om 'n organiese geheel daar te stel (fig. 5-123).

Die feit dat dit 'n eg Suid-Afrikaanse styl is wat herleef het, bevestig die aanspraak dat Suid-Afrikaanse Victoriaanse argitektuur nie bloot 'n klakkelose navolging van die style van die koloniale moederland was nie, maar die eindproduk van onafhanklike denke en individuele kreatiwiteit, hoewel beïnvloed deur heersende tendense in Europa. Kuijers haal Harrop-Allin aan wat dit beskryf as *'n harmonisering van gebou en omgewing met betrekking tot sowel geografiese as klimaatstoestande as die belangrikste kwaliteite wat die Kaaps-Hollandse boustyl ten grondslag lê* (Kuijers 1980:104).

Baker se styl was egter, vanweë die faktore wat ook in Engeland tot die elitisering van die Arts & Crafts-beweging gelei het, onbekombaar vir die deursnee inwoner van Suid-Afrika, en was slegs die welvarende elite beskore. Aangesien hande-arbeid, natuurlike materiale en die gebruik van doelgemaakte, spesiaal-vervaardigde elemente uit die aard daarvan 'n hoë prys dra, moes die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners hulle vir die dekorasie van hul huise steeds wend tot bekostigbare, massavervaardigde produkte.

Die Kaaps-Hollandse herlewingstyl het so 'n diep indruk gemaak dat dit uiteindelik (weliswaar in sterk verwaterde vorm) aangewend is op wonings oor die hele spektrum, vanaf groot argitektuur tot by die mees eenvoudige middelklas huise (fig. 5-124). Waar die groot staatsgeboue en herehuise gekenmerk is deur elemente soos verskeie gewels met relatief-eenvoudige Barok-tipe buitelyne, die gebruik van donker hout, en oorwegend wit afgepleisterde muuroppervlakke, het dit by die middelklas huis dikwels bloot in een gewel, asimmetries geplaas, in lyn met die veranda, gemanifesteer. Dit het 'n baie algemene gesig geword dwarsdeur die land, dikwels ook boaan 'n komvenster (fig. 5-125), veral in die tweede en derde dekades van die twintigste eeu. Die feit dat hierdie gebruik nie noodwendig algemene goedkeuring weggedra het nie, blyk uit die kommentaar van die vroeg twintigste-eeuse argitek Charles Merrifield, volgens wie betonpilare en gepleisterde gewels *ad nauseam* oor die lengte en breedte van die land aangewend is op huise waarvoor die styl hoegenaamd nie geskik is nie. Sy algehele afkeer daarvan spreek uit sy beskrywing van die verspreiding van die styl as *intruding like an insiduous growth into the towns* (1928:3).

Die gebruik van die herlewingsgewel op huise laer af op die statusleer is weer eens 'n bewys van elke sosiale stand se ewige strewe om die status van die stand bokant hul eie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te bereik. Op teoretiese vlak lê ten grondslag hiervan die CD-as van die Burden-model, wat aantoon hoe patrisiër- en volksboukuns mekaar wedersyds beïnvloed.

5.5 Interieur en omgewing

Wat die interieur van Victoriaanse huise in Suid-Afrika betref, was dit presies dieselfde gesteld as in Engeland. Suid-Afrikaners was net so gretig as die inwoners van die koloniale moederland om hul status en posisie in die samelewing aan die wêreld ten toon te stel deur middel van hul besittings, en net so gretig om die nuutste modes na te volg. Suid-Afrika se posisie as kolonie van Engeland het ook daartoe gelei dat nuwighede nie lank geneem het om hul weg hierheen te vind nie.

5.5.1 Grondplanne

Die huise van welvarendes aan die bopunt van die statusleer tydens die Victoriaanse era in Suid-Afrika verskil nie wesenlik van vergelykbare tipes huise in Engeland nie, in die sin dat huise op daardie skaal geen tipiese plan gevolg het nie. Elke huis is ontwerp deur 'n argitek volgens die eienaar se voorkeure, en geen twee huise se aansigte of grondplanne is eenders nie. In die meeste van hierdie huise was die uiterlike aansig, dus dit wat aan die wêreld vertoon word, van die opperste belang, met die interieur wat so goed moontlik deur die argitek ingepas moes word binne die beperkinge wat deur die uiterlike gestel is (Picton-Seymour 1977:13).

Die Kaapstadse argitek H East het in die eerste dekades van die twintigste eeu hierdie toedrag van sake betreur en was spesifiek geïnteresseerd daarin om die huis nie net by die behoeftes van die eienaar aan te pas nie, maar ook om die beste plasing daarvan in die landskap te verseker, met inagneming van faktore soos uitsig en heersende winde (Picton-Seymour 1977:129). Gerard Moerdyk, invloedryke argitek wat aan die begin van die twintigste eeu in Suid-Afrika gepraktiseer het, wys daarop dat 'n huis wat onder meer nie korrek georiënteer is om natuurlik verhit, belig en belug te kan word nie, 'n negatiewe effek op die inwoners daarvan het (1935:11). Hierdie uitsprake verteenwoordig die vroeë bewuswording in Suid-Afrika van die interaksie tussen die mens en sy argitektuur.

Die Engelse behoefte aan privaatheid, teenoor die tipies-Hollandse gasvryheid waar enigeen welkom was, het in Suid-Afrika gelei tot die verkleining van die tradisionele groot oop voorkamer waartoe die voordeur van die Kaaps-Hollandse huis toegang

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gegee het. Die groot voorkamers van ouer huise is dikwels gedurende die Engelse tydperk verdeel om 'n ingangsportaal en gang, met 'n kleiner ontvangsvertrek daarnaas, te vorm (Fransen 1981:99). Hierdie plan sluit nou aan by die tipies-Engelse inrigting waar die voordeur toegang verleen tot 'n smal portaal, met die ontvangsvertrek langsaan.

Huise wat gedurende die Victoriaanse periode opgerig is, verskil verder wat grondplan betref grootliks van dié in Engeland, hoofsaaklik vanweë die verskil in oriëntasie, naamlik horisontaal in Suid-Afrika teenoor vertikaal in Engeland. Hitchcock is van mening dat die nuwe asimmetriese styl nie werklik 'n groot effek op die grondplan (in Engeland) gehad het nie. Hy weerspreek homself deur te noem dat 'n asimmetriese aansig 'n asimmetriese grondplan en uitleg afdwing, en dat die asimmetrie die funksionele differensiasie van vertrekke aangemoedig het (1971:355). Die kloutjie is egter moeilik by die oor te bring, aangesien dit nie duidelik is op watter wyse groter asimmetrie 'n afwyking in die normale funksie van 'n vertrek afdwing nie. Indien 'n vertrek meer asimmetries word, deur byvoorbeeld die byvoeging van 'n erkervenster, kan daardie vertrek steeds ewe goed as voorkamer, eetkamer, slaapkamer of bykans enige ander tipe vertrek diens doen. Daar kon ook nie ingesien word hoe die asimmetrie van die huis as geheel funksionaliteit kan beïnvloed nie.

Die tipiese uitleg van Engelse middelklas huise is in hoofstuk 3 volledig bespreek. Middelklas huise in Suid-Afrika is hoofsaaklik variasies op die sentrale gang-tipe, waar die gang as sirkulasiemedium aangewend word, met vertrekke wat weerskante daaruit lei (Kearney 1973:42). Diagramme wat tydens 'n 1988-bewaringsopname van Franschhoek deur Todeschini en Japha, in samewerking met die plaaslike museumpersoneel opgestel is, is geneem as verteenwoordigend van die landwye gebruik tydens die Victoriaanse era.

Die voordeur maak oop in die gang, wat by die kleiner huise reguit deur die huis loop, en by groter huise soms verwyd om 'n ingangsportaal te vorm. By die middelslag huis lei die gang tot heel agter, waar die kombuis (en badkamer indien daar wel een in die huis is) geleë is. Die woon- en slaapvertrekke word normaalweg weerskante van die gang aangetref, die een woonvertrek naaste aan die voordeur en die grootste slaapvertrek oorkant die gang. Indien daar 'n badkamer is, is dit ook heel agter in die huis, of dikwels slegs bereikbaar vanaf die agterstoep (fig. 5-126).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

By die groter villa-tipe huis is daar dikwels twee gange loodreg op mekaar. Die voordeur maak oop in die eerste, korter gang, met twee vertrekke aan weerskante, waarna die ander gang na links of regs aftak, met hoofsaaklik slaapvertrekke wat daaruit lei (fig. 5-127). 'n Ander variasie is waar 'n kort gang in die sitkamer uitloop, met twee slaapkamers aan weerskante van die gang by die voordeur (fig. 5-128).

Die kombuis en badkamer van alle huise uit die era is feitlik altyd in dieselfde posisie as by die eersgenoemde tipe. Nog 'n kenmerk van hierdie huise, veral die kleiner tipe waar besparing van ruimte 'n prioriteit is, is dat die vertrekke dikwels aaneenskakelend is, met geen gang as verbindingsmeganisme nie (fig. 5-129). Dieselfde interieuruitleg is te bespeur in die eenvoudigste Britse wonings (fig. 5-130).

In die Oos-Kaap het die Britse setlaars huise op dieselfde manier gebou, en dit ook uitgebrei op die manier waaraan hulle in Engeland gewoond was. As daar 'n behoefte aan ruimte binne die meestal eenvoudige drievertrekhuisies ontstaan het, is 'n tweede verdieping aangebou (sien fig. 5-12) (Fransen 1981:103).

5.5.2 Geriewe

Suid-Afrikaners het tot 'n groot mate dieselfde voordele geput uit die produkte van die Industriële Revolusie as hul eweknieë in Engeland, aangesien 'n groot gedeelte van hierdie produkte spesifiek vir uitvoer na die kolonies vervaardig is. Dieselfde aspekte as dié wat in die bespreking van Engeland uitgelig is, sal ook hier aangespreek word, naamlik beligting, temperatuurbeheer (verhitting en verkoeling) en sanitasie.

5.5.2.1 Beligting

In 1882 het Kimberley die eerste stad met elektrisiteitsvoorsiening in die suidelike halfrond geword. Ander groot Suid-Afrikaanse stede het gevolg en teen die einde van die eeu het die meeste alreeds elektrisiteit geïnstalleer. Die meeste plattelandse huishoudings het oor die algemeen eers ná 1920 elektrisiteitsvoorsiening gekry (Eberhard 2004:2-3). Daar kan aanvaar word dat kerse en olielampe tot in daardie stadium nog die enigste vorm van huishoudelike beligting was.

Gas as energiebron is nooit algemeen aanvaar nie. Gasligte is byvoorbeeld by die Durban Club geïnstalleer, maar was so onbevredigend dat die gebruik daarvan laat vaar is (Picton-Seymour 1977:241). Toe dit in die 1840's vir Kaapstad se straatbeligting

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorgestel is, het die *Cape Town Mail* dit 'n *ridiculous proposition* genoem. Hoewel dit uiteindelik wel in 1847 ingestel is, was Kapenaars onwillig om dit in hul huise te gebruik weens hul vrees vir gasontploffings (Hattersley 1973:75).

5.5.2.2 Verhitting en verkoeling

Die Britte het met hul aankoms in Suid-Afrika gevind dat die meeste huise geen kaggels gehad het nie, slegs die vuurherd in die kombuis. Kaggels met gietysteromramings en gietysterkolemandjies is uit Engeland bestel en geïnstalleer as deel van die Britse pogings om die huise na hul smaak leefbaarder en geriefliker te maak (Kearney 1973:viii; Lewcock 1963:24-25). Hierdie kaggels het met steenkool gebrand teenoor die houtstompe wat algemeen deur die Hollanders vir hul vuurherde gebruik is (Hattersley 1973:75; Lewcock 1963:24). Voor die gebruik van steenkool was dit gebruiklik dat een slaaf per huishouding die uitsluitlike taak van die versamel van vuurmaakhout opgedra is, en dat dit hom/haar die hele dag geneem het om genoeg hout te versamel (Lewin Robinson 1994:157). Ingevoerde steenkool was 'n goedkoper alternatief, veral ná die vrystelling van die slawe, toe arbeid aansienlik duurder geraak het (Hattersley 1973:75).

Die gebrek aan kaggels is vir Merrifield totaal onbegryplik. Die brandgevaar kon volgens hom nie die rede gewees het nie, aangesien daar in ieder geval vuurherde in die kombuis was (1928:7). Hoewel die brandgevaar moontlik tog wel 'n rol kon gespeel het, is dit ook moontlik dat die Hollanders die klimaat hier te lande nie so koud soos in Europa gevind het nie, en dat verhitting dus nie so 'n belangrike aspek van 'n gerieflike lewe was nie. Die tempering van die somerhitte was hier belangrik, en daar het die Suid-Afrikaanse oordekte stoep 'n belangrike rol gespeel, aangesien dit 'n beskutte skuilplek teen die son gebied het, met gepaardgaande benutting van 'n moontlike verkoelende bries. Die stoepdak weer ook die son se direkte strale van die huise se mure af. Hoë plafonne en geteëlde vloere werk mee tot die skepping van 'n koel interieur, en is so ver moontlik behou (Hattersley 1973:75).

5.5.2.3 Sanitasie en watervoorsiening

Badkamers binne-in die huis was 'n rariteit in negentiende-eeuse Suid-Afrika. Dit was slegs enkele van die welvarendstes beskore. In 1900 is 'n huis in Kimberley gebou met 'n en-suite badkamer, maar die toilet was nog steeds 'n *earth closet* buite in die verste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoekie van die tuin (Picton-Seymour 1977:395). Tot so laat as 1905 was dit nog as revolusionêr beskou om 'n badkamer sowel as toilet binne-in die huis te hê (Picton-Seymour 1977:195). Albertyn verwys na die periode 1926 tot 1939, waartydens talle planne vir die aanbou van badkamers aan huise in die Paarl goedgekeur is, en noem dat mense selfs in daardie stadium nog geglo het dat 'n toilet nie binne-in die huis hoort nie (1992:161).

Suid-Afrikaners was lank afhanklik van water uit putte en fonteine, wat met emmers na die huis aangedra is. In 1810 is daar begin met die opstel van planne om water in gietysterpype na die Heerengracht en Langstraat in Kaapstad aan te lê uit 'n reservoir aan die voet van Tafelberg. Daarvandaan kon water in loodpype na die huise van die burgers aangelê word, waarvoor die burgers individueel moes betaal. Talle het die koste ontsien en verkies om hul houers vol te maak by die krane wat langs die strate aangebring is. Hierdie reëlings was nie bevredigend nie, aangesien water vermors is deurdat die krane gevandaliseer of nalatig oopgelaat is (Hattersley 1973:76).

In 1861 is 'n regulasie in Kaapstad uitgevaardig wat bepaal het dat 50 gelling water daagliks aan elke huishouding verskaf moet word (Knox 1992:96). 'n 1887-skets deur 'n onbekende kunstenaar toon hoe water in vaatjies wat agter perde aangetrek word, na huise in Johannesburg aangery word (fig. 5-131) (Rosenthal 1975:21). In Victoriaanse tye was drinkfonteine in die strate, in parke of op pleine, waar lede van die publiek water kon drink uit bekers wat met kettings aan die fontein vasgemaak is, algemeen (Picton-Seymour 1977:133). Hierdie fonteine is ook as voorafvervaardigde pakkette uit katalogusse bestel. Dit was inderdaad so algemeen gebruiklik dat die 1885-katalogus van MacFarlane's Foundry nie minder nie as 51 modelle bevat, vanaf heel eenvoudig tot ornaat (fig. 5-132). Kaapstad het teen 1899 oor die meeste van die geriewe van 'n moderne stad beskik, onder meer voldoende watervoorsiening, spoelriolering en effektiewe dreinering (Worden 2004:227).

5.5.3 Binnenshuise versiering

Die Britte het, in navolging van die styl wat deur die Adam-broers in Engeland gewild gemaak is (Lewcock 1963:4-5), die mure in ligter kleure geverf, dit met fyner, meer elegante meubels ingerig, matte op die vloere gelê, kaggels ingebou en die oop dakbalke, wat vir die Engelse smaak besonder onaanvaarbaar was, bedek deur plafonne of geverf (Fransen 1981:96; Lewcock 1963:22-24). Lady Anne Barnard beskryf in 1795

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in detail hoe sy hul kamers in die Kasteel mooier, ligter en geriefliker gemaak het. Sy het onder meer al die stoele wat volgens haar oud, swaar en ongerieflik was, laat verwyder en sagte, gerieflike sitbanke laat maak. Sy het die ou muurpapier laat verwyder en die mure en dakbalke in ligte kleure laat verf (Lewin Robinson 1994:176). Dit toon duidelik aan dat hulle die tradisionele Hollandse meubels en interieurinkleding nie gerieflik of aantreklik gevind het nie.

Daar kan met sekerheid aangeneem word dat, nadat die Engelse kultuur die Suid-Afrikaanse leefwyse noemenswaardig begin beïnvloed het, daar nie veel verskil in die interieurs van huise in Engeland en dié in Suid-Afrika sou wees nie, aangesien Suid-Afrikaners toegang tot dieselfde vervaardigde items as die Britte gehad het, en hulle ook deur middel van tydskrifte op hoogte gehou is van die nuutste modes. Bestudering van foto's wat in Victoriaanse tye in Suid-Afrikaanse huise geneem is, bevestig dat dieselfde voorliefde vir die oordadige uitstal van ornamente, oorvol vertrekke, swaar gordyne, lampe, tapyte en bont muurpapier hier hoogty gevier het.

Die *faux*-mode, of nabootsing van luukse items en afwerkings, wat so dominant in Engeland was, was in Suid-Afrika net so gewild. Die huis van President Paul Kruger in Pretoria (gebou 1884) het byvoorbeeld nagebootste marmerafwerking op die mure van die ingangsportaal, en nagebootste duurder houtsoorte op die houtwerk in die huis (greinering of *wood graining*) gehad (Picton-Seymour 1977:285). Die gebruik hiervan was nie slegs beperk tot huise in die Victoriaanse styl of tydperk nie. As voorbeeld kan dien Huis Gideon Malherbe in die Paarl, wat c.1860 in die Georgiaanse styl gebou is, maar waar greinering ook op al die interne houtwerk aangebring is (fig. 5-133). Lady Anne Barnard noem alreeds in 1795 dat goedkoop hout in Kaapse huise gegreineer word om soos mahonie te lyk (Lewin Robinson 1994:158).

In die Victoriaanse era was feitlik alle vloere van hout, veral verskillende tipes dennehout wat vanaf Amerika en die Skandinawiese lande ingevoer is. Soos in Engeland, was brandskilderteëls in dekoratiewe patrone hoogmode. Dit is veral in ingangsportale en op stoepe gebruik (fig. 5-134). Vertrekke soos die kombuis en ander gebruiksareas, soos wasvertrekke, het dikwels swart-en-wit teëls in 'n blokkiespatroon gehad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.6 Landskap

In Suid-Afrika, soos in Engeland, het die tuin wat die huis omring, ook toenemend belangrik geword. Schrøder-Nielsen beskryf Kaapstad in 1898 as 'n mooi stad, met *on the outskirts fine villas and beautiful gardens* (2012:23). Die Victoriaanse middelklas villa het, soos sy eweknie in Engeland, diep op die erf gestaan, in die middel van 'n romantiese tuin. Dit was 'n poging om die huis en tuin te laat ineenvloei, in ooreenstemming met die pittoreske uitgangspunt.

Die tuin is normaalweg aan die straat se kant begrens deur 'n dekoratiewe muurtjie, meestal met giet- of smeeysterversierings. Die eienaar van die huis is ook beïnvloed deur die Engelse neiging van ontvlugting uit die stad, hoewel die Suid-Afrikaanse stede op geen manier met Britse stede van dieselfde tydperk vergelyk kan word in terme van grootte, geraas, besoedeling of bedrywigheid nie. Dit dui daarop dat die plasing van die huis so ver uit die stad as moontlik en op so 'n groot erf as moontlik mettertyd in Suid-Afrika gespruit het uit die sosiale behoefte van statuserkenning eerder as uit die werklik fisiese behoefte van ontvlugting.

Groot erwe en romantiese tuine was, soos in Engeland, nie vir almal in Suid-Afrika beskore nie. Hoe laer die status van die huis, hoe nader is dit aan die straat geplaas. Die huis waarin die gewone en laer middelklas in Suid-Afrika gebly het, het na aan die straat gestaan, maar het dikwels, anders as in Engeland, 'n groot stuk grond agter die huis gehad. Hierdie stuk grond is algemeen vir utilitêre gebruik aangewend deur die aanlê van groentetuine en die aanhou van 'n verskeidenheid plaasdiere, soos hoenders, skape, bokke en/of 'n melkkoei, dus nie vir ontspanningsdoeleindes nie (Mnr T Openshaw 2013:onderhoud). In Engeland het die bewoner van die kothuis ook normaalweg 'n groente- en vrugtetuin vir eie gebruik gehad, en in Loudon se ensiklopedie gee hy selfs ontwerpe vir sulke tuine, soos byvoorbeeld vir ontwerp XIII, waar hy die huis en die tuin as een entiteit hanteer (sien fig. 5-130) (1833:57-59). Die hoeveelheid tyd en geld wat 'n persoon aan ontspanning kan afstaan, was (en is steeds vandag) 'n belangrike aanduider van sosiale status. Dit was dus vir statusbewuste Victoriane belangrik om aan die wêreld te toon dat hulle die finansiële vermoë het om 'n groot tuin slegs ter wille van skoonheid en ontspanning daar te stel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Suid-Afrika was Baker baie invloedryk in hierdie opsig, hoewel welgestelde Suid-Afrikaners alreeds voor sy aankoms in die land bewus was van die nuwe tendense ten opsigte van die landskap rondom die huis en dit nagevolg het. Baker is op sy beurt beïnvloed deur Gertrude Jekyll, wat hy persoonlik geken het en vir wie hy 'n groot bewondering gehad het (Keath gd:16). Die neerslag van sy uitgangspunt kan onder meer gesien word in die tuine van die Uniegebou in Pretoria (fig. 5-135) en Noordhoekhuis in Kaapstad (Stander 2011:48).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

Analise van die verskille en ooreenkomste tussen die Victoriaanse argitektuur van Engeland en Suid-Afrika

The house is a mirror of the personal culture of those who live in it. Hermann Muthesius in *Das Jahr* 1913 (Muthesius 1979:xiii).

'n Ontleding van Suid-Afrikaanse Victoriaanse woningbou lei onvermydelik tot 'n herwaardering van daardie generasie se nalatenskap (Viney 1987:14), nie net in terme van die argitektuur wat hulle nagelaat het nie, maar ook ten opsigte van die gekompliseerde web van sosiale, ekonomiese, politieke en ander faktore onderliggend aan hul kultuur.

Volgens Maré behels argitektuur die samekoms van kulturele invloede soos godsdiens, politiek, kuns en tegnologie, maar ook natuurlike invloede soos geomorfologie en klimaat, en verskil die metodes waarvolgens hierdie invloede verwerk word, in elke kultuur (1984:36). Dit is daardie spesifieke wyse van verwerking wat aan elke kultuur se argitektuur sy eienskappe verleen. Kultuur is dus uiteindelik die mees rigtinggewende faktor by die skepping van artefakte, wat argitektuur insluit. Sonder 'n begrip van die kultuur van die skeppers van die argitektuur, kan die navorser nie tot 'n volledige begrip daarvan kom nie.

Om na te spoor hoe die mens as kulturele wese die invloede van sy omgewing verwerk en ook daarop inwerk, spesifiek in hierdie geval watter invloed die bewoner van Suid-Afrika uitgeoefen het op argitektuur wat vanaf die koloniale oorheersers hierheen oorgedra is, moet die verskille en ooreenkomste tussen die twee lande op gekontekstualiseerde wyse ontleed word. Dit is veral die onderliggende plaaslike determinante wat lig werp op die proses wat lei tot die evolusie van die artefak in sy spesifieke sosiale konteks.

6.1 Verskille

Die groot aantal verskille tussen die argitektuur van die twee lande word kortliks hieronder saamgevat.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eerstens is daar 'n aantal belangrike eienskappe wat in Engeland bydra tot die tipiese uiterlike voorkoms van Victoriaanse wonings. Die normale middelklas woning bestaan uit 'n eenheid wat deel vorm van 'n lang ry identiese, dubbelverdieping skakelhuise (die sogenaamde *terraces*). In Suid-Afrika woon die middelklas egter tydens die Victoriaanse periode in 'n losstaande, enkelverdieping huis wat nie identies is aan die ander huise in die omgewing nie, hoewel dit sekere tiperende eienskappe deel. Bowen stel dit as 'n feit in haar tesis dat dit ongewoon was om lang rye presies identiese huise in Kaapstad en omgewing aan te tref (2001:32).

In Engeland word wonings gebou van klip of baksteen, wat grotendeels onafgepleister gelaat word. In Suid-Afrika is die oorgrote meerderheid van wonings gebou van plaaslike baksteen wat afgepleister is.

Dakke in Suid-Afrika word oorwegend gedek met geriffelde sink, terwyl dit in Engeland hoegenaamd nie op woonhuise aangetref word nie. Dakbedekkings in Engeland is hoofsaaklik teëls van verskillende tipes klip of gebakte klei.

Huise wat bestaan uit hout en sink was algemeen in Suid-Afrika in die laat negentiende eeu, terwyl dit feitlik ondenkbaar sou wees vir die Brit om in so 'n huis te woon. Daar was wel pogings om die materiaal aanvaarbaar te maak vir die algemene publiek, selfs met koninklike goedkeuring. Prins Albert het in 1851 'n danssaal van sink op Balmoral laat oprig, wat as tydelike maatreël bedoel was terwyl opknapping aan die kasteel gedoen is. Die gebou bestaan steeds en word tans as werkwinkel gebruik (http://canmore.rcahms.gov.uk.; http://www.world-archaeology.com;http://www.stats. uwo. ca/faculty/bellhouse/chapter4.pdf).

Die stylherlewingstendens kan as die enkele belangrikste oorkoepelende invloed op die gestaltegewing van Victoriaanse argitektuur in Engeland beskryf word. In die Suid-Afrikaanse residensiële argitektuur van die periode het die stylherlewingstendens nie naastenby so 'n groot rol gespeel nie, hoewel aspekte daarvan in die aanwending van enkele elemente te bespeur is.

Die oordadige aanwending van ornamentasie op elke moontlike oppervlak is een van die uitstaande kenmerke van Suid-Afrikaanse Victoriaanse huise, wat nie algemeen in Engeland voorkom nie.

Een van die belangrikste bou-elemente wat as standaard by Suid-Afrikaanse Victoriaanse argitektuur aangetref word, maar nie in Engeland nie, is die oordekte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stoep. Saam met die verskynsel van die stoep het ook die stoepkamer gekom, wat weer eens nie in Engeland aangetref word nie.

Die mode van vervictorianisering wat so algemeen in Suid-Afrika voorkom, word ook nie op groot skaal in Engeland aangetref nie.

6.2 Ooreenkomste

Daar is algemene kenmerke wat wel in albei lande voorkom.

Sekerlik die belangrikste hiervan is asimmetrie, wat manifesteer in onreëlmatigheid van die aansig, dakstruktuur en grondplan.

Erkervensters, spitsgewels en gewelversierings is ook kenmerke wat deur die twee lande gedeel word.

Ten opsigte van interieurs en die inkleding daarvan, sowel as die aanwending van die landskap wat die woning omring en die integrasie daarvan met die woning, is daar ook 'n groot mate van ooreenstemming tussen die twee lande.

6.3 Determinante

Muthesius noem dat die huis nie slegs in terme van sy historiese ontwikkeling begryp kan word nie, maar dat al die ander faktore wat op die skepping daarvan ingewerk het, ook in ag geneem moet word (1979:68). Radford haal 'n ongeïdentifiseerde persoon, ene Brooks aan, wat gesê het: *The forms of buildings are far from being arbitrary and accidental in their origin. The climate, the building materials and the peculiar character of the nation exercise a very essential influence on them, and cause their diversified appearances* […]. *Whatever is produced by these causes is singular in its kind and in harmony with itself* (1979:376).

Greig se stelling wat aan die einde van hoofstuk 5 ingesluit is, word hier herhaal: *Even though, on the surface,* [the] *architectural forms may have had much in common, the literary, moral, historical and aesthetic conflicts which raged over English drawing boards* […] *did not have the same relevance in our far-off country*. Volgens haar bepaal politiek, godsdienstige oortuigings, mode en romantiese assosiasies die keuse van style wat mense aanwend vir hul geboue (Greig 1971:39-40).

Die skrywers hierbo aangehaal noem dus verskeie fisiese sowel as sosio-kulturele aspekte wat argitektuur kan beïnvloed. Daarby kan ook gevoeg word die rol wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

argitekte aan die einde van die negentiende eeu gespeel het in die vestiging van die Victoriaanse styl in Suid-Afrika. Hierdie faktore sal vervolgens behandel word.

6.3.1 Praktiese determinante

6.3.1.1 Geografiese faktore

Die twee belangrikste geografiese faktore wat 'n rol speel in die argitektuur van 'n plek, is die klimaat en die beskikbare boumateriale wat natuurlik in die gebied voorkom. Hierdie twee faktore het ook in Suid-Afrika 'n groot rol gespeel by die inwerking van die plaaslike bevolking op die oorgedraagde boukuns vanaf Engeland.

Geomorfologie

Klip en bakstene

Die belangrikste boumateriaal wat universeel in Engeland aangewend is vir die oprigting van mure, naamlik maklik-bewerkbare klip, was volgens sekere bronne nie geredelik aan die Kaap beskikbaar nie. Waar huise met klipmure in Engeland dus algemeen is, was dit nie die geval in Suid-Afrika nie. Bakstene is naas klip die algemeenste boumateriaal in Engeland, en ook dit was voor die Victoriaanse era skaars aan die Kaap, en dié wat wel beskikbaar was, was van swak gehalte. Smith skryf in 'n plaaslike tydskrif: *the brick question has until recently been the most tantalizing of all* (1904:56). Die *South African Architect and Builder* se *Special Commissioner* het 'n artikel in die Februarie 1904-uitgawe geskryf oor baksteenvervaardiging in Suid-Afrika en noem dat *while admitting a great improvement has recently been made in the character of the bricks produced, there is much to be done before the best of our local made bricks can be considered equal to the requirements for many important works* (1904:75).

Koloniste moes hul vir die oprigting van hul geboue wend tot die materiaal wat maklik bekombaar was, en waarvoor die praktiese kennis reeds onder die bevolking bestaan het, naamlik kleimure, óf in die vorm van opgekleide mure óf as songedroogde kleibakstene. Dit het gelei tot 'n onmiddellik-opvallende, direkte teenstelling in voorkoms, veral aangesien die Suid-Afrikaanse kleimure ook afgepleister is met 'n kleimengsel en geverf of met kalk behandel is, terwyl Engelse mure oor die algemeen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onafgewerk gelaat is. Die tekstuur van die muroppervlakke verskil dus radikaal, so ook die kleur.

Howard noem egter dat daar wel in Suid-Afrika bruikbare klipneerslae voorkom, maar dat klip, veral vir belangrike geboue, steeds ingevoer word. Volgens hom het dit direk te make met die voorkeure van die argitek van die gebou, wat om patriotiese (synde van Engeland) en soms ook snobistiese redes die ingevoerde klip verkies het (1907g:214).

Klip, veral leiklipteëls, is ook op gereelde basis vir gebruik as dakbedekking ingevoer. In hierdie spesifieke geval het dit meer met geologie te make as met snobisme of patriotisme, aangesien maklik-bewerkbare leiklip vir die vervaardiging van dakteëls nie algemeen in Suid-Afrika voorkom nie. Daar is bevind dat Robbeneiland se leiklip nie maklik in dun genoeg skerwe vir dakteëls verwerk kon word nie, soos in hoofstuk vyf beskryf (Kearney 1973:70; Radford 1979:343). Heelwat geboue, veral geboue in die Georgiaanse styl, het dakke van ingevoerde leiklip.

Dit wil egter voorkom asof daar ook 'n ander rede was waarom klipteëls nie algemeen op dakke gebruik is nie. Die reeds-genoemde Stavorinus het in die laat-agtiende eeu (dus voor die Engelse periode) beweer dat al die huise in Kaapstad bedek is met riet of strooi in plaas van teëls, aangesien die wind die teëls van die dakke afwaai (1798:549). Le Vaillant, 'n besoeker van 1781, brei hierop uit deur te meld dat al die huise met riet gedek is, en dat die riet verkies word aangesien dit minder gevaar van beserings inhou indien die wind dit van die dakke sou afwaai (Glenn 2007:16). Daar kan slegs bespiegel word dat die Britte meer gevorderde metodes gehad het om die teëls op die dakke te bevestig, aangesien daar geen rekords opgespoor is van probleme met die wind vanaf die Engelse periode nie.

Volgens Kearney het die Britse setlaars in die Oos-Kaap aanvanklik huise met rietdakke gehad. Weens die ekonomiese faktor was hulle vanselfsprekend nie in die posisie om teëls vir hul dakke in te voer nie, en omstandighede, naamlik die haas waarmee wonings opgerig moes word om onmiddellike skuiling te bied, het hulle gedwing om riet, wat natuurlik voorgekom het en maklik bekombaar en bruikbaar was, as dakmateriaal te gebruik. Dit was egter ook in daardie stadium in Engeland in die mode as 'n *rustic material* (1973:69). Dit word onder meer geïllustreer in JB Papworth se *Rural Residences*, wat in 1818 verskyn het en groot aanhang geniet het. Die materiaal is ook tradisioneel in Engeland vir plattelandse wonings gebruik, dus was dit nie onbekend óf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onaanvaarbaar vir die setlaars nie. Kearney wys op 'n bykomende voordeel daarvan, naamlik dat dit uitstekend gepas was vir die klimaat (1973:69).

Die setlaarsvrou Sophia Pigot maak egter in haar dagboek (9 en 28 Augustus 1820 en weer op 13 Julie 1821) melding van 'n *slate quarry* (Rainier 1974:68, 69, 85), en Lewcock meld dat daar in talle dokumente uit die periode verwys word na die gebruik en bewerking van plaaslike leiklip. Hy wys daarop dat dit nie, soos hy dit stel *slate proper* was nie, maar *shale stone*, oftewel skalieklip (1963:156).

Dit blyk dus dat leiklip vir dakteëls wel in die Oos-Kaap beskikbaar geraak het pas ná die aankoms van die setlaars. Die meeste geboue wat uit daardie tydperk behoue gebly het, het dan ook leiklipdakke, soos tallose illustrasies in Lewcock se werk bewys. Daar kan dus aanvaar word dat die setlaars se heel eerste wonings met riet gedek is weens die onmiddellike beskikbaarheid daarvan, maar dat van die geboue wat later opgerig is, en wat as 'n meer permanente ruimte en fisiese bevestiging van hulle verbondenheid aan die land gesien is, leiklipdakke gekry het. Die voorkoms van die setlaars se meer permanente geboue was dus enersyds 'n bevestiging van permanensie, terwyl dit terselfdertyd deur die gebruik van bekende en dus gerusstellende materiale en uitdrukkingsvorme 'n affiliasie met die moederland vertoon het.

Hout

Dit is 'n bekende feit dat hout van die begin af skaars was aan die Kaap. Die hout geskik vir bouwerk naby Kaapstad was baie vroeg uitgeput, daarna is die klein inheemse woud by Swellendam geplunder, waarna die visier geskuif het na Plettenbergbaai (Lewcock 1963:10). Hout vir alle gebruike is dus mettertyd ingevoer; óf in die rou staat óf afgewerk óf as reeds-vervaardigde items. Burchell maak melding van die feit dat hout dwarsdeur die agtiende eeu na Suid-Afrika ingevoer is (c.1953:54), en hierdie tendens het in die volgende eeu voortgeduur. 'n Lys van ses maande se invoere wat in 'n tydskrif van 1907 verskyn, toon onder meer ongeveer 114,000 reeds-afgewerkte (*planed and grooved*) stukke hout en ongeveer 150,000 onafgewerkte stukke. Die lys bevat ook vensterglas, sement, bakstene, meubels en voorafvervaardigde huise (*The SA architect, engineer and surveyors' journal* 1907:215). Die invoer van gestandaardiseerde argitektoniese houtelemente, saam met wydverspreide gebruik van Engelse patroonboeke het verder bygedra tot die vestiging van 'n stilistiese skakel tussen al die kolonies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klimaat

Die Suid-Afrikaanse klimaat het 'n deurslaggewende rol gespeel in die wyse waarop die inwoners van Suid-Afrika die Victoriaanse argitektuur by plaaslike omstandighede aangepas het. Die geboue is op verskeie maniere aangepas by die klimaat, onder meer deur die byvoeging van 'n stoep met veranda, erkers, luike voor die vensters, en tot 'n mindere mate die plasing van die gebou ten opsigte van die son en windrigting. Interieurinrigting is ook aangepas om die son in die winter ten beste te benut en die vertrekke koel te hou in die somer.

Oordekte stoep

Die belangrikste wyse waarop die klimaat ingewerk het op die herskepping en aanpassing van die Engelse Victoriaanse argitektuur in Suid-Afrika word vergestalt in die alomteenwoordige oordekte stoep, of veranda. Daar bestaan geen twyfel dat die veranda een van die mees kenmerkende elemente van Suid-Afrikaanse Victoriaanse boukuns is nie, en die Suid-Afrikaanse klimaat is waarskynlik die hoofrede vir die gebruik van hierdie element. Die veranda is ook baie algemeen aan die fasades van ouer huise aangebring, wat op daardie wyse vervictorianiseer is. Howard maak onder meer melding van ou Hollandse huise in Kaapstad wat "gemoderniseer" is deur die byvoeging van verandas (1907d:194).

Radford is ook van mening dat die veranda die primêre metode van klimaatmodifikasie was in die warmer kolonies, met 'n tweërlei funksie. Eerstens bied dit 'n rusplek in die skadu aan die huisbewoners, en in die tweede plek weer dit direkte sonlig van die mure af, wat hitte-opbou in die interieur elimineer (Radford 1979:381). Hy maak dus ook hier melding van die ander faktor waar die stoep 'n belangrike rol gespeel het, naamlik in die sosialiseringskultuur van die Kapenaars. Dit word later in meer besonderhede bespreek.

Daar was alreeds voor 1795 bedekte portieke bo-oor die voordeure van Kaapse huise. Die vroegste huis wat volgens Lewcock as 'n sogenaamde verandahuis gebou is, was *Newlands House*, wat alreeds tydens die VOC-era deur die regering opgerig is as 'n plattelandse toevlugsoord vir die goewerneur. Lord Charles Somerset het die huis in 1819 na sy smaak laat opknap. Die veranda wat toe aan die huis gebou is, was 'n konstruksie van hout met 'n dak van gepleisterde en geteerde bord (1963:111-113). Die veranderings aan die bestaande huis is gedoen 'n jaar ná die verskyning van JB Papworth se patroonboek *Rural Residences*, wat 'n kort hoofstuk oor die veranda insluit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(1818:102-104). Lewcock wys daarop dat die veranda van *Newlands* nie behoue gebly het nie, maar spekuleer dat die voorkoms daarvan in navolging van voorbeelde uit *Rural residences* sou gewees het (1963:117) (fig. 6-1).

Die veranda het nooit in Engeland werklik inslag gevind nie, hoewel dit in die vroeë 1800's sterk deur verskeie argitekte aanbeveel en opgehemel is. Dit is onder meer deur Papworth spesifiek vir plattelandse wonings, die sogenaamde *cottage orné* (fig. 6-2) aanbeveel, wat beklemtoon dat dit met die pittoreske geassosieer is en deel was van daardie beweging in Engeland. Viney beskryf die langdurige en wydverspreide gewildheid van die veranda in Suid-Afrika en die ander kolonies as 'n *astonishingly pervasive and protracted penchant for the Picturesque* (1987:16).

Die *cottage orné* was 'n vergestalting van die Victoriaanse stedeling se verlange na die idilliese platteland (Lewcock 1963:121), en uiteraard was dit slegs die bevoorregtes beskore. Hoewel dit in Engeland nie slegs op die platteland gebruik is nie, maar ook op verskeie ander plekke soos in Londen en in stranddorpe, het die algemene gebruik daarvan altyd beperk gebly.

Papworth is van mening dat die veranda se gewildheid in Engeland sou voortgeduur het, was dit nie vir 'n wet wat die oprigting daarvan verbied het nie (1818:103). Die spesifieke wet, die datum daarvan en die redes daarvoor kon nie opgespoor word nie, ten spyte van 'n argivale en internet-soektog en navrae aan die Victorian Society in Engeland (Hughes September 2013:epos) en aan Barbara Brooks in Australië (2013:epos), wat 'n doktorale verhandeling oor die veranda geskryf het.

'n Inskrywing in die joernaal van Samuel Hudson mag wel 'n leidraad verskaf. Hy noem dat die Kaapse regering beveel het dat alle oordekte loopareas in die stad (*Pent houses*, soos hy daarna verwys) gesloop moes word as gevolg van die gevaar wat die samedromming van *the Idle* [sic] *and dissolute* […] *smoking under these places* vir die bewoners van die geboue inhou. Lewcock noem dit oordekte loopgange, en volgens Hudson is dit oorspronklik opgerig om voetgangers teen die reën en moontlik ook die son te beskerm (Lewcock 1963:111). Die samedromming van ongewenste karakters onder hierdie afdakke, wat toe nog nie as sit- en kuierareas diens gedoen het nie, het dus in Suid-Afrika gelei tot die verdwyning daarvan en dit kon moontlik ook 'n faktor gewees het in Engeland.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Muthesius skryf die feit dat verandas nooit werklik inslag gevind het in Engeland nie, direk toe aan die klimaat. Waar dit wel voorkom, is dit volgens hom *lifeless appendages*, in die sin dat dit nie by die ware aard van Britse argitektuur inpas nie (Muthesius 1979:68). Die idee was aanvanklik om verandas as deel van Engelse argitektuur te vestig. Dit was nooit uitsluitlik bedoel vir koloniale argitektuur nie. Behalwe dat Papworth se sentimente dit bevestig, blyk dit ook onder meer uit die inleiding tot Loudon se patroonboek, waarin hy dit uitspel dat die ontwerpe in sy boek vir die inwoners van *the temperate regions of both hemispheres* bedoel is (1833:1), en dit is duidelik uit die konteks dat Engeland daarby ingesluit word. Die werk bevat 'n hele aantal ontwerpe vir huise met verandas (byvoorbeeld 1833:21,46,56,61) (sien fig. 5-130).

Lewcock wys daarop dat die veranda teoreties alreeds tydens die Hollandse besetting aan die Kaap as bou-element sou kon figureer het, aangesien dit algemeen voorgekom het in ander Hollandse kolonies soos Indonesië en Curacao. Hy spekuleer dat die Hollanders nooit die veranda op groot skaal aan die Kaap gebruik het nie omdat hulle nie die klimaat as ekstreem genoeg beskou het nie (1963:111).

'n Ander rede vir die afwesigheid van verandas in Engeland wat nie deur een van die geraadpleegde skrywers genoem word nie, is dat die huise, veral in die stede, teenaan die straatfront gebou word, wat selde ruimte vir 'n veranda laat. In Suid-Afrika het sommige *terraces* wel verandas gekry, soos in die Donkinstraat-kompleks in Port Elizabeth (sien fig.5-10), en in sekere Kaapse buurte. Lewcock spekuleer dat dit 'n toegewing was aan 'n gemeenskap vir wie *terraces* 'n nuwe en waarskynlik onsimpatieke verskynsel was (1963:301).

Die oordekte stoep strek in Suid-Afrika, veral in die Wes-Kaap, minder algemeen om meer as twee kante van die huis, en baie selde reg rondom. Radford se verklaring daarvoor is weer eens die kwessie van beboubare ruimte, wat veral in stedelike gebiede beperk is (1979:328)

Brooks beskryf op meer filosofiese vlak die veranda as 'n oorgangsruimte tussen die huis en die tuin enersyds, en andersyds as oorgang tussen die kulture van die moederland, naamlik Engeland, en dié van die nuwe land, in haar geval Australië. Sy sien die veranda dus as metafoor vir die lewens van koloniale onderdane, wat altyd tussen twee wêrelde beweeg (2011:1). Lewcock haal Francis Goodwin aan wat alreeds

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in 1958 die veranda gesien het as *neutral ground between the house and the open-air* (1963:121). Hyself beskryf ook die veranda op meer praktiese vlak as 'n intermediêre sone tussen die modderige, ongeplaveide strate en die gepoleerde vloere en matte van die interieurs (1963:7).

Vanselfsprekend is hierdie filosofiese waardes wat die veranda toegedig word, nie die rede vir die ontstaan daarvan nie. Hoewel dit interessante spekulatiewe moontlikhede bied om die veranda op praktiese sowel as filosofiese vlak as 'n intermediêre sone te beskou, het dit weinig waarde uit 'n kultuurhistoriese of argitektoniese oogpunt, aangesien daardie waardes uit 'n retrospektiewe oogpunt daaraan toegedig is, en geen betrekking het op die bestaans- óf ontstaansrede van die element nie.

Die oudste verandas aan die Kaap was aanvanklik onderhewig aan permanente lekprobleme, en om daardie rede is die veranda later, tydens die Victoriaanse era, onder die hoofdak ingebou om water van die mure weg te lei (Lewcock 1963:117). Die bevestiging van die verandadak teen die mure word dus gedikteer deur strukturele faktore. By ander ontwerpe is die huis plus veranda onder een dak, ook weens die lekprobleem.

Die stoepkamer, wat 'n verdere tipiese element van Suid-Afrikaanse argitektuur uitmaak, is ook nie bekend in Engeland nie. Dit is vanselfsprekend 'n gevolg van die feit dat stoepe nie algemeen is in Engeland nie.

Dieselfde geld vir vervictorianisering. Aangesien dié proses in Suid-Afrika hoofsaaklik die aanbring van 'n oordekte stoep behels het, is dit ook nie algemeen in Engeland nie, hoewel 'n baie algemene gesig in Suid-Afrika.

Erkervensters

In Engeland is die erkervenster ingespan as die ideale oplossing vir die behoefte om die son in te laat, maar steeds teen die koue buitelug beskut te wees (Hockman 1994:54), in navolging van die Victoriane se nuutgevonde bewustheid van die self en die belang wat hulle geheg het daaraan om hulself so gerieflik en gemaklik as moontlik in hul wonings in te rig.

Die erkervenster vervul dieselfde rol in Suid-Afrika gedurende die wintermaande. Die gebruik van die erkervenster is dus as essensiële element van die styl na Suid-Afrika oorgedra, waar dit ook die oorspronklike rol waarvoor dit geskep is, speel. Die rol van die erkervenster in Suid-Afrika is meer beperk as in die koloniale moederland, weens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die verskil in klimaat, naamlik die veel korter en warmer winters in Suid-Afrika as in Engeland. Die erker is dus een element wat om spesifieke redes in Engeland geskep is, en dieselfde rol hier te lande vervul.

Luike

'n Ander belangrike element van Suid-Afrikaanse Victoriaanse argitektuur is eksterne hortjies (*venetians*) wat voor die vensters aangebring is. Die hoofrede vir die gebruik van hierdie element was ook die Suid-Afrikaanse klimaat. Voubare interne luike is alreeds in die Kaaps-Hollandse huise in Suid-Afrika gebruik, en die gebruik daarvan het algemeen tot in die 1870's voortgeduur, en selfs later.

Hoewel interne luike wel in Engeland voorkom, het eksterne luike nooit inslag gevind nie. Loudon werp in sy ensiklopedie van 1818 interessante lig op hierdie kwessie. Hy bespreek die gebruik van eksterne luike (nie hortjies nie) en gee teensinnig toe dat dit vir klein kothuise aangewend sou kon word aangesien dit volgens hom meer ekonomies as interne luike is. Sy houding daarteenoor is vir die hedendaagse leser amusant: *To see on the outside of a building what we are accustomed to see on the inside, seems an offense against propriety; while it gives, at the same time, the idea of meanness and insecurity* (Loudon 1833:268).

Aangesien so 'n tipe element wel volgens Loudon noodsaaklik is om *something delicate and refined within* te beskerm teen die son, beveel hy aan dat eksterne blindings (nie hortjies nie) eerder gebruik word, in navolging van die gebruik op superieure huise (Loudon 1833:268-270) (fig. 6-3). Interne luike is wel algemeen aangetref in Engelse huise van die hoër klasse (fig. 6-4). 'n Soektog deur talle ryklik-geïllustreerde boeke oor Engelse Victoriaanse argitektuur, sowel as al die foto's wat tydens die 2010-somerskool geneem is, het nie een enkele voorbeeld van eksterne luike opgelewer nie.

Die hoofvoordeel van die eksterne hortjie is die feit dat dit die son se direkte strale van die venster weer, terwyl dit steeds lig en lug in die vertrek kan inlaat (Radford 1979:386). Dit speel nie slegs 'n rol in temperatuurbeheer nie, maar beskerm ook meubels en bekleding teen verbleiking (Papworth 1818:103).

Oriëntasie en uitleg

Temperatuurbeheer het ook in ander opsigte 'n rol gespeel in die ontwerp van Suid-Afrikaanse huise. Volgens Hudson was koelte die primêre behoefte waaraan Suid-Afrikaanse huise moes voldoen, en daarom het die vertrekke onder meer hoë plafonne

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehad (Lewcock 1963:7). In Engeland was dit in die Victoriaanse era nie die geval nie. Muthesius maak melding daarvan dat argitekte begin het om laer plafonne te bou omdat 'n laer vertrek 'n meer gesellige atmosfeer verleen (1979:164). Suid-Afrikaanse huise uit die Hollandse era het egter wel hoë plafonne. Dit kan dus as 'n hipotese aanvaar word dat die hoë vertrekke as deel van die Hollandse argitektuurstyl na Suid-Afrika oorgedra is, en dat die voordele daarvan ten opsigte van hittebeheer as't ware ter plaatse ontdek is, soos sekerlik in al die kolonies met 'n soortgelyke klimaat die geval was.

Wat vensters betref, wys Kearney daarop dat die Victoriaanse skuifraamvensters vollengte Franse vensters (wat tydens die Regentskap-era gewildheid verwerf het) vervang het, onder meer weens die voordele van temperatuurbeheer wat dit inhou (1973:42). Die skuifraamvenster is 'n uitstekende maatreël vir temperatuurbeheer aangesien dit bo en onder gedeeltelik oopgemaak kan word, wat lug laat sirkuleer.

Radford bespreek ook die plasing van die huis op die erf ter wille van wat die Victoriane genoem het 'n *healthy aspect*, met ander woorde die optimale oriëntasie van die huis ten opsigte van sonskyn (oos en noord in Suid-Afrika), ventilasie ter wille van die beheer van hitte en/of klammigheid, en heersende winde. Behalwe in die geval van huise aan die bopunt van die skaal, moes die meeste huise se oriëntasie egter inpas by die voorskrifte soos deur die dorpsuitleg bepaal, en is die huise met hul voorkant na die straat gesitueer ongeag die windrigting.

Uitsig was in die meer gegoede buurte die bepalende faktor ten opsigte van oriëntasie, aangesien 'n goeie uitsig blykbaar 'n groter statussimbool was as vertrekke wat noord front, vandaar die huise van Seepunt wat wes oor die Atlantiese Odeaan uitkyk, en huise in Wynberg wat suid oor Valsbaai uitkyk (Radford 1979:376-379).

Daar is tot aan die einde van die negentiende eeu min aandag gegee aan die interne plasing van vertrekke met betrekking tot oriëntasie. Konvensie het (in Suid-Afrika sowel as Engeland) voorgeskryf dat die belangrikste vertrekke, naamlik die ontvangsvertrekke, aan die voorkant van die huis geplaas word, terwyl die meer persoonlike leefruimtes verder na agter in die huis gesitueer is, ongeag die windrigting. Hitchcock wys ook daarop dat daar met die pittoreske uitgangspunt voorrang verleen is aan die visuele bo die praktiese (1971:354).

Terwyl daar in Engeland min behoefte was aan die afkoeling van die interieur, is daar ook moeite met die oriëntasie van die huis gedoen ter wille van verhitting (in die vorm

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van sonlig) en goeie ventilasie (Muthesius 1979:68). Hier geld dit natuurlik ook hoofsaaklik die huise van die meer gegoedes, wat die luukse van vrye plasing in die beskikbare ruimte gehad het.

Kaggels

Hoewel afkoeling van die interieur blykbaar 'n groter behoefte aan die Kaap was as die verhitting daarvan gedurende die winter, spreek Merrifield sy verbasing daaroor uit dat daar so min kaggels in Suid-Afrikaanse huise voorkom. Hy beskryf die afwesigheid van kaggels as *quite inexplicable*, en teoretiseer dat die brandgevaar as gevolg van die groot aantal grasdakke nie werklik die rede kan wees nie, aangesien elke huis tog sy vuurherd vir die voorbereiding van voedsel het. Hy noem dat die mense voetstofies blykbaar as voldoende vir persoonlike verhitting beskou (1928:7-8). Daar moet gewys word op die denkfout in sy argument. Hoewel hy argumenteer dat die brandgevaar nie die inhiberende faktor by die gebruik van kaggels kon wees nie, was dit wel 'n groot oorweging. Vuurherde was onontbeerlik vir die bereiding van voedsel, en daar was dus geen ander keuse as om dit in die huis te aanvaar nie.

Lewcock klaar die misterie op deur te meld dat elke bykomende skoorsteen behalwe die primêre een gedurende die VOC-tydperk ekstra belas is (1963:8), wat duidelik as dempende invloed op die bou van kaggels ingewerk het. Die huise wat die Britte hier aangetref het, was oorblyfsels uit daardie era. (Hoewel Merrifield se artikel in 1928 geskryf is, is die onderwerp daarvan die ouer huise uit die Hollandse periode.)

Laidler en lady Anne Barnard verwys na die akute tekort aan brandstof aan die Kaap (Laidler 1939:160; Lewin Robinson 1994:157), sodat die slaaf wat die taak van houtversameling opgedra is, daagliks agt tot tien myl uit die stad uit moes loop om hout te vind (Lewin Robinson 1994:157). Die Britte het met hul aankoms aan die Kaap gevind dat brandhout weens die skaarste daaraan slegs vir voedselbereiding gebruik kon word (Lewcock 1963:24, en het dus saam met hul kaggels ook steenkool ingevoer, wat die brandstofprobleem opgelos het. Ingevoerde steenkool was 'n goedkoper alternatief, veral ná die vrystelling van die slawe, toe arbeid aansienlik duurder geraak het (Hattersley 1973:75).

Muthesius noem ook (uit sy perspektief as Duitser) dat die Britse klimaat nie naastenby so straf is as dié op die Europese kontinent nie, wat kan verklaar waarom die Suid-Afrikaanse klimaat 'n groter impak op die Britte gehad het as op die Hollanders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(1979:67). Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit die dagboek van lady Anne Barnard dat die Britte wel die koue ongemaklik gevind het en 'n oplossing daarvoor gesoek het deur middel van die kaggel wat aan hulle bekend was. Sy skryf: *Winter is winter here, and nothing but avarice prevents all from having fires* (1901:80). Die kaggel is dus nog 'n voorbeeld (soos die erkervenster) van 'n praktiese element wat saam met die Engelse argitektuur na Suid-Afrika gekom het, en nie bloot as deel van die totale pakket van die argitektuurstyl geïmplementeer is nie, maar ook uit noodsaak.

Volgens Muthesius is die korrekte posisionering van die kaggel in die vertrek van kardinale belang. Selfs die plasing van deure en vensters is akkuraat deur sommige argitekte beplan om die trekke wat die kaggel in 'n vertrek veroorsaak deur die insuiging van lug vanaf vensters en deure, so ver moontlik te elimineer. Hy voeg 'n interessante brokkie by, naamlik dat hierdie probleem gelei het tot die ontwerp van die tipies-Engelse stoel met hoë rug en projekterende sykante (onder meer die *wingback*-stoel) wat die persoon gedeeltelik teen trekke beskerm (1979:79-80).

6.3.1.2 Ekonomiese faktore

Argitektuur is die barometer van die mens se welvaart (Maré 1984:37), en ekonomiese faktore het ook aan die Kaap 'n groot rol gespeel in die wyse waarop die mens se materiële welvaart (of gebrek daaraan) in sy woning gemanifesteer het.

Volgens die tydgenootlike argitek AG Howard kan die jaar 1876 as waterskeidingsjaar in die ekonomie van Suid-Afrika gesien word. Voor daardie datum was daar weinig noemenswaardige argitekte aan die Kaap en is min groot bouwerke aangepak (1907a:139). Hoewel daar oor die presiese jaar geargumenteer kan word, is hy korrek in dié sin dat die 1870's inderdaad 'n reuse verandering in die land ingelui het, hoofsaaklik as gevolg van die ontdekking van goud en diamante.

Die Minerale Revolusie, soos dit ook dikwels genoem word, was inderdaad die katalisator vir Suid-Afrika wat die Industriële Revolusie vir Engeland en Europa was, en dit het gevolglik in Suid-Afrika 'n revolusie op bykans elke terrein van die menslike bestaan ingelui. Die ekonomiese gevolge was onder meer groter besteebare inkomste per gesin, 'n toevloei van mense na die land (nie slegs delwers nie, maar ook mense in talle newe-beroepe), verbeterde handel en verhoogde invoere (Fourie 1978:30), en 'n oplewing in die boubedryf, met die gevolglike toevloei van argitekte, bouers en ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persone wat in die boubedryf werksaam was. Picton-Seymour wys ook daarop dat die eerste belangrike argitekte in daardie tydperk in die land aangekom het, aangelok deur die werksmoontlikhede wat die Suid-Afrikaanse *nouveaux riches* gebied het (1977:41).

Terraces

Die lang rye aaneengeskakelde huise (of *terraces*) wat so algemeen in Engeland is, kom feitlik glad nie in Suid-Afrika voor nie. *Terraces* is by uitstek die domein van die spekulatiewe ontwikkelaar. Volgens John Wood, skrywer van die patroonboek *Series of plans for cottages or habitations for the labourer* (1781) was een van die redes vir die bou van aaneengeskakelde huise die feit dat dit bure in staat gestel het om mekaar te help en ondersteun (Evans & Green 1982:112). So 'n idealistiese en ietwat naïewe aanname is debatteerbaar. Veel meer aanneemlik is die ekonomiese voordele wat die ontwikkelaar daaruit put, naamlik dat sulke huise onder meer minder duur ruimte in beslag neem en minder boumateriaal gebruik as gevolg van die gedeelde mure. Evans en Green wys ook daarop dat dit die algemene patroon vir werkersbehuising in Engeland was (1982:112), wat die rol wat mode en tradisie in die keuse van boustyle speel, beklemtoon.

Spekulasiebouery in Suid-Afrika het in die laat-negentiende eeu, met die nuutgevonde rykdom in die land en hoë grondpryse in Kaapstad (Smith 1904:56), 'n hoogtepunt bereik. Volgens Radford was mense wat hul eie wonings kon besit, in die minderheid en was die meerderheid afhanklik van gehuurde akkommodasie. Entrepreneurs het veral in Kaapstad woonkomplekse ontwikkel om behuising aan diesulkes te voorsien, en aaneengeskakelde komplekse, met hul maksimale gebruik van grond en minimum vereistes ten opsigte van struktuur en onderhoud, was die vanselfsprekende keuse (Radford 1979:53). Spekulasiebouers het ook die meer welvarende mark geteiken, net soos in Engeland, en daar was byvoorbeeld rondom 1882 'n plot-en-plan ontwikkeling in Kaapstad deur Wilkinson & Son waar die kliënt self die afwerkings kon kies (Bowen 2001:82; Radford 1979:56). Daar was selfs spekulasie-ontwikkelings wat uit vrystaande huise bestaan het (Radford 1979:53).

Die bou van *terraces* het in Suid-Afrika grootliks tot stede soos Kaapstad en die nuwe Britse stede in die Oos-Kaap beperk gebly. Op die platteland het rye selde uit meer as vier huise bestaan. Een van die redes daarvoor wat deur verskeie kommentators, onder

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer Kearney genoem word, is die feit dat die prys van grond op die platteland nog baie laag was in die negentiende en vroeg-twintigste eeue (1973:59-60).

Uniformiteit

Die feitlik monotone uniformiteit wat so tipies van die Engelse stede is, het in Suid-Afrika nooit so prominent gefigureer nie. Dit hang uiteraard saam met die feit dat daar so min *terraces* hier te lande voorkom. Hoewel *terraces* in Suid-Afrika ook grootliks eenvormig is, is die voorkoms daarvan te beperk om die straatbeeld te beïnvloed op die wyse wat dit in Engeland die stedelike landskap domineer.

Eenselwigheid was op 'n ander vlak 'n veel groter faktor in die Kaapstad van 'n eeu voor die Britse besetting, waar verskeie tydgenootlike kommentators melding gemaak het van die feit dat "al die huise" eenders lyk, onder meer Le Vaillant (Glenn 2007:16), lady Anne Barnard (Lewin Robinson 1994:158) en Stavorinus (1798:549).

Dubbelverdieping

In Suid-Afrika was dubbelverdiepinghuise nooit die norm nie, behalwe in Kaapstad en die setlaargebiede van die Oos-Kaap, waar die Britse immigrante in die boustyl wat aan hulle bekend was, gebou het en daardeur 'n bekende konteks aan hul vreemde nuwe omgewing wou verleen. Lewcock beeld bladsye vol voorbeelde van dubbelverdiepinggeboue in die Georgiaanse styl af (1963:201-219). Dit kan ook op die tydgenootlike skilderye van Thomas Baines gesien word (fig. 6-5).

Op die platteland was dit 'n ander saak, en was dubbelverdiepinggeboue skaarser. Lady Anne beweer (met haar tipiese humoristiese aanslag) dat dubbelverdiepings só skaars is omdat die plattelanders nie glo dat die mens in staat is om 'n dubbelverdieping te bou nie (Lewin Robinson 1994:159).

In Engeland was die hoofrede vir die bou van dubbelverdiepinggeboue die probleem van ruimte binne die Middeleeuse ommuurde dorpies (Breckon ea 2000:25). Die koste en beskikbaarheid van ruimte was slegs in Kaapstad 'n faktor wat tot die bou van dubbelverdiepings aanleiding gegee het. Op die Suid-Afrikaanse platteland was die vrye beskikbaarheid van grond, soos onder meer deur Kearney vermeld (1973:59-90), een van die hoofredes waarom dubbelverdiepings nooit inslag gevind het nie.

Hoewel die wit Suid-Afrikaanse bevolking oorspronklik vanaf Europa gekom het, waar dubbelverdiepings die norm is, het die beskikbare boumateriale en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pioniersomstandighede hier te lande nie die bou van groot en deftige dubbelverdiepings vir die gewone bevolking toegelaat nie, en is klein enkelverdiepingwoninkies met kleimure opgerig (Fransen 1981:22). Dit wil voorkom asof die tradisie van dubbelverdiepingbou waarmee die koloniste hierheen verhuis het, oor die verloop van 150 jaar uitgesterf het, veral onder die plattelandse bevolking, wat enkele jare ná die koms van die Europeërs na die binneland begin verhuis het, tesame met hul kennis van plaaslike woningbou soos dit in daardie stadium beoefen is.

Plattelandse Suid-Afrika het ook bestaan uit relatief-afgeslote gemeenskappe weens die swak vervoerstelsel en enorme afstande. Die deursnee bewoner van die platteland het dus nooit of selde in sy of haar lewe in aanraking gekom met die inwoners en argitektuur van die stede (Peires 1989:476), wat beïnvloeding op daardie wyse uitgeskakel het.

Die feit dat dit hoofsaaklik die rykes was wat dit kon bekostig om dubbelverdiepings te bou, het ook 'n onteenseglike statuswaarde daaraan verleen (Radford 1979:287). Dubbelverdiepings troon letterlik bo die ander huise uit in 'n omgewing waar sulke hoë geboue die uitsondering is, dus word die status van die inwoner op fisiese wyse herbevestig deur sy verhewe posisie, vanwaar hy letterlik en figuurlik op sy mede-burgers neersien.

Sinkplaat

Die gebruik van sinkplate, vir totale geboue sowel as dakmateriaal, is nog 'n uitvloeisel van ekonomiese faktore, wat ook nou gekoppel is aan die kwessie van kolonisering. Onder die pioniersomstandighede wat in talle van die kolonies geheers het, onder meer in Suid-Afrika en spesifiek in die Oos-Kaap, is beskutting in die vorm van aanneemlike akkommodasie een van die primêre behoeftes van die immigrant, en daarin het die voorafvervaardigde mark by uitstek voldoen.

Hassan beskou die sinkhuis as 'n ruimtelik-ambivalente struktuur, in die sin dat dit draagbaar sowel as duursaam is. Dit is dus 'n fisiese beklemtoning van die oorgangsituasie waarin immigrante hul bevind en tekenend van die onsekerhede en fluktuasies wat die Britse Ryk in daardie stadium getipeer het (1999:174). Volgens Herbert is die geskiedenis van voorafvervaardiging *inextricably involved in the social and economic history of Britain and its empire, in the history of its industrialization, urbanization, and colonial expansion* (1978:2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel voorafvervaardiging nie slegs rondom sinkplaat sentreer nie, was dié materiaal een van die belangrikste eksponente van die fenomeen, en maak dit weens die kwaliteite van uitgebreide veelsydigheid, vervoerbaarheid en lae prys 'n onlosmaaklike deel uit van die konsep van voorafvervaardiging en dus ook in die situasie van koloniale uitbreiding. Die feit dat dit vir volledige geboue aangewend is, het die gebruik daarvan laat ontplof in die delwerskampe en goudmyndorpe en by alle nuwe uitbreidings soos die bou van hawens en spoorweë (Kearney 1973:ix; Picton-Seymour 1977:7). Die materiaal is ook wyd aangegryp as alternatief vir rietdakke, met hul probleme van brandgevaar en voortdurende onderhoud (Fransen 2004:10).

Daar was spoedig 'n stigma verbonde aan sinkgeboue, voortvloeiend uit die tydelikheid van die struktuur (soos dit oorspronklik bedoel was) en die relatief lae koste daarvan, wat dus minder-welvarende bewoners veronderstel (Radford 1994:89-90). Die materiaal is in werklikheid ook besonder onsimpatiek in 'n klimaat soos dié van Suid-Afrika, met onder meer ekstreme winter- sowel as somertemperature (Radford 1998:4).

Weens die belangrike posisie wat wonings as visuele konstatering van mense se materiële kultuur beklee, selfs tot op die laagste sosiale vlak, het hierdie persepsies 'n groot rol gespeel in die verdwyning van sinkargitektuur in Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse argitekte, onder meer die invloedryke Gerard Moerdyk, was ook besonder afkeurend teenoor die materiaal (1935:20).

Hoewel die materiaal dus aanvanklik weens sy ekonomiese voordeel aangewend is, was dit uiteindelik onder meer sosiale faktore wat tot die ondergang daarvan gelei het. Dit was nie die enigste rede nie. Vanaf owerheidskant was daar ook alreeds in die laaste driekwart van die negentiende eeu teenkanting teen die materiaal. In 1878 het 'n Durbanse munisipale regulasie die oprigting van sulke geboue verbied en in 1880 het 'n Pietermaritzburgse munisipale regulasie die oprigting van sulke geboue en ook die gebruik daarvan *for use as a dwelling house under any circumstances* in streng terme verbied. Ander dorpe en stede het gevolg (Radford 1989:7). Engelse biskoppe het selfs geweier om kerkgeboue van sink, synde goedkoop en tydelik, in te wy (Radford 1989:17).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.3.2 Sosio-kulturele determinante

6.3.2.1 Gerief, gemak en gesinswaardes

Die mens leef sy waardestelsels uit deur middel van sy argitektuur (Maré 1984:37). Muthesius skryf uitgebreid oor die posisie wat die Victoriaan se huis in sy lewe ingeneem het, 'n kwessie wat ook reeds volledig in hoofstuk twee toegelig is. Die Britte het hul huise as afgesonderde klein wêreldjies ingerig, waarin hulle al die moontlike geriewe wat vir hulle bekombaar was, geïnkorporeer het. Hy beweer dat die Engelsman in sy eie huis wil bly en daar wil regeer asof dit sy eie klein koninkryk is (vandaar die gesegde *An Englishman's home is his castle*), en dat hy sy hele lewe in sy huis verpersoonlik sien. 'n Verdere aantrekkingskrag van sy huis is die feit dat hy hom daar kan uitleef na sy wil, en *enjoy the highest degree of freedom that our social order permits* (Muthesius 1979:8). Hierdie spesifieke sosio-kulturele uitgangspunt word toegeskryf aan die sterk-ontwikkelde individualisme van die Brit. As sodanig is die Engelse huis dus by uitstek 'n produk van Engelse toestande, leefstyl en geestesklimaat (Muthesius 1979:7-11). Dit blyk dus dat Muthesius onderleg was in die sosio-kulturele teorie van die woning as produk van die bewoner se geesteslewe, en die feit dat dit ook andersom funksioneer deurdat wonings se intrinsieke kwaliteite op hulle beurt weer 'n vormende determinant van die bewoner se geesteslewe is.

Interieur

Die nuutgevonde welvaart wat die kolonie beleef het as gevolg van die minerale revolusie het, benewens 'n bloeitydperk in die oprig van nuwe geboue, ook neerslag gevind in verhoogde standaarde wat interieurinrigting van huise betref. Dit het onder meer verbeterde ruimtelike akkommodasie en die invoer van geriewe wat tot in daardie stadium min mense beskore was, soos verbeterde sanitasie en water- en kragvoorsiening, behels. Die toenemende klem op die woning was tekenend van die Victoriaanse preokkupasie met die gesin (Radford 1979:310). Dit het ook 'n invloed uitgeoefen op die grondplan van die huis, waar die ouers en kinders se slaapvertrekke bymekaar gegroepeer is, soos onder meer geïllustreer in Loudon se ontwerpe (1833:8).

Muthesius wys onder meer op die belangrikheid van die posisionering van die kaggel in die sitvertrek as van kardinale belang aangesien dit die hart van die huis is en dus die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fokuspunt van die vertrek, en geïmpliseerd ook die fokus van die gesinslewe, vorm (1979:79-80).

Radford wys verder daarop dat hierdie preokkupasie met gerief en gemak in die huis in werklikheid pre-Victoriaans is, maar dat dit tydens die Victoriaanse era tot volle bloei gekom het (1979:376). Loudon, 'n vroeë eksponent van die utilitarisme, wys byvoorbeeld daarop dat al die nuutste verbeteringe in die dissipline van woningbou gefokus het op aspekte wat die mens se woonplek gemakliker en geriefliker maak, eerder as op suiwer argitektoniese aspekte, en verklaar homself 'n voorstander daarvan dat alle mense se wonings aan sekere standaarde van nie slegs skoonheid nie, maar ook aan wat hy noem *essential comforts* [and] *conveniences* moet voldoen (1818:2).

Al die bostaande in ag genome, is dit dus nie vreemd dat die Britte met hul aankoms in die land nie gediend was met die Kaapse interieurs, en onmiddellik veranderinge ingevoer het nie. Die Engeland waarvandaan hulle gekom het, was ook aan die voorpunt van ongekende tegnologiese ontwikkelings, en vanselfsprekend was hulle nie daarmee gediend om al die nuutgevonde luukshede en geriewe in Engeland agter te laat nie (Viney 1987:19). Die Engelse leefwyse, gerugsteun deur die Industriële Revolusie, kan dus gesien word as die hoofrede vir die ontwikkelings in terme van interieurinrigting wat ná hul aankoms in die land plaasgevind het.

6.3.2.2 Status- en modebewustheid

'n Persoon se huis is een van die belangrikste simbole van welvaart wat hy kan verwerf. Argitektuur is dus 'n prominente en openbare visuele simbool van welvaart, veral wanneer dit manifesteer op 'n wyse waaraan die gemeenskap 'n hoë waarde heg (Bowen 2001:13). Dit impliseer dat dit inpas by die erkende materiële en morele waardes van die gemeenskap, en die wyse waarop dit behaal kan word, is deur die simbole wat reeds bestaan, aan te neem en te onderskryf. Dit kom daarop neer dat dit nie afwyk van die allerbelangrike *popular taste* nie, naamlik die sosio-kulturele standaarde en modetendense wat die gemeenskap in daardie stadium rig en dus ook implisiet deur die gemeenskap voorgeskryf word. Snobisme was dus een van die belangrikste dryfvere van die Victoriaanse gemeenskap.

'n *Nouveau riche*-stand het in Suid-Afrika ontstaan, oorwegend uit mense wat nie in Engeland tot dieselfde hoogtes gestyg het nie. Hoewel Loudon beweer dat die meeste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Britte wat na die kolonies geëmigreer het, uit die Britse werkersklas en laer middelklas kom (1833:8), kan dit nie noodwendig as algemene norm aanvaar word nie. Dit is relatief seker dat die meeste immigrante wel uit die werkersklas was, en weinig uit die adelstand. Hulle het hulself dus onseker gevoel in die nuwe sosiale hiërargie. Radford wys op die belangrike feit dat die middelklas - in Engeland sowel as in Suid-Afrika - in talle opsigte 'n nuwe klas was, en dat daar daarom geen voorloper vir hul argitektuur was nie (1979: 288). Dit is dus te begrype dat daar 'n soeke na 'n geskikte argitektuur wat hulle waardes en kultuur uitbeeld, sou plaasvind.

Bowen argumenteer dat die *nouveaux riches* van Suid-Afrika deur middel van hul argitektuur en die ornamentasie daarvan gepoog het om hulle finansiële voorspoed te vertoon en daardeur toegang tot die hoogste sosiale klas in Suid-Afrika te verkry (2001:12). Inligting oor en insae in die nuutste huismodes is deur middel van koerante en tydskrifte (Viney 1987:16) en patroonboeke ingewin (Bowen 2001:129). Kuijers wys daarop dat *prevailing taste and fashions* saam met goedere ingevoer is (1980:112). Die modes en voorkeure is volgens Lewcock en Bowen (2001:13) nie korrek geïnterpreteer deur die koloniale volgelinge daarvan nie, en het uiting gevind in wat Lewcock noem 'n *unrestrained display of material culture* (1963:3). Lewcock verwys ook in afkeurende terme na die *rising flood of middle-class display* waardeur die middelklas volgens hom toegang tot die hoogste sosiale orde probeer koop het (1963:337).

Bowen en Lewcock is van mening dat hierdie vertoon nie 'n aanvaarbare aanduiding van klas was nie, en dat die manier waarop die welvaart vertoon is, in werklikheid dikwels die teenoorgestelde effek gehad het deurdat die hoër middelklas dit beskou het as swak smaak en dat dit juis 'n gebrek aan klas tentoongestel het. Die manie om die hoër klasse na te volg, soos dit in Engeland ontstaan het, is ook nie in Suid-Afrika getemper deur die norme van 'n gevestigde samelewingstruktuur, waaronder die tipies-Britse terughoudendheid, nie. Die *nouveaux riches* is dus, ten spyte van hul pogings tot sosiale aanvaarding, nie sosiaal gedefinieer deur dit wat hulle materieel besit het nie, maar wel deur hul gebrek aan die korrekte sosiale etiket, opvoedkundig en esteties gesproke; kortom, geld kon nie klas koop nie (Bowen 2001:12-13; Lewcock 1963:3). Lewcock wys verder daarop dat goeie smaak tydens die Victoriaanse era by uitstek 'n intellektuele kwessie was, soos te begrype in die lig van die Verligting en die sogenaamde *Age of Reason* (1963:3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Viney is egter van mening dat daar weens die nuwe omgewing met nuwe omstandighede heelwat groter mobiliteit tussen die sosiale klasse in Suid-Afrika was as in Engeland (1987:14) en Fransen wys ook op die meer genuanseerde maatskaplike stratifikasies ná die Britse besetting (1981:95).

Tydgenootlike argitekte se opinies ondersteun Lewcock en Bowen se oogpunte. John Parker vaar in 'n toespraak wat hy in 1907 voor die Cape Institute of Architects gehou het, uit teen die *showy, vulgar and often hideous structures* wat gedurende die ekonomies-voorspoedige jare tussen 1898 en 1903 opgerig is, *which show a lack of taste and all knowledge of architectural design* (1907:133). Ander argitekte deel sy opinie. Smith verwys na die *commonplace type* [of architecture] *to which unfortunately a large proportion of the community has been wedded*. Hy noem 'n punt wat geen ander argitek as rede vir die sogenaamde swak werk noem nie, naamlik dat daar die voorafgaande vier of vyf jaar (voor 1904, dus as gevolg van die Anglo-Boereoorlog) 'n groot tekort aan arbeid en boumateriaal ondervind is en dat die bouers gedwing was om dit wat beskikbaar was, te gebruik (1904:56). Sy punt is dus dat die voorkoms van die geboue nie noodwendig die smaak van die tyd weerspieël nie. Daar is ongelukkig geen illustrasies wat sy punt illustreer nie, dit is dus nie moontlik om te weet presies waarna hy verwys nie.

'n Ander belangrike faktor was dat aflewerings vanaf Engeland dikwels laat was, wat tot frustrerende vertragings gelei het. 'n Mens kan aanvaar dat daar dan weens tydsdruk materiale gebruik is waarvoor daar nie oorspronklik beplan was nie, soos Baker wat verplig was om sinkplaat as tydelike maatreël op The Woolsack te gebruik toe die dakteëls wat hy bestel het, nie betyds opgedaag het nie (Bowen 2001:89).

Howard wy ook 'n paragraaf aan wat hy noem *a degenerate style, whereby all rules of design were ignored for the sake of originality* (1907g:214). Ongelukkig is hier ook geen illustrasies ter toeligting van die spesifieke punt nie.

In Engeland was die situasie in verband met gietyster (waarteen die argitekte dit hoofsaaklik gehad het, as een van die belangrikste voertuie vir materiële vertoon) dat dit aanvanklik, veral in die eerste paar dekades van die negentiende eeu, gewild was. Die ontwerpe was in daardie stadium relatief sober. Teen die 1870's het die ontwerpe meer uitbundig geraak, en argitekte het toenemend teen die gebruik van die materiaal begin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

betoog (Gloag & Bridgwater 1948:279-281). Suid-Afrikaanse argitekte sou bewus wees van die strominge in Engeland en dus ook daardeur beïnvloed word.

Lewcock en Bowen se opinies is waarskynlik gedeeltelik gevorm deur die menings van die argitekte van die dag. Volgens Gloag en Bridgwater was die Engelse argitekte se weerstand teen gietyster gebaseer op estetiese oorwegings, en ook op die feit dat die vervaardigers self [en nie argitekte nie] die argitektoniese elemente ontwerp het (1948:280). Hy wys pertinent daarop dat hierdie houding van argitekte die aanwending van gietyster in talle projekte verhinder het. Hierdie is 'n belangrike faktor, wat dui op die onsigbare maar deurslaggewende rol wat die argitek as openbare meningsvormer gespeel het. Die feit dat voorafvervaardigde gietyster (sowel as ander elemente) uit katalogusse bestel kon word, het die bouer of eienaar in staat gestel om sy huis uit 'n katalogus te ontwerp, en om sodoende die dienste van die argitek te systap, vandaar dus die argitekte se teenkanting.

Jaggard, 'n Suid-Afrikaanse argitek, se opinies onderskryf die bostaande. Hy maak 'n aantal negatiewe opmerkings oor die stand van argitektuur aan die Kaap in 1907, en verwys onder meer na *showy exterior* en *so-called beauty*. Hy wys egter ook daarop dat die korrekte aanwending van goedkoper materiaal wel 'n bevredigende eindresultaat kan hê *when used appropriately* (1907:54). Hy gaan nie in op presies wat *appropriately* sou behels nie, maar sy hele betoog is gewy aan die noodsaaklikheid daarvan om 'n gekwalifiseerde argitek vir 'n bouprojek in diens te neem; die afleiding is dus effektief te make dat sy bedoeling sou wees dat 'n argitek wel daardie insig sal besit.

Howard, Parker en ander argitekte maak melding van wat hulle noem goeie werk wat die voorafgaande paar jaar (dus die eerste paar jaar van die twintigste eeu) gedoen is. Daar word waarskynlik verwys na argiteksontwerpte geboue in die soberder Eduardiaanse styl, wat beklemtoon dat die argitekte se doel met hul uitsprake was om hul eie rol en posisie in die samelewing te propageer. Hulle het die snobisme van die middelklas tot hul eie voordeel uitgebuit deur openbare smaak subtiel in hul guns te manipuleer. 'n Groot gedeelte van die liggelowige en rigtingsoekende publiek, wie se hoofdoel was om in pas met die mode te wees, het hul waarskynlik deur die opinies van hierdie argitekte laat beïnvloed.

Die afname in gewildheid van gietyster in Engeland, gedryf deur die argitekte se subtiele maneuvrering van openbare opinie, was 'n leidende oorsaak van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling van koloniale markte deur die vervaardigers vir wie se produkte daar nie meer 'n voldoende plaaslike mark was nie.

Dit is dus 'n moontlikheid dat die reaksie teen gietyster min te make het met die werklike kwaliteite daarvan, maar meer met die gewaande kwaliteite wat deur argitekte daaraan toegedig is. Dit is wel so dat sommige argitekte in Suid-Afrika agente vir hierdie en ander materiale was, maar hier te lande het die gety eers teen die end van die eeu teen gietyster gedraai. Sekere argitekte het dus vir ongeveer 25 jaar voordeel getrek uit hul kommersiële verbintenis met die smederye.

Lewcock en Bowen se verwysings na tipies-Britse terughoudendheid strook ook nie met die oordaad van ornamentasie wat in hul interieurs, meubels en gebruikartikels aan die orde van die dag was nie.

Hoe dit ookal sy, Suid-Afrika se nuwe rykes het hulle in die laat 1800's oorgegee aan 'n ongebreidelde boumanie. Howard stel dit selfs dat *business people seem to have gone mad,* en *No one wished to be outdone* (1907a:140). Hy maak spesifiek melding daarvan dat die entrepreneurs nie slegs hul besighede opgekikker het nie, maar die meeste aandag en tyd aan hul wonings bestee het, waar die kompetisie intens was (1907f:212). Dit was ook die geval in Engeland: *the most passionate concern of the age was reserved for that most elementary unit, the home* (Jenner 1988:212).

Die opkomende middelklas se navolging van die nuutste modes het in baie gevalle gelei tot die verlies (sloping) van voorbeelde van die inheemse boutradisies, waar *modegrille die waardige eenvoud verdring het* (Fagan 2008:1). Howard maak ook melding van die sloping van ou bakens in die stad ter wille van sogenaamde vooruitgang (1907f:212).

In dieselfde tydperk het voorstede ook ontstaan, waarheen die welvarendes, net soos in Engeland, begin wegtrek het uit die stadskern (Howard 1907a:140). Dit was die aanvaarde gebruik vir gegoede burgers om uit te wyk na die voorstede. Die plasing van die huis so ver uit die stad as moontlik en op so 'n groot erf as moontlik het, benewens die werklik fisiese behoefte van ontvlugting, dus tot 'n groot mate ook gespruit uit die sosiale behoefte aan statuserkenning.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.3.2.3 Die rol van gevestigde boutradisies

Sekere van die aanvaarde norme en vorms waaraan Engelse Victoriaanse residensiële argitektuur voldoen het, is na Suid-Afrika oorgeplaas en nagevolg; andere is vir verskeie redes wat alreeds genoem is, nie nagevolg nie.

Georgiaans

Die Georgiaanse boustyl het nog lank ná die troonbestyging van Victoria gewild gebly; in Suid-Afrika sowel as in Engeland. In Engeland is dit merendeels vir behuising van die laer stande aangewend, terwyl dit in Suid-Afrika dikwels vir die wonings van die deftiges gebruik is. Viney wys daarop dat die gewildheid van die Georgiaanse *invoere*, soos hy dit stel (bedoelende die styl wat uit Engeland ingevoer is), vir ten minste 'n halwe eeu ná die Britse besetting nog gebruik is, maar dat die gewildheid daarvan toenemend getaan het en dit uiteindelik nie die dramaties-veranderende leefstyl wat die nuwe orde teweeggebring het, kon oorleef nie (1987:14).

Die Georgiaanse styl het in Engeland teen 1840 gewildheid begin verloor, maar is in Suid-Afrika minstens nog twee tot drie dekades daarná gebruik. Behalwe vir die feit dat Suid-Afrika weens die stadige kommunikasietempo van daardie era normaalweg sowat tien tot twintig jaar "agter" Engeland was wat tendense betref het, is die relatiewe armoede van die kolonie die grootste bydraende faktor tot die langdurendheid van die Georgiaanse boustyl (Radford 1979:288).

Asimmetrie

Asimmetrie was een van die aanvaarde norme waaraan Victoriaanse residensiële argitektuur voldoen het. Die sogenaamde *cottage orné* het 'n groot rol gespeel in die popularisering van asimmetrie (Hitchcock 1971:353; Radford 1984:32), waar die beskeie arbeiderswoninkie verhoogde status verkry het as die woning van 'n middelklasgesin, 'n plattelandse ontvlugtingsplek van die rykes of 'n werkerswoning in 'n modeldorpie.

Hoewel die fasades van beide lande se huise oorwegend asimmetries is, lê die grootste verskil tussen die fasades in Suid-Afrika en Engeland in die feit dat die Engelse huis met 'n smal vooraansig na die straat front en normaalweg as deel van 'n lang ry soortgelyke huise voorkom, terwyl die Suid-Afrikaanse huis meestal 'n breë straatfront het en as enkel gebou voorkom. Die rede hiervoor is weer eens die gebrek aan ruimte in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engelse stede, waar die erwe normaalweg lank en smal is, terwyl huise in Suid-Afrika met die lang kant na die straat lê (Fransen 1981:22).

Asimmetrie word hoofsaaklik bewerkstellig deur middel van erkers en/of een of meer projekterende vleuels. Hoewel die fasade van sommige huise wel simmetries is, is die grondplan steeds onreëlmatig, soos in die geval van huise met twee uitgeboude stoepkamers of erkervensters, met 'n oordekte veranda tussenin (sien fig.5-49).

Errnstige pogings om die reëlmatige grondplan van die streng simmetriese Georgiaanse boustyl uit te daag en te vervang deur die nuwe modes, is eers teen die 1870's aangewend. Aanvanklik het dit (in Suid-Afrika) plaasgevind deur middel van akkresies aan die basiese reghoekvorm, sodat die ontwikkeling beskou kan word as evolusionêr eerder as revolusionêr (Radford 1979:286). Sinkplaat het 'n groot rol in hierdie proses gespeel deur die relatiewe gemak waarmee sulke aanbouings met sinkplaat gedoen kon word. 'n Verdere ontwikkeling, naamlik 'n sinkplaataanbousel wat die hele lengte van die gebou loop, het die voordeel gebied van verminderde sirkulasie in die besigste areas en ook verhoogde privaatheid (Radford 1979:290), 'n belangrike aspek van Britse kultuur.

Victoriaanse middelklashuise in Engeland kon normaalweg weens die ruimtegebrek nie op dieselfde manier uitgebrei word as in Suid-Afrika nie. Die buitelyn by hierdie huise moes steeds inpas binne die reghoekige of vierkantige ruimte wat beskikbaar was, aangesien daar selde genoeg onbeboude grond rondom die huise was vir uitbreidings onder die daklyn uit. Hierdie opmerking geld nie vir die tipiese krotbuurte, waar elke moontlike ruimte oordek is nie.

Ornamentasie

Die oordadige ornamentasie van huise was een van die groot onderskeidende faktore tussen Suid-Afrikaanse en Engelse Victoriaanse argitektuur. Die liefde vir ornamentasie het grootliks gepaardgegaan met die behoefte om nuutgevonde welvaart op visuele wyse uit te beeld en te beklemtoon.

Die nuwe middelklas wat tydens die Victoriaanse era na vore gekom het, het nie die selfversekerdheid van die adelstand gehad nie, en moes hul weg voel deur 'n onbekende sosiale landskap. [They] *had not the benefit of the aesthetic hothouse of inherited wealth*¸ soos Gabriel dit stel (1969:4). Die Victoriaan se *almost innate* […] *love of*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

richness (Radford 1979:310), was in werklikheid in navolging van die mode, soos deur die gemeenskap voorgeskryf.

Ten spyte van die menings wat deur sommige skrywers gelug is dat Suid-Afrikaners nie versiering korrek begryp en aangewend het nie, kan daar tog op tallose voorbeelde van ewe oordrewe voorbeelde van ornamentasie in Engeland gewys word. Daar kan byvoorbeeld beswaarlik 'n meer oordadig-versierde eksterieur as dié van Wightwick Manor in Wolverhampton (gebou 1887 tot 1893) ingedink word (fig. 6-6). Ten opsigte van interieurinkleding en -toebehore het die Victoriane van Engeland soms heeltemal oorboord gegaan, en hulle entoesiasme vir versiering was dikwels ten koste van funksionaliteit en estetika, soos veral in porselein en erdeware tot uiting gekom het (fig. 6-7).

Die fasade van 'n gebou maak die grootste impak en daarom is dekoratiewe argitektoniese elemente hoofsaaklik daar gekonsentreer (Bowen 2001:43). Versiering soos rustiekwerk is ook dikwels slegs op die voorkant van die gebou aangebring, en is nie op die agterste hoeke herhaal nie, of het dikwels nie eens om die hoek gestrek nie (fig. 6-8). 'n Tydgenootlike kommentator het daarop gewys dat die voordeur die fokus van versiering was en sy verbasing daaroor uitgespreek dat die mense bereid is om interne gerief in te boet ter wille van uiterlike vertoon (Jaggard 1907:54). Radford wys tereg daarop dat die manie tot oordadige ornamentasie die uiterlike manifestasie van sosiale en kulturele kragte is wat op die argitektuur en die beoefenaars daarvan uitgeoefen is 1979:310).

Volgens Picton-Seymour speel hierdie ornamentasie funksioneel of struktureel gesproke geen rol nie, maar is dit *mere trappings to give a building a familiar appearance, a concession to public opinion* (1977:1). In ooreenstemming daarmee argumenteer Kuijers dat die stylherlewingstendens, wat ten grondslag lê van die aanwend van historiese vorme, 'n "bekledingskuns" is, soos hy dit noem, en dat *uiterlike vormgewing primêre aandag ontvang het en dat die rol van argitektoniese ornament sowel emblematies of simbolies as dekoratief was* (1980:118). Hy stem dus saam met Picton-Seymour dat die ornamentasie bloot oppervlakkig was en dat die voorkoms van die argitektuur (naamlik die stylherlewings) deur middel van bekende vorme en simbole mense laat tuis voel het in 'n vreemde wêreld, en dat die uiterlike vertoon aan hul behoefte van erkenning ten opsigte van prestige en posisie in die gemeenskap voldoen het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar kan nie aanvaar word dat die argitektuur van die tydperk sonder meer as minderwaardig verklaar word weens die bogenoemde redes nie. Hoewel die redes op die menslike kondisie of selfs menslike swakhede dui, is dit nogtans tekenend van 'n werklike tydsgees en toestand wat erkenning verdien. Dit het die hoogste geldigheid besit en 'n deurslaggewende vormende invloed uitgeoefen op die lewens van Victoriaanse burgers, veral van die middelklas wat sosiaal gesproke geen voorlopers gehad het waarop hulle gedrag gemodelleer kon word nie. Hulle uitweg was om op te sien na die sosiale stand bo hulle, en te poog om dit te emuleer, in 'n ewigdurende poging tot selfverbetering, wat op sigself nie 'n negatiewe karaktertrek is nie.

Bykomend tot bostaande argument, kan daar genoem word dat versiering deur al die eeue heen 'n intrinsieke deel van argitektuur uitmaak, en selde werklik funksioneel is. Pilasters op Neo-Klassieke geboue, of die uiterlike vorm van 'n Kaaps-Hollandse gewel kan as enkele voorbeelde genoem word. Pilasters dien geen doel behalwe versiering nie, en hoewel gewels 'n strukturele doel dien, is die sierlike vorm daarvan nie pertinent tot die funksie nie. Die drang tot versiering kenmerk dus die argitektuur van alle tye, en die kritiek op die Victoriaan se drang tot versiering kom dus voor as ongegrond en bevooroordeeld, hoewel die kritiek dikwels eerder gemik is op die oordadigheid van die versiering eerder as die feit van die versiering self. Oordadigheid is ook 'n subjektiewe term, wat sal wissel volgens die tydsgees.

Die neiging om die Victoriaan se argitektuur te kritiseer, mag ook dikwels 'n geval van napratery wees, waar minder gevestigde kommentators versigtig is om van hoogs-gerespekteerde kenners te verskil. Lewcock verwys in neerhalende terme na die argitektuur van die Victoriaanse era en noem dit onder meer *superficial style at the expense of essentials* (1963:337). Kuijers noem die resultaat van vervictorianisering *geboue wat die naam argitektuur nie werd is nie.* Hy verwys ook na die *minderwaardige estetiese kwaliteite in massavervaardigde boukomponente* (1980:98). Ander kommentators volg hierdie voorbeeld.

Hierdie beweging om argitektuur wat met massavervaardiging geassosieer is, as minderwaardig te beskou, het ontstaan met die opinies Ruskin, en is voortgestu deur die Arts & Crafts-beweging, met Morris en sy geesgenote se veldtog teen alles wat die Victoriaanse leefwyse en boustyl tot in die laat 1800's getipeer het. Latere kommentators het geen geleentheid laat verbygaan om aan die wêreld te toon dat hulle in pas met en op hoogte van die nuutste idees en sienings was nie, en het Ruskin en Morris se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sentimente verder die wêreld ingedra. Onder meer verwys ook Howard na "moderne" geboue in Kaapstad as *none of them* […] *worthy of much note* (1907c:180).

Die mate waartoe 'n ander tydsgees en wêreldsiening so 'n uitgangspunt kan beïnvloed, is in die huidige tydsgewrig sigbaar, waar sogenaamd oordadig-versierde Victoriaanse huise hoogs gesog is. Die geboue word wetlik beskerm, en weens die hoë pryse wat dit behaal en die hoë koste van onderhoud, word eienaars dikwels verplig om hul finansiële insette te verhaal deur die geboue vir kommersiële gebruik, soos gastehuise, restaurante, koffiewinkels en boetiekhotelle aan te wend. Die assosiasie daarvan met weelde, luuksheid en tradisie word dikwels geëksploiteer in die bemarking van die onderneming. Enkele voorbeelde is die Robertson's Small Hotel in die Wes-Kaapse dorp Robertson, ingerig in 'n kleinerige Victoriaanse huis met al die tipiese kenmerke soos erkervenster, daktorinkie, rustiekwerk en veranda. Woorde soos *quaint* en *rich with character* word in die promosiemateriaal gebruik (www.therobertsonsmallhotel), terwyl Foster's Manor in Oudtshoorn voornemende kliënte trek met *the elegance of a bygone era* (www.fostersmanor). Foster's Manor is ingerig in 'n tipiese "volstruispaleis". Hierdie is slegs enkele van tallose voorbeelde.

In die woonbuurte rondom Kaapstad het bewustheid van die waarde van Victoriaanse geboue ook al in die vroeë 1980's begin posvat. Meer as 20 huisies in Wynberg is byvoorbeeld reeds in 1981 tot nasionale gedenkwaardighede verklaar (Martin 2007:15). Teenoor die 34 geboue wat gedurende die hele dekade van die 1970's tot nasionale gedenkwaardighede verklaar is, is 232 geboue vanaf 1980 tot 1995 verklaar; feitlik almal uit die Victoriaanse era (Martin 2007:16).

Die insluiting van Victoriaanse geboue by die identifikasie van stedelike bewarings-areas en die opstel van bewaringsriglyne met die doel om ook Victoriaanse argitektuur te bewaar, byvoorbeeld in die Theewaterskloof-munisipaliteit (De Gois & Van Zyl 2009) en die Klein Karoo (Fransen 2006b), dien as verdere bewys daarvan dat die intrinsieke waarde van Victoriaanse argitektuur, as 'n visuele simbool van 'n tydsgees, ingesien word en konkrete pogings aangewend word om dit te bewaar.

Gietyster

Gietyster was een van die hoofmetodes van versiering wat die Victoriane in Suid-Afrika aangewend het. Dit het wel ook in Engeland voorgekom, maar nie naastenby op dieselfde skaal as in Suid-Afrika nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Victoriaanse veranda was die primêre voertuig vir die vertoon van versieringselemente, en aangesien die stoep as bou-element nie prominent figureer in Victoriaanse argitektuur in Engeland nie, is dit vanselfsprekend dat daardie metode van vertoon dan sal wegval.

Die algemeenste plekke waar yster by 'n huis in Engeland voorgekom het, is as relings wat die huis van die straat skei in die gevalle waar daar wel ruimte vir 'n voortuin was, en ook as 'n veiligheidsmaatreël by die half-ondergrondse kelderverdieping. Vanaf die 1870's het metaalrelings minder algemeen geraak, onder meer weens die uitfaseer van kelderverdiepings en die gewildheid van die Queen Anne-styl, wat lae muurtjies met wit houtheinings voorgeskryf het (Yorke 2005:112). Die gietysteromheinings was gewoonlik in 'n eenvoudige styl, blote regop paaltjies met relatief eenvoudige versierings op die punt (fig. 6-9).

In Suid-Afrika was die half-ondergrondse kelderverdieping baie skaars. Howard maak melding van so 'n gebou wat in Kaapstad gestaan het (1907b:156) en Lewcock beeld 'n voorbeeld in Grahamstad af (1963:311) (fig. 6-10).

Relings op stoepe was 'n algemene gesig in Kaapstad vanaf die Georgiaanse periode. Volgens Lewcock was relings in die Hollandse tyd feitlik onbekend en is dit ook nie op alle stoepe aangebring nie, aangesien die meeste stoepe nie hoog was nie en dus geen beskermende reling nodig gehad het nie (1963:101-102). Merrifield beskryf die relings as *simple but effective wrot* [sic] *iron railings* (1928:8). Howard verwys ook daarna as *good old colonial wrought iron* (1907b:155). Hieruit blyk dit duidelik dat die relings van smeeyster was, en nie van gietyster nie.

Howard beweer dat daar geen invoere van gietysterware na Suid-Afrika voor die middel van die 1870's was nie (1907d:194). Bowen noem ook dat Britse vervaardigers eers teen die 1880's die koloniale markte begin eksploiteer het in reaksie op die tanende plaaslike mark (2001:85). Volgens Lewcock is relings van gietyster "waarskynlik" alreeds vanaf die tweede dekade van die negentiende eeu in Suid-Afrika gebruik (1963:108). Hy noem onder meer dat daar in 1818 tydens die herbou van die Lutherse kerk in Kaapstad gietysterhandrelings *of apparently English origin* in die kerk geïnstalleer is, en verwys ook na verskeie ander geboue uit dieselfde tydperk met ingevoerde gietysterrelings (1963:77). Dit wil dus voorkom asof gietyster reeds voor 1870 op beperkte skaal na Suid-Afrika ingevoer is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gebruik van gietyster het ná ongeveer 1875 op ongekende skaal toegeneem. Dit was natuurlik enersyds te danke aan die nuwe ekonomiese welvaart wat die invoer van modieuse items gestimuleer het, wat saamgeval het met 'n afname in die gewildheid van gietyster in Engeland, sodat Britse vervaardigers gretig was om die koloniale markte te ontwikkel (Bowen 2001:80). Herbert noem dat die Suid-Afrikaanse mark belangrik was vir MacFarlane's, en dat hul katalogusse in argitekskantore dwarsdeur die land te vinde was (1978:182).

'n Ander bepalende omstandigheid wat Bowen noem, is dat Kaapstad eers in 1873 'n hawe gekry het wat swaar goedere kon hanteer (2001:9). 'n Verdere belangrike faktor was die feit dat sekere argitekte agente vir die vervaardigers van voorafvervaardigde elemente was. Die argitek Charles Freeman was byvoorbeeld 'n agent vir MacFarlane's Foundry, en die oorweldigende gewildheid van hierdie items is deels te begrype in die lig van die finansiële voordeel wat dit vir die argitekte ingehou het om die gebruik daarvan aan te moedig (Bowen 2001:80; Kuijers 1980:112).

Bowen haal skrywers aan wat beweer dat gietyster se assosiasie met meganisering altyd negatief ingewerk het op die gebruik daarvan in Engeland, en dat dit altyd as die goedkoop en minderwaardige alternatief vir smeeyster beskou is. Dit is moeilik te begrype in die lig van die gretigheid waarmee ander alternatiewe, goedkoper metodes soos rustiekwerk op hoeke wat klip naboots, terracottaversierings wat uitgekerfde klip naboots, gepleisterde mure waarop strepe getrek is om klipmure na te boots, gegreineerde hout- en marmerafwerkings en talle voorbeelde van nagemaakte gebruiksartikels aangegryp is.

Die *faux*-mode was inderdaad 'n reusebedryf wat allerweë aanvaarbaar was. Brooks se kommentaar som die situasie op: *People want to have things appear costly, but to come cheap, and in order to ratify their unreasonable humours, several ingenious persons have set their wits to work, and invented a variety of artificial substances and compounds, […] and some of them imitate so perfectly as to be equally beautiful* (1852:25). Uit hierdie aanhaling blyk dit duidelik dat die vervalsingstendens aanvaarbare praktyk was, en Brooks som die rede daarvoor sonder omhaal van woorde op as gebore uit die begeerte om in die mode te wees sonder om 'n hoë prys daarvoor te betaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Loudon se aanbeveling dat gietyster geverf moet word om soos eikehout te lyk (1833:318), versterk tegelyk die aanvaarding van die *faux*-tendens sowel as die weerstand teen gietyster. Die ironiese situasie ontstaan dus dat vervalsing (*faux*-verftegniek) van die vervalsing (gietyster as vervalsing van smeeyster) aanvaarbaar is, maar nie die vervalsing self nie. Gietysterversierings kom ook wel in Engeland voor wanneer die geleentheid hom voordoen. 'n Soektog deur talle publikasies oor argitektuur het enkele voorbeelde van die gebruik van dekoratiewe gietyster aan die lig gebring, onder meer die hoogs-versierde omheining van die Treworgey-kloktoring (fig. 6-11). Die enigste werk wat meer as een voorbeeld van dekoratiewe gietyster bevat, is die werk van Gloag en Bridgwater, wat spesifiek op gietyster in die boubedryf fokus. Volgens hulle is gietyster hoofsaaklik as strukturele element in bouwerke gebruik. Hoewel gietyster-elemente sedert die vroeë 1800's algemeen in Engeland gebruik is, veral vir balkonbalustrades en omheinings, het dit 'n sober voorkoms (sien fig. 6-9), en kom die bekende *broekiekant* soos dit in Suid-Afrika aangetref word, selde voor. In hulle omvangryke werk van 395 bladsye beeld Gloag en Bridgwater altesaam vier voorbeelde van hoogs dekoratiewe gietyster af, waarvan twee in Bristol is, en al die voorbeelde is van balkonbalustrades (1948:121, 280-282).

Dit wil dus voorkom asof die feit dat die Britse argitektuur bloot nie die vertoonkapasiteit van die Suid-Afrikaanse argitektuur gebied het nie, 'n aanneemlike (gedeeltelike) verklaring vir die gebrek aan versiering van geboue is. (Die ander rede is die invloed van die argitekte.) Die Britse argitektuur ontbeer die stoep met sy dakrand en stutpale wat by uitstek die moontlikheid tot vertoon in Suid-Afrika gebied het. Die stoepe wat onder meer by Port Sunlight voorkom, is egter nie oordadig versier nie, en die verklaring daarvoor moet waarskynlik gesoek word by tradisie, naamlik dat die Britte weens die skaarste aan stoepe geen tradisie van ryklike stoepversiering gehad het soos wat in die kolonies ontwikkel het nie.

Gietyster se gewildheid het rondom die draai van die eeu begin taan, onder die invloed van die nuwe denkrigting, naamlik die Arts & Crafts, soos deur Baker gepopulariseer en uitgeleef in sy werk. Dit is bekend dat Baker weggeskram het van oordadige versierings en dit selfs *offensive* genoem het. Hy het onder meer gietysterpilare so ver moontlik vervang deur *substantial granite pillars* (Picton-Seymour 1977:88).

'n Ander gietysterelement wat algemeen in Suid-Afrika voorgekom het, is blykbaar selde in Engeland gebruik, naamlik ryklik-versierde, bedrukte gietysterplafonne.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Muthesius bevestig dat dit selde in Engeland aangewend is, en dat daar altyd op neergesien is as minderwaardig en nie in goeie smaak nie (1979:174). In die *Mason's, bricklayer's, plasterer's and decorator's practical guide* van 1862 is daar 'n hele afdeling oor plafonne, met tekeninge van ontwerpe vir plafonversierings (1862:257-260), met geen melding van bedrukte staalplafonne nie. Dieselfde situasie geld waarskynlik hier as met ander gietysterversierings, naamlik dat die argitekte grootliks verantwoordelik is vir die weerstand teen die gebruik van die materiaal.

Gietysterversierings op Suid-Afrikaanse huise is skaars in die huidige tydsgewrig weens die feit dat talle van die groot herehuise, veral in die stedelike gebiede, onder druk van ekonomiese en ruimtelike faktore onekonomies geraak en die eiendomme mettertyd onderverdeel en die geboue gesloop is (Bowen 2001:93). Hierdeur het sommige uitstekende voorbeelde van gietyster verlore gegaan.

'n Gesuggereerde rede vir die nie-voorkoms van gietyster in Engeland is dat die owerhede, veral in Londen, burgers blykbaar tydens die Tweede Wêreldoorlog versoek het (en in sommige gevalle gedwing het) om hul gietysteromheinings te verwyder en aan die stad te skenk vir hersirkulasie as wapentuig vir oorlogsgebruik. Hoewel dit blykbaar van owerheidweë nooit amptelik erken is nie, is daar oortuigende anekdotiese getuienis daarvoor, onder meer foto's van werkers wat omheinings verwyder (fig. 6-12), en talle mense wat dit nog uit hul kindertyd onthou. Omheiningsmure met die afgesaagde stompies van relings daarop, is ook 'n bekende gesig oral in Londen (fig. 6-13). 'n Inskrywing op die *Secret London*-webtuiste lees: *They took away our railings. Men came and cut the ornamental railing from the copings on the little walls outside of the houses, along the whole length of the road, they were taken away to be melted down to make weapons* (www.secretlondon). Hierdie is slegs een van talle soortgelyke getuienisse, en dit blyk ook dat die mense in hierdie spesifieke geval nie 'n keuse in die saak gehad het nie.

Aangesien die kwaliteit van die yster wat in gietyster gebruik word, egter nie geskik was vir wapentuig nie, is die oorgrote meerderheid van hierdie gietysterrelings blykbaar in die Thames gestort, volgens getuienis van persone wat in daardie jare op bote op die Thames gewerk het. Daar was sulke groot hoeveelhede yster dat dit selfs bote se kompasse geaffekteer het, sodat 'n spesiale navigator nodig was om die bote tussen die stapels yster op die bodem deur te stuur. Die yster is blykbaar ook as ballas vir skepe gebruik (www.secretlondon).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kenners is steeds verdeeld oor die kwessie of hierdie bewerings die ware toedrag van sake is al dan nie (Dungavell 2012:epos), waarskynlik as gevolg van die feit dat die owerhede nooit die situasie amptelik bekendgemaak of erken het nie. Oor die redes vir die verwydering van die yster word daar ook wyd bespiegel, met die gewildste verklaring dat dit 'n reuse openbare betrekkinge-poging was, met die doel om mense te laat saamstaan om een gemeenskaplike doel en teen die gemeenskaplike vyand (www.secretlondon).

Daar moet op gewys word dat die omheinings waarna hier verwys word, steeds nie die uitermate dekoratiewe tipe is wat in Suid-Afrika aangetref word nie. Die foto's vertoon meestal eenvoudige, onversierde relings.

Terracotta

Hoewel Parker in sy toespraak melding maak van die toenemende gebruik van terracotta (1907:133), was dit nooit algemeen in Suid-Afrika nie, veral nie op residensiële argitektuur nie. Bowen bespiegel dat dit toegeskryf kan word aan die feit dat terracotta normaalweg op ongepleisterde baksteengeboue gebruik word en dat, aangesien woonhuise in Suid-Afrika oor die algemeen afgepleister was, daar dus geen logiese plek vir die aanbring van die terracotta-versierings was nie. Sy wys ook daarop dat daar blykbaar 'n skaarste daaraan was in Suid-Afrika, aangesien daar slegs een plaaslike vervaardiger was. Sy kon geen verdere inligting oor hierdie vervaardiger kry óf enige bewyse dat sy produkte ooit op Suid-Afrikaanse argitektuur gebruik is nie. Terwyl daar so 'n groot aanvraag na terracotta in Engeland was, was daar vir die Britse firmas ook min aansporing om uit te voer (Bowen 2001:104-110).

'n Opmerking van Howard werp verdere lig op die kwessie. Hy noem naamlik dat hy persoonlik nie ten gunste van die materiaal is nie, wat nog 'n voorbeeld is van die belangrike rol wat die argitek se voorkeure in die gebruik van sekere materiale en style gespeel het (1907g:212).

Gewels

Victoriaanse huise in Suid-Afrika het feitlik sonder uitsondering spitsgewels. In Engeland het talle geboue wel gewels (hoewel nie almal nie), maar aangesien die meerderheid geboue drie en meer verdiepings hoog is, maak dit nie so 'n direkte visuele impak nie, soos in fig. 6-14 geïllustreer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Benewens die stoep, is die ander baie algemene oppervlak vir die aanbring van versierings die gewelveld (Kearney 1973:53), wat versier is met sierlike windvere, lugrooster en spitsversierings. Hierdie elemente word ook op huise en ander geboue in Engeland aangetref, hoewel nie so oordadig dekoratief nie (Hughes Julie 2013: epos). Die hoogte van die gebou speel in hierdie geval dieselfde rol by die visuele impak wat die versierings maak, sodat die gewel en sy versierings as geheel nie so 'n onmiddellik herkenbare element van Victoriaanse argitektuur in Engeland soos in Suid-Afrika is nie.

Die gewel het, in 'n ander gedaante, 'n belangrike rol gespeel in die Kaaps-Hollandse herlewingstyl, waar die Kaaps-Hollandse gewel een van die integrale elemente van die styl uitmaak. Dit word hieronder verder bespreek.

Afskaling van eienskappe

Gedurende die Victoriaanse tyd in Suid-Afrika word die tipiese elemente hierbo beskryf, aan huise op alle vlakke van die samelewingsleer aangetref, vanaf die deftigste tot die eenvoudigste, met die uitsondering van die heel deftigste herehuise, wat van individualiteit gespreek het.

Die huis het nie slegs die sosiale posisie van die inwoner weerspieël nie, maar ook die status waartoe hy aspireer. Elke klas in die sosiale hiërargie het die argitektoniese elemente van die klas bo hom probeer naboots, en dit kan duidelik by verskillende huise nagespoor word. Die skaal waarop versierings aangewend is, neem af in direkte verhouding tot die sosio-ekonomiese omstandighede van die bewoner, soos duidelik uit die volgende voorbeelde sal blyk:

Melrose-huis in Pretoria (fig. 6-15) dien as voorbeeld van die huise op die hoogste sosiale vlak in Suid-Afrika. Dit is 'n dubbelverdieping en vertoon al die tipiese elemente van 'n huis in die Victoriaanse styl. Daar is erkervensters, rustiekwerk op die hoeke en dekoratiewe lys- en pleisterwerk rondom die deure en vensters. Die erker strek oor twee verdiepings, en die sinkveranda, wat om drie kante van die huis strek, is versier met relatief-eenvoudige houtversierings. Hierdie tipe huise se verandas is dikwels ryklik versier, hoewel dit by Melrose-huis nie die geval is nie. Die veranda word van die tuin afgesluit deur 'n muurtjie met dekoratiewe gietysterbalustrade. Daar is verskeie hoogs-versierde gewels met dekoratiewe pleisterwerk in die gewelvelde. Die spits sinkdak het ornate nokversierings en sierlike dakventilators. Die meeste van die elemente is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bekroon deur spitsversierings. Polichromatiese aanwending van kleur beklemtoon die versierings, en die huis staan in 'n groot, romantiese tuin.

Die volgende voorbeeld, King's Court in Durbanville, is effens laer op die sosiale skaal (fig. 6-16). Dit is ook 'n dubbelverdieping en hoewel dit nie naastenby so groot is soos die tipiese herehuise van die Victoriaanse era nie, vertoon dit tog al die tipiese elemente. Daar is erkervensters, rustiekwerk op die hoeke en dekoratiewe lys- en pleisterwerk rondom die deure en op die erkervensters tussen die twee verdiepings. Die erker strek oor twee verdiepings, en die veranda is van sink en versier met broekieskant. Die balkon is met dieselfde gietysterwerk versier en het ook 'n dekoratiewe gietysterbalustrade. Die spits sinkdak het versierde windvere en spitsversierings. Ook opvallend is die struktureel-polichromatiese aanwending van kleur, en 'n sierlike omheining wat ten opsigte van kleurgebruik, dekoratiewe pleisterwerk en styl by die huis aanpas.

Die volgende huis, in Kollegestraat, Caledon (fig. 6-17), is heelwat eenvoudiger, en nogtans kom die meeste van die elemente hierbo genoem, ook voor, hoewel heelwat afgeskaal. Die huis is slegs 'n enkelverdieping en 'n tipiese skakelhuis. In die plek van die erkervensters is daar stoepkamers wat na vore projekteer. Die huis het ook rustiekwerk op die hoeke en dekoratiewe pleisterwerk om die vensters. Die aaneenlopende, gekurfde veranda rus op gietysterpilare wat met beskeie gietysterversierings versier is. Die spitsdak het spitsversierings en versierde windvere en hierdie huis vertoon ook 'n sierrooster in die punt van die gewel. Die huis is heelwat nader aan die straat geleë, maar die tuin word ook van die straat afgesluit deur 'n dekoratiewe omheining, hoewel heelwat eenvoudiger as dié van King's Court. Ook hier is die kleurgebruik struktureel-polichromaties.

Die laaste huis is ook in Kollegestraat, Caledon (fig. 6-18). Dit is ook 'n skakelhuis en verteenwoordig die laagste huisie op die skaal. Hoewel van die bostaande elemente steeds teenwoordig is, is dit heelwat meer afgeskaal. Hierdie huis is slegs 'n eenvoudige reghoek sonder projekterende stoepkamers of erkers. Die dekoratiewe pleisterwerk om die vensters is eenvoudige reguit bane, wat beklemtoon word deur polichromatiese kleurgebruik. Die sinkveranda rus op geboude pilaartjies. Die huisie sit reg op die straat, met geen sprake van 'n tuin nie, en 'n geboude stoepmuurtjie vorm terselfdertyd die grens met die straat. Reghoekige lugroosters is tussen die veranda en die dak van die huis aangebring. Die huisie aan die regterkant van die twee vertoon nog die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorspronklike stoep (wat by die linkerkantste huis later 'n muurtjie gekry het), sowel as die oorspronklike onversierde gietysterpale waarop die veranda rus. Hierdie vier voorbeelde illustreer die uitgangspunt van die Burden-model, en spesifiek na die CD-as wat voorsiening maak vir insluiting van die argitektuur van alle sosiale stande.

6.3.2.4 Sosiale kultuur

Die nasies van die Europese kontinent het 'n kultuur met 'n sterk sosiale inslag. Die mense woon in die stadskern, sosialiseer in openbare kuierplekkee en besoek saans vermaakplekke. Volgens Muthesius is die Britte se sosiale kultuur die teenoorgestelde. Die Engelsman woon so ver moontlik uit die stad en is bereid om heen en weer na sy werkplek te pendel, met die doel om saans in die boesem van sy gesin te wees. Dit dui op 'n soeke na ontvlugting uit die stad en 'n begeerte om 'n direkte skakel met die natuur te behou. Hy beweer die Brit *seek*[s] *his life's contentment nowhere but in his own house* (Muthesius 1979:69).

Muthesius het duidelik hier die middelklas persoon in gedagte, en nie die lid van die werkersklas, wat geassosieer word met 'n lewe ver verwyderd van hierdie ideaal nie. Die Britse werker word ten nouste met die tipiese Engelse *pub* geassossieer, en word nie oor die algemeen gesien as iemand wat ten alle koste tyd in die boesem van sy gesin wil deurbring nie. Hierdie aspek is reeds in hoofstuk 2 volledig bespreek.

Muthesius sien ook die tipies-Engelse liefde vir buitelug en sport as deel van hierdie soeke na 'n band met die natuur (1979:7). Hy is van mening dat die belewing van die natuur belangrik was as teenvoeter vir die ewigdurende nat en mistige Engelse weer, wat 'n dempende invloed op die menslike gees uitoefen (1979:11). Dit is ook die rede waarom tuine en eksterne ruimtes vir hulle so belangrik was (Muthesius 1979:115).

Gasvryheid

Die Hollanders is 'n gasvrye nasie, met dieselfde waardes en agtergrond as ander Europeërs soos hierbo deur Muthesius beskryf. Daaruit het onder meer voortgevloei die gewoonte aan die Kaap om op stoepe te vergader en te kuier, veral op someraande, iets wat talle tydgenootlike kommentators opgemerk het, onder meer Burchell (c.1953:54), Merrifield (1928:8) en Howard (1907a:139).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die situasie het in Suid-Afrika ontstaan dat die Britte hierdie sosiale gewoonte, wat nie in Engeland aan hulle bekend was nie, aangeleer het, 'n sprekende voorbeeld van die kruiskulturele beïnvloeding wat aan die Kaap plaasgevind het.

Hoewel die Britte wel die sosiale gebruik van kuier op stoepe aangeneem het, was hulle volgens Muthesius nie so gasvry en geneig tot uitspattige onthale soos die geval was op die Europese kontinent nie. Dit het die ontwerp van hul huise beïnvloed, in die sin dat groot onthaalareas nie as onontbeerlik in die huisontwerp beskou is nie (1979:70).

Weer eens anders as op die kontinent, was die gebruik van huisgaste wat vir 'n paar dae of langer by die gesin oorbly, een van die gewoontes wat die Britte getipeer het, dus is daar altyd vir ten minste een slaapvertrek vir gaste voorsiening gemaak. Die ontstaan van die gewoonte kan teruggevoer word na die adel se verblyf in herehuise op die platteland, waarheen huisgaste dikwels genooi is as teenvoeter vir die eensaamheid wat die gesin daar ondervind het (Muthesius 1979:93). In Suid-Afrika was daar wel ook sedert die vroegste tye die gebruik om oorslaapgaste te huisves, wat spruit uit die aanvanklike gebrek aan akkommodasie en lang afstande tussen plase. Mentzel maak onder meer melding daarvan dat Kaapse gashere alles in hulle vermoë doen om hul gaste van voedsel en drank te voorsien(1925:22).

Behoefte aan privaatheid

Die Britte se behoefte aan privaatheid het ook 'n merkbare invloed op die grondplanne van hul geboue uitgeoefen. Engelse vertrekke is apart en afgeslote, terwyl aanneen-geskakelde vertrekke die norm is op die kontinent, soos gesien by die Kaaps-Hollandse huis. Dit verklaar dus waarom die grondplan van die Kaaps-Hollandse huis en ander huise wat tydens die Hollandse era in Suid-Afrika opgerig is, uit aaneengeskakelde vertrekke bestaan, en vertrekke van mekaar afgeslote geword het onder invloed van die Britte (Muthesius 1979:79). Dit het onder meer ook gelei tot die verdeling van die tipies-Hollandse voorkamer in 'n gang of voorportaal met aangrensende ontvangsvertrek.

Patriotisme

Dit was vir die Britse regering belangrik om 'n sin van samehorigheid onder al die kolonies te bevorder as deel van 'n stelsel wat die Britse handel en nywerheid volhoubaar sou ondersteun. Om daardie rede is die waardestelsels en estetiese smaak van die "moederland" aktief in al die kolonies bevorder sodat alle koloniste dwarsdeur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die koloniale ryk op volgehoue wyse met Britse belange sou identifiseer. Hoewel die Britse koloniale stelsel primêr ekonomies, polities en administratief gedrewe was, het dit ook sosiale, kulturele en kognitiewe kenmerke vertoon (King 1976:26), wat betekenisvol op die onderskeie kolonies ingewerk het, wisselend volgens gelokaliseerde invloede (Bowen 2001:113).

'n Beduidende gedeelte van die Suid-Afrikaanse publiek wou deur middel van hul bouwerke hul affiliasie met Engeland vertoon; talle van hulle het steeds na Engeland verwys as *home* (Bowen 2001:44). Britse immigrante wou ook deur middel van die aanwending van hul eie argitektuur 'n meer bekende en dus gerusstellende konteks aan hul vreemde koloniale omgewing verleen (Bowen 2001:115).

Die persepsie het verder bestaan dat die kwaliteit van ingevoerde argitektoniese elemente uit Brittanje hoër was as dié van plaaslik-vervaardigde produkte, dus is voorkeur aan ingevoerde goedere gegee (Howard 1907g:212). Hierdie aspekte het 'n belangrike invloed op die vorming van die materiële kultuur van die verskillende kolonies gehad. Behalwe vir die feit dat die toestroming van immigrante uit Engeland getalle in die kolonies beduidend laat toeneem het, het die invloei van geskoolde vakmanne, argitekte en ander professionele persone verder daartoe meegewerk om die invloed van Brittanje lewendig te hou (Bowen 2001:115). Bowen wys daarop dat die wetgewers dikwels ook die handelaars was, wat hul eie belange beskerm het deur middel van hoë invoerbelasting op ingevoerde grondstowwe (wat plaaslike vervaardigers benadeel het) en 'n gebrek aan invoertariewe wat plaaslike bedrywe sou kon beskerm en dus laat toeneem (2001:135). John Rothes skryf van 1907 tot 1908 'n reeks artikels wat die beskerming en ontwikkeling van plaaslike industrieë bepleit, *if South Africa is ever to take a place amongst the great and prosperous Colonies of the British Empire* (1907a:232).

Die patroonboeke wat dwarsdeur die Britse kolonies gesirkuleer het en nagevolg is, is 'n verdere rede vir die onderliggende Britsheid wat in al die kolonies aangetref is (Bowen 2001:115). Die reisiger Lowndes, wat Suid-Afrika ter wille van haar gesondheid besoek het, maak in haar dagboek gewag daarvan dat Kaapstad vir haar bekend voorkom, dog terselfdertyd ook soos *England, America and Orientalism, all delightfully jumbled together* (1900:19). John Noble meen ook die geboue in Kaapstad *would not be considered out of place in many English cities* (1875:35).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die rol van argitekte

'n Laaste aspek wat die ontwikkeling van die Victoriaanse argitektuur in Suid-Afrika ten sterkste beïnvloed het, was die rol van die argitek. Daar is al ten opsigte van verskeie aspekte hiervan gewag gemaak. Argitekte is in die laat 1800's na Suid-Afrika getrek deur die werkspotensiaal wat die nuwe ekonomiese voorspoed ingehou het, en hoewel die argitek nie voorheen werklik deel gevorm het van die middelklas se waardestelsel nie, het dit mode geraak om die dienste van 'n argitek te gebruik (Picton-Seymour 1977:5).

Argitekte het die geleentheid aangegryp om hulself te promoveer deur die belangrikheid van hul beroep onder die publiek se aandag te bring. Talle tydgenootlike argitekte het 'n ietwat hovaardige houding ingeneem en hulself as die opvoeders van die publiek in terme van korrekte styl en goeie smaak beskou. Een van hulle was Howard, wat dit onomwonde stel dat die man op straat geleer moet word oor wat reg is en wat nie (1907e:196). Loudon het al in 1846 gepropageer: *Teach the young what architectural beauty is, and they will admire it; show them how it may be produced in their dwellings, and they will desire to possess it* (1833:2). Parker (1907:132) en Brooks (1852:iii) maak stellings in dieselfde trant.

Argitekte het dus hul wil subtiel (en minder subtiel) op mense afgedruk, met die onuitgesproke dreigement dat, gesien in die lig van die feit dat gewone burgers nie in staat sou wees om self oor dinge soos styl te besluit nie, verontagsaming van die argitek se advies mag lei tot sosiale ostrasisme. Om in pas met die res van die gemeenskap te wees en nie daarvan uitgesluit te word nie, was een van die belangrikste sosiale dryfvere van die Victoriaanse middelklas (Lindsay & Washington 1967:155). Daar is ook reeds gesien hoe die argitek se voorkeure bepalend was vir die styl en boumateriaal wat gebruik is in sy ontwerpe, sowel as die finansiële motief, wat in spel gekom het wanneer die argitek 'n agent vir 'n spesifieke vervaardiger was (Bowen 2001:45).

6.3.2.5 Stylherlewingstendens

Die stylherlewingstendens word onder 'n aparte opskrif behandel aangesien dit, omdat dit so 'n onderliggende aspek van die argitektuur is, talle van die reeds-bespreekte redes bymekaartrek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die tendens, soos dit in Engeland in residensiële argitektuur gestalte gevind het, het nie tot dieselfde mate 'n invloed op Suid-Afrikaanse argitektuur uitgeoefen nie. Verskeie kommentators gee uiteenlopende redes daarvoor. Moerdyk huldig die siening dat die Britte wel hul herlewingstyle hierheen ingevoer het met 'n suiwer ekonomiese motief, naamlik om as afsetpunt vir Britse produkte te dien. Die wyse waarop hy dit stel, kom feitlik daarop neer dat dwang op die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen is om die style sonder teenspraak te aanvaar en dat dit *sonder wysiging heelhuids hier* […] *neergeplak is* (Moerdyk 1935:95). Daarmee kan natuurlik nie akkoord gegaan word nie, aangesien daar duidelik aangetoon is dat die style wel hier te lande pertinente en in sommige gevalle radikale modifikasies ondergaan het. Kuijers noem Moerdyk se siening naïef, maar verskil nie van hom daaroor dat die style wel hierheen oorgedra is nie (1980:75). Daar is reeds op gewys dat dit hoofsaaklik met openbare argitektuur die geval was, wat ook die hooffokus van Kuijers se verhandeling is.

Radford wys daarop dat die Georgiaanse en ander style wat in die eerste driekwart van die negentiende eeu in Suid-Afrika aangetref is, nog tot in die 1870's gebruik is, en dat die redes hoofsaaklik ekonomies was. Hy is van mening dat die argitektuur van die Kolonie vanaf daardie tydperk 'n unieke vorm aangeneem het, waarop die Engelse modes as't ware oorgeënt is (1979:288), en dat die oppervlakkige versiering dus in wese ook *only skin deep* was (1979:376). Kearney is dit daarmee eens; volgens hom is die gretigheid waarmee die herlewings aangegryp is, toe te skryf aan die blote begeerte tot versiering (1973:xii).

Lewcock werp 'n ander lig op die kwessie. Hy beskou die tydperk tussen 1795 (die eerste Britse besetting) en 1837 (Victoria se troonbestyging) as 'n tydperk van radikale verandering in die Suid-Afrikaanse argitektuur, feitlik 'n revolusie; en volgens hom is die basis vir 'n eie Suid-Afrikaanse styl reeds daar gelê. Die koloniale argitektuur wat in daardie tydperk tot stand gekom het, bestaan volgens hom uit 'n *fusion of influences*, sodat geboue selde as óf Brits óf Hollands beskryf kan word (1963:ix).

Kuijers wys, in ooreenstemming met Lewcock, ook op die stylbewustheid wat teen die einde van die agtiende eeu aan die Kaap posgevat het, en dat dit, tesame met nuwe geografiese uitbreidings en die gepaardgaande behoefte aan nuwe geboue, tot 'n oplewing in die argitektuur gelei het. Militêre en ander ingenieurs, argitekte en landmeters het 'n groter rol in die daarstelling van stylvolle argitektuur begin speel (1980:90), sodat die inwoners van Suid-Afrika 'n halfeeu later, toe die gunstige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomie onder meer tot uitgebreide nuwe bouwerke gelei het, gereed was om oorsese style vir hulself op te eis in 'n vorm wat aangepas is by die spesifieke toestande in die land.

Kaaps-Hollandse herlewing

Suid-Afrika se eie stylherlewing, naamlik die Kaaps-Hollandse, het om verskeie redes tot stand gekom.

Verskeie kommentators is dit eens dat die stylherlewing aan Rhodes en Baker te danke is, en dat Rhodes se motief met die vestiging van die styl 'n politieke een was (Howard 1907g:214; Kuijers 1980:103). Hy het die styl as 'n gepaste een gesien om gestalte te gee aan sy ideaal om nasionalisme aan te wakker (deur Suid-Afrikaners op visuele wyse aan die verlede te herinner) en Suid-Afrika uiteindelik gelyk te stel aan lande soos Kanada, Australië en Nieu-Seeland (Viney 1987:17). Die assosiatiewe en simboliese waarde van die Kaaps-Hollandse styl het dus in hierdie tydperk nuwe betekenis verkry (Kuijers 1980:106).

Viney wys op die ironie daarvan dat die Brit Rhodes aan die vooraand van die Anglo-Boereoorlog besig was om 'n fortuin te spandeer aan die restourasie van oorblyfsels van die Hollandse verlede en self in 'n Hollandse woning gewoon het, terwyl die boerepresident Paul Kruger se woning in Pretoria 'n tipies-Britse een was (1987:17).

Baker se redes vir die hergebruik van die Kaaps-Hollandse gewel het egter radikaal van dié van Rhodes verskil. Hy het die styl ontwikkel uit 'n soeke na 'n tipiese Suid-Afrikaanse styl in 'n tydperk toe daar dringende oproepe vir die ontwikkeling van 'n nasionale styl vanuit argitekskringe uitgegaan het (Merrifield 1928:3). Hy het die ou styl op revolusionêre manier hanteer deur slegs die positiewe kwaliteite daaruit te ekstraheer en die negatiewes nie op te neem nie (Howard 1907g:214).

Die Victoriaanse styl het ook vanaf ongeveer die laaste twee dekades van die twintigste eeu in Suid-Afrika herleef. Die uitstaande kenmerke van die neo-Victoriaanse geboue is eenvoud, spitsgewels, 'n sinkdak en een of meer erkervensters.

6.4 Samevatting

Die verskille en ooreenkomste kan opsommenderwys aan die volgende faktore toegeskryf word:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die voorkoms van die mure het te doen met die geomorfologie van die land, en die voorkoms van die dakke is deels ook geomorfologies, as gevolg van die skaarste aan leiklip wat vir dakteëls gebruik kan word, en deels kultureel (die kultuur van sinkargitektuur wat algemeen in die kolonies was, maar nie in Engeland nie).

Dubbel- of multiverdiepings is nie algemeen in Suid-Afrika nie vir 'n groot aantal redes, waaronder verskeie ekonomiese faktore soos die koste van ruimte en die welvaartsfaktor. Dit word gesien as die wonings van die welvarendes terwyl dit in Engeland algemeen geassosieer word met werkersklasbehuising. Dit was ook nie deel van die Suid-Afrikaanse woonkultuur, soos deur die Kaaps-Hollandse huis vergestalt, nie.

Die afwesigheid of skaarste aan *terraces* is hoofsaaklik weens ekonomiese, ruimtelike en kulturele oorwegings, en die afwesigheid van uniformiteit is daaraan gekoppel.

Die stoep se teenwoordigheid in Suid-Afrika en afwesigheid in Engeland is toe te skryf aan klimatologiese faktore sowel as die sosiale kultuur van die Kaap. 'n Obskure wet kon moontlik ook 'n rol in die verdwyning van stoepe in Engeland gespeel het.

Die gebruik van eksterne hortjies, kaggels en erkervensters is hoofsaaklik deur die klimaat beïnvloed.

Mode, tradisie en snobisme, sowel as 'n sterk assosiasie met die moederland, het 'n deurslaggewende rol gepeel in die aanvaarding van die asimmetrie as deel van die assosiasie met die pittoreske en met die aanvaarding van sekere vorme as ononderhandelbaar. Dit het ook, saam met 'n verdere onderliggende kulturele faktor van sosiale hiërargie, 'n groot rol gespeel in die oordadige ornamentasie.

Tipies-Britse kenmerke soos 'n behoefte aan privaatheid het grondplanne beïnvloed.

'n Groeiende bewussyn van nasionale identiteit het gelei tot die Kaaps-Hollandse Herlewingstyl.

Kuijers stel dit dat die estetiese doeleindes van argitektuur slegs bereik [kan] word deur […] eerlike ontwerp waarin die tydsgees, eietydse boutegniese moontlikhede en middele, en kontemporere behoeftes - materieel en geestelik - mede-seggenskap het (1980:121).

Wanneer Victoriaanse argitektuur in Suid-Afrika in die lig van die bostaande aanhaling beskou word, moet daar toegegee word dat dit wel voldoen aan die gestelde vereistes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir estetiese argitektuur, in die sin dat dit die tydsgees en ander aspekte soos genoem op eerlike wyse weerspieël. Die sosiale dryfvere wat op 'n samelewing ingewerk het, en wat moontlik nie voldoen aan 'n nuwe geslag se etiese en morele standaarde nie, kan nie goedsmoeds ongeldig verklaar word, en die argitektuur wat daaruit voortgevloei het, dus as onwaardig afgemaak word nie. Of dit in hedendaagse terme beskou word as waardevol of nie; die feit bly staan dat die argitektuur die kulturele aspirasies en ideale van die bouers daarvan weerspieël het.

'n Aantal determinante vir die modifikasies wat op die Engelse style toegepas is, is in die studie geïdentifiseer. Die unieke styl wat in Suid-Afrika as die Victoriaanse styl ontwikkel het, se uiterlike vormgewing is enersyds beïnvloed deur praktiese determinante soos die klimaat, ekonomie en geomorfologie. Dit kry fisiese uitdrukking in die boumateriaal en afwerking wat aangewend is, asook strukturele faktore soos die enkelverdieping, die vrystaande vorm en die stoep. Hierdie faktore het 'n bepalende invloed op die styl uitgeoefen en 'n onteenseglik Suid-Afrikaanse uitdrukkingsvorm daaraan verleen.

'n Aantal abstrakte konstrukte onderliggend aan die praktiese konstrukte is ook ondersoek. Skeppende kragte van 'n meer onderliggend-kulturele aard is onder meer die oordadige aanwending van ornamentasie, as prominente visuele konstatering van welvaart en sosiale status. Strukturele faktore soos die stoep met sy veranda het hieraan meegewerk deur ruim geleentheid tot die uitdrukking van hierdie spesifieke vorm van materiële kultuur te bied. Die fasade van die huis was ook die geskikste plek om die maksimum openbare impak te maak. Hierdie faktore is 'n verdere illustrasie van hoe 'n ondersoek na 'n geïsoleerde kulturele uitdrukkingsvorm soos argitektuurstyl nie in isolasie ondersoek en ontleed kan word nie. Die holistiese benadering soos deur die Burden-model gekonstrueer, is noodsaaklik om die volle impak te begryp.

Sosiale druk het gelei tot die aanvaarding van die dienste van 'n argitek, wat deur hul persoonlike voorkeure en motiewe 'n bepalende rol in die ontwikkeling van die styl gespeel het. Die gebruik van 'n argitek het in Engeland 'n statussimbool geword, en die mode het na Suid-Afrika oorgespoel saam met al die belangrike kwessies van die dag. Bowen haal Cooper aan wat dit stel dat goeie smaak en die regte styl nasionale kwessies was in Engeland (2001:14), en die rol van die argitek is gesien as onontbeerlik om te verseker dat die argitektuur wat 'n persoon daar stel, aan die aanvaarde standaarde voldoen en dus die verlangde status verleen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Een van die belangrike bepalende faktore was snobisme, wat gelei het tot die onvoorwaardelike aanvaarding van talle elemente wat deur die mode voorgeskryf is (Radford 1979:340). Aspekte soos asimmetrie is as inherente deel van die nuwe style aangeneem aangesien die koloniale bevolking nie onbewus van moderne tendense was nie, en ook deeglik onder die invloed van die pittoreske beweging gestaan het.

Verskeie kulturele determinante soos gesins- en morele waardes het uitdrukking gevind in aspekte soos die grondplan van die huis. Praktiese elemente soos kaggels en erkervensters, wat ook in Engeland voorkom, en hier te lande wel ook sinvol was, is aangeneem. Ander elemente wat nie algemeen in Engeland voorkom nie, soos eksterne hortjies en stoepe, het inslag gevind omdat dit in hierdie klimaat en as deel van die sosiale kultuur paslik was.

Daar is dus bewys dat die die Victoriaanse argitektuur soos dit na Suid-Afrika oorgedra is, deur die inwerking van plaaslike omstandighede en sosio-kulturele oorwegings, waardeur estetiese waardes gevorm is, omvorm is tot 'n nuwe plaaslike uitdrukkingsvorm. Die argitektuur wat so ontstaan het, was kultureel, visueel en materieel aangepas by die leefstyl, behoeftes en aspirasies van die Suid-Afrikaner van die laat negentiende en vroeg-twintigste eeu, en het by uitstek daaraan voldoen.

6.5 Relevansie vir die 21ste eeu

In terme van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, no 25 van 1999, mag geen gebou in Suid-Afrika ouer as 60 jaar sonder 'n permit verander of gesloop word nie, wat dus beteken dat alle geboue in Suid-Afrika wat uit die Victoriaanse era dateer, onder beskerming van die wet staan. Die aansoek vir 'n permit moet onder meer vergesel wees van 'n verslag deur 'n gekwalifiseerde kundige op die gebied van historiese argitektuur.

Die bewaring van argitektuur bied unieke uitdagings weens die onbeweeglikheid, grootte, skaal en kompleksiteit van gebruik, konteks en materiale wat dit inkorporeer (Matero 1993:15). Die onbeweeglikheid en dus plek-spesifisiteit van 'n gebou voeg 'n ekstra dimensie tot die bewaringsdilemma. Evolusie van die oorspronklike omgewing oefen ook 'n pertinente kontekstuele impak daarop uit, wat die problematiek rondom restourasiebesluite ten opsigte van sulke onbeweeglike kultuurobjekte intensifiseer (Kuijers 1980:13; Matero 1993:16).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Graham Viney stel dit dat historiese geboue nie as blote monumente vir die *ancien régime* bewaar kan word nie, maar dat dit ook uit 'n vars hoek beskou moet word as monumente vir die arbeid en vaardighede van die *legions of often nameless builders* wat die geboue opgerig het (1987:14). Hierdie uitgangspunt illustreer die etiese problematiek rondom die besluite ten opsigte van kulturele belang, betekenisinhoud en bewarenswaardigheid, soos gesien uit verskillende hoeke deur verskillende rolspelers. Hedendaagse sienings maak voorsiening vir 'n groter diversiteit ten opsigte van kulturele belang in die bewaringsopset, en hierdie diversiteit behoort volgens Matero mee te werk om 'n meer universele bewaringsmodel daar te stel (1993:16).

'n Kultuurobjek kan vanweë historiese interaksie verskeie betekenisse inkorporeer (Holland & Rawles 1996:22). Hierdie boodskappe moet op verstaanbare wyse geïnterpreteer en gekommunikeer word tot voordeel van die gedeelde erfenis (Gustafsson & Rosvall 2008:19), en dit geskied ten beste deur die bemiddeling van 'n opgeleide kultuurhistorikus.

Matero wys ook daarop dat daar dikwels meer as een alternatiewe oplossing vir bewaring moontlik is, wat verdere kompleksiteit toevoeg en die belangrikheid van 'n stel etiese waardes en riglyne beklemtoon (1993:18). Die British Association of Nature Conservationists het in die 1990's in samewerking met die Universiteit van Lancaster 'n reeks werksdokumente gepubliseer. Hul eerste werksdokument wou 'n teoretiese model skep vir die etiek van bewaring, wat spesifiek die waardes inherent aan die bewaringsbesluit aanspreek. Hulle wys daarop dat etiese oorwegings slegs tot nadeel van die uiteindelike bewaringsdoelwit geïgnoreer kan word. Hulle karakteriseer bewaring as 'n *response to loss*. Die feit dat iets verander het of verlore gegaan het, staan dus sentraal tot die bewaringsprojek. Die waarde-oordele wat tydens hierdie respons gevel word, bepaal die sukses van die projek (Holland & Rawles 1996:4-5).

Hierdie definisie van bewaring is te beperk, in die sin dat dit nie ook voorsiening maak vir voorkomende bewaring nie. Clavir wys daarop dat bewaring moet plaasvind binne 'n etiese raamwerk wat voorsiening maak daarvoor dat die instrinsieke aard oftewel die integriteit van die objek bewaar word. Dit is belangrik dat bewaring aangepak word vanuit 'n sistematiese, wetenskaplike benadering (Clavir 1998:1).

In die Suid-Afrikaanse konteks stel Barbara Masekela, destyds (1992) van die kantoor van die President, dit dat kultuur (wat argitektuur insluit) bewaar moet word aangesien

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit deel is van die sosialiseringsproses, en die individu spiritueel verryk en hom in staat stel om homself in verhouding tot die geskiedenis te plaas en 'n sin vir historiese perspektief te ontwikkel. Sy wys daarop dat politieke opset 'n groot rol speel in die realiteit van bewaring, aangesien die bewaringsfunksie prioriteit verloor in 'n ontluikende demokrasie soos wat Suid-Afrika in die vroeë 1990's was (1992:6). Naudé is van mening dat Suid-Afrika tydens dié periode 'n fase van veranderende paradigmas, insluitend bewaringsparadigmas, ervaar het. Deel van die proses van Suid-Afrika se rekonstruksie as 'n polities-demokratiese land is die proses van herevaluering van die volhoubaarheid van bewaring van die beboude omgewing (1994:37).

Die amptelike posisie van die destydse Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede was (in 1994) dat die bewaring van erfenis benader moes word as 'n faktor met die potensiaal om Suid-Afrikaners te verenig (Hofmeyr 1994:16). Naudé impliseer dat politieke posisionering en herstrukturering nadelig op die bewaring van die beboude erfenis (en waarskynlik erfenis in die algemeen) ingewerk het, aangesien die idealistiese siening van bewaring soos deur die nuwe burokrasie verkondig, dikwels nie in die werklikheid neerslag gevind het nie, soos hy dit stel: *it is difficult to put jargon and clichés to work* (1994:37). Bostaande illustreer die impak van politieke doelwitte en ander realiteite op bewaring in die algemeen en op argitektuur in die besonder, 'n impak wat steeds in Suid-Afrika gevoel word.

Twee Sweedse modelle, die Halland- en Gothenburg-modelle vir volhoubare bewaring, wat ontwikkel is met betrekking tot groot stedelike bewaringsprojekte, is bestudeer as agtergrond vir die toepassing van hierdie studie se gevolgtrekkings op bewaringsaspekte in Suid-Afrika. Die doel van die modelle was om die konsep van volhoubare bewaring waar dit betrekking het op die beboude erfenis uit 'n nuwe hoek te benader en is gebaseer op 'n groot aantal (ongeveer 100) bewaringsprojekte wat in stedelike gebiede van Swede aangepak is (Gustafsson & Rosvall 2008:15).

Die Halland-model wou bewys dat ekonomiese belegging in kultuurerfenis as stimulant vir die ekonomie kan dien. Hier word spesifiek verwys na onder meer die opleiding van plaaslike mense om 'n rol te speel in die fisiese restourasie en uiteindelike bestuur van historiese geboue, die opgradering van omgewings deur middel van sodanige restourasie, en uiteindelik die realisering van die toerismepotensiaal van die bewaarde kultuurproduk of verbeterde omgewing (Gustafsson & Rosvall 2008:17-19).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is 'n feit dat geboue selde as blote monumente bewaar kan word. 'n Gebou moet as lewende struktuur beskou en hanteer word, wat saam met die behoeftes en modes van die tyd moet groei en voortdurend daarby moet aanpas (Bowen 2001:147). Holm haal Viljoen aan wat gesê het dat 'n gerestoureerde gebou gebruik moet word, en dat dit op daardie manier 'n lewende monument sal wees, en nie 'n museum nie (1996:17).

'n Holistiese benadering is binne die konteks van 'n volhoubare bewaringsparadigma aanbeveel, met inagneming van die feit dat daar dikwels konflik ontstaan tussen die doelwitte van ekonomiese groei aan die een kant en die bewaring van die natuurlike en beboude omgewing aan die ander kant (Gustafsson & Rosvall 2008:16).

Volgens Gustafsson en Rosvall word die konsep van volhoubare ontwikkeling in 'n wye verskeidenheid van veral politieke diskoerse gehoor, en dan meestal op retoriese wyse. Daar behoort ernstiger oor die konsep besin te word in die lig van die moontlikhede wat dit bied vir die ontwikkeling van 'n meer proaktiewe, oorsigtelike en leidende rol in stedelike ontwikkelingsbeleid (2008:16).

Posisionering van die historiese objek binne die gepaste sfeer van die Burden-model werk mee om die boodskappe wat die objek inkorporeer, oor te dra en die integriteit daarvan te bewaar (2000:15-30). Die objek word op holistiese wyse beskou binne die oorkoepelende raamwerk, en sodoende in perspektief geplaas. Dit verbreed en verdiep die insig van die navorser, en lig navorsings- en bewaringsbesluite toe.

Die Halland-model staan ook 'n geïntegreerde bewaringsproses voor, wat impliseer dat verskeie rolspelers uit verskillende velde betrek word. Sörlin se siening is: *The decision to preserve or conserve a historic building is a complex process based on cultural, historical and political aspects*. Bewaring moet verstaan word as 'n proses van artikulasie waardeur sekere verskynsels hul spesifieke betekenis verkry (Gustafsson & Rosvall 2008:20). Studies soos hierdie stel 'n teoretiese grondslag daar waarop ingeligte bewaringsbesluite gebaseer kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7

Evaluering

Een van die belangrikste doelwitte van hierdie studie was om die gebrek aan kennis by, sowel as die onvermoë van bewaringsbewustes en die algemene publiek om die abstrakte determinante onderliggend aan Victoriaanse argitektuur te begryp, aan te spreek. Die vae persepsies wat rondom die agtergrond en ontwikkeling van Suid-Afrikaanse Victoriaanse argitektuur bestaan, lei tot 'n vervlakking van ontledings en toepassings wat tydens bewaringsprosesse aangewend word. Wat die probleem versterk, is die gebrek aan deeglik-verantwoorde literatuur oor die argitektuur van die Victoriaanse era in Suid-Afrika. Daar bestaan slegs vyf noemenswaardige werke wat die tema van Victoriaanse argitektuur aanspreek, waarvan een die gepubliseerde werk van Picton-Seymour (1977) en twee die ongepubliseerde akademiese studies van Radford en Bowen is. Hoewel Kuijers en Lewcock se werk op ander eras fokus, is dit wel van waarde vanweë die aansluiting daarvan by die Victoriaanse tydperk.

Hoewel die genoemde werke verskillende aspekte rondom die Victoriaanse argitektuur aanspreek, word daar geen omvattende vergelykings met die argitektuur in Engeland getref nie, met die gepaardgaande gebrek aan kontekstualisering en insig in die dryfvere agter die totstandkoming van die plaaslike vorm.

Hierdie studie bestudeer die verskille tussen die manifestasies van Victoriaanse argitektuur in Engeland en Suid-Afrika, met die doel om dit te kontekstualiseer. Deur die verskynsel van Victoriaanse argitektuur te posisioneer op die asse van die Burden-model (2000:21), ten opsigte van eietydse teenoor tradisionele, geestelike teenoor materiële sowel as patrisiër- teenoor volkskultuur, word omvattende begrip van die konteks waarin die verskynsel beoordeel is, voorsien. Die vergelykings wat getref is, word as deurslaggewend vir insig in die argitektuur van die era beskou. Die werk dra op daardie wyse by tot die daarstelling van 'n akademiese en teoretiese begronding wat sinvolle bewaring van die beboude erfenis sal fasiliteer.

Bestaande studies spreek nie die definisieprobleem ten opsigte van die term *Victoriaans* wat in Suid-Afrika bestaan, bevredigend aan nie. Bowen argumenteer ten gunste van die term *late Victorian*, maar die argumente daarvoor is nie oortuigend nie. Nie een van die skrywers gee erkenning aan die feit dat die term *Victoriaans*, met 'n baie spesifieke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beeld wat dit oproep, in Suid-Afrika ingeburger geraak het nie. Deur die identifisering van *Victoriaans* as 'n volwaardige stylbegrip met unieke, eiesoortige kenmerke, en die verdere uitklaring van die terminologie soos dit vir die argitektuur van die Victoriaanse stylperiode aangewend word, vul die studie die leemte ten opsigte van definisie wat daar tot dusver bestaan het.

Die wyse waarop die argitektuur in albei lande gemanifesteer het, is ten diepste beïnvloed deur heersende toestande in die onderskeie lande. Die argitektuur van 'n land word deurslaggewend onderlê deur die volkskultuur en -psige van die mense van daardie land, en dieperliggende sosiaal-kulturele motiverings rig die implementering van sekere style en stylelemente. Die oorkoepelende doel van die studie was om te voorsien in die behoefte aan 'n deeglike verantwoording van alle determinante. Die ondersoek het bevind dat die meeste van die argitektoniese fasette of elemente wat afgewyk het van die Engelse norm, nie deur slegs een determinant teweeggebring is nie, maar deur 'n kombinasie van verskeie faktore.

Hoewel die meerderheid determinante óf fisies-materieel óf sosiaal-kultureel van aard is, het daar ook 'n groot mate van kruisbeïnvloeding plaasgevind, waar faktore aan albei dimensies raak. Die determinante wat die argitektuur beïnvloed, word by die Burden-model verteenwoordig deur albei sfere rondom die sirkel, wat aantoon dat die mens se skeppinge deur die natuur sowel as die bonatuur (psigiese faktore) gerig word, en dat hierdie twee oorkoepelende invloede ook nie werklik van mekaar geskei kan word nie.

Die multiparadigmatiese aard van argitektuur noodsaak 'n holistiese benadering tot die studie, soos onder meer deur die Halland-model in Swede gepromoveer, waar die doel was om die beboude erfenis op volhoubare wyse te bewaar (Gustafsson & Rosvall 2008:15). Die bewaring van argitektuur moet op 'n onderliggende teoretiese substruktuur berus om in die huidige konteks tot sinvolle bewaring van die mens se totale erfenis te kan bydra. Hierdie studie is uit daardie oogpunt aangepak, en deur die insigte wat dit bied, kan dit 'n betekenisvolle rol in die uiteindelike suksesvolle implementering van bewaringsprojekte speel.

Die konkretisering van die Victoriaanse styl in Suid-Afrika is op fisies-materiële vlak beïnvloed deur faktore soos die geologie, klimaat en ekonomie. Dit was egter nie die mees invloedryke determinante nie. Die nuwe Victoriaanse middelklas het hulself in 'n sosiaal-ongekarteerde wêreld bevind. Dit het direk aanleiding gegee tot 'n oordrewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stand- en statusbewustheid wat uiting gevind het in die drang van die *nouveaux riches* in Suid-Afrika sowel as in Engeland om sosiaal aanvaar te word, in pas met ander lede van dieselfde stand te wees en verkieslik bokant hulle uit te styg. Diegene wat daarin geslaag het, wou hul nuutgevonde welvaart en status deur middel van hul materiële kultuur aan die wêreld ten toon stel.

Aansluitend hierby was die rol van die argitek. Victoriaanse argitekte het 'n baie groter rol in die vorming van die plaaslike sowel as Engelse argitektuur gespeel as wat in die aanvanklike hipotese voorsien is. Argitekte het weens verskeie faktore die posisie van meningsvormers en rigtinggewers in die samelewing ingeneem, en het dus ook 'n belangrike onderliggende sosiaal-kulturele rol gespeel in terme van Victoriane se soeke na sosiale aanvaarding. Hierdie bevinding vind aansluiting by die Burden-model, waar die bonatuur-sfeer die natuur omhul, wat aandui dat die bonatuur, wat die mens se geestelike dimensie verteenwoordig en sodoende die geestelike aspekte beïnvloed, uiteindelik die mens se grootste dryfveer agter kulturele skeppinge is.

Tydens die 64 jaar van Victoria se regering het Engeland en die Weste 'n onomkeerbare transformasie ondergaan as direkte gevolg van revolusionêre veranderings op feitlik elke vlak van die menslike bestaan. Hierdie ingrypende omwentelings in hul lewens het daartoe gelei dat Victoriane die geïdealiseerde verlede probeer herskep het in 'n poging om hulself binne 'n gerusstellende en herkenbare leefwêreld te posisioneer. Sosiale druk was 'n belangrike bykomende rede vir die nabootsing van ouer style en luukse artikels in die argitektuur sowel as interieurs.

Suid-Afrika is as Britse kolonie sterk beïnvloed deur al die verskillende ontwikkelings wat in Engeland plaasgevind het, maar uiteraard nie op dieselfde wyses nie. Die Britse residensiële argitektuur as materiële uiting van geestelike kultuur is ook nie sonder meer in Victoriaanse Suid-Afrika gedupliseer nie, maar het gemanifesteer op wyses wat spesifiek en uniek aan die land is.

Die opmerklikste verskille ten opsigte van massa is dat 'n Engelse huis in werklikheid een eenheid uit 'n lang ry aaneengeskakelde huise (*terraces*) is, en nie 'n alleenstaande entiteit soos die norm in Suid-Afrika is nie. Die geboue is ook dubbel- of multiverdieping, terwyl dit in Suid-Afrika die uitsondering is.

Wat algemene voorkoms betref, is die uniforme fasade van Victoriaanse *terraces* onmiddellik opvallend. Aangesien die uniformiteit 'n uitvloeisel van die *terrace-*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fenomeen is, kom dit nie so in Suid-Afrika voor nie. 'n Groot persentasie geboue in Engeland is van ongepleisterde baksteen gebou en presenteer dus as ruwe, donker-gekleurde oppervlakke, terwyl die liggekleurde, afgepleisterde fasades van Suid-Afrikaanse wonings sterk daarmee kontrasteer. Sinkdakke dra verder by tot die baie tipiese voorkoms van die Victoriaanse woonhuis in Suid-Afrika, terwyl dit hoegenaamd nie op Engelse wonings gesien word nie. Sinkplaat is altyd in Engeland as 'n tydelike materiaal beskou (Hassan 1999:174). Die oordadige versiering van die fasade met hoofsaaklik voorafvervaardigde gietyster- en houtelemente kom ook nie so pertinent op Engelse geboue voor nie. Laastens is die tipies-Victoriaanse stoep 'n bou-element wat nie as 'n reël in Engeland aangetref word nie.

Die huis is die belangrikste voertuig waardeur materiële welvaart en sosiale posisie visueel uitgedruk word en as sodanig dra die argitektoniese uitdrukking komplekse simboliese boodskappe oor ten opsigte van die bewoners en bouers daarvan, asook van die groter kultuurhistoriese opset waarbinne die gebou tot stand gekom het. Die ontsyfering, plasing binne 'n gepaste raamwerk en oordrag van daardie boodskappe is die hooffokus van die studie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bronnelys

Gepubliseerde werke

A century of transport, 1860 - 1960 A record of achievement of the Ministry of Transport of the Union of South Africa	1960	Da Gama Publishers: Johannesburg.
Albertyn, E	1992	*Die argitektuur van die Paarl tussen die twee Wêreldoorloë - 'n Kultuurhistoriese ondersoek* (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
Allen, RC	2009	*The British Industrial revolution in global perspective,* Cambridge University Press: Cambridge.
Allison, L	1987	On the blossom trail (*The countryman,* 92 (1), Lente).
Armstrong, JC & NA Worden	1989	The slaves, 1652 - 1834 (in R Elphick & H Giliomee (reds): *The shaping of South African society, 1652 - 1840,* Wesleyan University Press: Connecticut).
Arnstein, ea	1989	Recent studies in Victorian religion (*Victorian Studies,* 33 (1), Herfs)
Aslet, C	2008	*The English house: The story of a nation at home,* Bloomsbury Publishing: Londen.
Avery, D	2003	*Victorian and Edwardian architecture,* Chaucer Press: Londen.
Bailey, P	1979	Will the real Bill Banks please stand up? Towards a role analysis of mid-Victorian working-class respectability (*Journal of social history,* 12 (3)).
Baldry, L	Gd	*Burne-Jones,* TC & EC Jack: Londen.
Barnard, AL	1901	*South Africa a century ago: letters written from the Cape of Good Hope (1797-1801),* Smith & Elder: Londen.
Barrett, H & J Phillips	1987	*Suburban style: The British home 1840 - 1960,* MacDonald & Co: Londen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Best, G	1972	*Mid-Victorian Britain, 1851 - 1875,* Schonken Books: New York.
Betjeman, J	1982	Introduction (in T Evans & CL Green: *English cottages,* Weidenfeld and Nicolson: Londen).
Bezuidenhout, WJ (samest)	1969	*Dr Tinie Louw: 'n Kykie in die ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner,* Afrikaanse Pers-Boekhandel: Johannesburg.
Birch, D	2008	*Our Victorian education,* Blackwell Publishing: Malden.
Black, J	1985	*The British and the grand tour,* Croom Helm Ltd: Beckenham.
Boëseken, A	1951	Die Kompanjie aan die Kaap (1652 - 1795) (in AJH Van der Walt (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika* Deel II, Nasionale Boekhandel Beperk: Kaapstad).
Boëseken, A	1966	Sosiale lewe in die Ou Kaap (in *Die lewe in ou Suider-Afrika,* Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie: gp).
Bosman, FCL	1980	*Drama en toneel in Suid-Afrika Deel II: 1856 - 1912,* JL van Schaik: Pretoria.
Bowen, V	2001	*The use of mass-produced, pre-fabricated architectural decoration on the buildings in Cape Town, 1890 - 1904* (ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad).
Breckon, B ea	2000	*Tracing the history of houses,* Countryside Books: Berkshire.
Brooks, M	1978	Love and possession in a Victorian household: the example of the Ruskins (in AS Wohl (red): *The Victorian family*: *Structures and stresses,* Croom Helm: Londen).
Brooks, SH	1852	*Modern architecture, being a series of designs,* Atchley & Co Publishers: Londen.
Brown, J	1986	*The English garden in our time - From Gertrude Jekyll to Geoffrey Jellicoe,* Antique Collectors' Club: Woodbridge, Suffolk.
Brown, RJ	1979	*The English country cottage,* Robert Hale: Londen.
Burchell, WJ	c.1953	*Travels in the interior of Southern Africa, Vol 1,* The Batchworth Press: Londen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Burden, M	1992	Die plaasskool: 'n Verbygegane era? (*Die Kultuurhistorikus* 7 (1), Junie).
Burden, M	2000	Die metodologie van kultuurgeskiedenis (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14 (2), November).
Burden, M & H van der Merwe (reds)	1995	*Van fabels en feeste tot gewels en geeste*, Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch: Stellenbosch.
Burgers, TF	2007	*Tonele uit ons dorp: Suid-Afrikaanse verhale*, Africana Uitgewers: Kaapstad.
Burman, J	1988	*Towards the far horizon: The story of the ox-wagon in South Africa*, Human & Rousseau: Kaapstad.
Chadwick, O (red)	1960	*The mind of the Oxford movement*, Adam & Charles Black: Londen.
Clark, K	1964	*Ruskin today*, Penguin Books: Middlesex.
Clavir, M	1998	The social and historic construction of professional values in conservation (*Studies in Conservation*, 43).
Coetzee, BNA	1975	*Onderwys vir volwassenes in Suid-Afrika met besondere verwysing na die aanvangsonderwys vir die ongeletterde Kleurlingvolwassene as didaktiese probleem* (onge-publiseerde DEd-proefskrif: Universiteit van Stellenbosch).
Coetzee, J	2002	Herinneringe uit die Sandveld (*Die Kultuurhistorikus*, 16 (2), November).
Copplestone, T (red)	1966	*World architecture: An illustrated history*, Hamlyn: Londen.
Crouts, B	2002	Mostertsdrif: SAEHA sê hoe hy bewaring benader (*Kultuurkroniek*, bylae tot *Die Burger*, 21 September).
Crowley, D	1998	*Introduction to Victorian style*, Eagle Editions: Hertfordshire.
Curl, JS	1990	*Victorian architecture*, David & Charles: Londen.
Davenport, TRH	1966	*The Afrikaner Bond: The history of a South African political party, 1880 - 1911*, Oxford University Press: Kaapstad.
Davidson, EA	1947	*House-painting, graining, marbling and sign-writing*, The Technical Press Ltd: Londen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Bosdari, C	1964	*Cape Dutch houses and farms. Their architecture and history together with a note on the role of Cecil John Rhodes in their preservation,* A.A. Balkema: Kaapstad.
De Kiewiet, CW	1929	*British colonial policy and the South African republics,* Longmans, Green and Co: Londen.
De Kock, V	1950	*Those in bondage: An account of the life of the slave at the Cape in the days of the Dutch East India Company,* George Allen & Unwin Ltd: Londen.
De Kock, V	1955	*The fun they had! The pastimes of our forefathers,* Howard B Timmins: Kaapstad.
De Maré, E	1950	*The canals of England,* The Architectural Press: Londen.
De Villiers, A	1951	Die Afrikaanse kultuurstryd 1870 - 1900 (in AJH van der Walt (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika* Deel II, Nasionale Boekhandel Beperk: Kaapstad).
De Villiers, R & S Brooke-Norris	1975	*The story of the Rand Club,* Purnell & Sons: Kaapstad.
Denney, C	2000	*At the temple of art: The Grosvenor Gallery, 1877 - 1890,* Associated University Presses: Cranbury.
Dickens, C	1970	*Bleak House,* University Press: Oxford.
Die lewe in ou Suider-Afrika: 'n Reeks radio-praatjies gedurende 1965 in die Suid-Afrikaanse diens van Radio Suid-Afrika uitgesaai	1966	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie: gp.
Doxiadis, CA	1968	Architecture (in DL Sills (red): *International Encyclopedia of the Social Sciences,* Macmillan: New York).
Dreyer, PS	1974	*Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis,* HAUM: Kaapstad.
Driver, F & D Gilbert (reds)	1999	*Imperial cities: Landscape, display and identity,* Manchester University Press: Manchester.
Du Toit, D	1995	Die tydelike woonplekke van die 1820 Britse setlaars (in M

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Burden en H van der Merwe (reds): *Van fabels en feeste tot gewels en geeste*, Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch: Stellenbosch).
Du Toit, PS	1976	*Onderwys in Kaapland 1652 - 1975: 'n Historiese oorsig*, JL van Schaik Bpk: Pretoria.
Du Val, C	1885	*With a show through Southern Africa*, Dean & Son: Londen.
Duckitt, H	1901	*Hilda's diary of a Cape housekeeper*, Macmillan South Africa: Londen.
Elphick, R & H Giliomee	1989	The origins and entrenchment of European dominance at the Cape, 1652 - 1840 (in R Elphick & H Giliomee (reds): *The shaping of South African society, 1652 - 1840*, Wesleyan University Press: Connecticut).
Elphick, R & H Giliomee (reds)	1989	*The shaping of South African society, 1652 - 1840*, Wesleyan University Press: Connecticut.
Elphick, R & VC Malherbe	1989	The Khoisan to 1828 (in Elphick, R & H Giliomee (reds): *The shaping of South African society, 1652 - 1840*, Wesleyan University Press: Connecticut.
Evans, T & CL Green	1982	*English Cottages*, Weidenfeld and Nicolson: Londen.
Fagan, G	2008	*Brakdak: Platdakke in die Karoo*, Breestraat Publikasies: Kaapstad.
Fitts, RK	1999	The archaeology of middle-class domesticity and gentility in Victorian Brooklyn (*Historical archaeology* 33 (1)).
Fletcher, B	1929	*A history of architecture on the comparative method: For students, craftsmen and amateurs*, BT Batsford Ltd: Londen.
Forbes, VS (red)	1975	*Anders Sparrman: A voyage to the Cape of Good Hope, Vol I*, Van Riebeeck-vereniging: Kaapstad.
Fourie, JJ	1978	Die pastorale aard en leefwyse van die Afrikaner tot 1886 (in Stals, ELP: *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886 - 1924*, HAUM: Kaapstad).
Franck, JML	1964	*Onderwys in die Paarl gedurende die 19de eeu 1804 - 1905* (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Stellenbosch).
Fransen, H	1981	*Drie eeue kuns in Suid-Afrika,* Anreith Uitgewers: Pietermaritzburg.
Fransen, H	1993	*A Cape camera: The architectural beauty of the old Cape, photographs from the Arthur Elliott collection in the Cape archives,* AD Donker Publisher: Johannesburg.
Fransen, H	2004	*The old buildings of the Cape,* Jonathan Ball Publishers: Johannesburg.
Fransen, H	2006a	*Old towns and villages of the Cape: A survey of the origins and development of towns, villages and hamlets at the Cape of Good Hope,* Jonathan Ball Publishers: Johannesburg.
Fransen, H	2006b	*The new amidst the old: Building in the Klein Karoo,* Simon van der Stel Foundation (Heritage South Africa) (S.Cape Branch): Oudtshoorn.
Freund, WM	1989	The Cape under the transitional governments (in R Elphick & H Giliomee: *The shaping of South African society, 1652 - 1840,* Wesleyan University Press: Connecticut.)
Gabriel, J	1969	*Victoriana,* Hamlyn: Londen.
Gann, D ea	2003	Design Quality Indicator as a tool for thinking (*Building research and information* 31 (5))
Garden Cities	1972	*Fifty years of housing: 1922-1972, the story of Garden Cities, commemorating a half-century of town-planning and housing in South Africa,* Garden Cities: Pinelands.
Geyer, AL	1951	Britse bestuursvorme tot 1910 (in AJH van der Walt (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika* Deel II, Nasionale Boekhandel Beperk: Kaapstad).
Giliomee, H	2004	*Die Afrikaners: 'n Bibliografie,* Tafelberg: Kaapstad.
Glenn, I	2007	*Francois le Vaillant: Travels into the interior of Africa via the Cape of Good Hope,* Volume I, Van Riebeeck-vereniging: Kaapstad.
Gloag, J	1961	*Victorian comfort: A social history of design from 1830 - 1900,* Adam and Charles Black: Londen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gloag, J & D Bridgwater	1948	*A history of cast iron in architecture,* George Allen & Unwin Ltd: Londen.
Goldblatt, R	1984	*Postmarks of the Cape of Good Hope,* Reijger Publishers (Pty) Ltd: Kaapstad.
Goldstein, H & V Goldstein	1945	*Art in everyday life,* The Macmillan Company: New York.
Goodhart-Rendel, HS	1953	*English architecture since the Regency: An interpretation,* Constable Publishers: Londen.
Gorham, D	1978	Victorian reform as a family business: the Hill family (in AS Wohl (red): *The Victorian family*: *Structures and stresses,* Croom Helm: Londen).
Grant, AJ, & H Temperley	1960	*Europe in the nineteenth and twentieth centuries (1789 - 1950),* Longmans, Green and Co Ltd: Londen.
Greig, D	1971	*A guide to architecture in South Africa,* Howard Timmins: Kaapstad.
Grobbelaar, PW	1992	Van Meester tot Mister tot Meneer: Grepe uit die verhaal van ons onderwys (*Die Kultuurhistorikus* 7 (1), Junie).
Grosskopf, JFW	1951	Die ontstaan van die Armblanke-vraagstuk (in AJH van der Walt (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika* Deel II, Nasionale Boekhandel Beperk: Kaapstad).
Gustafsson, C & J Rosvall	2008	The Halland model and the Gothenburg model: a quest towards sustainable conservation (*City & Time* 4(1)).
Haaksma, D & HP Linder	2000	*Restios of the fynbos,* Die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika: Kaapstad.
Hamilton, C ea (reds)	2010	*The Cambridge history of South Africa,* volume 1: *From early times to 1885,* Cambridge University Press: Cambridge.
Harrop-Allin, C	1975	*Norman Eaton: Architect, A study of the work of the South African architect Norman Eaton 1902 - 1966,* C Struik Publishers: Kaapstad.
Hartdegen, P	1988	*Our building heritage: An illustrated history,* Ryll's Publishing Company: Halfweghuis.
Hassam, A	1999	Portable iron structures and uncertain colonial spaces at the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Sydenham Crystal Palace (in F Driver & D Gilbert (reds): *Imperial cities: Landscape, display and identity*, Manchester University Press: Manchester).
Hattersley, AF	1973	*An illustrated social history of South Africa*, AA Balkema: Kaapstad.
Headley, G & W Meulenkamp	1990	*Follies: A guide to rogue architecture in England, Scotland and Wales*, Jonathan Cape: Londen.
Heidenheimer, AJ, H Heclo & CT Adams	1983	*Comparative public policy*, St. Martin's Press: New York.
Herbert, G	1978	*Pioneers of prefabrication: The British contribution in the nineteenth century*, The Johns Hopkins University Press: Baltimore.
Hibbert, C	1984	*Queen Victoria in her letters and journals*, John Murray: Londen.
Hicks, B	1900	*The Cape as I found it*, Elliot Stock: Londen.
Hill, M & S Birch	1994	*Cotswold stone homes: History, conservation, care*, Alan Sutton Publishing Limited: Phoenix Mill.
Hitchcock, H-R	1954	*Early Victorian architecture in Britain* (abridged), Da Capo Press: New York.
Hitchcock, H-R	1971	*Architecture: Nineteenth and twentieth centuries*, Penguin Books: Middlesex.
Hockman, H	1994	*Edwardian House Style: An architectural and interior design source book*, David & Charles: Londen.
Hofmeyr, G	1994	Kultuurhistoriese erfenis moet deel vorm van eko-toerisme (*Restorica*).
Hofmeyr, G (red)	2002	*NG Kerk 350: Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk 1652 - 2002*, Lux Verbi: Wellington.
Holdridge, CA	2010	*Sam Sly's African Journal and the role of satire in colonial British identity at the Cape of Good Hope c.1840 - 1850* (ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad).
Holm, A	1996	Wat is 'n lewende monument? (*Restorica*).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Holm, I	2006	*Ideas and beliefs in architecture design: How attitudes, orientations, and underlying assumptions shape the built environment*, Oslo School of Architecture and Design: Oslo.
Hopkins, E	1979	*A social history of the English working classes 1815 – 1945*, Edward Arnold: Londen.
Howard, AG	1907a	Progress of architecture in Cape Town since 1876, Chapter I : Introductory (*The SA architect, engineer and surveyors' journal*, Mei).
Howard, AG	1907b	Progress of architecture in Cape Town since 1876, Chapter II: A description of Cape Town buildings in 1876 (*The SA architect, engineer and surveyors' journal*, Junie).
Howard, AG	1907c	Progress of architecture in Cape Town since 1876, Chapter III: A description of Cape Town buildings in 1876 (continued) (*The SA architect, engineer and surveyors' journal*, Julie).
Howard, AG	1907d	Progress of architecture in Cape Town since 1876, Chapter III cont.: A description of Cape Town buildings in 1876 (continued) (*The SA architect, engineer and surveyors' journal*, Augustus).
Howard, AG	1907e	Progress of architecture in Cape Town since 1876, Chapter IV: The first decade of years; from 1876 to 1885 (*The SA architect, engineer and surveyors' journal*, Augustus).
Howard, AG	1907f	Progress of architecture in Cape Town since 1876, Chapter V: The second decade of years, from 1886 to 1895 (*The SA architect, engineer and surveyors' journal*, September).
Howard, AG	1907g	Progress of architecture in Cape Town since 1876, Chapter VI: The third decade of years, from 1896 to 1905, and including 1906 and 1907 (*The SA architect, engineer and surveyors' journal*, September).
Hunt, JD	1992	*Gardens and the picturesque: Studies in the history of landscape architecture*, The MIT Press: Cambridge, Massachusetts.
Immelman, E	1981	Karoo-argiktektuur (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		37(2), Mei).
Isaacs, N	2006	Corrugated iron - practical and decorative (*Build*, Augustus/September)
Jackson, A & D Day	1992	*Collins care and repair of period houses*, Harper Collins Publishers: Londen.
Jaggard, WR	1907	A beautiful house (*The SA architect, engineer and surveyors' journal*, Januarie).
Jenner, M	1988	*London heritage: The changing style of a city*, Michael Joseph: Londen.
Johannesburg - One hundred years	1986	Chris van Rensburg Publications (Pty) Limited: Melville.
Johnson, A	1984	*How to restore and improve your Victorian house*, David & Charles: Londen.
Jones, C	1985	*Patterns of social policy*, Tavistock: Londen.
Jordan, RF	1966	*Victorian architecture*, Penguin Books: Middlesex.
Kearney, B	1973	*Architecture in Natal from 1824 to 1893*, Balkema: Kaapstad.
Keath, M	gd	*Herbert Baker: Architecture and idealism 1892 - 1913, the South African years*, Ashanti Publishing Limited: Gibraltar.
Kennett, P	2004	*A handbook of comparative social policy*, St. Martin's Press: New York).
Kent, JHS	1973	The role of religion in the cultural structure of the later Victorian city (*Transactions of the Royal Historical Society* 5 *(23)*).
King, AD	1976	*Colonial urban development: Culture, social power and environment*, Routledge & Kegan Paul: Londen.
Knox, C	1992	*Victorian life at the Cape 1870 – 1900*, Fernwood Press: Vlaeberg.
Kuijers, A	1980	*'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die argitektuur van Potchefstroom (ca 1860 - 1940)* (ongepubliseerde MA-verhandeling, Potchefstroomse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).
Kwartmillennium-gedenk-boek van die Nederduitse Gereformeerde gemeente, Paarl: 'n Oorsig van die geskiedenis van die gemeente:1691-1941	1941	Die Kerkraad: Paarl.
Laidler, PW	1939	*The growth and government of Cape Town,* Unie-Volkspers Beperk: Kaapstad.
Lancaster, O	1963	*Pillar to post: the pocket-lamp of architecture,* John Murray: Londen.
Legassick, M & R Ross	2009	From slave economy to settler capitalism: The Cape Colony and its extensions (in R Ross ea: *The Cambridge history of South Africa,* volume 2*: 1885 - 1994,* Cambridge University Press: Cambridge).
Lewcock, R	1963	*Early nineteenth century architecture in South Africa*: *A study of the interaction of two cultures 1795 - 1837,* Balkema: Kaapstad.
Lewcock, R	1973	Foreword (in B Kearney: *Architecture in Natal from 1824 to 1893,* Balkema: Kaapstad).
Lewin Robinson, AM	1994	*The Cape journals of Lady Anne Barnard 1797 - 1798,* Van Riebeeck-vereniging: Kaapstad.
Lindsay, D & E Washington	1967	*A portrait of Britain between the exhibitions 1851 – 1951,* Oxford University Press: Londen.
Loudon, JC	1833	*An encyclopaedia of cottage, farm and villa architecture, containing numerous designs for dwellings,* Longman, Brown, Green and Longmans: Londen.
Lowndes, EEK	1900	*Everyday life in South Africa,* SW Partridge: Londen.
MacFarlane's castings, ornamental fountains, parks and garden seats, &c	c.1885	Walter MacFarlane & Co: Glasgow.
Maddison, A	2001	*The World economy: a millennial perspective,* Organisation

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		for Economic Co-operation and Development: gp.
Maré, E	1984	Die interaksie tussen kultuur en argitektuur (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis Ou reeks* 1(2), Julie.)
Martin, D	2007	*Walking Long Street*, Struik: Kaapstad.
Masekela, B	1992	Why do we conserve (*Restorica*).
Matero, FG	1993	The conservation of immovable cultural property: ethical and practical dilemmas (*Journal of the American Institute for Conservation*, 32 (1), Lente).
McBride, T	1978	'As the twig is bent': The Victorian nanny (in AS Wohl (red): *The Victorian family*: *Structures and stresses*, Croom Helm: Londen).
McKay, JK	1963a	Building construction: Volume one (in JK McKay: *Building construction: Volumes one and two together*, Longmans: Londen).
McKay, JK	1963b	Building construction: Volume two (in JK McKay: *Building construction: Volumes one and two together*, Longmans: Londen).
McKinnon, J	2004	*A tapestry of lives: Cape women of the 17th century*, Kwela Books: Kaapstad.
McLeod, H	1974	*Class and religion in the late Victorian city*, Croom Helm: Londen.
McLeod, WT & P Hanks	1985	*The new Collins concise dictionary of the English language*, Guild Publishing: Londen.
Mentzel, OF	1921	*A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, Deel II, Van Riebeeck-vereniging: Kaapstad.
Meredith, M	2008	*Diamonds, gold and war: The making of South Africa*, Pocket Books: Londen.
Merrifield, CHN	1928	The old domestic architecture of Cape Town (*The South African architectural record*, XIII (49), Maart).
Miller, J	2005	*Arts & crafts*, Dorling Kindersley Limited: Londen.
Moerdyk, G	1935	*Kuns deur die eeue: Die geskiedenis van boukuns*, JL van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Schaik Bpk: Pretoria.
Mokyr, J	2009	*The enlightened economy: An economic history of Britain 1700 - 1850,* Yale University Press: New Haven.
Mossop, EE	1927	*Old Cape highways,* Maskew Miller Ltd: Kaapstad.
Muthesius, H	1979	*The English house,* Crosby Lockwood Staples: Londen.
Naudé, M	1994	The conservation of folk and vernacular architecture (*Restorica*).
Noble, J	1875	*Descriptive handbook of the Cape Colony: Its condition and resources,* JC Juta: Kaapstad.
Odendal, FF ea	1979	*Handwoordeboek van die Afrikaanse taal,* Perskor-uitgewery: Johannesburg.
Oliver, P	1987	*Dwellings: The house across the world,* Phaidon Press Limited: Oxford.
Outram, D	2005	*The enlightenment,* Cambridge University Press: Cambridge.
Øyen, E	2004	Living with imperfect comparisons (in: Kennett, P: *A handbook of comparative social policy,* St. Martin's Press: New York).
Paarl Post	1921	In memoriam: Gideon Jozua Malherbe (*Paarl Post*, 17 September).
Pama, C	1977	*Bowler's Cape Town: Life at the Cape Early Victorian Times 1834 - 1868,* Tafelberg: Kaapstad.
Papworth, JB	1818	*Rural residences,* R Ackermann: Londen.
Parker, J	1907	The Cape Institute of Architects: Annual meeting *(The SA architect, engineer and surveyors' journal,* Mei).
Pearse, GE	1968	*Eighteenth century architecture in South Africa,* AA Balkema: Kaapstad.
Peires, JB	1989	The British and the Cape 1814 - 1834 (in R Elphick & H Giliomee: *The shaping of South African society, 1652 - 1840,* Wesleyan University Press: Connecticut).
Penoyre, J & M Ryan	1963	*The observer's book of architecture,* Frederik Warne & Co Ltd: Londen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pevsner, N	1960	*An outline of European architecture,* Penguin Books: Middlesex.
Pevsner, N	1968	*The sources of modern architecture and design,* Thames and Hudson: Londen.
Picard, HWJ	1969	*Grand parade: The birth of greater Cape Town 1850 - 1913,* C Struik (Pty) Ltd: Kaapstad.
Picton-Seymour, D	1977	*Victorian buildings in South Africa, including Edwardian and Transvaal Republican styles, 1850 - 1910,* Balkema: Kaapstad.
Picton-Seymour, D	1989	*Historical buildings in South Africa,* Struikhof: Kaapstad.
Pim, J	1971	*Beauty is necessary: Preservation or creation in the landscape,* Purnell: Kaapstad.
Potgieter, DJ ea (red)	1970	*Standard Encyclopedia of Southern Africa,* Volume 1, Nasou: Kaapstad.
Potgieter, DJ ea (red)	1974	*Standard Encyclopedia of Southern Africa,* Vol 10, Nasou: Kaapstad.
Pringle, T	1966	*Narrative of a residence in South Africa,* Struik (Pty) Ltd: Kaapstad.
Prinsloo, I	1985	The new generation: Future trends (*Planning and building developments* 76, Okt – Nov).
Radford, DJC	1979	*The architecture of the Western Cape, 1838 - 1901: A study of the impact of Victorian aesthetics and technology on South African architecture* (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand).
Radford, DJC	1984	Symmetry and asymmetry in the SA Victorian house *(Lantern,* April).
Radford, DJC	1989	The "anarchy of iron", official attitudes to wood and iron construction in South Africa (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 12 (1), Mei).
Radford, DJC	1994	The wood-and-iron house: A study of its occurrence and distribution in Southern Africa *(Suid-Afrikaanse Tydskrif vir kuns- en argitektuurgeskiedenis* 4 (1-4)).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Radner, S	1957	George Meredith and late Victorian education (*History of Education Journal* 9 (1), Herfs).
Raidt, E	1971	*Afrikaans en sy Europese verlede: Van Tacitus tot Van Wyk Louw*, Nasou Beperk: Kaapstad.
Rainier, M	1974	*The journals of Sophia Pigot 1819 - 1821*, AA Balkema: Kaapstad.
Rhind, D & M Walker	1996	*Historical railway postcard journeys in South Africa*, Michael Walker: St. James, Kaapstad.
Richter, G	1969	*A handbook of Greek art*, Phaidon: Londen.
Roach, J	1962	Middle-class education and examinations: Some early Victorian problems (*British Journal of Educational Studies* 10 (2), Mei).
Roberts, D	1978	The paterfamilias of the Victorian governing classes (in AS Wohl (red): *The Victorian family: Structure and stresses*, Croom Helm: Londen).
Robson, R (red)	1862	*The mason's, bricklayer's, plasterer's and decorator's practical guide containing a complete elucidation of those arts as practised at the present time*, James Hagger: Londen.
Rogers, EB	2007	What is the romantic landscape? (*German Historical Institute Bulletin*, Supplement 4).
Rollyson, C	2003	A conservative revolutionary: Emmeline Pankhurst (1857 - 1928) (*The Virginia Quarterly Review*, Lente).
Rolt, LTC	1985	*Navigable waterways*, Penguin Books: Londen.
Rolt, LTC	1988	*Victorian Engineering: A fascinating story of invention and achievement*, Penguin Books: Londen.
Rosenthal, E	1975	*Victorian South Africa: A collection of one hundred and forty-nine engravings*, Tafelberg: Kaapstad.
Ross, LG	1973	*Life at the Cape a hundred years ago, by a Lady*, C Struik (Pty) Ltd: Kaapstad.
Ross, R	1989	The Cape of Good Hope and the world economy (in R Elphick & H Giliomee: *The shaping of South African society, 1652 - 1840*, Wesleyan University Press: Connecticut).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ross, R ea (reds)	2011	*The Cambridge history of South Africa*, volume 2: *1885 - 1994*, Cambridge University Press: Cambridge.
Rothes, J	1907a	The truth about protection of colonial industries No 1: Economic and practical considerations (*South African Commerce and Manufacturers' Record*, Augustus).
Rothes, J	1907b	The truth about protection of colonial industries No 2: Economic and practical considerations contd. (*South African Commerce and Manufacturers' Record*, September).
Rothes, J	1907c	The truth about protection of colonial industries No 5: Furniture and wood manufacturing industries (*South African Commerce and Manufacturers' Record*, Desember).
Rothes, J	1908	The truth about protection of colonial industries No 8: The engineering industries (*South African Commerce and Manufacturers' Record*, Maart).
Rowland, D & T Howe	1999	*Ten books on architecture*, Cambridge University Press: Cambridge.
Royal Londen	gd	Barclays Bank Limited: Londen.
Ruskin, J	1898	*Lectures on art: delivered before the University of Oxford in Hilary Term, 1870*, George Allen: Londen.
Ruskin, J	1910	*The seven lamps of architecture*, JM Dent & Sons: Londen.
Ruskin, J	1920	*Pre-Raphaelitism: Lectures on architecture and painting*, JM Dent & Sons: Londen.
Rybczynski, W	1997	*The perfect house: A journey with the Renaissance master Andrea Palladio*, Simon & Schuster: Londen.
Schoeman, K	1982	*Vrystaatse erfenis: Bouwerk en geboue van die 19de eeu*, Human & Rousseau: Kaapstad.
Schrøder-Nielsen, I	2012	*Among the Boers in peace and war*, Africana Publishers: Kaapstad.
Showalter, E	1978	Family secrets and domestic subversion: Rebellion in the novels of the 1860's: (in AS Wohl (red): *The Victorian family*: *Structures and stresses*, Croom Helm: Londen).
Sills, DL (red)	1968	*International Encyclopedia of the Social Sciences*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Macmillan: New York.
Smith, CH	1904	The building outlook *(The South African architect and builder*, Februarie).
Smith, PF	2003	*The dynamics of delight: Architecture and aesthetics*, Routledge: Londen.
Spiller, B	1972	*Victorian public houses*, David & Charles: Newton Abbot.
Spring, D	1963	Aristocracy, social structure and religion in the early Victorian period (*Victorian studies* 6 (3), *Symposium on Victorian affairs* (1), Maart).
Stals, ELP	1978	*Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886 - 1924*, HAUM: Kaapstad.
Stamp, G & A Goulancourt	1986	*The English house 1860 - 1914: The flowering of English domestic architecture*, Faber & Faber: Londen.
Stander, OPJ	2011	*'n Ondersoek na die bewarenswaardigheid van die Kaaps-Hollandse herlewingstyl-geboue in George* (ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Stavorinus, JS	1798	*Voyage to the East-Indies, vol II*, GG and J Robinson: Londen.
Sykes, N	1953	*The English religious tradition: Sketches of its influence on church, state and society*, SCM Press Ltd: Londen.
Tellegen, E & M Wolsink	1998	*Society and its environment*, Gordon and Breach Science Publishers: Amsterdam.
The SA architect, engineer and surveyors' journal	1907	School buildings (Julie).
The SA architect, engineer and surveyors' journal	1907	Consumption of imported merchandise (September).
The South African architect and builder	1904	Notes by our special commisioner (Februarie).
Tholfsen, TR	1980	Moral education in the Victorian Sunday school (*History of Education Quarterly* 20 (1), Lente).
Thompson, D	1990	*Queen Victoria: Gender and power*, Virago: Londen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tosh, J	1996	Authority and nurture in middle-class fatherhood: The case of early mid-Victorian England (*Gender and History* 8 (1), April).
Trapido, S	2011	Imperialism, settler identities, and colonial capitalism: The hundred-year origins of the 1899 South African war (in R Ross ea (reds): *The Cambridge history of South Africa, volume 2:1885 - 1994,* Cambridge University Press: Cambridge).
Truter, E	1997	*Tibbie, Rachel Isabella Steyn: Haar lewe was haar boodskap,* Human & Rousseau: Kaapstad.
Turner, FM	1978	The Victorian Conflict between Science and Religion: A Professional Dimension (*Isis* 69 (3), September*)*
Upton, C	2004	*Back to Backs - Birmingham,* The National Trust: Swindon.
Van der Merwe, F	1999	*Sportgeskiedenis: 'n Handleiding vir Suid-Afrikaanse studente,* FJG Publikasies: Stellenbosch.
Van der Walt, AJH ea	1951	*Geskiedenis van Suid-Afrika* Deel II, Nasionale Boekhandel Beperk: Kaapstad.
Van Zyl, A	2003	*'n Ondersoek na die bewarenswaardigheid van die Elandsvlei-gebouekompleks* (ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Viljoen, SP du T	1951	Die Britse kolonies tot 1870 (in AJH van der Walt: *Geskiedenis van Suid-Afrika* Deel II, Nasionale Boekhandel Beperk: Kaapstad).
Viney, G	1987	*Colonial houses of South Africa,* Struik: Kaapstad.
Von Ranke, L	1973	*The theory and practise of history,* Bobbs-Merrill: Indianapolis.
Walton, J	1993	*Double-storeyed flat-roofed buildings of the rural Cape,* Saayman & Weber: Kaapstad.
Wedd, K	2002	*The Victorian house,* Aurum Press: Londen.
Wiid, JA	1951	Die filantropiese faktor: Britse kleur- en grensbeleid voor 1854 (in AJH van der Walt (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika* Deel II, Nasionale Boekhandel Beperk: Kaapstad).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wilson, J	1829	Noctes Ambrosianae no 42 (*Blackwood's Edinburgh magazine* XXV, April).
Wohl, AS	1978	Sex and the single room: Incest among the Victorian working classes (in AS Wohl (red): *The Victorian family*: *Structures and stresses*, Croom Helm: Londen).
Wohl, AS (red)	1978	*The Victorian family: Structure and stresses*, Croom Helm, Londen.
Wolf, H	1970	Railroads: A story of rivalry and decay (*Lantern* XX (1), September.)
Woodham-Smith, C	1972	*Queen Victoria, her life and times*, volume 1, *1819 - 1861*, Hamish Hamilton, Londen.
Woodward, EL	1949	*The age of reform, 1815 - 1870*, Clarendon Press: Oxford.
Worden, N ea	2004	*Cape Town, the making of a city: An illustrated social history*, David Philip Publishers: Kenilworth.
Yorke, T	2005	*The Victorian house explained*, Countryside Books: Berkshire.
Zangwill, N	2001	*The metaphysics of beauty*, Cornell University Press: New York.

Periodieke publikasies

Blackwood's Edinburgh magazine XXV, April 1820

British Journal of Educational Studies 10 (2), Mei 1962

Build, Augustus/September 2006

Building research and information 31 (5), 2003

City & Time 4(1), 2008, internet

Die Kultuurhistorikus 7 (1), Junie 1992; 16 (2), November 2002

Gender and History 8 (1), April 1996

German Historical Institute Bulletin, Supplement 4, 2007

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Historical archaeology 33 (1), 1999

History of Education Journal 9 (1), Herfs 1957

History of Education Quarterly 20 (1), Lente 1980

Isis 69 (3), September

Journal of social history 12 (3), 1979

Journal of the American Institute for Conservation, 32 (1), Lente 1993

Kultuurkroniek, bylae tot *Die Burger,* 21 September, 2002

Lantern XX (1), September 1970 April 1984

Paarl Post, 17 September 1921

Planning and building developments 76, Okt – Nov 1985

Restorica, 1992; 1994; 1996

Sam Sly's African Journal, 10 April 1845;, 29 Mei 1845

South African Commerce and Manufacturers' Record, Augustus 1907; Desember 1907; September 1907; Maart 1908

Studies in Conservation (43), 1998

Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis Ou reeks 1(2), Julie 1984; (12 (1), Mei 1989; 11 (2), November 1997; (2), November 2000

Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kuns- en argitektuurgeskiedenis 4 (1-4), 1994

The countryman 92 (1), Lente

The SA architect, engineer and surveyors' journal, Januarie 1907; Mei 1907; Junie 1907; Julie 1907; Augustus 1907; September 1907;

The South African architect and builder, Februarie 1904

The South African architectural record XIII (49), Maart 1928

The Virginia Quarterly Review, Lente 2005

Transactions of the Royal Historical Society 5 *(23)*, 1973

Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal 37(2), Mei 1981

Victorian studies 33 (1), Herfs 1989

Victorian studies 6 (3), *Symposium on Victorian affairs* (1), Maart 1963

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ongepubliseerde bronne

Architectural and Urban Conservation	2008	*Ongepubliseerde kursusnotas*, Continuing Professional Development Programme: Universiteit van Kaapstad.
Fransen, H	gd	*The development of the square plan in Boland domestic architecture* (ongepubliseerde navorsingsdokument, The Vernacular Society of South Africa: Kaapstad).
De Gois, S & A van Zyl	2009	*Theewaterskloof Spatial Development Framework: Heritage Assessment*, ongepubliseerde bewaringsopname: Theewaterskloof munisipaliteit.
Eberhard, A	2004	The political economy of power sector reform in South Africa (*Programme on energy and sustainable development* (WP-06)) ongepubliseerde werksdokument, Stanford Universiteit: Stanford.
Holland, A & K Rawles	1996	The ethics of conservation: Report prepared for, and submitted to the Countryside Council for Wales (*The Thingmount working paper series on the philosophy of conservation* (TWP) 96-01), ongepubliseerde werksdokument, Universiteit van Lancaster: Lancaster.
Todeschini, F & V Japha	1988	*Ongepubliseerde bewaringstudie*, Franschhoek Trust: Franschhoek.
Van Zyl, A	1998	*Bewaring: Die restourasie van Fleurbaix, Stellenbosch*, ongepubliseerde M-werksopdrag, Universiteit van Stellenbosch: Stellenbosch.

ARGIVALE BRONNE

(HM) Hugenote Museum, Franschhoek

Franschhoek Conservation study 1988 Ongepubliseerde, ongenommerde opnamedokumente en diagramme

(HGM) Huis Gideon Malherbe-argief

F-versameling - Genommerde foto's

Versameling ongenommerde foto's

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VISUELE BRONNE

Foto's

Versameling genommerde digitale foto's deur S de Gois	Eiendom van A van Zyl
Versameling ongenommerde digitale foto's deur S de Gois	Eiendom van A van Zyl
Versameling ongenommerde digitale foto's	Eiendom van A van Zyl

MONDELINGE BRONNE

Fransen, H dr	Kuns- en argitektuurhistorikus
	Datum van onderhoud: 2 Februarie 2012
Openshaw, T mnr	Pensionaris
	Datum van onderhoud: 14 April 2013
Briers, D mnr	Museumkundige
	Datum van onderhoud: 9 Mei 2013
Rust, S mnr	Argitek
	Datum van onderhoud: 8 Augustus 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ELEKTRONIESE BRONNE

E-posse

Naam	Eposadres	Datum van epos
Briers, Ria	Ria.Briers@capetown.gov.za	10/6/2013
Brooks, Barbara	barbarabrooks@bigpond.com	12/9/2013
David (geen van)	david@scottishironwork.org	29/4/2012
Dungavell, Ian	director@victoriansociety.org.uk	25/6/2012
Fransen, Hans	fransen@telkomsa.net	20/01/2012
Hughes, James	james@victoriansociety.org.uk	3/7/2013; 10/9/2013
Van der Poll, Jan	jvdpoll@westerncape.gov.za	10/6/2013; 30/9/2013

Webblaaie

Bellhouse, DR: David Bellhouse & Sons, Manchester, 2000, http://www.stats.uwo.ca/faculty/bellhouse/chapter4.pdf, afgelaai 21-09-2013.

Brooks, M: On the colonial veranda: Making a home on the edge (*Griffiths Review: A quarterly of new writing and ideas, Edition 34, 2012),* https://griffithreview.com/edition-34-the-annual-fiction-edition/on-the-colonial-veranda

City and Time aanlyntydskrif http://www.ct.ceci-br.org, afgelaai op 25/1/2010

Design Quality Indicator http://www.dqi.org.uk/website/default.aspa, afgelaai 18/8/2011

http:// www.artlex.com, afgelaai op 12/06/2012

http://canmore.rcahms.gov.uk/en/site/199168/details/balmoral+castle+iron+ballroom/, afgelaai 21-09-2013

http://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/thumb/2/26/Donkin_Terrace,_Donkin_Street,_Port_Elizabeth,_South_Africa.jpg/12, afgelaai op 21-09-2013

http://webarchive.nationalarchives.gov.uk - afgelaai 2012-09-11

http://www.bbc.co.uk/news/uk-england-merseyside-22112363 20 April 2013, afgelaai op 25/9/2013

http://www.britannica.com/ EBchecked/topic/81572/Lancelot-Brown, afgelaai op 20/8/2012

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

http://www.geffrye-museum.org.uk/aboutus/history/, afgelaai 28/9/2013

http://www.google.co.za/imgres?imgurl=http://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/9/96/Melrose_house_SA.jpg&imgrefurl=hthttp://www.ide.go.jp/English/Data/Africa_file/Company/southafrica02.html, afgelaai 22/7/2013

http://www.petersroofing.co.uk/zinc-copper-roofing-explained/, afgelaai 21-09-2013

http://www.shutterstock.com 79354945 (Foto van Chirk Castle)

http://www.wegsleep.co.za/userfiles/image/Jakarandas.jpg, afgelaai 21-09-2013 (Foto van Uniegebou-tuine)

http://www.world-archaeology.com/features/history-of-corrugated-iron, afgelaai 21-09-2013

http://www2.le.ac.uk/research/festival/meet/humanities/potter/poster.pdf, afgelaai 10/9/2012

https://en.wikipedia.org/wiki/Design_quality_indicator, afgelaai 18/8/2011

Lewis, M: Australian Building, http://mileslewis.net/australian-building/pdf/08-metals/8.04-corrugated-iron.pdf, afgelaai 22/9/2013

Winstonchurchill.org Famous quotations and stories, http://www.winstonchurchill.org./learn/speeches/quotations>, afgelaai op 27/9/2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Vergelykende ondersoek na die residensiële argitektuur van die Victoriaanse periode in Engeland en Suid-Afrika: die impak van abstrakte determinante op uiterlike vormgewing

Deel II

Figure

Afkortings

SdG Sharon de Gois

AvZ Annemarie van Zyl

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 1-1: Die Burden-model vir kultuurgeskiedenis (Burden 2000:21)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 2-1: Deursnee van 'n panorama (http://www2.le.ac.uk/research)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 2-2: Port Sunlight, 'n voorbeeld van 'n werkersdorpie met parke, boomlanings en waterfokuspunte (Foto: AvZ 2010)

Figuur 2-3: Birkenhead Park, Manchester, die eerste munisipale park in Engeland (Foto: AvZ 2010)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3-1: Red House, Bexleyheath buite Londen (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-2: 'Cruck house" in Didbrook, Gloucestershire (Evans & Green 1982:31)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3-3: "Terraces" in Manchester (Foto: AvZ 2010)



Figuur 3-4: Verskillende dakvorms (Breckon e.a. 2000:76)

Figuur 3-5: Die konservatorium van Standen, 'n groot hoër middelklaswoning in Surrey (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-6: Oorspronklike "half-timbered" gebou, Oxford, Engeland (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-7: Houtbekleding, Gertrude Jekyll se hoewe The Quadrangle, Munstead Wood (Foto: AvZ 2010)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3-8: Red House, Bexleyheath, voorbeeld van "tile hanging" (Foto: AvZ 2010)



Figuur 3-9: Geglasuurde teëls aan die buitekant van 'n winkel in Londen (Foto: AvZ 2010)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3-10: 'n Dak met teëls in dekoratiewe patrone en 'n terracottaversiering op die nok (Wedd 2002:86)

Figuur 3-11: Een van die talle skoorstene van Wightwick Manor, Wolverhampton (Foto: AvZ 2010)

Fig. 3-12: Voorbeeld van polichromatiese gebruik van bakstene, Keble College, Oxford. Hoewel hierdie nie 'n woonhuis is nie, is dit 'n uitstekende voorbeeld van die verskynsel (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-13: Balkonerker en skilddakkies in Fitzrovia, Londen (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-14: Swaar beslag op deur van Norney Grange, Surrey (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-15: Norney Grange, Surrey, afgepleister met die rofkas-metode, met die eienaars mnr en mev Clapshaw (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-16: Hollandse gewels in Fitzrovia, Londen (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-17: Wightwick Manor, Wolverhampton, met nagebootste vakwerk (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-18: Wightwick Manor, Wolverhampton met hout spitsversierings en terracotta windvere (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-19: Dekoratiewe terracotta-paneel op 'n middelklas gebou in Manchester (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-20: Hoogs dekoratiewe gietysterhekke, Chirk Castle, Llangollen, Wallis (Foto: Meirion Matthias)



Figuur 3-21: Skets van tipiese middelklashuis, met weggesnyde kant om interieur te toon (Wedd 2002:25)



Figuur 3-22: Skets van tipiese werkersklashuis, met weggesnyde kant om interieur te toon (Yorke 2005:30)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3-23: Gerestoureerde "back-to-backs" in Ingestraat, Birmingham. Drie verskillende huise is op die foto sigbaar, met die geboogde deurgang na die straat net regs van die regterhandse afvoerpyp (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-24: Tipiese Victoriaanse interieur (Wedd 2002:40)

Figuur 3-25: Deel van die uitgestrekte formele tuin van die herehuis Biddulph Grange, Staffordshire (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-26: Gertrude Jekyll se tuin in The Quadrangle, Munstead Wood, Surrey. Die tuin word steeds deur die National Trust onderhou (Foto: AvZ 2010)

Figuur 3-27: Kruietuin van die Geffreye-museum (voorheen 'n armehuis) in Londen se Ooseinde (Foto: AvZ 2010)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3-28: Die informele tuin van Standen (Foto: AvZ 2010)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-1: Skets van Stellenbosch deur EV Stade, 1710 (Fransen 1981:24)

Figuur 5-2: Donkerhoek buite die Paarl (Foto: AvZ 2005)



Figuur 5-3: Skets van vooraansig van Koopmans de Wet-huis, Kaapstad (Pearse 1968: Plaat 29)

Figuur 5-4: Valencia buite die Paarl (Foto: AvZ 2005)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-5: Huis met sierlike borswering in Bo-Kaap (Foto deur Arthur Elliott in Fransen 1993:39)

Figuur 5-6: Kaapstad in 1882

(Foto deur onbekende fotograaf, geherfotografeer deur Arthur Elliottt, in Fransen 1993:32)

Figuur 5-7: Die John Montagu-gastehuis op Montagu (Foto: AvZ 2006)

Figuur 5-8: 'n Modelkompleks wat uit twee eenhede bestaan. Dit is by die Great Exhibition van 1851 vertoon, daarna afgebreek en in Kennington Park, Londen, heropgerig (Wedd 2002:23)

Figuur 5-9: Ry van vier skakelhuise, Hoofstraat, Noorder-Paarl (Foto:AvZ 2013)

Figuur 5-10: Terrasse in Donkinstraat, Port Elizabeth

(Foto:Kay-africa 2011, http://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-11: Dubbelverdieping skakelhuise in Kaapstad (Picton-Seymour 1989:36)



Figuur 5-12: Grondplan van tipiese Georgiaanse huis (Lewcock 1963:194)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-13: "Gotiese" huis (Greig 1971:58)

Figuur 5-14: Klein spitsvenstertjie in gewel, Du Toitstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-15: Huis met Gotiese kenmerke buite Caledon (Foto: SdG 2009)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-16: Huis wat volgens Greig vermenging van Kaaps-Hollandse en Engelse kenmerke vertoon (Greig 1971:34)

Figuur 5-17: Voorbeeld van vakwerk op Foster's Folly, Oudtshoorn (Foto: AvZ 2005)

Figuur 5-18: Vakwerk in sement uitgevoer op huis in Hoofstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-19: Romaanse boog op gewel, Malherbestraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-20: The View, Parktown. (Foto: Michael Hart Urban Designers)

Figuur 5-21: Die Lord Milner-hotel op Matjiesfontein (Foto: AvZ 2010)

Figuur 5-22: Huis in Meulstraat, Caledon met gietysterversierings aan die verandarand (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-23: Hillside in Meulstraat, Paarl, met houtversierings aan die verandarand (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-24: Huis in Nantesstraat, Paarl met kombinasie van hout- en gietysterversierings aan die verandarand (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-25: Gebou in Pleinstraat, Caledon met houtversierings aan die balkon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-26: King's Court in Durbanville met gietysterversierings aan die balkon (Foto: AvZ 2010)



Figuur 5-27: Offisiersbarakke in Grahamstad met balkon wat in geheel uit gietyster bestaan (Lewcock 1963:312)

Figuur 5-28: Huis in Pastorielaan, Paarl met kunstig-uitgesnyde windvere (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-29: Huis in Hoopvolstraat, Koringberg met uitgesnyde windvere wat 'n gedeelte van die gewel bedek (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-30: Hout spitsversiering aan bopunt van gewel, Nantesstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-31: Sierlugrooster van gietyster, omring deur dekoratiewe pleisterwerk, Pastorielaan, Paarl (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-32: Kunstige houttrap, Vredenburg, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-33: Gietyster trapbalustrade in Engeland (Wedd 2002:97)

Figuur 5-34: Gietyster trapbalustrades, Britannia-hotel, Manchester, Engeland (Foto: AvZ 2010)

Figuur 5-35: Gietyster wenteltrap, Walter's Feinkost-koffiewinkel, Hoofstraat, Paarl (Foto: AvZ) 2013

Figuur 5-36: Smeeysteromheining, Nantesstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-37: Gietysteromheining en -hekkie, Nuwestraat, Caledon (Foto: SdG 2009)



Figuur 5-38: Voorbeelde van gietysterhekke uit MacFarlane's se katalogus (MacFarlane's 1885:gp)

Figuur 5-39: Carmel Villa in Calvinia (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-40: Sementbalusters op gewel, Ou Pastorie, Hoofstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-41: Vervictorianiseerde woning ryklik versier met broekiekant, Zeederbergplein, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-42: Rustiekwerk op hoeke, Nantesstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-43: Huis In Piet Retiefstraat, Montagu met rustiekwerk op hoeke en pleisterwerk rondom deure en vensters (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-44: Nantesstraat, Paarl, met kussingpaneelmotiewe in reliëf aangebring (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-45: Struturele polichromie, Meulstraat, Montagu (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-46: Agterkant van Huis Gideon Malherbe in die Paarl voor restourasie, 1972, met akkresies, naamlik deels toegeboude agterstoep sowel as aanbousels weerskante sigbaar (Foto: HGM-argief)

Figuur 5-47: Huis in Hoopvolstraat, Koringberg met klein hoekige erker in die gewelvleuel (Foto: AvZ 2013)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-48: Stoepkamerhuis, Victoriastraat, Villiersdorp (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-49: Skakelhuis met simmetriese aansig, Van der Lingenstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-50: Ehrlichhuis, Bloemfontein (Schoeman 1982:112)

Figuur 5-51: Komplekse dakstruktuur, Nantesstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-52: Deftiger tipe huis met daktorinkie, Trinitystraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-53: Huis in Beckerstraat, Ladismith met ronde erker en torinkie (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-54: Huis met twee stoepkamers, Meulstraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-55: Huis met abbakaggel (Fagan 2008:Titelblad)

Figuur 5-56: Die McGregor-museum op Kimberley vertoon talle skoorstene (Foto: AvZ 2000)

Figuur 5-57: La Paix, Nantesstraat, Paarl, met verskeidenheid voorafvervaardigde gewels (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-58: Melrose-huis, Pretoria, met 'n verskeidenheid gewels (tp://en.wikipedia.org/wiki/MelroseHouse)

Figuur 5-59: Sandsteenhuis in Voortrekkerstraat, Nieuwoudtville (Foto: AvZ 2011)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-60: Dunluce in Kimberley, gebou met plaaslike baksteen (Foto: AvZ 2000)

Figuur 5-61: Twaalf ruite per venster, Nancy buite die Paarl (Foto: AvZ 2005)

Figuur 5-62: Vier ruite per venster, Pastorielaan, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-63: Slegs een ruit per raam, Hillside, Meulstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-64: Klein soliede houtluik, Matjieskuil, Nieuwoudtville-distrik (Foto: AvZ 2003)

Figuur 5-65: Kaaps-Hollandse woning met soliede halwe luike, Paarl Museum (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-67: Eksterne hortjies, Ebenezerstraat, Moorreesburg (Foto: AvZ 2003)

Figuur 5-66: Soliede, voubare binneluike, Wolmunster, Rosebank, Kaapstad (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-68: Zeederberg-huis, met vollengte hortjies, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-69: De Nuy (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-70: Buitedeur met ses panele, Foster's Manor, Oudtshoorn (Foto: AvZ 2005)

Figuur 5-71: Voordeur met agt panele, Wolmunster, Rosebank, Kaapstad (Foto: AvZ 2011)

Figuur 5-72: Deur met geronde boonste paneel, Stasiestraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-73: Boonste paneel met spitsboog, St Georgesstraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-74: Rare voorbeeld van glas in boonste geronde panele, Meulstraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-75: Algemene tipe deur in groter huise, Meulstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-76: Soliede vierpaneeldeur, Badstraat, Montagu (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-77: Vierpaneeldeur met glas bo, Meulstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-78: Deur met aantal panele in dekoratiewe patroon, De Nuy (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-79: Eenvoudige glas sypaneeltjies, Nantesstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-80: Hoogs dekoratiewe sypanele, Foster's Manor, Oudtshoorn (Foto: AvZ 2005)

Figuur 5-81: Halfsirkelvormige bolig, Meulstraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-82: Reghoekige bolig, Malherbestraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-83: Dekoratiewe bolig, Badstraat, Montagu (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-84: Sespaneel binnedeur, Huis Gideon Malherbe, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-85: Vierpaneel binnedeur, Huis Gideon Malherbe, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-86: Skeidingsdeur in gang met glas in boonste helfte, Vredenburg, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-87: Ornate bolig met gekleurde glasmotiewe, McGregor-museum, Kimberley (Foto: AvZ 2000)

Figuur 5-88: Skakelhuis in Londen met oordekte portiek (Foto: AvZ 2010)

Figuur 5-89: Klein portiek bo-oor buitedeur, Standen, Sussex, Engeland (Foto: AvZ 2010)

Figuur 5-90: Stoepie, Port Sunlight, Engeland (Foto: AvZ 2010)

Figuur 5-91: Stoepie, Port Sunlight, Engeland (Foto: AvZ 2010)

Figuur 5-92: Huis in Nantesstraat, Paarl met stoep om twee kante (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-93: Huis in Nantesstraat, Paarl met stoep om drie kante (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-94: ***Afternoon tea on the stoep*** **deur E Reinhard (Bron: E-bay)**

Figuur 5-95: Skets van The Vineyard in Nuweland (Hartdegen 1988:60)

Figuur 5-96: Du Toitstraat Paarl, met 'n ongekurfde veranda (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-97: Konvekse *bullnose*-sinkplaat, Bourkestraat, Graaff-Reinet (Foto: AvZ 2010)

Figuur 5-98: Konkawe sinkplaat, Dempersstraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-99: Ojiefvormige sinkplaat, Prins Alfredstraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-100: Veranda onder oorhang van dak in, Nantesstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-101: Verandarand gelyk met projekterende vleuel, Unionstraat, Villiersdorp (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-102: Stoepkamers projekteer verby rand van veranda, Kollegestraat, Caledon (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-103: Huis en stoep onder een dak, Meulstraat, Caledon (Foto: SdG 2009)



Figuur 5-104: Afdruk van die oorspronklike argitekstekeninge vir Marine Villa, Kampsbaai (Lewcock 1963:123)

Figuur 5-105: Hawthornden, Kaapstad (Foto: Ivan Flint)

Figuur 5-106: Dolobran, Parktown (Foto: Adam Golding)

Figuur 5-107: Dekoratiewe portiek, La Paix, Nantesstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-108: Sammy Marks-huis (Foto: C van Rooyen 2011)

Figuur 5-109: Baie eenvoudige vervictorianiseerde woning, Montagustraat, Mosselbaai (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-110: Hoogs dekoratiewe vervictorianisering, Zeederbergplein, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-111: Solderopeninge met hout ventilasieroosters, Hoofstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-112: Verhoogde dakstruktuur met geen oorhang, Hoofstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-113: Mostertsdrif, Stellenbosch, vervictorianiseerde Kaaps-Hollandse huis (Foto: Matilda Burden)



Figuur 5-114: Interieur van sinkhuis, met hout tong-en-groef muurbekleding, Fitzroystraat 65, Goodwood (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-115: Fitzroystraat 65, een van die min oorblywende outentieke voorbeelde van 'n sinkhuis in Goodwood, Kaapstad. Die omheining is later aangebring. (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-116: Sinkhuis met erkervenster, Surreystraat 47, Goodwood (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-117: Huis Gideon Malherbe in die Paarl (Foto: AvZ 2012)

Figuur 5-118: Voordeur van Vredenburg, Georgiaanse huis in Hoofstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-119: Huis met beton stoeppilare, Du Toitstraat, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-120: Trovato, Kaapstad (Foto: André Pretorius)

Figuur 5-121: The Woolsack

(Foto vir Artefacts-webwerf geskandeer uit Baker, H: Cecil Rhodes: By his architect, 1934)

Figuur 5-122: Vlaamse gewels in Port Sunlight (Foto: Yannis Bautrait)

Figuur 5-123: Goewermentshuis, Pretoria, 'n gebou waarin die meeste van Baker se uitgangspunte gestalte gekry het (wiki.up.ac.za)

Figuur 5-124: Huis in Mainstraat, Villiersdorp, met Kaaps-Hollandse herlewingsgewels (Foto: SdG 2009)

Figuur 5-125: Kaaps-Hollandse herlewingsgewel bo-aan 'n erkervenster, Ebenezerstraat, Moorreesburg (Foto: AvZ 2003)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 5-126: Plan van huis met sentrale gang, gebou c.1905, plan nie volgens skaal (Diagram: J Louw 1988; HM-ongenommer)



Figuur 5-127: Plan van huis met twee gange, gebou c.1898, plan nie volgens skaal (Diagram: J Louw 1988; HM-ongenommer)



Figuur 5-128: Plan van huis met gang wat uitloop in sitkamer, gebou c.1910-1920, plan nie volgens skaal (Diagram: J Louw 1988; HM-ongenommer)



Figuur 5-129: Plan van huis met ineenskakelende vertrekke, huis ongedateer, plan nie volgens skaal (Diagram: J Louw 1988; HM-ongenommer)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 5-130: Argitekstekeninge van eenvoudige werkershuisie met ineenskakelende vertrekke, sowel as 'n voorgestelde uitleg vir 'n groente- en kruietuin (Loudon 1846:56)



Figuur 5-131: Skets van watervaatjies wat te perd aangery word, deur 'n onbekende kunstenaar (Rosenthal 1975:21)

Figuur 5-132: Een van die drinkfonteine afgebeeld in MacFarlane's se katalogus (MacFarlane's 1885:gp)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 5-133: Luik met greinering, Huis Gideon Malherbe, Paarl (Foto: AvZ 2013)

Figuur 5-134: Brandskilderteëls (Schoeman 1982:40)

Figuur 5- 135: Tuine van die Uniegebou (http://www.wegsleep.co.za)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 6-1: 'n Illustrasie van 'n sogenaamde verandahuis

(Papworth 1818:102)



Figuur 6-2: 'n Cottage orné op die Engelse platteland, met rietdak en oordekte stoep

(Papworth 1818: titelblad)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6-3 : Regency-dorpshuis in Brighton, Engeland, met eksterne blindings en die groewe waarin die blinding afgetrek word, duidelik sigbaar (Foto: AvZ 2010)

Figuur 6-4: Interne luike in die Standen-herehuis, Surrey, Engeland (Foto: AvZ 2010)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6-5: Skildery van Grahamstad deur Thomas Baines, wat oorwegend dubbelverdiepinghuise vertoon (Lewcock 1963: teenoor p 200)

Figuur 6-6: Wightwick Manor in Woverhampton, Engeland (Foto: AvZ 2010)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6-7: Voorbeeld van 'n potpourri-houer waar die Victoriaanse entoesiasme vir dekorasie oorboord gegaan het (Crowley 1998:13)

Figuur 6-8: Huis in Du Toitstraat, Paarl, waar die rustiekwerk slegs op die voorkant van die gebou aangebring is en nie om die hoek van die linkerkantste gewel gaan nie, selfs al is die huis op 'n hoek geleë (Foto: AvZ 2013)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6-9: Gietyster relings in Belgravia, Londen. Op die eerste verdiepings kan gietyster balkonbalustrades ook gesien word (Jenner 1988: 213)

Figuur 6-10: 'n Gebou met 'n half-ondergrondse kelder in Beaufortstraat, Grahamstad (Lewcock 1963: 311)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6-11: Die kloktoring-folly by Treworgey in Cornwall met dekoratiewe gietysteromheining (Headley & Meulenkamp 1990:36)

Figuur 6-12: Werkers besig om gietysteromheinings af te breek in Londen (www.secretlondon)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6-13: Mure met die oorblyfsels van relings duidelik sigbaar (www.secretlondon)

Figuur 6-14: Victoriaanse huis met vier verdiepings en gewel, wat duidelik die verminderde impak wat deur die hoogte veroorsaak word, illusteer (Wedd 2002:27)

Figuur 6-15: Melrose-huis in Pretoria (Picton-Seymour 1989:168)

Figuur 6-16: King's Court in Durbanville (Foto: AvZ 2011)

Figuur 6-17: Kollegestraat, Caledon, 'n eenvoudiger huis wat steeds die meeste van die elemente van die groter Victoriaanse huise bevat (Foto: SdG 2009)

Figuur 6-18: Kollegestraat, Caledon, waarvan die tipies-Victoriaanse elemente heeltemal afgeskaal is, hoewel die invloed steeds sigbaar is (Foto: SdG 2009)